

KLEIN GEROEP = Kinders in die Bybel

INHOUD

1. ISMAEL – SONDIGE ONGEDULD GEE ELLENDE	Gen 16	3
2. ISMAEL EN ISAK	Gen 21	5
3. GOD KOM KUIER	Gen 18	9
4. GOD SE KUIER VOORKOM DIE DOOD	Gen 22	11
5. JAKOB EN ESAU – BLYDSKAP EN TELEURSTELLING	Gen 25: 19	15
6. UITVERKIESING	Gen 25	18
7. IS 'N VOL MAAG MEER WERD AS 'N BELOFTE ?		21
8. DIE PRYS VAN BEDROG	Gen 27	24
9. REDES VIR BROEDERHAAT - Josef	Gen 37	28
10. VAN WEGGOOIBROER TOT REDDERBROER		32
11. MOSES – VERLOSSER VAN DIE OU TESTAMENTIESE KERK	Eks 2	36
12. JEFTA OFFER GELOWIG SY GELUK IN SY DOGTER	Rigt 10 : 6- 11 : 40	43
13. SIMSON IS DIE KROM STOK WAARMEE DIE HERE REGUIT HOUE SLAAN	Rigt 13	49
14. 'n ONVERWAGSE GAWE VAN GOD		52
15. VAN SON-KIND NA SON-DE-KIND		55
16. VAN KONINGSVOLK TOT ONGELOWIGE KRUIPERS		61
17. WAT GELOOF KAN VERMAG		66
18. ROEPERSFONTEIN		69
19. SAMUEL – 'n SUIWER GELUIDJIE IN 'n VALS KOOR	1 Sam 1	72
20. BELOFTE MAAK SKULD		76
21. GOD VERSKYN AAN SAMUEL		79
22. DAWID - VERKIESING		84
23. KONING SAUL WORD DEUR GOD GESTRAF MET 'n BOSE GEES	1 Sam 16	89
24. DAWID EN GOLIAT		92
25. DAWID EN JONATAN : WARE VRIENDSKAP	1 Sam 18	99
26. DIE SLAVINETJIE VAN NAĀMAN	2 Kon 5	103
27. DIE WOORD VAN GOD BRING LEWE ÓF DOOD VIR KLEIN EN GROOT	2 Kon 2:19- 24	110
28. DIE GEBED VAN KINDERS IS STERKER AS MAGTIGE LEËRS	2 Kron 20	115
29. JOAS	2 Kon 11 en	119

	2 Kron 22	
30. VAN KERKHERVORMER tot KERKBESTORMER		126
31. JOSIA – 'n APPEL WAT VÉR VAN DIE BOOM AF VAL	2 Kon 22	132
32. GELOOF MAAK NIE ROEKELOOS NIE		135
33. 'n KERK SONDER DIE WOORD ?		138
34. KAN BEKERING 'n MORS VAN MOEITE WEES ?		142
35. DANIël - DIE MENS WIK MAAR GOD BESKIK		147
36. BANNELING-GYSELAARS		148
37. BID EN WERK		154
38. JESUS DIE CHRISTUS EN DIE APOKRIEWE		160
39. AANKONDIGING VAN SY GEBOORTE		164
40. DIE GEBOORTE VAN JESUS CHRISTUS		168
41. DIE BESNYDENIS VAN JESUS CHRISTUS EN SY VOORSTELLING IN DIE TEMPEL		176
42. BESOEK VAN DIE WYSES UIT DIE OOSTE		180
43. DIE KINDJIE JESUS CHRISTUS IN EGIPTIE		187
44. JESUS CHRISTUS AS TWAALFJARIGE		192

ISMAEL - SONDIGE ONGEDULD GEE ELLENDE.

Dit is al omtrent vierduisend jaar gelede dat daar in die tent van Abram en Sara groot hartseer was. Abram was 'n ryk man met baie vee en blykbaar meer as duisend slawe. In daardie dae was dit so dat slawe wat gebore was terwyl hulle ouers slawe was eintlik deel van die familie van die eienaar was. Deur hulle opvoeding in die familie was hulle ook op 'n besondere manier aan die eienaar verbind. Die gewoonte was dat die hoof van die slawe al die besittings van die eienaar geërf het as die eienaar geen kinders nagelaat het nie.

Dit was juis die gebrek aan 'n kind wat Abram en Sara so geweldig hartseer gemaak het. Al twee was al stokoud en het geweet dat God die mense so gemaak het dat hulle geen baba's meer kan kry as hulle oud was nie. Ook maar 'n goeie ding want as 'n mens ouer word raak dit al hoe moeiliker om 'n kind groot te maak en om te verstaan wat 'n kind nodig het om groot te word. Ou mense kan tog moeilik saam met kinders speletjies speel.

Net soos dit vir omtrent enige getroude egpaar moeilik is as hulle geen kinders van God ontvang nie was dit ook vir Abram en Sara moeilik maar dit was nog ekstra swaar omdat God juis vir Abram beloof het dat hy 'n seun sou hê. God het selfs belowe dat daardie seun die begin sou wees van só baie mense dat niemand hulle sou kon tel nie. Die twee oumense het nou gedink dat daar niks van daardie belofte van God sou teregkom nie.

Sara het dikwels in haar tent gesit en dink aan God se belofte en hulle hartseer. Toe het sy aan 'n plan gedink en met haar man daarvoor begin praat. Sy sê vir hom dat haar slavin Hagar sterk en gesond is en dat die HERE miskien bedoel het dat Abram by Hagar 'n seun sou kry. Hagar was Sara se slavin en dit was in daardie tyd gewoonte dat so 'n slavin se kind dan gereken word as kind van die eienaar en sy vrou. Die kind sou dan dus deur Abram en Sara as hulle eie seun aangeneem word.

Abram het met Sara saamgestem. Op hierdie manier sal God se belofte dan tog

waar word. Dit was mos onmoontlik om te dink dat God iets wat Hy belooft het nie sou doen nie. God het selfs 'n verbond met Abram gesluit. Dit was in daardie tyd die gewoonte om iets wat plegtig vir mekaar belowe is, 'n verbond te noem.

Dit het werklik gelyk asof God saamgestem het met Sara se slim plan. Die slavin Hagar het 'n kindjie verwag. Maar toe dink Hagar dat sy stukke beter as Sara is omdat haar meesteres nie 'n kind kan kry nie terwyl sy haar die loef afgesteek het deur wel 'n kindjie vir Abram te kan gee. Hagar maak toe baie lelik met Sara, sy het haar plek eenvoudig nie meer geken nie. Toe Sara daaroor by Abram kla sê hy vir sy vrou dat die slavin vir haar moet luister. Toe draai Sara die rolle om en behandel vir Hagar só sleg dat sy dit nie meer kon uithou nie en weggeloop het.

Dit was die gevolg van die twee oumense se ongeduld. Hulle kon nie langer wag dat God op sy manier en tyd sy belofte sou vervul nie. Hulle het self die belofte probeer vervul en God 'n handjie probeer help. Die resultaat was moeilikheid tussen die twee vrouens in Abram se tent.

Eensaam en alleen het die slavin deur die verlate woestyn geloop. Tog was sy nie werklik alleen nie omdat die Here oral is. Terwyl Hagar by 'n fontein uitrus kom 'n engel van die HERE by haar. Hy beveel haar om terug te gaan na Sara en om aan haar meesteres gehoorsaam te wees. Die engel gee by die bevel ook 'n belofte dat sy 'n seun sal ontvang wat die vader van 'n groot volk sal word. Sy moet die seun Ismael noem want daardie naam beteken: 'die HERE het na jou geluister in jou ellende'. Die engel sê ook vir haar dat Ismael 'n sterk man sal word wat sy eie kop sal volg en met almal moeilikheid sal maak want ' hy sal so ontembaar soos 'n wildedonkie wees'. Blykbaar het hy sy ma se streke nog sterker in hom. Net soos 'n wildedonkie sal hy deur die woestyne rondswerf en nie eers daaraan dink om op 'n vaste plek te gaan bly nie, 'n regte ontembare trekvoël. Daaraan moes Abram tog later kon gesien het dat dit nie die belofte seun kon wees nie want God het hom juis laat weet dat die nakomelinge van sy seun geen swerwersvolk sou wees nie maar op 'n vaste plek sou gaan bly om te boer en ander werk te doen.

Nadat Hagar teruggekom het, het sy vir Abram en Sara vertel wat die engel gesê het. Toe die seuntjie gebore is het vader Abram hom dan ook Ismael genoem.

Abram was lief vir Ismael soos enige vader lief is vir sy kinders. God het Ismael geseën sodat hy 'n sterk seun geword het.

ISMAEL EN ISAK

Toe Ismael dertien jaar oud was het God weer aan Abram verskyn. Hy was toe al nege-en-negentig jaar oud. Weer sluit die HERE 'n verbond met hom. God het belowe dat daar baie volke van sy kind sou afstam en daarom verander God sy naam na Abraham wat 'vader van baie volke' beteken. Die HERE beloof hom ook dat sy afstammeling die hele land Kanaän sou ontvang.

Van sy kant af moet Abraham ook die verbond hou deur te belowe dat alle mans en seuns wat by hom bly besny moet word. Elke seuntjie wat nog gebore sal word moet ook besny word sodra hulle agt dae oud is. Die besnydenis is die teken van die verbond. Vandag is dit nie meer so nie. In die plek van die besnydenis het die doop gekom as die verbondsteken.

Die HERE beloof Abraham toe dat hy en Sara 'n seuntjie sal kry. Van blye verbasing lag Abraham daarvoor want hy en sy vrou is mos al veels te oud om nog 'n kind te kan kry. Net 'n wonder van God kon dit laat gebeur.

Omdat Abraham lief was vir Ismael vra hy vir God dat Ismael deur God geseën word. God beloof dat Ismael geseën sal word sodat 'n groot nasie van hom sal afstam maar die verbond wat Hy met Abraham gesluit het sal met die ander seun opgerig word. Abraham moet daardie seun Isak noem.

Hierdie belofte van die HERE het in vervulling gegaan. Sara het moeder geword en die seuntjie is Isak genoem.

Toe Isak 'n paar jaar oud was het sy pa 'n groot fees laat vier. Die wonderkind van God se belofte was nou nie meer 'n baba nie en dan is daar in daardie tyd 'n groot partytjie met baie eetgoed gehou.

Maar nie elkeen was bly nie. Hagar en Ismael was teleurgesteld want Isak was nou dié erfgenaam as Abraham sou sterf. Vir meer as dertien jaar lank het dit gelyk asof Ismael alles sou kry. Ismael en sy ma was groen van jaloesie.

Die seun van Hagar het toe laat sien dat hy van sy ma haar Egiptiese aard geërf het. Die Heilige Gees noem Ismael nie by sy naam nie maar noem hom 'die seun van Hagar, die Egiptiese slavin'. Die seun het met Isak gespot. Met slegte bedoelings het hy die klein seuntjie uitgelag. Ismael was al oud genoeg om te beseef dat hy daardeur God bespot het. Netso sou die Egiptenare later met God en Sy volk en Sy wonders spot.

Sara was baie ontsteld en kwaad oor Ismael se moedswillige bespottings van God en van die wonders wat God gedoen het. Sara het reg gesien dat almal bly is en lag oor die wonderlike genade van God terwyl Ismael as spelbreker vol jaloesie God se werk uitkoggel. Maar so is die seun soos iemand wat op 'n boomtak sit en daardie tak tussen hom en die boomstam afsaag. Deur dit wat hy doen kom hy tot 'n groot val.

Ismael het dieselfde sonde gedoen as sy ma. Hy het sy plek nie meer geken nie. Hy het geweet dat Isak die eie kind van Abraham en Sara was en dat dit 'n wonderkind was. Hy het ook geweet dat God met sy pa Abraham 'n verbond gesluit het. Hy het seker ook geweet dat Isak deur die HERE gekies was as die seun van sy pa waarmee die HERE Sy verbond verder wil hou.

Ons wonder nou moontlik waarom die HERE vir Isak aangeneem het maar by Ismael verbygegaan het. Dit is nie omdat Isak of Ismael of hulle ouers iets bepaalds gedoen het nie. Die HERE het die volste reg om aan sondaars genade te gee of nie genade te gee nie. Niemand het God se genade verdien nie. Deur die sonde van Adam en Eva verdien geen mens God se genade nie. Maar omdat God so geweldig goed is, is daar mense wat deur Hom uitverkies word.

God gaan by Ismael verby omdat hy op die gewone manier as kind gebore is uit Abraham wat toe nog nie te oud was om 'n kind te kry nie. God wil juis die wonder

laat gebeur deur Isak te laat kom by 'n pa en 'n ma wat veels te oud was om nog 'n kind te kan kry. Isak was 'n wonderkind. Daarom het die HERE die verbondsbelofte vir Isak gegee en nie vir Ismael nie.

Ismael was nie tevrede met God se besluit nie. Hy wou nie buig onder die wil van die HERE nie. As oudste seun van Abraham wou hy nie die minste wees teenoor Isak nie.

Al ontvang Ismael nie die verbondsbelofte nie, was daar ook vir hom 'n belofte van die HERE. Maar hy sou die seën van die verbond alleen ontvang as hy by Abraham en Isak bly. Want God het die hele familie en almal wat by hulle as slawe gebly het, in die verbond opgeneem. Abraham was met sy seun Isak die hoof van die verbond en Ismael en die ander was die ledemate of lidmate daarvan. Dit is net soos 'n liggaam met 'n kop en laer ledemate.

God het van Ismael gevra om dit so te aanvaar. Om daarmee tevrede te wees. Ismael wou dit nie doen nie en daarom het hy die verbondsseën en die ewige lewe verwerp. God vra van ons ook om te erken dat ons in eie krag niks goed kan doen nie. Alleen deur Jesus Christus te erken as ons Koning en onself te sien as Sy onderdane kan ons iets goed doen.

Moeder Sara het baie kwaad geword weens Ismael se gespot en vir Abraham gevra om Ismael en sy ma weg te stuur. Vader Abraham wou nie omdat hy lief was vir Ismael maar het dit wel gedoen nadat God vir hom gesê het om na sy vrou te luister.

Dit is baie mooi om te sien met hoeveel liefde Abraham vir Hagar en hulle seun sorg. Vroegoggend het Abraham genoeg padkos en 'n sak vol water vir hulle gegee. Baie hartseer het hy die twee toe gegroet. Die HERE troos die bedroefde pa dat Hy sal sorg dat Ismael 'n groot nasie sal word.

In die eensaamheid van die woestyn het die seun en sy ma rondgedwaal. Nadat die water opgeraak het, het hul liggaamskragte vinnig weggesmelt in die versengende hitte van die brandende son. Hagar moes Ismael later help en toe dit gelyk het asof

hy van dors sou sterf, het sy hom onder 'n bos neergelê sodat hy darem 'n bietjie koelte kon kry. Die moeder kon dit nie verdra om haar kind van dors te sien sterf nie en het 'n bietjie verder geloop en klaend gehuil. Ismael het ook jammerlik gehuil.

Ontsettend was die gevolge van die sonde van hierdie oudste kind van Abraham. In daardie verlate en kurkdroë woestyn het dit gelyk asof God skoon van die twee mense vergeet het. Het God Abraham dan maar net belowe om Ismael 'n groot volk te maak om die hartseer pa beter te laat voel? Breek God dan Sy Woord? Natuurlik is dit onmoontlik.

Rou en skor het die geroep en gehuil van die sterwende seun en sy ma deur die woestyn weerklink. Bo in die hemel het God dit gehoor. Hy het deur Sy engel vir Hagar getroos en moed ingepaat. God laat haar toe ook die waterput sien wat sommer naby hulle was. In die woestyn is dikwels sandstorms en die wind waai ook maklik sand in die waterputte en daarom is daar gewoonlik 'n klip oor die opening gelê wat met 'n bietjie sand toegemaak is.

In ons tyd is baie mense ook nog blind vir die heerlikheid van die redding wat in Jesus Christus gevind mag word. Ons is net so blind as die Heilige Gees ons nie van daardie blindheid genees nie. Hierdie blindheid sien ons vandag nog skrynend duidelik by die volke wat van Ismael afstam en nou in Allah en die 'profeet' Mohammed glo. Maar ook by die meeste afstammeling van Isak wat hulle vol trots Jode noem is daar blindheid sodat hulle Christus nie wil erken as Seun van God en Verlosser nie.

Dit is egter wonderlik dat God met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag afstammeling van Ismael én van Isak saam geloof gegee het sodat hulle die ewig lewende Christus aanbid het.

Nadat Hagar die put gesien het, het sy haar seun gelawe. Toe kon hulle verder gaan. Ook daarna het God Ismael nooit vergeet nie, hy het groot geword en die woestyn van hoek tot kant leer ken en 'n uitstekende boogskutter geword wat van

die woestyn gelewe het.

GOD KOM KUIER - ISAK 1

Dit was bitter warm in Mamre soos die son op die geelwit sand gebrand het. Daar was nie eers 'n stofwolkie te sien nie want mens en dier het nie eers beweeg nie. Naby die reuse terpentynbome het 'n klompie tente gestaan. Tente wat van swart bokhaar geweef was en daarom die koelste plek in die omgewing was. Die skaduwee van die terpentynbome sou die ideale plek gewees het om tent op te slaan maar vader Abram wou die heidense inwoners van die land nie aanstoot gee nie. Vir die heidene was die bome heilig en daarom was die tente 'n bietjie anderkant opgeslaan.

Onder die tentflap het die bejaarde man in die koelte gesit. Hy kon dit bekostig om 'n bietjie te sit want hy was baie welaf, eienaar van baie kleinvee en slawe. Maar in sy tent was dit maar baie stil omdat Abram en sy vrou Sara geen kind of kraai gehad het nie.

Toe Abram sy oë weer 'n keer oor die warm sand laat dwaal sien hy drie mans staan. Gou loop hy uit die tent uit en groet hulle eerbiedig op die Oosterse manier deur voor hulle te buig. Soos dit 'n beleefde man pas nooi hy hulle uit om by hom uit te rus van die vermoeiende reis. Hy dring gasvry daarop aan dat die stof van hulle voete gewas sal word en dat hulle saam met hom sal eet.

Die drie reisigers aanvaar die aanbod graag en kry die allerbeste kos wat die ou herdersvors vir hulle kan aanbied. Terwyl hulle die vleis van 'n mooi jong kalf saam met roosterkoeke eet en dikmelk en soetmelk drink, bly Abraham by hulle onder die boom staan. Dis nog 'n teken van eerbied deur die Oosterse gasheer wat regstaan om te kan help.

Na die ete begin een van die drie reisigers met Abraham te praat. Hy vra vir die gasheer: 'Waar is jou vrou Sara?' Dit is al geweldig opvallend dat die vreemdeling die naam van Abraham se vrou ken want in die Ooste was 'n vrou glad en geheel

nie belangrik nie, hulle mag skaars gesien word en hoegenaamd nie gehoor word nie. Die heidene het 'n vrou gewoonlik as 'n "iets" , "'n ding" beskou, wat baie minder werd was as 'n slaaf. Vandag sien ons dieselfde in Iran en ander Moslemlande.

Abraham antwoord dat Sara in die tent is. Die vreemdeling praat verder en sê: "Ek sal beslis volgende jaar hierdie tyd na jou toe terugkom en dan sal jou vrou Sara 'n seun hê."

Ondertussen het Sara by die ingang van die tent gekom en alles gehoor. Sy was al stokoud maar met haar ore was daar nog niks verkeerd nie. Toe sy die vreemdeling daardie vreemde woorde hoor sê lag sy by haarself daaroor. Dit kón eenvoudig nie gebeur nie. Die Here het haar mos verstand gegee. Sy en haar man was altwee al stokoud en sy het geweet dat dit onmoontlik was om op daardie ouderdom nog 'n kind te kry. (Selfs in daardie vir ons gevoel so ontsettend primitiewe tyd het mense dit al geweet. Die oudste wat 'n vrou geboorte gegee het in ons tyd van mediese 'wonderwerke' was op 66 jarige ouderdom en dit word beskou as 'n wêreldrekord.) Sara het gevoel dat 'n mens jou Godgegewe verstand moet gebruik en geen drome droom oor onmoontlike dinge nie.

Toe die vreemde reisiger weer iets sê verander alles radikaal volkome. Nou sê Hy Wie Hy is. Hy is die HERE! In die vorm van 'n mens het die HERE God met twee van Sy engele by Abraham kom kuier. Hoe dit alles presies moontlik was kan ons as gewone gelowige mense nie verstaan nie. Ons kan in elke verskyning van die HERE aan mense maar net sien dat niks vir die HERE God onmoontlik of te wonderlik is nie.

Die vorige kere wat die HERE aan Abraham verskyn het, het Hy reeds vir hom gesê dat hy die vader van 'n seun sou word. Nou sê die HERE dit ook persoonlik vir Sara. Watter wonderlike gebeurtenis as die HERE by 'n mens kom kuier.

Baie eeue later het God in Sy Seun Jesus Christus selfs vir jarelank by die mense kom bly. Maar dit is vir ons nie iets om jaloers op te wees nie. Na Pinksterfees

woon God ook by die mense. Deur Sy Heilige Gees woon Hy selfs ín die mense. Die hart van elke gelowige is die woning van God die Heilige Gees. Ons kan dit nie mooi verstaan nie maar God sê dit vir ons in Sy heilige Woord. Daardie heerlike geloof maak ons bly. Dit is wonderlik om te mag weet dat my liggaam 'n huis vir God is.

Dat God weer by Abraham en Sara op besoek gekom het weet ons uit die geboorte van die wonderkind Isak. Presies 'n jaar later in dieselfde warm tyd is die seuntjie van God se belofte gebore.

Agt dae na die geboorte het die seuntjie die teken en seël van die verbond ontvang. Hy kry toe die naam Isak wat 'lag' beteken. Deur die geloof van Abraham en Sara is daardie seuntjie vir hulle gebore. Elke keer as die ouers sy naam noem kon hulle dink aan die blye gelowige lag weens die goedheid van die HERE.

In 'n wêreld wat deur die sonde so baie hartseer ken, mag die kinders van die HERE gelowig bly wees. Ons mag lag. Want die geboorte van Isak het ons al gewys na die geboorte van die Wonderkind Jesus die Verlosser. Jesus Christus het weer vreugde en blydschap vir alle gelowige mense gebring. Hy het die lewe weer sy werklike betekenis gegee. Hy gee ons die ware lewe deur die werk van die Heilige Gees in ons harte. Ons mag vol blydschap gelowig lag want die duiwel is deur Jesus Christus verslaan.

GOD SE KUIER VOORKOM DIE DOOD

Om in die HERE te glo en om Hom gehoorsaam te wees is nie altyd baie maklik nie. Gelowiges kry soms ook bitter swaar. Kinders van die HERE moet partykeer baie verdriet en hartseer en swaarkry beleef. Ons weet nie altyd hoekom God dit laat gebeur nie. In die Bybel sê God vir ons dat Hy dit so laat kom om ons juis

sterker in die geloof te maak.

Abraham was net so 'n mens soos ons. Hy het ook baie hartseer geken. Dit was vir daardie pa ontsettend moeilik om sy eie seun Ismael weg te stuur. Daarna het Isak alleen oorgebly.

As 'n mens sou kyk na Abraham se besittings dan het dit baie goed met hom gegaan. Sy beeste het pragtige sterk kalwers gekry. Sy bokke en skape het elke seisoen gelam. Hy het baie slawe besit. Dit het met hom só goed gegaan dat die heidene verbaas daaroor was en selfs bang geword het. Hulle het toe gedink dat dit baie beter is om Abraham se vriend as sy vyand te wees. Daarom het die heidense koning Abimelek 'n vriendskapsverbond met Abraham gesluit. Abimelek sê selfs dat hy sien ' God is by jou in alles wat jy aanpak'!

Maar dan gebeur iets wat lyk asof Abimelek verkeerd gekyk het.

Een aand kom God weer op die een of ander manier na Abraham toe. Nadat God gesê het: 'Abraham!' sê die oubaas gelowig-eerbiedig "hier is ek!" Dit bly wonderlik om te dink dat die hoë God met die mens praat en dat die mens God 'n antwoord kan gee. Vandag praat God elke keer met ons wanneer ons Sy Woord lees of dit hoor voorlees. Ons antwoord God wanneer ons bid en sing en ook dit doen wat God in Sy Woord van ons vra.

Wat God daardie aand van Abraham vra was iets ontsettends! God sê: "Wat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys!"

God se eis was iets wat jou sommer hoendervleis laat kry. 'n Pa moet sy eie kind doodmaak. 'n Gelowige moet dieselfde doen wat die ongelowiges in daardie tyd gedoen het as hulle in die grootste nood was. Die heidene het dan soms 'n kind geoffer om te probeer om die afgode tevrede te stel. Die afgode moet dan só bly word oor daardie geskenk dat hulle sommer al die moeilikheid waarin die ouers, stad of land is sal wegneem.

Vir Abraham was dit nog baie erger as vir die heidene. Al het hy hierdie enigste

oorblywende kind baie liefgehad, was Isak tog die kind van God se belofte en het God tog belowe dat daar 'n baie groot volk van hom sou afstam.

Wat was God se bedoeling met hierdie ontsaglike opdrag? God het gekyk hoe groot Abraham se geloof in Hom was. God het van hom verwag om hom heeltemal in die geloof aan God oor te gee. Die ou vader moes volkome vertrou dat dit wat God wil altyd goed is. Dit is die allermoeilikste vir 'n mens, tot vandag toe ook vir ons.

Vroeg die volgende môre het Abraham opgestaan. Hy het alles reggemaak vir die reis wat voorlê. Sy donkie opgesaal, twee slawe opdrag gegee om hout vir 'n brandoffer te kap en op die donkie te laai. Daarna het die oubaas wat al meer as honderd jaar oud was saam met sy seun en twee slawe in die pad geval.

Abraham het nie met God gestry oor die amper onmoontlike opdrag nie. Hy stel nie uit nie maar maak onmiddellik reg om God te gehoorsaam. Ons leer hier ook dat ons in ons lewe ook onmiddellik aan God gehoorsaam moet wees. As ons eers begin dink en wonder en redeneer of die opdrag wat God ons in Sy Woord gee wel reg is, dan gee ons die duiwel kans om ongehoorsaam teenoor God te wees. As God iets van ons vra dan kan ons nie vir God sê dat ons dit môre of later sal doen nie.

Drie dae lank loop pa en seun saam met die donkie en slawe. Watter ontsettend moeilike drie dae vir Abraham wat deur Godself Sy vriend genoem is. Op die derde dag sien Abraham in die landstreek Moria van veraf die berg waarop die offer gebring moet word. Die donkie en die twee helpers moet agterbly. Wanneer Abraham dit vir hulle sê dan hoor ons die geloof in sy God. Vir die slawe sê Abraham nie dat 'hy' sal terugkom nie maar 'ons' sal na julle terugkom. In Abraham is alle geloof in God en ook alle gehoorsaamheid aan God se bevel.

Abraham maak die bondel offerhout op Isak se rug vas en dra self die vuur en die mes. 'So het hulle twee dan saamgeloop'. As die Bybel dit so stel dan sien ons hoe mooi die verhouding tussen pa en seun was.

Terwyl hulle so saam die berg uitklim vra Isak die vraag wat wel moes kom. Vol eerbied en liefde sê die seun ' my pa !'. Abraham antwoord eenvoudig en tog so treffend: "hier is ek, my seun!" Dan kom die woorde: "hier is vuur en hout, maar waar is die lam om te offer?"

Die drie dae wat hulle op pad was moes Abraham seker elke oomblik worstel met die angs dat Isak hierdie vraag sou vra. Hoe moes daardie vraag hom seermaak. In die geloof antwoord Abraham: "My seun, God sal Sy eie offerlam voorsien." Hy laat alles gelowig aan God oor. Hy vertrou op God se mag en liefde. Weer lees ons: "daarna het hulle twee saam verder gestap".

Die ou pa en die jong seun met die bondel hout op sy rug moes seker kort-kort bietjie rus. Dit gaan maar swaar om teen 'n berg uit te loop en soms te moet klim terwyl jy 'n potjie met vuur en 'n mes in jou hande moet dra of 'n ongemaklike bondel hout op jou rug.

Nadat hulle op die plek gekom het wat God aangewys het, moet die altaar gebou word. Isak het sy pa seker gehelp om klippe te soek en aan te dra. Die pa bou met daardie klippe self die altaar. Bo-op die altaar lê hy die hout reg.

Abraham het toe of al tydens een van die blaaskansies met die opklim teen die berg uit met Isak gepraat. Van kleintyd af het Abraham sy seun al vertel van die HERE God. Hy het Isak gehoorsaamheid aan God geleer. Nou moes hy die allerswaarste, allermoeilikste ding in sy hele lewe doen. Hy moes sy enigste kind sê wat God beveel het.

En wat sê en doen Isak toe? Hy is nie kwaad of vol opstand nie. Hierdie seun gee hom in die geloof oor aan die wil van God. Sonder om te probeer vlug of om met sy pa te veg laat hy hom gehoorsaam deur sy pa vasbind. Die ou man tel sy seun op en lê hom op die altaar bo-op die hout. Daarna neem Abraham die mes op om gehoorsaam sy seun dood te maak deur hom te slag.

Plotseling gryp die HERE in. Hy besoek Abraham weer 'n keer. Hy sê dat Abraham niks aan sy seun mag doen nie. God sê dat Abraham nou gewys het dat hy God

liefhed en Hom selfs sy enigste seun gee. Al het die pa nie werklik sy seun geoffer nie, het hy hom tog al vir God gegee toe hy sonder aarseling die mes geneem het. Hy het geglo dat God Sy Woord sou hou en só magtig is dat Hy Isak uit die dood kon laat opstaan.

In die plek van Isak gee God vir Abraham 'n ram om te offer.

Uit hierdie geskiedenis leer ons dat ons nie vir ons eie saligheid of redding hoef te sorg nie. God Self sorg daarvoor. Vir Isak het God 'n ram gegee as offer maar dit was nie genoeg nie. Vir Isak en ons sondes kan geen dier betaal nie. God het Sy eie Seun gegee as volkome en volmaakte offer. Wat Abraham nie gedoen het nie, het God Self gedoen. Die Here Jesus Christus het homself op die altaar van Golgota geoffer om daarmee te betaal vir al ons sonde van ongehoorsaamheid. Só lief is God vir ons dat Hy Sy enigste en liefste Seun vir ons geoffer het.

In die geloof van Abraham en Isak is daar 'n voorbeeld vir ons. Die geloof laat ons sterk staan en laat ons volhou om op die pad na die ewige lewe te bly gaan. As daardie pad opdraande is, soos die klim van die berg Moria, dan moet ons tog volhou, vasbyt, volhard in gehoorsaamheid aan ons God. As daardie pad vol skerp en groot klippe is dan mag ons tot God bid om ons te help en om ons wysheid te gee oor hoe om daarvoor of daar verby te gaan.

JAKOB EN ESAU - BLYDSKAP EN TELEURSTELLING

Daar is ontelbaar baie boeke in die wye wêreld. Maar geen boek is so spesiaal en so volkome anders as die Bybel nie. Die Bybel is die enigste Woord van God. Daarin leer ons alles wat nodig is om reg te leef en ook om sonder vrees te kan sterf. Die Woord van God leer ons waarom ons mag leef en waarom ons moet sterf. Ons mag nou leef om God bly te maak.

Omdat Adam en Eva ongehoorsaam teen God was het God hulle gestraf deur te sê

dat hulle op die aarde sou swaarkry en sou sterf. Maar deur Sy groot liefde het God belowe dat Hy die Here Jesus sou stuur om te betaal vir die sonde van die mense wat in Hom glo. Die dood het gebly maar is deur die dood en opstanding van die Here Jesus verander. Die dood het nou vir elkeen wat glo die deur geword waardeur ons moet gaan om die ewige lewe van God te ontvang.

Die Bybel is ook so anders as enige ander boek omdat ons daarin presies lees hoe die lewe en die mense werklik is. As die mense waaroor ons in die Bybel lees sondig of swaarkry, dan draai die Bybelskrywer nie doekies om nie maar word dit eerlik en reguit gesê. Die mense wat ons in die Bybel ontmoet was net soos elkeen van ons. Ons sien dit ook in die geskiedenis van Jakob en Esou.

Isak het 'n groot man geword. Ou vader Abraham wou graag hê dat Isak 'n gelowige vrou sou kry. Daarom het hy sy getroue en gelowige slaaf gestuur om 'n vrou vir sy seun te gaan soek in die land en die familie waar die HERE hom vanuit geroep het. Die HERE sorg toe dat die gelowige Rebekka die vrou van Isak word.

Isak en Rebekka het mekaar liefgehad en saam die HERE gedien en liefgehad. Hulle het geweet dat die HERE met Abraham 'n verbond gesluit het en hom beloof het dat uit Sy wonderkind Isak 'n groot volk gebore sal word.

Ons sou nou wil dink dat die HERE nou al 'n mooi begin kon maak deur Isak en Rebekka baie kinders te gee. Hulle is altwee gelowiges en was gehoorsaam aan die HERE. Daarom sou dit vir ons reg wees as die HERE hulle nou beloon met 'n mooi spannetjie kinders. Dit is soos die heidene ook nog altyd glo. As hulle iets vir hulle afgode gee dan is daardie afgode verplig om meer terug te gee.

Ons HERE God is geen afgod nie. Hy gee nie iets vir die gelowiges omdat hulle dan so goed gelowig sou wees nie. Omdat ons sondige mense is kan ons nooit uit onself en deur ons werk iets goed doen nie. Alleen deur die kragtige werk van die Heilige Gees in ons kan ons goeie dinge doen. Alleen omdat God in ons werk kan ons goeie werke doen, dan werk ons saam met God.

God gee ons dus nie iets omdat ons iets verdien het nie. Al wat ons werklik verdien

is die ewige dood weens al ons sondes. Alleen deur God se liefdevolle goedheid en welwillendheid gee God ons alles. Veral vergewing van al ons sondes, omdat die Here Jesus Christus al daardie sondes vir ons weggeneem het. Hierdie guns van God noem ons 'genade'. Die woord genade is 'n woord vol heerlike blydskap, dit bring ons die goeie en blye boodskap dat God ons heeltemal verniet goedgesind is. Ons kan en hoef niks daarvoor te doen nie.

Isak en Rebekka het twintig jaar gewag om 'n kindjie van die HERE te ontvang. Hulle het gedurig gebid om 'n kindjie te mag kry maar daar het in al daardie lange jare niks gebeur nie. Sou die HERE dan Sy belofte vergeet het? Hoekom nou weer hierdie swaarkry vir die gelowige man en vrou?

God wou weer daarop wys dat die Kerk nie die werk of stokperdjie van mense is nie. Dit is nie mense wat die Kerk maak en uitbou nie, dit is God se werk. Hy bou die Kerk en gebruik die mense net daarvoor. Hy is die Bouer en die mense is die gereedskap waarmee Hy werk.

Isak en Rebekka moes dit leer in daardie twintig lange jare. Eers toe het die HERE die gebed van die twee bidders verhoor. Uit genade laat die HERE die groot blydskap kom dat daar 'n kindjie gebore sal word.

Dit gebeur soms dat 'n mens baie lank en geweldig sterk na iets uitsien, jy kan skaars wag dat daardie oomblik moet aanbreek. Tog, as dit uiteindelik gebeur is daar iets van teleurstelling. Dit lyk asof Rebekka ook so iets gevoel het.

Terwyl sy die kindjie verwag het kom sy agter dat sy 'n tweeling gaan kry. Ons sou sê dat dit darem baie oulik is, die lang wag was tog die moeite werd. Rebekka was seker eers ook nóg blyer. Die vreugde het egter afgekoel weens die baie snaakse ervarings wat die toekomstige ma beleef het. Die tweeling het voor die geboorte al so tekere gegaan dat dit vir haar gevoel het asof hulle mekaar wil stukkend breek.

Dit het Rebekka só onrustig laat voel en gepla dat sy gesê het wat help dit dat ek ma word as dit so aangaan? Wat is dan die betekenis, die sin en die doel van moederskap? Vir enige vrou wat 'n kindjie verwag is daar moeilike dae en word

uitgesien na die dag van geboorte en verlossing. Rebekka het dit geweet maar aangevoel dat by haar iets besonders besig was om te gebeur. 'n Antwoord op haar bange vraag kon sy net by die HERE vind. Op die een of ander manier het sy haar vrae voor die HERE neergelê.

In die antwoord van die HERE hoor ons die troos dat sy nie bekommerd hoef te wees nie, sy verwag 'n tweeling wat met mekaar veg. In die geveg voor die geboorte kan al 'n voorteken gesien word van die toekoms wat God beskik het oor hulle én die volke wat uit hulle gebore sal word. Onmiddellik by die geboorte sal hulle teenoor mekaar staan, mekaar gedurig in die hare wil vlieg. Die een wat verloor sal sy broer en broedervolk moet dien. Die oudste sal die jongste dien.

Dat hierdie stryd al begin het van voor die geboorte kan ons nie verstaan nie, dit is vir ons 'n onverklaarbare geheim van God.

Omdat die Woord van God uit 67 Bybelboeke bestaan moet ons goed bly onthou dat die Woord een geheel is. As ons 'n Bybelteks nie onmiddellik goed verstaan nie moet ons dit altyd met die res van die Bybel vergelyk en in die lig van die hele Woord van God gaan verklaar. Hierdie geskiedenis van Jakob en Esau word verskillende kere in die Woord aangehaal. Die profete Hosea en Maleagi en die apostel Paulus skryf oor dit wat ons in Genesis 25 lees. Hulle help ons om die Skrif reg te verstaan.

JAKOB EN ESAU - UITVERKIESING.

In die skool sit ek met 'n klomp kinders in 'n bepaalde klas. Al is ek met almal vriendelik kies ek vir my uit daardie hele groep een of meer as vriende uit. Later gaan ek met verskillende seuns of dogters uit maar net een daarvan word uitverkies om my toekomstige man of vrou te word. Natuurlik is ek heeltemal vry om te kies

volgens die vrye keuse van my eie hart om 'n lewensmaat te neem om mee te trou. So het God vir Israel gekies en gebruik die Bybel daarvoor ook dikwels die beeld van die huwelik.

By God se verkiesing is daar een groot verskil. Die liefde kom daar slegs van God se kant. God was nie verplig om 'n volk te kies nie . Hy wou dit doen in alle vryheid. In die kies van my lewensmaat het ek in 'n groot mate ook daardie vryheid. Ek word mos nie verplig om met 'n bepaalde seun of dogter te trou nie maar ek wil dit vrywillig uit my eie vrye keuse of verkiesing doen. My toekomstige lewensmaat het geen reg op my liefde en keuse nie.

So kies God uit. Hy doen dit vrywillig sonder dat Sy volk of Sy kind reg daarop het om aangeneem te word . Waarom God Sy volk liefhet weet ek as mens nie. Dit is en bly God se geheim. Hy doen dit alleen uit genade.

Wanneer iemand op skool gekies is in 'n leiersposisie, gebeur dit omdat in daardie persoon iets is wat hom of haar bekwaam daarvoor maak. In die Bybel lees ons ook dat 'n koning uit sy soldate manne kies om aanvoerders te wees of om sekere gevaarlike opdragte uit te voer omdat hulle beter leiers of dapperder is as ander. Ons as mense kyk na die optrede of geaardheid of kennis van ander mense en op grond daarvan kies ons uit.

God werk heeltemal anders. Hy kies alleen uit genade. Hy het Israel uitverkies en verlos toe hulle 'n ellendige versukkelde ou slawevolke was. Hy het die magtige en ontwikkelde Egipte in Sy Goddelike vryheid verwerp. Dawid het sewe ouer broers gehad en hulle het skoon van hom vergeet toe Samuel gekom het om een van die agt broers as koning te salf. Maar God het juis hóm uitverkies en daarom moes hy halsoorkop van agter die skaaptrop weggehaal word. So sien ons dikwels in die Bybel dat God juis hulle uitverkies wat in die oë van die mense klein is en nie gereken word nie. Die apostel Paulus sê dieselfde van die Kerk van Jesus Christus wat vandag bestaan (1 Kor 1 : 27 e. v.). In Sy uitverkiesing maak God Homself groot in hulle wat klein lyk.

By Jakob en Esou sien ons al hierdie verskillende sake ook in God se uitverkiesing. God het nie gekyk na dit wat Jakob en Esou later in hulle lewe sou doen om hulle as beloning daarvoor uit te kies nie. Voordat een van hulle nog gebore was en iets kon doen het God al vir Rebekka gesê dat Hy die jongste in vrye genade uitverkies het en die oudste in vrye ongenade verwerp het.

Al word altwee kinders as verbondskinders uit gelowige verbondsouers gebore, kies God net die een uit. Uit wat ons verder lees van Jakob se sondes en 'n geaardheid wat nou nie juis aantreklik was nie, is dit baie duidelik dat hy God se uitverkiesing net so min soos Esou verdien het. Al twee is sondige mense soos ons en Esou was waarskynlik 'n aangener en betroubaarder persoon, maar God kies ons as Sy kinders omdat Hy dit wil doen.

Nadat God met die bang en onrustige Rebekka gepraat het, is die tweeling gebore. By hierdie geboorte gebeur daar iets wat uiters selde gebeur. Esou word eerste gebore maar Jakob hou sy boetie by sy hakskeen vas. Van voor sy geboorte af wou Jakob met al sy menslike krag teen Esou veg. Maar hy is 'n gebore verloorder. Al sy menslike gespook en gespartel het hom net mooi niks gehelp nie. Alleen in die krag van God sou Jakob – en ons – kan wen, dit moes hy later op die harde manier leer.

Die eerste baba wat gebore is was 'n mooi fris knapie. Van kop tot tone was hy vol hare en sy wange was 'n mooi blosende rooi. Sy ouers noem hom Esou weens al die hare. Jakob wat net 'n kortkop na Esou in die wêreld gekom het was blykbaar nou nie juis 'n besondere baba nie - geen woord word oor sy voorkoms gepraat nie. Tog was dit nie te moeilik om hom 'n kenmerkende naam te gee nie want Jakob beteken 'hy wat die hakskeen vashou'. So moes hy sy lewe lank elke keer wat sy naam genoem is daaraan dink dat hy van die begin af aan die verloorkant is – totdat die HERE Self hom die heerlike naam Israel gegee het. Dit is opvallend dat in ons land die Swartmense hulle kinders dikwels ook nog so 'n beskrywende naam gee soos wat dit in Isak en Rebekka se tyd al gewoonte was.

JAKOB en ESAU - IS 'n VOL MAAK MEER WERD AS 'n BELOFTE?

Dat die Woord van God nie 'n gewone storieboek is nie, word ook duidelik uit dit wat juis oor Jakob en Esou nie geskryf word nie. Met geen woord word iets oor hulle kinderjare vertel nie. Natuurlik is ons nuuskierig of die woorde van die HERE toe al uitgekom het dat die jongste sterker as die oudste sal wees en of Esau toe al vir Jakob moes dien – ek dink glad nie dat dit so was nie, die indruk wat 'n mens kry is dat Esou baie sterker as sy broer was.

Ons lees egter niks daarvoor nie want dit is glad nie belangrik nie. Dit gaan nie oor hoe hulle as seuns gebaklei het nie. Al wat van belang is, is dat die Kerk van die Ou Testament deur die Koning van die Kerk gebou en bewaar word sodat op God se tyd die Verlosser Jesus Christus gebore sal word.

Die Heilige Gees wat die Bybel laat skryf het, leer ons wel dat die twee broers elkeen 'n eie beroep gekies het. Die sterk Esou was 'n man van die veld en het 'n uitstekende jagter geword. Dit is nogal opvallend en iets waaroor ons baie min in die Skrif lees. Esou het 'n werk gedoen wat sy familie nie eintlik geken het nie. Ons sou verwag dat hy as oudste die groot boerdery van sy pa sou oorneem.

Jakob was die een wat sy pa se beroep beoefen het.

In ons Afrikaanse Bybelvertaling staan dat Jakob 'n vredeliewende man was wat in tente gewoon het. As ons dan nog lees dat hy kos gekook het dan wil 'n mens amper dink dat die gebore verloorder maar 'n 'sissie' was. In die Hebreeuse teks staan vir die woord 'vredeliewend' 'n woord wat eintlik ordentlik of opreg beteken. Dit wil ons dan daarop wys dat Jakob 'n vroom of gelowige man was. Natuurlik beteken dit nie dat hy sonder sonde was nie. Ons lees verskillende kere dat hy sondig. Elke gelowige doen elke dag sonde.

Jakob het in tente gewoon. Dit beteken glad nie dat hy gerieflik en gesellig by

mamma se pappot gesit het en agter haar rokspante weggekruipt het nie. Soos sy oupa Abraham en pa Isak het hy in tente gewoon. Juis dit wys ook op sy geloof want in die tente is die erediens gehou en in die tentlaer is aan die HERE offers gebring. Jakob het dus in sy werk en in sy lewe aan die verbond van die HERE gedink.

Die mense oor wie ons in die Bybel lees is werklike mense met menslike nukke en foute. Mens sien dit ook in die opvoeding van die kinders. By Isak sien ons al dit wat deur die eeue beweer word: ‘n man se liefde gaan deur sy maag’! Vir pa Isak was daar niks lekkerder as ‘n stuk wildsvleis nie. Al het God vir Jakob uitverkies het pa Isak duidelik sy voorliefde vir sy sterk jagter-seun Esou gewys. Dit is moeilik om hierdie houding van Isak te verstaan want hy moes tog geweet het dat God vir Rebekka gesê het dat juis Jakob as jongste deur Esou gedien sou word. Dit was dan mos vader Isak se vaderlike taak om Esou te help om te berus in God se wil.

Ma Rebekka het vir Jakob weer as haar witbroodjie behandel. Sy maak dus presies dieselfde opvoedingsfout as Isak. Die Skrif gee geen rede vir elkeen se voorliefde nie. Natuurlik is selfs die gelowigste ouer nie in staat om ‘n volkome opvoeding te gee nie.

Laat een middag het Esou van ‘n jagtog teruggekom. Hy was skoon poot-uit. Toe hy naby Jakob se tent kom sien en ruik hy dat sy tweelingbroer ‘n pot lensiesop gaargemaak het. Net die sien daarvan laat hom voel hoe rasendhonger hy is. Boonop is hy doodmoeg en sien nie kans om self kos te maak nie of te wag tot die kos wat hy kan laat maak uiteindelik gaar sou wees nie. Daar was in daardie tyd natuurlik geen elektriese krag en mikrogolfoonde nie. Daarom vra hy vir sy broer om van daardie rooi lensiesop te mag eet.

Jakob se antwoord kan ‘n mens nie goedpraat nie. Hy wil dubbel en dwars munt slaan uit sy broer se verleentheid – besigheid is besigheid. Tot vandag toe beroep die Jode hulle op hulle afstamming van Jakob en is baie van hulle wêreldwyd

besigheidsmense. Jakob wil hê dat sy uitgeputte broer sy eersgeboortereg verruil vir 'n kooksel lensiesop. Sou dit té sterk gesê wees as mens hier kan praat van afpersing?

Die eersgeboortereg het in daardie tyd heel waarskynlik beteken dat 'n groter erfporse gegee word. Vir Jakob en Esou het dit boonop beteken dat die Messiasbelofte by die eersgeboortereg behoort het.

Vir Esou was die eersgeboortereg niks werd nie. Dit was iets wat jy maar vir iets anders kan verruil of verkoop. Teenoor die werklikheid van 'n smullekker ete wat mens kan sien en proe beteken die eersgeboortereg wat jy nie kan sien of proe of voel nie, eintlik net mooi niks nie. Hy sal tog vroeg of laat doodgaan en dan kan hy daardie reg in elk geval nie saamneem nie – tot vandag toe het die doodskleed geen sakke waarin iets saamgeneem kan word nie. Hy is trouens so rasendhonger dat dit voel asof hy sommer nou kan doodval van honger. Ondertussen dink hy nooit daaraan dat die HERE selfs nie vir sy oom Ismael in die woestyn laat sterf het nie.

Jakob is maar 'n moeilike klant om tevrede te stel, 'n besigheidsmansman wat nie 'n goeie geleentheid by sy nie onaansienlike neus verby wil laat glip nie. Hy wil heeltemal sekerheid hê. Esou moet selfs sweer dat hy die eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop sal verkoop. Jakob kan met sy bymekaarskraapmentaliteit nie glo dat hy so'n winskopie raakloop nie en nou moet daar nog 'n eed in die Naam van God by die transaksie ingegooi word..... Esou verkwansel die belofte van die Messias. Die Skrif sê dat hy wat in die verbondstent opgevoed was en dus moes geweet het dat hy verkeerd optree 'sy geboortereg verag' het. Uit ongeloof het hy dit gedoen. Hierin sien ons dat God se uitverkiesing nie 'n noodlot is wat oor 'n mens kom nie. Dit was Esou se eie keuse dat hy God se belofte verag en verwerp het.

Al het Esou die eersgeboortereg verkwansel, het die uitgeslape Jakob niks by sy gemene transaksie gebaat nie. Esou kan God se guns verag en dit verloor, maar Jakob kan dit nie koop nie. Genade is nie te koop nie, dit is altyd volkome verniet. Genade is altyd onbetaalbaar en word slegs op God se tyd en volgens God se wil

gegee. Daarom is genade altyd genade.

Netsomin as wat Jakob God se genade met geweld van Esou kon af vat kon hy dit koop. God se uitverkiesing gaan nooit saam met die opstandige strewe van ‘n minderbevoorregte of swakkere nie. God se genade staan altyd téénoor werk van mense. Genade en nie werk nie gee die deurslag! God roep en werk, nie die mens nie!

JAKOB EN ESAU - DIE PRYS VAN BEDROG

Vader Isak het begin oud voel. Hy was nie meer so sterk nie en blind. Hy het gedink dat hy nie meer lank sou hê om te leef nie – hoe kon hy weet dat hy nog 43 jaar moes leef? Sê nou net dat hy sou sterf as sy geliefde Esou weg was op ‘n jagtog?

Isak het toe sy lieflingseun Esou geroep en hom opdrag gegee om ‘n wildsbok te gaan jag en lekker gaar te maak sodat hy dit kan eet. Daarna sal hy hom sy seën gee. Dit was sonde van die pa want hy het goed geweet dat Esou die HERE nie liefgehad het nie en Hom nie gedien het nie. Esou se vrouens was heidene en self het hy soos ‘n goddelose heiden geleef. Isak was wel hartseer daarvoor maar dit het hom tog nie van sy sondige plan laat afsien nie. Boonop het Isak sekerlik geweet van die HERE se woorde aan Rebekka dat Jakob deur die HERE uitverkies was.

Esou het natuurlik saamgestem met sy ou vader. Dit het vir hom nie saakgemaak dat hy daardeur eintlik sy eed aan sy broer Jakob breek nie. Saam met sy vader wil hy Jakob nou heeltemal onterf. In die testament van vader Isak sou daar vir Jakob niks wees nie, sy naam sou nie eers genoem word nie.

‘n Tent is nou nie juis die ideale plek om ‘n sameswering te bespreek en te beplan nie. Deur die bokvelle waarvan die tent gemaak is kan ‘n mens alles hoor wat binnekant gesê word. Net soos haar skoonmoeder Sara is Rebekka se ore op hoë ouderdom nog verbasend goed. Sy het alles gehoor en gou-gou aan ‘n plan gedink

om 'n stokkie voor die sameswering te steek.

Isak en Esou se plan was sondig maar Rebekka s'n niks beter nie. Rebekka wou God-speel. Sy kon nie wag totdat God Self sou doen wat Hy beloof het nie.

Onmiddellik sê die ma vir haar liefingseun wat sy gehoor het en gee hom vinnig opdragte om haar plan in werking te stel. Jakob moet gou twee bokkies slag en dan sal sy dit net so lekker gaarmaak soos wat Esou kan droom om te doen. Al maak Jakob kapsie, praat sy hom om. Nadat die bokkies geslag is en so gaargemaak is dat dit na wildsvleis ruik en smaak moet Jakob nou ook nog vermom word om sy blinde pa te kan bedrieg. Hy moet Esou se beste feesklere aantrek. Jakob se klere ruik te sterk na die bokkraal en die kombuis. Esou het ver weg van daardie plekke gebly, die vars veldruik het in sy klere ingetrek. Maar die volgende probleem was Jakob se gladde vel wat hom kon verrai en daarom moes hy die bokkies se velle rondom sy arms en nek vasmaak. So moet die blinde Isak se neus en vingers bedrieg word. Selfs in daardie dae het die mense al goed geweet dat as iemand blind word sy ander sintuie soos die neus en die gevoel van die vingers dan baie beter word.

Met die lekker stomende kos gaan Jakob na sy ou vader toe. Al was Isak oud en blind was hy nie dom nie. Waar Jakob bang vir was gebeur toe. Die ou vader is agterdogtig want die stem klink nie soos Esou s'n nie en is dit nie alte vinnig dat hy nou al van die jag af terug is? Jakob is baie gou reg met 'n antwoord en span sommer sogenaamde vroomheid voor sy karretjie: 'ek is so gou terug omdat die HERE u God die wildsbok my laat teëkom het!' Jakob sê nie die HERE MY God nie maar ú God! Is dit omdat Esou op daardie manier oor God sou praat of durf Jakob weens sy bedrog nie te sê MY God nie??

Isak is nog nie tevrede nie, eers wil hy voel of dit wel Esou is. Die harige arms en hande voel soos Esou s'n. Maar die stem is tog die stem van Jakob! Dit slaan die ou man dronk. Hy vra weer reguit: Is jy werklik my seun Esou? Jakob lieg deur te sê: Ja! Toe eers groet die vader sy seun met die groetseën. Daarna verlekter hy

hom in die vleis wat so'n belangrike plek in sy lewe ingeneem het. Hy drink ook van die wyn wat sy seun gebring het.

Nou sal die belofde seën gegee moet word. Ondanks die lekker ete en die wyn bly Isak nog wantrouig. Hy het nou al geluister, gevoel en geproe en al wat hy nog kan doen om sekerheid te kry is om te ruik. Jakob moet nader kom sodat die pa hom kan soen. Toe hy die reuk van die veld in die klere optel is hy oortuig dat dit Esou is en gee hy die seën.

Isak seën nou nie net as vader nie . Die Heilige Gees spreek deur Isak. God breek dwarsdeur al die sondes heen en laat Sy seën uitspreek oor Jakob. 'n Volkome seën waarin Jakob belof en gewaarborg word dat hy baie besittings sal kry maar ook baie kinders. Hy sal heers oor sy broer (Esou) en die se nageslag. Dit is selfs so dat hulle wat vir hom vervloek deur God vervloek sal word. En dat hulle wat hom seën deur God geseën sal word. Midde in die hele onsmaklike gebeure wat deur donker sondeskaduwolke oorskadu word, gee God Sy besluit in die stryd rondom die Messiasbelofte in die geveg om die eersgeboortereg. God se Woord bly staan en kan nie teruggetrek of verander word nie.

Skaars het Jakob van sy pa af weggegaan of Esou kom tuis. Vinnig maak hy die wildsbok gaar om die seën van sy vader te ontvang. En dan kom die bedrog aan die lig. Die sameswering van Isak en Esou het hopeloos misluk. God het die rolle omgedraai. Esou wou die eersgeboortereg mét God se seën nie hê nie, nou kry hy dit ook nie. Boontjie kry sy loontjie.

Vir Isak is hierdie ontdekking 'n ontsettende skok. Waarskynlik het hy goed geweet dat sy plan met Esou sondig was en dat God nou 'n stok in die wiel gesteek het. Daarom sê hy nadruklik dat Jakob geseënd bly! Die gat wat Isak en Esou vir Jakob gegrawe het, word die gat waarin Isak en Esou self val.

Esou was uit die veld geslaan en heeltemal op die verkeerde voet betrap. Hy weet dat sy pa nie meer 'n seën vir hom het nie. Wanhopig en verbitterd probeer hy sommer drie keer nog om 'n seën van sy pa te kry. Wat hy uiteindelik uit sy pa

uitpers klínk na ‘n seën maar is eerder die teenoorgestelde. Hy sal geen vrugbare land kry nie, geen heerser wees nie maar moet dien; hy sal ‘n armoedige lewe lei en van sy swaard moet lewe.

Al Esou se trane en gekerm kan die beslissing nie verander nie. In alle verantwoordelikheid het hy die verbond van die HERE en so die HERE Self verwerp en uit sy lewe uitgesluit. Nou verwerp die HERE hom en sluit hom uit by die seën. By Esou is geen spoor van berou nie. Hy wil glad nie sy eie skuld raaksien nie, en gooi alles van hom af op sy broer.

Vir Jakob het die ontvangs van die seën allesbehalwe onmiddellike soete vrugte afgewerp. God het Rebekka en Jakob se onheilige plan toegelaat en gebruik maar Hy het geen bondgenoot in die sameswering geword nie. Jakob moet vlug vir sy lewe om as vlugteling in ballingskap te leef. Hy sou sy moeder nooit weer op aarde sien nie.

Jakob het die seën met al die beloftes ontvang maar hy moes vir baie jare wag om die erfenis te kan kry. Die prys vir sy bedrog was dat hy vir jare lank sou vlug en swaarkry. Eers nadat Jakob sy sonde erken het en beseft het dat hy God om genade moet smee het hy ná Pniël werklik erfseun geword.

God se oordeel oor Esou was volkome regverdig. Hy het God verwerp en dit het daarna gemaak dat God hom verwerp het. Maar Jakob was ook skuldig. Uit genade alleen het God hom nie verwerp nie maar uitverkies. As God na Jakob se daade gekyk het moes hy nie die seën gekry het nie. As God na ons werke en daade kyk sou ons ook nooit Sy seën kan ontvang nie. Goddank kyk God nie daarna nie. Hy verkies net en alleen uit genade.

Jesus Christus wat uit Jakob se geslag gebore sou word is geslag om te betaal vir Jakob en ons sondes. Hy het absoluut volkome betaal. Daarom is Jakob en ons in genade deur God aangeneem ter wille van die bloed van ons Verlosser Jesus Christus.

Ons heerlike rykdom is dat elkeen van ons wat deur die geloof aan Jesus Christus

vasgebind is, seker mag wees van sy uitverkiesing. In Sy verbond gee God ons die onwankelbare belofte van saligheid mét die eis van geloof en bekering. Alleen wanneer ons nie glo en ons nie bekeer nie verbreek ons die verbond en bring ons God se straf oor onself.

JOSEF - REDES VIR BROEDERHAAT

Baie kinders het nie 'n pa én 'n ma saam nie. Die ouers van daardie kinders is gewoonlik geskei of een van hulle is oorlede. As hulle geskei is, was daar al te dikwels baie moeilikheid onder mekaar. Die hartseer vir die ouers en hulle kinders is onpeilbaar.

In die Bybel sien ons dat die mense waarvan ons lees ook maar net soos ons was. Hulle het ook sonde gedoen en daardeur hartseer laat kom. In 'n storieboek word dikwels net die mooi kant van iemand se lewe vertel. Maar die Woord van God is nie 'n storieboek nie .

God het Self die Bybel laat skryf deur gelowige mense. Die Bybel leer ons baie eerlik hoe die mense toe was en daarin sien ons ook hoe ons vandag nog is. In Sy Woord noem God alles baie eerlik - die goeie en die slegte van mense.

Isak se seun Jakob het twee vrouens gehad. Dit het hom in sy tent baie probleme gegee. Daar was dikwels moeilikheid tussen Ragel en Lea en ook tussen die kinders van die verskillende moeders wat almal dieselfde pa gehad het. Jakob het by sy verskillende vrouens en hulle slavinne somer twaalf seuns en verskeie dogters gehad.

Jakob was ook maar 'n aardjie na sy vaartjie , ook hy het witbroodjies onder sy kinders gehad. Hy was die liefste vir Josef, die seun van sy liefingsvrou Ragel. En

dit het hy alles ook duidelik gewys. Hy was ongelukkig getroud en daardie ongelukkigheid het hy ook tussen die verskillende kinders laat kom. Jakob se liefingseun Josef het net saam met die kinders van Bilha en Silpa geloop. Hierdie vrouens was die slavinne van Jakob se eerste twee vrouens Ragel en Lea. Jakob het by hulle ook kinders gekry netsoos dit die geval was by sy oupa Abraham en Hagar. Tussen Jakob se eerste vrouens Ragel en Lea was daar gedurig moeilikheid en dit het ook veroorsaak dat die kinders van hierdie twee vrouens nou nie juis baie lief vir mekaar was nie. Dit is dalk waarom Josef gewoonlik maar saam met die seuns van die slavinne in die veld was.

As ons aan Josef dink dan het ons dikwels die idee dat hy 'n bietjie van 'n 'sissie' was. 'n Seun wat maar tuis was by sy pa en ma en met 'n mooi kleurvolle rok rondgeloop het, al te bang om dit vuil te smeer. Die Bybel gee ons 'n ander prentjie van Josef.

Net soos sy halfbroers was Josef gereeld in die veld. Toe hy sewentien jaar oud was het hy al saam met sy broers die vee opgepas en so gewoon geraak aan die lewe in die veld. Hy was 'n herder wat geweet het hoe om bokke en koeie te melk. Die stomende warm melk het hy sommer daar in die veld gedrink, voëls gevang en gebraai, bokke geslag en gaargemaak om dit dan saam met veldkos soos veldvrugte te eet. As veewagter moes hy dag en nag wilde diere van die trop af weghou en hulle jag. Hy was 'n kind van die veld wat saam met die diere die warm somersdae en yskoue wintersnagte moes trotseer.

Vader Jakob of Israel soos die Skrif hom noem om te wys op die belofte wat God in die verbond gegee het, het Josef meer liefgehad as sy ander seuns. Dit was verkeerd van hom. Veral omdat hy dit ook duidelik gewys het. Net vir Josef het hy 'n baie mooi rok met moue laat maak. Dit was 'n baie mooi deftige rok met mooi kleure. In daardie dae het die mans almal 'n soort rok gedra – ons sien presies dieselfde nog in die Nabye Ooste waar baie mense nog tradisioneel aantrek. In die algemeen is die Oosterling ook meer geneig as sy Westerse medemens om van veel

– en helderkleurige klere te hou.

In reaksie op die sonde van die pa het die broers nou ook gesondig deur Josef so te haat dat hulle hom nie eers gegroet het wanneer hulle hom êrens gesien het nie. Josef was gelowig, ‘n kind van die HERE. Hy het gesien en van ander gehoor dat sy broers sondig lewe. Hy het geweet dat die HERE ‘n verbond met sy pa gesluit het en dat hulle familie die Kerk van die HERE God was. Omdat hy ‘n lid van die Kerk was kon hy nie stilbly oor sonde wat hy in die Kerk gesien het nie.

Josef het dus nie gesondig deur nuus-aan-te-dra nie. Die Bybel sê ook nie dat sy broers kwaad was omdat hy oor hulle sondes by hulle pa gekla het nie. Die Woord van God wys net daarop dat sy broers hom gehaat het uit afguns omdat pa Jakob hom voorgetrek het.

Hulle het hom nog meer gehaat omdat die HERE God deur besondere drome met hom gepraat het. Ons drome is nooit so nie. God praat met ons deur Sy Woord, elke keer as jy uit die Bybel lees of die Woord verkondig word dan praat God met jou. In Josef se tyd was die Bybel nog nie geskryf nie, daarom het God op ‘n ander manier met die mense gepraat as wat Hy vandag doen.

In sy eerste droom sien Josef dat hy en sy broers op ‘n koringland werk. Die koring was klaar gesny en van die halms met die koringare is bondels gemaak wat ons gerwe noem. Die gerwe word dan op die grond gegooi om later staangemaak te word, soos die Bolandse boere dit noem, deur ‘n klompie gerwe teen mekaar te laat leun.

In Josef se droom het daar nou iets eienaardigs gebeur. Plotseling het die gerf wat hy saamgebind het begin opstaan en penregorent bly staan. Al die broers se gerwe het ook tot lewe gekom en ‘n kring rondom Josef se gerf gevorm. Maar daardie gerwe bly nie regop staan nie, hulle buig almal voor Josef se gerf.

Josef het hierdie droom wat God hom gegee het toe vir sy broers vertel. Mens kan seker maar wonder of dit wel verstandig was, moes hy dit nie maar liever taktvol vir homself gehou het? In elk geval het die broers onmiddellik verstaan wat die

betekenis was. God het in die droom gesê dat Josef deur sy broers soos 'n koning gegroet sou word ... maar nou het hulle hom al nie eers gegroet nie. Die broers was kwaad en jaloers. Wat dink die bogsnuiter van homself? Sal hy wat die jongste is en boonop deur hulle pa so tot in die afgrond in bederf word later hulle baas word? Dit sal die dag wees! Weens die droom wat God hom gegee en sy vermetelheid dat hy dit vir hulle durf te vertel het sy broers Josef nog meer gehaat.

Daarna het Josef nog 'n ander droom van God ontvang. Hy het gedroom dat die son en die maan en elf sterre hulle voor hom neergebuig het. Hierdie keer was hy blykbaar by die tente van die familie want hy vertel dit nie alleen vir sy broers nie maar ook vir sy pa.

Vader Jakob het hom toe hard aangespreek. Moontlik omdat hy gesien het dat die ander broers so briesend kwaad geword het omdat God net met Josef gepraat het. Vir Jakob was dit ook moeilik om te aanvaar dat hy en Ragel en die broers koninklike eer aan Josef moet bring deur voor hom te buig. Tog het Jakob hierdie Woord van God nie verwerp nie maar dit baie goed onthou en daarvoor bly dink.

Na sy eerste droom het Josef gesien hoe kwaad sy broers geword het en hoe hulle hom gehaat het. Tog het dit hom nie bang gemaak om verder stil te bly nie. Toe hy die volgende keer weer 'n droom ontvang het, het hy dit weer trou vertel. Teen hierdie tyd het hy geweet dat hy soos 'n profeet van God eerlik die Woord van God moet vertel. God vra van ons dieselfde. Dit maak nie saak wat die gevolge is nie, ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense. Al verwerp die mense die Woord van God en die werk van God se kinders en word die gelowiges daardeur gehaat.

JOSEF - VAN WEGGOOIBROER TOT REDDERBROER

Die lewe van 'n veeboer was van die vroegste tye af maar onseker. Hy moet altyd sorg dat daar genoeg weiding en water vir sy vee is. Wanneer daar in goeie jare genoeg reën geval het kan die veeboer sy troppe naby sy blyplek laat wei. In droë jare moet egter gedurig getrek word van die een plek na die ander. Ons vaders het in ons land dieselfde ondervind en dit was dan ook een van die redes waarom die Afrikaners vanuit die Kaap al hoe verder die binneland in getrek het.

Jakob se bokke en skape het eendag by Sigem gewei. Al die broers was daar om die troppe op te pas behalwe Josef. Moontlik het sy pa hom maar liewers tuis gehou omdat die verhouding met sy broers maar beroerd was.

Nadat vader Jakob lanklaas iets van sy kinders gehoor het, het hy verlang om te weet hoe dit met hulle gaan en Josef gestuur. Nou kan ons vra of dit nie onversigtig van Jakob was nie ? Die Bybel sê nie dat Jákob vir Josef gestuur het nie maar gebruik vir die vader die naam Israel. Die HERE het hierdie naam vir Jakob gegee toe hy met die Engel van die HERE by Pniël geworstel het en die oorwinning ontvang het. Die naam Israel beteken dat hy met God geworstel en gewen het. By Pniël sien ons dat Jakob tot bekering gekom het en die sonde van leuen en bedrog gelos het. Hierdie Jakob het al dikwels die mag van God gesien en ook dat God Sy leër van engele stuur om die gelowiges te bewaar en beskerm. As hy nou as Israel vir Josef na sy broers toe stuur weet hy dat hierdie lieflingskind van hom veilig is in God se Vaderhand.

Josef het goed geweet dat sy broers hom gehaat het. As sy pa hom dan vra om na sy broers te gaan, weet hy dat dit glad nie 'n aangename en lekker opdrag is nie. Dit is dikwels moeilik om met mense te gesels as julle nie in dieselfde dinge belangstel nie. Nog moeiliker is dit om met mense reg te kom wat nie gehoorsaam wil wees aan die Woord van die HERE nie. Josef weet dit alles maar hy weet ook dat God van hom eis om gehoorsaam te wees aan sy ouers. Daarom sê hy onmiddellik vir sy pa dat dit goed is .

In die velde van Sigem loop Josef rond op soek na sy broers. Alles is egter verniet.

Hy hoor toe by iemand dat hulle ander weivelde gaan soek het êrens in die omgewing van Dotan. Weer val die seun in die pad. Na omtrent vier ure se stap sien sy broers hom van ver af aankom.

Die haat van die broers het soos 'n vuur bly groei en was nou so dat dit alles wou vernietig. Hulle was glad nie bly om hom te sien nie maar baie bly omdat hulle nou 'n kans gekry het om hom dood te maak. As hierdie dromer-broer van hulle dood was kon sy drome nie uitkom nie. Mens kan jou indink dat hulle tydens daardie gemene planmakery hulle slap gelag het by die gedagte dat van al die simpel drome niks sou word nie.

Net een van die tien broers wat saam die doodsvonnis beplan het wou nie saamstem nie. Die oudste broer Ruben wat omtrent sewe jaar ouer as Josef was, wou niks daarvan weet dat hulle so'n ontsettende misdaad sou pleeg nie. Omdat hy gesien het dat nie een van sy broers luister nie kom hy met 'n ander plan.

Naby hulle was daar 'n diep droë waterput in die woestyn. Ruben sê dat hulle Josef liever daarin moet gooi pleks van om hulle eie broer te vermoor. Die ander broers dink dat dit 'n beter plan is want dan sal Josef in elk geval doodgaan weens honger en dors. Hulle hoef dan nie hulle hande vuil te maak en te besmet met broederbloed nie.

So gesê, so gedaan. Toe Josef by sy broers kom het hulle hom soos gewoonlik nie gegroet nie. Sonder om te wag het hulle hom gegryp en die mooi rok wat pa Jakob hom gegee het vinnig en ru uitgepluk. In sy onderklere is hy in die put gegooi.

Die broers het hom toe net so gelos en 'n hele ent verder gaan sit om lekker te eet terwyl hulle jongste broer van honger en dors moet doodgaan. Ruben het nie lank by hulle gebly nie. Dit was van die begin af sy plan gewees om Josef te verlos en hy het stilletjies begin regmaak om Josef later uit die put uit op te trek en na hulle pa terug te laat gaan.

Terwyl die broers rustig sit en eet sien hulle 'n karavaan in hulle rigting aankom. Dit was Ismaeliete wat hulle kamele swaar gelaai het met gom wat uit 'n soort

doringbos ge-oes was en balsem wat 'n geneesmiddel was. Hulle het ook 'n soort spesery vervoer wat gebruik is om mense lekker te laat ruik maar ook as medisyne goed gewerk het.

Plotseling kry Juda 'n plan. Hy het tydens die ete kans gekry om bietjie te dink oor die wrede plan om hulle eie broer so'n ontsettend wrede dood te laat sterf. Hy het daaraan gedink dat daar niks erger is wat 'n mens kan doen as om 'n medemens dood te maak nie. Selfs in daardie tyd moes 'n moordenaar self doodgemaak word. Juda het nou 'n kans gesien om te sorg dat hy en sy broers nie daardie verskriklike sonde op hulle gewete sou kry nie. Die beste oplossing sou wees om die ongewenste broer aan die Ismaeliete te verkoop, dan is hy ordentlik uit die pad want die karavaan was op pad na Egipte en sou die jong en sterk Josef teen 'n goeie wins daar kon verkoop. Die ander broers stem saam.

Weer kom daar 'n verandering in die planne want terwyl hulle die saak bespreek het, het hulle die Ismaeliete gedurig dopgehou. So het hulle nooit agtergekom dat van die ander kant af 'n karavaan Midianitiese handelaars gekom het nie. Hulle het toe op die put afgekom waarin Josef gegooi was. Met toue wat hulle in die put laat afsak het is Josef uit die put uit opgetrek. Ondertussen het die Islamitiese transportryers ook by die put aangekom. Die handelaars wat Josef uit die put uitgehaal het verkoop hom toe aan die afstammeling van Ismael. Vir die handelaars goeie besigheid want vir min moeite kry hulle 'n mooi klompie geld. Vir die Ismaelitiese transportryers is dit ook goeie besigheid want hulle het 'n winskopie opgetel wat seker driekeer meer geld in Egipte sou oplewer op die slawemark.

Die nege broers het alles sien gebeur. Eintlik het dit hulle gepas want nou was hulle van die broer ontslae sonder om hulle hande vuil te maak. Nou hoef hulle ook nie meer bang te wees dat hulle die geboorte van God sou hoor nie.

Later kom Ruben by die put en skrik hom gedaan dat Josef nie meer daarin is nie. As teken van rou het hy sy klere geskeur soos die mense gedoen het wanneer iemand gesterf het of hulle baie hartseer was. Baie ontsteld gaan hy na sy broers

toe en sê vir hulle dat die seun nie meer in die put is nie. Wat moet hy nou vir hulle pa gaan sê? Hy was tog die oudste en verantwoordelik vir die ander.

Die broers vertel hom nie alleen wat gebeur het nie maar het ook al klaar 'n plan reg om die pa te bedrieg oor wat met Josef gebeur het. Hulle was werklik kinders van pa Jakob wat altyd reg was met 'n liegstorie, 'n aardjie na sy vaartjie. Daar was al klaar 'n bokkie geslag en die stukkend geskeurde rok van Josef was al in die bokkie se bloed gedoop. Alles het daarop gewys dat hy deur 'n wilde dier verskeur was.

So het hulle pa Jakob bedrieg en sy hart gebreek met die treurige nuus. Geen trooswoorde van die seuns het Jakob se verdriet weggeneem nie. Hoe wreed en gemeen van die seuns. Haat en afguns laat 'n mens se hart kliphard word en jou sondig teenoor God en mense.

In Egipte is Josef as slaaf verkoop. Hy was baie vër weg van sy pa. Maar nog altyd baie naby sy hemelse Vader. God het hom nie alleen gelaat of gelos nie. Josef het al hierdie hartverskeurende verdriet beleef omdat hy in God geglo het en gelowig bly werk het onder sy broers wat vyande van God en Sy Woord was.

God het Josef se broers gebruik om te werk aan hulle eie redding. Josef moes bitter swaarkry sodat die kerk en die wêreld gered kon word. Nou sou Jakob en sy hele familie later in Egipte kom om daar 'n groot volk te word. Uit daardie volk sou baie eeue later die Here Jesus gebore word om die gelowiges en die hele aarde te red.

Wanneer Josef in Egipte al 'n volwasse man geword het, sorg God dat hy na al die lyding verhoog word tot onderkoning van Egipte. In daardie tyd laat God Josef se broers baie swaarkry deur droogte en ander strawwe. Daardeur gaan hulle op hulle knieë en vra hulle vir God vir vergewing van hulle sondes.

In die geweldige lyding van Josef wys God al vorentoe na Jesus Christus. Josef was onskuldig in die lyding maar is deur God verhoog uit die vernedering net soos God dit in die drome beloof het. Daarna het Josef sy mag gebruik om Israel en sy

familie te red.

Die Here Jesus is ook verwerp omdat Hy getrou was as Profeet. Die Jode wou Hom nie as Koning aanvaar nie. Sy lyde-vir-ons-redding was onbeskryflik. Maar die Vader in die hemel het Hom langs die pad van lyding en vernedering verhoog as ons volkome Verlosser en ewige Koning van die hele wêreld.

MOSES – VERLOSSER VAN DIE OU TESTAMENTIESE KERK.

Met 'n gefluit trek die sambok se punt deur die lug om neer te plof op die rug van 'n slaaf. 'n Bietjie verder skop 'n vloekende Egiptenaar 'n man wat doodmoeg inmekaar gesak het. Die ander werkers steur hulle glad nie aan al die hemelskreiende ellende nie, hulle eie swaarkry is erg genoeg. Jy kan in hierdie soort van hel mos nie oorleef as jy jou steur aan ander mede-lotgenote wat wreed mishandel word nie.

Wie sou ooit kon gedink het dat dit so sou gaan met die afstammeling van die onderkoning Josef? Hoe is dit moontlik dat hierdie slawe wat hulle so laat martel die agter-agterkleinkinders is van die trotse en harde veewagters van so'n tweehonderd jaar gelede?

Dwarsdeur die geskiedenis bly dit eenaardig dat die Jode in tye van onmenslike wrede vervolging selde of nooit in opstand gekom het nie. Selfs in die Tweede Wêreldoorlog waarin omtrent sesmiljoen Jode vermoor is het daar blykbaar alleen in Warskou in Pole 'n gewapende opstand plaasgevind! Gewoonlik aanvaar die Jode die bloedigste vervolging maar gelate. In Nederland is die Jode juis deur die Christene weggesteek en beveilig terwyl die Jode self alles maar met hulle laat gebeur het. 'n Baie opvallende trek was egter dat die grootste deel van christene wat met hulle lewens betaal het om die Jode te probeer red uit die gereformeerde-

calvinistiese deel van die bevolking gekom het. Hulle het dit as hulle Godgegewe roeping gesien. Die tweede grootste groep martelare was die kommuniste. Dit is ook nie snaaks nie want beide die calviniste en die kommuniste sien hulle geloof as iets wat die hele lewe beheers – dit is totalitêr en daarom sal hulle twee ook nooit met mekaar kan vrede maak en saamwerk nie, ook en veral nie in ons land nie. Solank die ANC deur kommunistiese ideale gedryf word en dit in sy konstitusie handhaaf kan geen christen daarby aansluit nie.

Die feit dat die Israeliete in Egipte nie in opstand gekom het teen die ontsettende verdrukking deur die Egiptenare was nie omdat hulle nie die moed gehad het om terug te veg nie. Die HERE het dit so laat gebeur. Israel was nie ‘n gewone volk nie. Dit was die volk van die HERE wat deur Hom spesiaal uitgekies was.

Uit daardie volk moes die Here Jesus as Verlosser van alle gelowiges gebore word. Die volk Israel was al ‘n voorbeeld van die Verlosser Jesus Christus. Net soos die Here Jesus baie later onskuldig moes ly en dit gehoorsaam moes dra, moes Israel ook gehoorsaam ly. Daarom het hulle nie in daardie tyd in opstand gekom nie.

Ons sien in die Bybel dat God die God van wonders is. Deur ‘n wonder het God die volk Israel laat ontstaan met die geboorte van Isak. Deur net so’n wonder het God in net ongeveer tweehonderd jaar die volk Israel van net sewentig mense laat groei tot ‘n volk van tienduisende mense.! Dit het nooit weer in die geskiedenis gebeur nie.

Die Egiptenare het daardie wonder gesien. Die duiwel het dit ook gesien. Dit gaan altyd so. Wanneer die duiwel sien dat God goed is vir die mense wat Hom liefhet, dan hou die duiwel net niks daarvan nie. Met al sy duiwelse kragte probeer hy dan om God se werk te vernietig. Die duiwel gebruik dan goddelose mense om ‘n stokkie voor God se werk te probeer steek. Soms lyk dit asof die duiwel en sy trawante dit reg kry om God se werk stukkend te breek. Maar die duiwel kan nooit iets doen sonder dat God hom daardie kans gee nie. God laat die duiwel soms toe om sy slegte en gemene werk te doen maar God het Sy eie bedoeling daarmee.

God gebruik die duiwel om dit te doen wat God gedoen wil hê.

Ons kan dit nie altyd sien en verstaan nie. Dikwels kan ons dit eers baie later bietjie verstaan. Dan sien ons dat God die duiwel altyd een voor is sodat die duiwel op die ou end altyd verloor. Vandag kan ons dit ook baie duidelik sien in die swaarkry wat Israel as slawe in Egipte moes ondervind.

Die koning van die Egiptenare, wat Faraο genoem is, het gesien dat die Israeliete geweldig baie kinders van die HERE gekry het. Hy het niks daarvan gehou nie.

Daar was so baie Israeliete in die land Gosen, waar die Israeliete oorspronklik gaan bly het onder die onderkoning Josef, dat baie van hulle ook na die Egiptiese stede getrek het om daar te gaan woon. Rondom daardie tyd was daar onder die Egiptenare self baie onrus. Omtrent tien jaar na die dood van Josef was daar selfs 'n bloedige burgeroorlog onder die Egiptenare. 'n Nuwe Faraο het aan die bewind gekom en sy tweede opvolger het niks geweet van dit wat Josef gedoen het nie. Hy het bang geword dat die Israeliete, wat tog maar vreemdelinge gebly het soos die Jode dwarsdeur alle eeue sou bly, netnou-netnou sy vyande sou help om teen hom saam te span. Die Israeliete was nou al so baie dat hulle die Egiptenare moontlik sou kan verslaan.

Die duiwel gebruik toe die Egiptiese Faraο om die volk van die HERE te probeer vernietig. Want die duiwel het geweet dat uit die volk Israel die Messias gebore moes word. As die volk nou sou verdwyn dan kon die Here Jesus nie kom nie. Die Faraο se slim plan was om die Israeliete harder as slawe te laat werk en hulle deur die opsigters so te laat mishandel dat hulle op strepe sou doodgaan en in elk geval sou daar dan ook baie minder baba's gebore kan word. Boonop help dit die Egiptenare baie mooi want daar is baie bouwerk wat gedoen moet word en nou hoef hulle die werkers nie te betaal nie. Die slawe moes nou veral twee grens-stede bou waarin Egiptiese soldate kon woon en kos- en wapenvoorrade gebêre kon word.

Maar die Faraο se plan het geboemerang. Werk maak 'n mens sterk. Die Israeliete

het bitter swaargekry maar daardeur al hoe sterker geword. Die HERE het die harde werkers geseën en al hoe meer kinders vir hulle gegee. Op 'n skelm manier het Farao probeer om die Egiptiese vrouens wat die Israelitiese vrouens met die geboortes moes help, om te praat om die babatjies dood te maak. Hierdie Egiptiese kraamsusters het dit nie gedoen nie omdat hulle eerbied vir God gehad het. Daarom het God hulle name in die Bybel laat noem en Sifra en Pua geseën net soos Hy Sy volk geseën het.

Weer kom Farao met 'n nuwe duiwelse plan. Hy praat nie meer net met die kraamsusters nie maar beveel sy hele volk om al die seuntjies wat by die Israeliete gebore word in die Nylrivier te gooi sodat hulle sal verdrink.

In hierdie tyd het die HERE in die huis van Amram en Jogebed 'n babaseuntjie laat kom. God het hom buitengewoon mooi gemaak sodat sy ouers kon verstaan dat God 'n baie spesiale bedoeling met hom gehad het. Dit was lewensgevaarlik om hom groot te maak maar deur die geloof het God die ouers die krag en wysheid daarvoor gegee.

Om 'n baba stil te hou is altyd bitter moeilik. As hulle honger is of die doek vuil is of hulle nie lekker voel nie sit hulle sommerso 'n keel op. Hoe groter hulle word, hoe groter die volume. Met Jogebed se baba was dit dieselfde. Toe die ouers die knapie drie maande lank versorg het kon mens hom van veraf al hoor. Dit het te gevaarlik geraak om hom langer weg te steek. Egiptiese soldate kon hom hoor of van die bure kon hulle verraai om witvoetjie by die Egiptiese base te soek.

Wat nou gemaak? Deur die krag van die geloof verag Moses se ouers die verdrukking wat hulle elke dag voel en sien. In die geloof spring moeder Jogebed aan die werk. Die Farao het beveel dat alle seuntjies in die Nyl gegooi moet word. God gee haar nou 'n plan. Die baba sál in die Nyl kom net nie op die manier waarop die Farao dit wil hê nie.

Die Egiptenare was heidene. Om 'n heiden te wees beteken nie dat jy in niks glo nie. Die probleem met die heidene is eerder dat hulle in geweldig baie afgode glo.

So het die Egiptenare baie gode aanbid, die bekendste was die son wat as 'n vroulike god gedien is. Die Nyl is ook as 'n god aanbid. Van hulle gode het die Egiptenare beelde gemaak wat dikwels oor die rivier vervoer is van een stad na 'n ander stad. Die afgodsbeelde is dan in mandjies vervoer wat soos 'n klein arkie van biesies gevleg was.

Moeder Jogebed het van biesies 'n arkie-mandjie gevleg wat heel waarskynlik netsoos die Egiptiese afgodsmandjies gelyk het. Sy het dit waterdig gemaak met 'n mengsel van pik of teer en lymgrond. Moses is binne in gelê. Die ma en haar dogter Mirjam het die mandjie tussen die riete aan die kant van die Nyl neergesit. Nie maar op sommer enige plek nie maar juis daar waar die dogter van die Farao gewoonlik gebad het.

Die ma het vir Mirjam by die rivier agtergelaat sodat sy 'n ogie oor haar boetie kan hou. Al het die ma alles in die geloof gedoen beteken dit glad nie dat sy onversigtig mag wees nie. Elke mens het van God 'n verantwoordelikheid gekry. Juis in die geloof moet ons alle werk so goed en versigtig moontlik doen. Daarom moes Mirjam op 'n afstand kyk dat daar geen kleinere gevare sou kom nie.

Die Egiptiese prinses kom na 'n rukkie by haar badplek en sien natuurlik die mandjie en stuur 'n slavin om dit uit die riete te haal. Groot was haar verbasing toe sy pleks van 'n dooie afgodsbeeld, 'n lewendige baba daarin sien. Die klein knapie laat ook nie op hom wag nie maar sit onmiddellik 'n keel op. Dit was God se werk – nie net dat sy hom gevind het nie maar ook dat hy so erbarmlik gehuil het. Dit het die prinses se hartsnare geraak. God is ook die God van die klein dingetjies wat 'n lewe tog soms so geweldig kan verander.

God regeer alles. Hy sorg vir alles. God werk soms deur wonders maar gewoonlik gebruik Hy gewone dinge. So het God die moederliefde van Jogebed gebruik en die susterliefde van Mirjam wat omtrent vyftien jaar oud was. Deur die trane van die huilende baba gebruik God die vroulike medelye van die dogter van Farao.

Mirjam word deur God gebruik om vinnig en met Israelitiese vindingrykheid

gebruik te maak van die medelye van die magtige prinses. Sy bied onmiddellik 'n oplossing aan om die prinses uit hierdie moeilike situasie te red. Sy sal vir die baba 'n pleegma kry om hom groot te maak totdat hy nie meer melk hoef te drink nie en geen doeke meer hoef te dra nie. Die prinses stem saam dat dit 'n goeie plan is. Mirjam roep vir moeder Jogebed wat die kind moet grootmaak en boonop word sy ook nog deur die prinses daarvoor betaal.

So het God alles gelei. Eintlik is dit iets om oor te lag dat die wrede Faraó se eie dogter geld betaal om 'n kind van die Israëliete groot te maak. In Psalm 2 lees ons dat God lag oor die gewoel en gewerskaf van magtige mense wat dink dat hulle God se werk kan vernietig. Net so het God daarvoor gelag dat die aartsvyande hierdie kind laat opvoed en hom later self opvoed om daarmee vir hulleself geweldige probleme te skep. Ons mag ook gerus baie meer hardop of in ons mou lag oor die vrugtelose werk van mense wat die duiwel dien. Ons mag ook gerus meer kyk na die humor in die Bybel.

Faraó se dogter gee die kind later die naam Moses wat iets beteken soos 'kind van die Nylrivier' want het sy gesê: 'ek het hom mos uit die water getrek'. Hierdie naam het Moses altyd laat onthou waarvandaan hy gekom het en hoe God hom bewaar het.

Toe Moses 'n groter seun geword het, het sy moeder hom na die paleis gebring. Daarin is hy opgevoed asof hy 'n werklike seun van die dogter van Faraó was. Hierdie prinses was 'n baie besonderse vrou wat blykbaar 'n sterker persoon was as haar pa of man en eintlik die land geregeer het.

Moses het in die paleis alles geleer wat in daardie tyd geleer kon word. Op die paleisskool het hy leer skryf maar ook die ingewikkelde wiskunde, verskillende tale en selfs geneeskunde geleer. Om te leer is altyd nodig en baie goed. Maar dit kan ook gevaarlik word. Want baie leermeesters of onderwysers is ongelowiges en die leerplan is dikwels deur ongelowiges opgestel. 'n Ander gevaar is dat leerders dink dat hulle slimmer is as ander mense en selfs as God. Dan verag hulle die

opvoeders en verag hulle God. Maar God het Moses vasgehou sodat hy sy arm, verdrukke volk tog nie vergeet en verag het nie. God regeer ook in die paleis van heidene.

In Moses spreek die HERE al oor die Verlosser Jesus Christus wat moet kom. In Eksodus 2 lees ons baie wat lyk soos die begin van die boeke Matteus en Lukas. Moses is van die oomblik van sy geboorte af in lewensgevaar omdat die Farao hom wil doodmaak. Dieselfde gebeur met Jesus, Hy was skaars gebore of koning Herodes stuur soldate om Hom te soek en te vermoor.

‘n Groot verskil tussen die opvoeding van Moses en Jesus is dat die omstandighede baie verskil het. Moses word grootgemaak in die paleis van een van die heel magtigstes van die wêreld. Die Here Jesus word in baie nederige omstandighede groot. Hy wat die Seun van God is het van Sy geboorte af swaargekry om te betaal vir al ons sondes. Hier sien ons weer dat God middels gebruik maar dat God nie gebind is deur omstandighede nie.

Sy lewe lank moes Moses diens lewer. God het hom geroep om te dien. Christus moes ook Sy lewe lank op hierdie aarde dien. Deur Moses kon die Israëliete met God praat. Hy was die ‘Middelaar –van-die – Ou Testament’, die persoon wat die skakel was tussen God en mense. So was hy ook ‘n voorbeeld van Jesus Christus deur Wie ons vandag met God mag praat en na God kan gaan in ons gebede.

Moses was die verlosser van die Ou Testament. Hy het sy volk uit die tronk, die slawehuis van Egipte gebring na die verlossing in die aardse beloofde land.

Jesus Christus is die Groot Verlosser wat Sy volk verlos uit die slawerny van die duiwel en hulle bring tot in die Beloofde Land wat ewig bly, tot in die heerlikheid van die hemelse Kanaän.

Toe die Kerk groot nood en swaarkry geken het onder vyande, het die HERE die kind Moses gebore laat word wat verlossing sou bring.

Om die allergrootste nood van mense uit alle volke weg te neem, die nood van die sonde, het die HERE die Kind Jesus gegee om volkome verlossing te bring. Hy het

die duiwel verslaan en ons vrygemaak.

JEFTA OFFER GELOWIG SY GELUK IN SY DOGTER.

Oorlog ! Oorlog ! klink gedurig deur die land waarin die Israeliete hulle blyplek gemaak het na die groot intog onder leiding van Josua wat Moses opgevolg het.

Dit is al driehonderd jaar gelede dat Israel vir Kanaän in besit geneem het. Maar vrede het hulle in daardie tyd selde geken. Hoekom ? Die HERE het tog beloof dat elkeen rustig en in vrede op sy stukkie grond sou kan woon ? Waarom gebeur dit nie ? Die rede is omdat die beloftes van die HERE nie sommerso outomaties en vanself uitkom nie. Die belofte word deur die HERE vervul as daar gehoorsaamheid is aan die voorwaardes, die eise wat die HERE gestel het. Maar Israel was glad nie gehoorsaam nie.

Die opdrag van die HERE was kort en klaar dat Israel al die heidense volke in Kanaän moes vernietig. Daardie volke het allerlei afgode gedien en so was hulle kinders van die duiwel. God kon dit nie verdra nie. Daarom moes hulle uitgeroei word. Die ander rede was dat hulle altyd 'n gevaar vir Israel sou wees. Hulle sou altyd teen die Israeliete wil veg en sou probeer om die volk van die HERE te verlei om die afgode te dien.

Israel was ongehoorsaam aan die HERE en het baie van die heidense volke rustig laat leef . Hulle het selfs met die heidene vriende gemaak en toe gesien dat dit nogal lekker kan wees om beelde van afgode te hê wat jy kan voel en sien en rondra. Daardie afgode is toe deur Israel gedien.

Elke keer het God die kerkvolk gestraf omdat hulle so gesondig het. Allerlei vyande het dan gekom en Israel swaar onderdruk. Dan kom daar weer 'n bietjie berou by die kerkvolk en gee God uit genade 'n rigter.

Die werk van 'n rigter was om die volk in opdrag van God te verlos van die buitelandse vyand. Verder moes hulle sorg dat alles onder die volk reg gegaan het en moes hulle ook as regters optree. Boonop moes hulle as hervormers optree

wat die volk moes terugbring na die regte diens van die HERE.

Ondanks hierdie rigters wat elke keer weer deur God gegee was , het dit met die afgodediens van die volk van kwaad tot erger gegaan. Op die ou end was die volk nie eers meer tevrede met hulle bure se afgode nie maar het hulle sommer die afgode van verre volke ook begin dien. So is daar selfs aan sewe soorte heidense afgode offers gegee. So ontsettend het die volk nog nooit vantevore gesondig nie . Daarom was God se toorn ook baie groot.

In die Boek Rigters sien ons dat die sonde altyd groter word. Daarom word God se straf ook gedurig swaarder. Maar omdat God Sy volk uitgekies het en omdat die Here Jesus uit hierdie volk gebore moet word, word die genade ook altyd groter. Wat die duiwel ook al doen om die volk van God te verlei, hy kan nooit sy doel heeltemal bereik nie. God bly die Almagtige Koning ook van ‘n baie sondige volk.

In Rigters 10 lees ons van die ontsettende afgodediens van die volk. Die HERE straf Sy volk dan deur twee heidense volke : die Filistyne en die Ammoniete. Die HERE het moeg geraak vir Sy ongehoorsame volk. Hy het ongeduldig geraak met mense wat nie wil luister nie. Elke keer het Hy hulle gestraf weens hulle sondes en hulle daarna weer verlos van die vyand wat Hy gestuur het. Maar die volk wou nie leer nie. Die geduld van die HERE het toe nie alleen breekpunt bereik nie maar klaargeraak. Dit laat ons sien dat God ‘n léwende God is.

Toe die volk baie swaar gerkry het onder die wrede vyande het hulle maar weer soos gewoonlik vir die HERE gesê dat hulle jammer is oor hulle sondes. Maar hulle jammer-wees en angstige gekerm help hierdie keer net mooi niks nie. Die HERE het hulle gewys op die kerkgeskiedenis. Daarin kon hulle sien dat Hy hulle keer op keer van die vyande verlos het. Hulle wou nie daaruit leer nie en nou is die HERE moeg vir hulle. Hy het genoeg met Sy ondankbare volk gesukkel. As hulle dan so lief is vir die hele swetterjoel afgode, dan moet daardie afgode hulle maar verlos uit hulle penarie.

Die Israeliete verstaan toe dat God ernstig is. Vir die eerste keer kom hulle toe werklik tot bekering. Hulle sê nie net: 'ons is jammer dat ons gesondig het' nie. Hulle wys dit ook. Die volk het alle vreemde afgode weggegooi en gehoorsaam en gelowig die HERE begin dien.

Hulle geloof verander toe alles. Die HERE sien dat Sy volk nou ernstig is omdat die afgode weggegooi is. Daarom laat Hy weer sien dat Hy die troue God is. Hy hou Sy Woord. Ons lees dat die HERE ongeduldig geraak het oor die ellende wat Sy volk moes beleef. Die léwende God is hartseer oor die swaarkry van Sy kinders. Daarom probeer Hy weer 'n keer om te sien of Sy volk na Hom sal luister.

Op 'n dag het die vyandelike Ammoniete laer opgeslaan in Gilead om die Israeliete weer in 'n geveg te verslaan. Die hoofde van Gilead het met hulle manne daar naby laer opgeslaan by die plekkie Mispa. Hierdie hoofmanne besluit toe dat die man wat hulle teen die Ammoniete sal aanvoer, hulle hoof sal wees.

Daar was onder die Israeliete by Mispa nie eers een man wat as 'n goeie leier hulle teen die vyand kon aanvoer nie. Maar hulle het wel geweet dat een van hulle mense 'n uitstekende vegjas was. Tog was daar 'n groot probleem want hierdie man Jefta het nie meer in hulle land gebly nie. Hulle het hom in die verlede verag en soos 'n slegte hond weggejaag.

Die kerkvolk het gesondig deur die afgode te dien en die HERE te verlaat. Wanneer dit gebeur dan raak dit jou hele lewe. Sonde bly nooit tot een deel van die lewe beperk nie. Dit is soos 'n aansteeklike siekte wat nie net een deeltjie van jou liggaam raak nie maar jou van kop tot tone siek maak en siek laat voel. Jefta se pa het die sondes wat hy gesien het ook self gedoen. Jefta is sy seun maar die pa het nooit met die ma getrou nie. Jefta se pa het met 'n ander vrou getrou en verskillende kinders by haar gekry. Hierdie halfbroers van Jefta het

hom toe weggejaag en gesê dat hy niks van sy pa se besittings mag kry nie. Dit was sonde en ook onwettig. Die ander mense in Gilead het dit alles gesien en saamgestem met die gemene sondige optrede van Jefta se broers.

Jefta het gevlug en in 'n ander land aanvoerder geword van 'n klomp mans wat saam met hom geveg het. Wanneer die leiers van sy volk hom nou vra om hulle aanvoerder te wees dan vra Jefta vir hulle hoekom hulle hom nou wil ken, noudat hulle in die moeilikheid is en oor hom verleë is.

Jefta was 'n baie gelowige en goeie soldaat maar ook 'n wyse en versigtige man. Hy het geweet dat dit baie maklik is om iemand te gebruik as jy hom nodig het om hom daarna net so te los. Nadat hy sy verlossingswerk gedoen het kon hulle hom mos sommerso weer wegjaag. Dit wou hy nie weer beleef nie. As diep gelowige man wou hy 'n lewende en aktiewe lidmaat wees van die Kerk van sy tyd. Hy was volkome daarop geregtig. Dit was ongehoorsaamheid teen die HERE gewees dat hy weggejaag was. Daarom aanvaar hy die aanbod dat hy die hoof van Gilead sal word en laat hy hierdie ooreenkoms sweer in die Naam van die HERE.

Jefta was nie 'n bloeddorstige vegjas wat dit geniet om oorlog te maak nie. Hy het as gelowige die Bybel van sy tyd goed geken. Hy het geweet dat die Ammoniete eintlik familie van die Israeliete was, dit was 'n broedervolk. Daarom probeer hy vrede maak sonder oorlog, maar met vredes-onderhandelinge. Daarin sê hy vir die Ammoniete dat die HERE Kanaän vir sy volk gegee het. Die koning van Ammon wil nie luister nie, hy wil die land hê waarop van die Israeliete woon. Hy ken sy krag en is daarvan oortuig dat hy die bang Israeliete maklik in die pan kan hak.

Die Gees van die HERE het toe op Jefta gekom. In die krag van God het die gelowige Jefta die volk van God toe aangevoer om teen Ammon te veg.

Voor die groot geveg het Jefta toe eers gelowig 'n gelofte aan die HERE gedoen. Hy het gesê: 'As U volkome die kinders van Ammon in my hand gee, dan sal wat uitkom, wat uit die deure van my huis uitkom my tegemoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van Ammon, aan die HERE behoort, en ek sal dit as 'n

brandoffer bring.’

Daarna het die geveg plaasgevind. Die HERE het die Ammoniete ‘n totale neerlaag laat ly.

Jefta gaan na die oorwinning huis toe. Toe hy by sy huis kom is die eerste wat hy sien, sy enigste dogter wat uit die huis uitkom. Terwyl sy musiek maak kom sy vol blydskap na haar pa toe om hom geluk te wens met die oorwinning.

Die blye Jefta sien sy kind kom, sy enigste wat kan sorg dat hy ‘n oupa word en sy familie nie uitsterf nie. Hy weet wat dit beteken dat nie een van sy slawe nie maar sy dogter eerste uit die huis kom. Daarom is hy tot in sy siel ontsteld en skeur hy sy klere om sy ontsettende hartseer te wys.

As gelowige man is Jefta ‘n man van sy woord. Wat hy beloof het doen hy onvoorwaardelik. Die terugkeer van die HERE na Sy kerkvolk was in Jefta se oë ‘n baie groot geskenk. Daarom het hy gevoel dat daar uit die mense wat in sy huis woon iemand as geskenk vir die HERE gegee moes word. In daardie tyd was slawe ook gesien as deel van die familie van die eienaar. Dit is duidelik uit die manier waarop Jefta sy gelofte gedoen het dat hy gedink het aan ‘n man, dus een van sy slawe. Hierdie slaaf sou dan sy lewe lank die personeel van die tabernakel help om die HERE te dien.

Jefta het beloof dat hy uit dankbaarheid een van sy mense vir die HERE sou gee. Die hele volk moet hulle een vir een vir die HERE gee, hulle aan die HERE toewy. As beeld van die hele volk beloof Jefta nou om een persoon namens die volk aan die HERE te wy.

Daardie persoon is sy dogter. Sy moet nou net soos wat ‘n brandoffer heeltemal vir die HERE gegee word, volledig vir die troue Verbondsgod gegee word. Dit beteken dat sy nooit mag trou nie maar lewenslank in volledige diens van die HERE moet staan.

Jefta was nes al die mense waaroor ons in die Bybel lees ‘n mens soos elkeen van ons. Daar was dinge waarna hy uitgesien het. Na al die jare wat hy as banneling

moes leef was hy nou uiteindelik weer tuis en is hy deur sy eie volk aanvaar en geëer. Hy het 'n huis en grond gehad. Sy besittings sou volgens die Wet van God na sy dood vir die kinders van sy enigste dogter gegee word. Daar sou dus erfgename wees vir sy besittings en sy geslag sou nie uitsterf nie. Vir die Israeliete was dit nog baie belangriker as vir mense in ons tyd. Dit was ook omdat hulle geweet het dat die Here Jesus uit een van die families van die kerkvolk gebore sou word.

Jefta se dogter het ook daarna uitgesien om met 'n liewe jongman te trou sodat hulle saam kon werk en leef. Soos enige jong dogter was sy lief vir babatjies en het daarna uitgesien om later self 'n baba te kry. Deur die gelofte van haar pa val al hierdie drome nou in skerwe.

Is die dogter nou kwaad vir haar pa ? Probeer sy hom ompraat om die gelofte te verbreek sodat sy die liefde kan soek van 'n Israelitiese seun ? Probeer sy om die gelofte 'aan te pas aan die omstandighede'? Glad nie. Sy troos haar vader deur hom te sê dat hy sy woord moet hou. Die HERE het hom 'n volkome oorwinning gegee, nou moet hy haar volkome aan die HERE toewy. Sy het net een versoek. Sy wil graag twee maande lank saam met haar vriendinne na die berge gaan om daar te treur oor die hartseer dat sy nou nie mag trou nie. Daar in die natuur wat deur God gemaak is en waarin ons sien hoe wonderlik ons God is het sy haar hart uitgehuil.

Daarna het sy teruggekom. Die trane was weg. Nou kon sy volkome gewillig en met gelowige blydschap heeltemal vir die HERE leef. Met haar lewe was sy 'n lewende preek: betaal die HERE jou geloftes.

In die donker Rigtertyd was hierdie jong dogter een van die grootste mense in Israel. Sy offer gewillig gelowig haar gewone lewe op om in dankbaarheid die HERE te dien.

Die Israeliete het dit besef. Daarom het die Israelitiese dogters elke jaar vier dae lank gesing oor hierdie gelowige dogter van Jefta.

Die familie van Jefta en sy dogter het uitgesterf toe hulle twee oorlede is. Hulle aardse erfenis het in vreemde hande geval. Maar groot is die erfenis wat God in die hemel en op die nuwe aarde vir hierdie gelowige pa en dogter gee.

SIMSON IS DIE KROM STOK WAARMEE DIE HERE REGUIT HOUE SLAAN. Rig.13

Die beeld wat ons van Simson het is glad nie baie mooi of goed nie. As ons die verhale in die Bybel oor Simson soos 'n lekker spannende storie uit die Woord van God uithaal, kan ons nie anders as om verbaas na dié jongman te kyk nie. Ons sien hom dan as 'n hardgebakte moeilikheidmaker. Hy gee vir moord geen flenter om nie. Dit lyk nie asof hy juis kerk toe gegaan het nie. Juis daardie plekke waar 'n gelowige nie behoort te kom nie was sy boerplekke. Hy was 'n kragman met 'n baie groot mond wat as regte grapmaker die lewe op sy eie manier geniet het.

Tog staan sy verhaal in die Bybel en moet dit daarin bly. Die Bybel is geen gewone storieboek nie maar die Woord van God. Daarom mag ons geen verhale uit die Bybel uithaal sonder om te onthou dat dit sy bepaalde plek in God se Woord het nie. Ons moet altyd onthou dat dit wat voor en na hierdie verhale in die Bybel staan juis bedoel is om hierdie verhale reg te verstaan. Ons moet dus dit wat in die Skrif staan met dit wat op ander plekke in dieselfde Skrif staan vergelyk om so reg te verstaan wat God aan ons wil sê.

Die verhale waarin Simson se lewe beskryf word begin met: 'en toe die kinders van Israel weer doen wat verkeerd is in die oë van die HERE, het die HERE hulle oorgegee in die hande van die Filistyne, veertig jaar lank'. Keer op keer het die volk teen die HERE gesondig. Hulle het skoon vergeet van dit wat die HERE vir hulle gedoen het en van die verbond wat Hy met hulle gesluit het. In daardie verbond het die HERE hulle heerlike dinge beloof soos ook dat Israel in Kanaän hulle eie land gekry het. Die volk was verlos uit die slawehuis van Egipte deur

hulle magtige God. Maar saam met hierdie belofte het die HERE ook die eis gegee dat Sy volk Hom moet dien en liefhê.

Israel het Kanaän ontvang. God doen altyd Sy beloftes gestand. Maar Israel het toe nie uit dankbaarheid die HERE gedien en liefgehad nie. Hulle het begin ogies maak vir die heidense afgode. Daarom het die HERE hulle gestraf soos Hy hulle vooraf gewaarsku het. Die beloftes van die HERE kom altyd uit, maar Sy dreigemente ook! Omdat daar 'n ontploffing van afgodery en ongehoorsaamheid in Israel was, het die HERE Sy volk gestraf deur die onderdrukking deur die Ammoniete en die Filistyne. Heelwaarskynlik het die geskiedenis van Jefta en sy dogter in dieselfde tyd gebeur as die geskiedenis van Simson.

Die HERE het die Filistyne gebruik as rottang om Israel mee te straf en die volk tot bekering te bring, sodat hulle weer in die HERE sou glo en hulle redding van God sou verwag.

Baie vroeg in die Bybelse geskiedenis lees ons al oor die Filistyne. Vader Abraham en Isak het die Filistyne al geken. Toe was hulle nog 'n klein volkie wat in vrede geleef en gewerk het. Maar toe Israel in Kanaän gewoon het was die Filistyne al 'n groot volk en ook glad nie meer vredeliewend nie maar juis baie lief vir oorlogmaak. In Egipte is afbeeldings van die Filistyne gevind waarop ons sien dat hulle stewig geboude mense was met 'n reguit neus, hoë voorkop en dun lippe. Hulle word geteken as mense wat altyd gewapen was met wapens van koper soos die mense in Europa besit het.

Die Filistyne was gebore vegters en regte suiplappe. Hulle hele lewe het gedraai rondom veg en drink. As soldate was hulle die beste in die wêreld. Hulle het al gedoen wat die Voortrekkers later sou doen. As hulle omsingel is het hulle laergetrek deur 'n kring te maak en hulle te dek agter hulle skilde sodat hulle van alle kante beskerm was. Orals was daar in hulle land wagposte of wagtornings om weerbaar te wees.

Weens hulle oorspronklike Europese afkoms het die Filistyne nie die besnydenis

geken of toegepas nie. Daarom word hulle in die Bybel dikwels die ‘onbesnedenes’ genoem. Dit is ook so gedoen om daarop te wys dat hulle heidene was wat die HERE nie as Verbondsgod erken het nie. Tog het die Filistyne ‘n taal gepraat wat baie dieselfde as Israel se taal was sodat hulle sonder moeite mekaar kon verstaan.

Die HERE het hierdie ongelowiges nie laat uitroei met die intog van Israel in Kanaän nie. Hy wou hê dat Sy volk in die toekoms kon leer watter magtige God hulle het. Die mense wat baie jare later as Josua sou leef en dus nie God se werk onder Josua gesien het nie, moes die geleentheid hê om die groot Naam en krag van die HERE te sien in die stryd teen die verskriklike Filistyne. Die volk moes weet dat wanneer een gelowige man in die krag van die HERE optree dan word tientalle of honderde van die skrikwekkende Filistyne doodgeslaan of op die vlug gejaag. Dit sien ons by Simson en later by Samuel, Jonatan en Dawid. Simson is deur die HERE vir die Kerk van sy tyd gegee. Hoekom? Omdat die HERE se planne nie deur die sondeval van Adam en Eva in duie geval het nie. In die paradys het die HERE al die moederbelofte gegee. Hy het beloof dat Hy Iemand sou gee wat die kop van die slang sou vermorsel. Hierdie Iemand was Jesus Christus. Dwarsdeur die Ou Testament was God op pad na die vervulling van Sy heerlike belofte. Daar moes ‘n Mens gebore word om vir die sonde van Adam volkome te kon betaal. In die Ou Testament sien ons hoe Jesus Christus op pad is om op God se tyd gebore te kan word.

Die HERE God het vir Simson gebruik om op daardie oomblik in die geskiedenis van die Kerk die pad oop te maak en oop te hou vir die koms van ons Verlosser wat ook Simson se Verlosser is.

SIMSON - ‘n ONVERWAGSE GAWE VAN GOD.

Vir enige mens is vryheid een van die belangrikste dinge in die lewe. Om vryheid te

mag hê het die Voortrekkers die Groot Trek aangepak. Hulle het geweet dat dit baie bloed en tranes sou kos maar die vryheid was daardie offer werd. 'n Honderd jaar gelede het ons land die verskriklike 'Vryheidsoorloë' beleef. Die vroeëre naam van die oorloë wys al op die belangrikheid van vryheid.

Vryheid beteken veral vir die gelowige so baie omdat hy dan ongesteurd sy HERE God kan dien en eer. Die gelowige leef uit die vryheid wat hy deur Christus se werk ontvang het. Daarom is daar by geen ander mense so 'n sterk vryheidsbesef as juis by die gelowige christen nie. Die geskiedenis van gelowiges oor die hele wêreld is 'n bewys daarvan. Daar is geen feller en volhardender vryheidsvegter as die een wat deur die geloof eiendom van sy ewige hemelse Koning is nie.

In Israel was vryheid iets wat onbekend geraak het. Die gehate Filistynse aartsvyande was die baas. Die volk het die vryheid wat die HERE hulle gegee het verkwansel deur slawe te word van alle afgode waarvan hulle gehoor het. Daarom het die HERE hulle ook van hulle uiterlike vryheid ontnem. As hulle dan so lief is vir die afgode van die heidense bure dan moet daardie afgode hulle ook maar help as hulle deur dieselfde heidense bure verdruk word.

Die mens kan slegs werklik lééf deur die léwende God lief te hê en te dien. Wanneer die lewende God verwerp word moet gesug word onder die heerskappy van goddeloses wat die dood bring. Die gelowige kinders is op God se bevel besny. Daar moes bloed vloei om te kan leef. Die besnydenis was tog die teken van die waaragtige lewe in die verbond.

Nou word die onbesnede Filistyne die baas. Die volk van God, die Kerk, sug en kreun onder die mag van die onbesnede goddeloses wat die dood bring. Die Kerk word nou 'n kerk-hof, 'n begraafplaas. Die Kerk kom in die graf sonder hoop op die toekoms.

Tog kry die Kerk nog 'n toekoms omdat Christus gebore moet word. Christus wil soos uit 'n graf uit die Kerk opkom. Daarom gaan Hy in die gestalte van die Engel van die HERE na 'n man en vrou wat geen kind het nie omdat die vrou onvrugbaar

is.

Hierdie vrou was 'n beeld van die volk van God, sy het ook geen toekoms gehad nie. Na haar dood sou daar geen kind wees wat God kan dien nie. Sy moes daardie verdriet ly omdat die volk van God gesondig het. God het beloof dat Sy volk nie sou swaarkry nie en kinders sou hê as hulle Hom sou dien. Maar as die volk ongehoorsaam sou wees dan sou die HERE nie seën nie. Hierdie vrou moes daardie straf van die HERE ondervind.

Die Engel van die HERE soek hierdie vrou van 'n 'sekere Manoag' op. Sy en haar man was gewone mense, glad nie beroemd of selfs bekend buitekant hulle eie omgewing nie. Die Engel van die HERE sluit met haar 'n verbond. Hy sê dat sy onvrugbaar is maar uit genade gaan God haar en haar man 'n seun laat kry. By die belofte kom daar ook die eis: 'Jy moet jouself goed oppas en nie wyn of bier drink nie en ook nie iets onreins eet nie.... Sy hare mag nie geskeer word nie, want die kind sal van sy geboorte af aan God gewy wees. Hy sal Israel begin red uit die mag van die Filistyne.' Rigt 13 : 2-6

Die HERE roep haar seun vir 'n lewenslange taak. Lewenslank sal hy aan die HERE gewy wees as 'n Nasireër. Nou al moet sy ma aan die verpligtings van 'n Nasireër voldoen. Eers was sy as onvrugbare vrou die beeld van 'n volk wat weens sy ongehoorsaamheid met onvrugbaarheid gestraf was. Nou moet sy die beeld wees van 'n Israel wat weer gehoorsaam wou wees aan God se verbond as 'n heilige, afgesonderde volk. Haar seun se roepingstaak sal wees om Israel God se verbond te leer ken en om Israel te verlos van haar vyande.

Die ma mag geen sterk drank of enige drinkgoed wat alkohol bevat drink nie want anders sou sy nie kan onderskei tussen rein en onrein nie. Die hele lewe moet 'n dankbare gehoorsaamheidslewe wees. Daar moet veral teen gewaak word dat ma of seun hulle nie verontreinig deur iets aan te raak wat dood is nie. God is 'n lewende God en God van die lewendes, Hy wil niks met die dood te doen hê nie.

Die seun se hare mag nie gesny word nie. In daardie tyd was dit gewoonte dat hare

gesny word as 'n teken van rou by 'n sterfgeval. Maar God wil geen verwysing na die dood sien in hierdie geroepe seun nie. Hy moet sy lewe lank 'n lewende preek wees: 'alleen in die verbond van die HERE is die werklike lewe!' Sy weelderige haredrag moet 'n preek van lewenskrag wees as geskenk van die HERE. Die werk van die seun is om Rigter te wees en so die volk Israel weer God se verbond te leer onderhou en om Israel van sy vyande te verlos. Om die verbondsvolk te verlos uit die mag van die onbesnedenheid, dus uit die mag van die dood.

Die wonderlik blye en verbaasde vrou gaan na haar man toe om hom ook te laat deel in hierdie vreugde. Manoag wil graag weet hoe hy en sy vrou die seun moet opvoed. Op sy gelowige gebed antwoord God sodat die Engel van God nog 'n keer kom. Die aanstaande ouers moet met sekerheid weet dat die roeping van hulle seun 'n Goddelike roeping is.

Manoag en sy vrou is deur God geroep om te dien op die verlossingspad van die HERE. Hulle het die evangelie, die blye boodskap gehoor en geglo en nou moet hulle die roeping volg.

Die bokkie wat Manoag vir die Engel wou gaarmaak word nou deur hom op die rots ge-offer. Die rots word 'n altaar. Wanneer 'n dier as brandoffer ge-offer is dan is dit heeltemal verbrand as teken van volkome toewyding aan die HERE. Voordat die dier geslag is het die offeraar eers sy hande daarop gelê om daarmee te wys dat hy sy hele gesindheid op die dier oordra. Soos die offerdier heeltemal aan die HERE gegee word, so wy hy sy hele lewe aan die HERE.

In ons lewens moet ook 'n altaar staan. 'n Altaar vir die brandoffer wat heeltemal verteer word. Ons leef in die tyd nadat Jesus Christus Hom geheel en al vir ons ge-offer het. Daarom moet ons lewe 'n offer van dankbaarheid aan die HERE wees. Ons lewe moet 'n volkome oorgawe wees vir die diens aan die HERE wat Sy Seun vir ons gegee het. Ons kan dit alleen doen in die krag van die Heilige Gees wat na Pinksterfees Hom in ons harte tuisgemaak het.

In die lewens van Manoag en sy vrou was daar ook op 'n ander manier 'n altaar.

Daar is baie trane gestort, daar was baie hartseer. Dit het gekom omdat die seun nie wou doen wat sy ouers van hom verwag het nie. Die ouers wou hom opvoed soos die Engel van God vir hulle gesê het. Maar die seun was nes ons in sonde ontvang en gebore. Hy was 'n sondige mens wat uit homself niks goeds kon doen nie.

Toe die seuntjie gebore is noem die blye ma hom Simson – dit beteken: ‘Sonkind’. Dit is ‘n jubelend blye profesie: die son kom weer op oor Israel. In die donker nag van Filistynse heidense verdrukking skenk die HERE ‘n kind wat weer lig sal bring. Dit was ook ‘n heenwysing na Die Sonkind, die Son van Geregtigheid Wat op pad was om te kom. Hy wat meer was as Simson: Jesus Christus.

SIMSON - VAN SON-KIND NA SON-DE-KIND

Mens sou dink om by Simson die beste voorbeeld te sien van ‘n voorbeeldige-soet-seuntjie. Hy was tog die resultaat van ‘n goeie opvoeding deur diepgelowige verbondsouers.

Ons lees dat die HERE hom geseën het. Hy is deur die Gees van God gelei en aangepor. Simson is op ‘n besondere manier gebore en lewenslank volkome aan God toegewy. Hy was ook voorbestem as Rigter en verlosser van sy volk.

Maar mense is en bly in God se oë altyd mense. God laat ‘n mens nooit word soos ‘n stuk hout wat niks voel nie en waar ons mee kan doen wat ons wil. God maak ons nie ‘n masjien wat deur die druk van ‘n knoppie aangeskakel word en dan eenvoudig vanself outomaties sy werk doen nie. God gee ons ‘n bepaalde karakter en dan eis Hy van ons om Hom gehoorsaam te wees. Om dit te doen wat Hy wil soos Hy in Sy lewende Woord ons beveel en duidelik gesê het.

Simson het die verantwoordelikheid gekry om te kies tussen reg en verkeerd – soos elke mens. Hy is as Nasireër geroep maar dit beteken nie dat hy nou sonder eie wil gemaak is nie. Hy was ‘n instrument in God se hand om God se volk te verlos en uit die dood onder die onbesnedenes terug te lei na die waaragtige lewe in God se verbond. Dit wil nie sê dat hy ‘n gewillige instrument was nie. Hy het dikwels sy

taak verwaarloos. Maar God het hom nie verwerp nie net so min as wat Hy Sy volk verwerp het.

In sy puberteitsjare, dus toe hy so'n sestien of sewentien jaar oud was, breek Simson uit die keurslyf uit. Hy wil eenvoudig nie langer as 'n mooi opgevoede soet-sissie-seuntjie leef nie. Hy volg sy eie kop en warm bloed en gee g'n snars om vir sy ouers se Bybelsgegronde besware nie.

Simson beteken Son-kind maar hy word nou blykbaar Son-de-kind. Hy het 'n oulike heidense meisie gesien. Sy is beskikbaar en begeerlik, hoekom sal hy haar dan nie vat nie? Hy weet dat sy 'n dogter van die onbesnedenes is maar dit traak hom nie. Sy ouers se besware dat hy as verbondskind volgens God se Woord nie met 'n heidense vrou mag trou nie raak hom nie. Dit alles laat hom nog meer lus voel om sy eie kop te volg. Hy beveel sy pa eenvoudig om om haar vir hom as vrou te neem want sy geval hom. Daarmee is dit vir hom klaar.

Vir die twee gelowige ouers moes dit seker 'n baie moeilike reis na die Filistyne toe gewees het. Hulle moet nou vir heidense ouers die hand van hulle dogter vra namens hulle seun wat 'n Nasireër is. In daardie tyd het die seun nie 'ouers gevra' nie. Die ouers van die troulustige seun moes die saak met die ouers van die meisie reël en daarmee was die saak afgehandel want die meisie het geen sê daarin gehad nie. (Tot vandag toe is dit in die Midde Ooste en die Verre Ooste nog 'n gebruik wat deur baie gevolg word. Teen April 2005 het die hoof Imam in Saudi Arabië, wat die hoogste moslem geestelike is, beveel dat die gebruik gestaak moet word dat vrouens teen hulle wil in huwelikke uitgegee word. Sy argument is dat dit geen Moslemtradisie is nie maar 'n voor-Moslemtradisie en volgens die tydskrif Time is dit juis een van die redes waarom dit betwyfel word dat die gebruik gestaak sal word.)

Moontlik was dit weens die ouers se teenstand teen die huwelik dat hulle nie saam met Simson na Timna toe gestap het nie. Toe hulle tussen die wingerde van die Filistynse dorpie Timna geloop het het die ouers en Simson hulle eie pad gestap.

Toe Simson so alleen loop storm daar plotseling 'n brullende jong leemannetjie op hom af. Die ongedierte wil hom verskeur maar word deur die jongman met sy kaal hande uitmekaar geskeur.

Was Simson dan 'n sterkgeboude jong reus? Het hy deur gedurige oefening nie alleen fiks gebly nie maar ook ystersterk geword? Die Heilige Skrif leer ons niks daarvan nie. Hy was waarskynlik 'n heel normaal geboude jong seun wat niks sterker was as enige ander seun van sy ouderdom nie. Hy was waarskynlik heelwat meer opvlieënd en meer hardgebak as sy leeftydgenote om nie van sy hardkoppigheid te vergeet nie.

Verskillende kere lees ons dat die Gees van die HERE oor Simson vaardig geword het. Ook hier toe die leeu op hom afgestorm het. Die Gees van die HERE skenk nie alleen geestelike krag nie maar ook liggaamlike krag. Vir die HERE God is die geestelike of die 'siel' nie belangriker as die liggaamlike nie. Christus stel nie belang in 'siele' nie, Hy het nie vir 'siele' versoening gedoen nie. Christus het Homself ge-offer vir volledige mense, mense wat bestaan uit liggaam én siel. Wanneer ons sterf gaan ons siel onmiddellik na Christus toe maar dan ontvang ons nog nie die volkome heerlikheid nie. Ons moet weer 'n mond kry om te kan sing en juig, bene om te kan kniel; ja ons het weer ons hele verheerlikte liggaam nodig om ons Drie-enige God te kan dien. Eers wanneer ons liggaam en siel weer saamgebring is deur die krag van God se Gees, sal ons die volheid van die volkome heerlikheid beleef. Dan sal ons as volledige en volkome volmaakte mense ons heerlike werk mag doen in die nuwe hemel en op die nuwe aarde.

Sonder om iets vir sy ouers te vertel oor sy onderonsie met die leeu gaan Simson saam met hulle na die meisie se ouers toe. Simson se hardnekkigheid en sy hardkoppigheid om sy eie sondige wil te volg blyk duidelik omdat die Heilige Gees vir die tweede keer laat skryf dat die meisie in Simson se smaak geval het. Die verlowing was nou gereël.

'n Tydjie later het die troudatum aangebreek. Weer gaan Simson en sy ouers na die

dorpie Timna toe. Simson laat sy ouers weer alleen loop om te kyk wat van die leeu se karkas geword het. Selfs 'n fris seun kan nuuskierig wees. In die uitgedroogde leeu-karkas het 'n swerm heuningbye hulle intrek geneem. Dit was 'n buitekansie. Heuning was ook toe al 'n lekkerny en goeie veldkos. Simson het die heuninggraat uit die dooie leeu geneem en teruggehoop na sy ouers toe terwyl hy die hele tyd loop en eet. Hy gee vir sy ouers ook daarvan sonder om vir hulle te vertel waar hy dit gekry het. Hy het baie goed geweet dat sy ouers nie daarvoor sou droom om daarvan te eet as hulle geweet het dat dit uit 'n dooie leeu gekom het nie. Alles wat met die dood in aanraking gekom het is tog absoluut heeltemal onrein. Hy hou liever sy mond voordat hy weer deur sy ouers oor die kole gehaal word omdat hy as Nasireër hom met onrein kos besoedel.

Terwyl pa Manoag met die meisie en haar ouers die finale voorbereidings tref, het Simson sy eie reëlings getref. Volgens die gewoonte van die Filistyne het hy 'n groot feesmaal vir dertig Filistynse jongmans aangebied wat 'n volle sewe dae duur. Een van die maniere om die vrolikheid aan die gang te hou was om raaisels op te gee.

Simson gee ook 'n raaisel op. Dit lyk selfs meer na 'n weddenskap pleks van 'n vrolike tydverdryf. Simson stel die prys vir die oplossing baie hoog: dertig onderhemde en dertig stel kosbare feesklere. Dit was eer VAN SON-KIND NA SON-DE-KIND der 'n uitdaging waarmee die veragte Israeliet die baasspelerige onderdrukkers gesoek het. Die Filistyne het dit seker so opgeneem en die handskoen wat so na hulle gegooi is opgetel. Hulle aanvaar die uitdaging ook uitdagend. Hulle is dertig teen een en sal die Israeliet op sy neus laat kyk. Wat verbeel daardie seun van die verslane Israel hom eintlik?

'n Nuwe talent van Simson sien ons in die opgee van die raaisel. Hy was by alles nog digterlik ook. 'Uit 'n eter kom daar iets te ete, uit 'n sterke kom daar iets soets.' In die oorspronklike Hebreeus was dit 'n kunstige gedig-raaisel.

Soos vandag was die mense in daardie tyd ook al lief vir wedstryde, die raaisels

was wedstryde in skerpsinnigheid. Maar toe en vandag bly dit altyd moeilik om 'n goeie verloorder te wees. Die HERE het gesorg dat hierdie tipies menslike swakheid die oorsaak word vir die mislukking van Simson se planne. Simson probeer om die onoorbrugbare kloof tussen onbesnede heidense Filistyne en God se verbondsvolk te oorbrug met sy huwelik. Deur die gee van die groot feestelike ete wil hy ook boetie-boetie met die Filistyne speel om tog maar vir hulle aanvaarbaar te wees. In alles volg hy die heidense gewoontes by sy troue klakkeloos na.

Die HERE sorg nou dat die plesierige raaiselgewoonte die groeiende boetie-boetie verhouding laat stukkend breek. Die Filistyne verdra dit nie dat 'n veragte Israeliet hulle uitoorlê nie.

Toe die Filistynse feesgangers ondanks dae lange kopkrappery geen antwoord op die raaisel het nie, pers hulle die oulike vroujie van Simson af. Ordentlikheid was nie 'n woord in hulle woordeboek nie. As die vroujie nie eiers vir haar geld kies nie sal haar en haar pa se huis deur hulle afgebrand word met inbegrip van hulleself. 'Het jy ons hierheen genooi om ons kaal uit te trek?' Gerieflik genoeg sê hulle niks daarvan dat hulle vrywillig die raaiselwedstryd gevoer het.

In die optrede van die Filistyne sien ons die absolute minagting vir Simson die Israeliet. Teenoor 'n seun van die slawevolk kan maar die laagste en gemeenste daad gedoen word. In hulle veragting van Simson lê die veragting van Israel én die God van Israel.

Die vrou van Simson kies nou nie haar wettige man se kant nie maar die kant van die mense wat sy haar volksgenote noem. Bloed kruip waar dit nie kan gaan nie. Sy verwyt Simson en daarmee was die huwelik al stukkend geskeur. Op die ou end gee Simson bes en vertel hy haar die oplossing. Sy het nie op haar laat wag nie en vir haar volksgenote dit gou vertel want dit was al die laaste dag waarop die antwoord gegee moes word.

Pleks van om die werklike lewe met al die liggaamlike genot in die arms van sy verleidelike wêreldse vrou te kry, vind Simson daar net trane en gesanik. Hy vind

nie die ware lewe by sy ongelowige vrou nie maar hy ruik die dood in die hoogverraad van sy beminde. In alle gevegte het Simson selfs teen die grootste oormag gewen maar in die stryd teen die heidense vrouens delf hy die onderspit, stamp hy sy kop en loop hy hom muurvas in 'n doodloopstraat want die paaie van die sondige vlees loop altyd dood.

Simson erken dat die Filistyne die oplossing kon gee. Opvallend is dat 'die mense van die stad' die oplossing gegee het. Dit was nie meer net die bruilofsgaste nie, dit het 'n saak geword van die 'prestige' van al die Filistyne. Simson hou sy woord, hy is geen heiden wat in oneerlikheid sy krag soek nie. Al weet en sê hy dat hulle die oplossing nie sou kon gee as dit nie was dat sy vrou dit vir hulle gesê het nie.

Simson gaan na Askelon wat 'n redelik groot Filistynse stad was en slaan daar dertig goedgeklede Filistyne dood. Hulle kosbare klere gee hy vir die onderkruipers.

Het hy nou woedend soos 'n bloeddorstige seerower daardie Filistyne se koppe inmekaar gemoker omdat hy hom wou wreek op die volk wat hom beledig en bedrieg het? Nee, die Woord van God sê uitdruklik dat die Gees van die HERE oor hom vaardig geword het. Die HERE as God van Israel was beledig deur die Filistyne se lafhartige en agterbakse gekonkel. Die HERE laat die onbesnedenes nou sien dat hulle in Simson nie iemand het wat 'baas' sê omdat hy maar net 'Klaas' is nie. Die Nasireër is nie 'n lafhartige kruiper wat as Israeliet alles sluk wat die onderdrukker doen nie. In die krag van die Gees wreek Simson die onreg wat die onbesnedenes die volk van God aandoen.

In die lewe van Simson sien ons duidelik dat die Hand van die HERE altyd werk. Hy laat die pad doodloop waarop Simson wou gaan deur na sy eie doldriftige hart te luister. Die HERE dwing Sy kneg Simson weer op die pad van sy amp, die roepingspad om God se volk verlossing te gee sodat die Here Jesus eeue later gebore kon word.

SIMSON – VAN KONINGSVOLK TOT ONGELOWIGE KRUIPERS

Woede bly gelukkig gewoonlik nooit lank nie. By Simson was dit dieselfde. Nadat sy woede oor sy vrou se lae verraad afgekoel het gaan kuier hy weer by haar. Hy soek die oulike dingetjie se soentjies en drukkies weer op. Wie wil nou kwaai vriende wees met so 'n mooi heidense meisie al is sy bietjie los van tong?

Groot was die ontnugtering by skoonpa se huis. Die vrou tjie is ondertussen vir die strooijonker gegee. Maar Simson kan die jonger enetjie kry, sy is in elk geval mooier. Die Israeliet het egter nie gekom om 'n bees te haal nie, 'n huwelik is tog wel iets anders as die koop van 'n koei, al is die jonger sustertjie dan miskien wel 'n mooi koei. Vol geregverdigde woede draai Simson om in sy spore en sy rug op die gemene kruiperige skoonpa. Dit was duidelik genoeg dat skoonpa se optrede 'n voorbeeld was van die Filistyne se minagting vir die slawevolke Israel. Hulle het hoegenaamd geen verpligting gevoel om 'n ooreenkoms met daardie slawe te hou nie. Weer eens is in Simson sy volk en veral die HERE, die God van Israel, tot die uiterste toe beledig.

Kostelik in sy oorspronklikheid is die hardhandige manier waarop Simson hierdie beledigende onreg wreek. Hy vang nie minder nie as driehonderd jakkalse en bind hulle twee-twee met die sterte aanmekaar. Tussen die sterte bind hy fakkels van oliedeurdrenkte lappe en steek dit aan die brand. Mal van ang hardloop die eenhonderd en vyftig brandstigters deur die Filistyne se koring-lande. Dit was somer en die tyd van die koringoes. Die goue koringvelde was kurkdroog en het in 'n ommesientjie aan die brand geslaan net soos die koringmiede waar die klaargeoeste koring gepak was om verder droog te word. Selfs wingerde en olyfboorde het in ligtelaaie gestaan.

Die skade vir die Filistyne wat volkome afhanklik was van die landbou, was ontsettend. Hierdie ramp het vir baie van die onbesnedenes bittere armoede en hongersnood beteken. Dit het seker daartoe meegehelp dat Israel netnou onder die rigterskap van Simson 'n twintig jaar lange rus van die Filistyne gehad het. Later

sien ons in die geskiedenis dat hierdie ‘verskroeiende aarde’ beleid toegepas is deur die magshonger Engelse in ons eie land. Deur hulle verbranding van plaashuise en vernietiging van oeste en beestroppe het hulle met onchristelike wreedheid die boeremagte ekonomies uitgeput en gedwing om ‘vrede’ te aanvaar.

Wanneer iemand se beursie en maag geraak word is dit nie snaaks as hy van insig verander nie. Eers het die Filistyne saamgestem dat Simson se liewe skoonpa sy pas- getroude dogter as vrou vir die strooijonker gee. Hulle het geweet dat dit heeltemal in stryd was met hulle eie wette en gebruike maar in hulle vuiste gelag omdat die vervlakste Israeliet nou pragtig op sy neus gekyk het. Maar nou dat hulle self in die kuil val wat hulleself gegrawe het, is hulle woedend. Sonder meer gryp hulle die skoonpa en Simson se vrou, sluit hulle in die huis toe en asof daar nie al genoeg brande was nie, steek die huis aan die brand. Pa en dogter het lewend verbrand. Die goddeloosheid van die Filistyne word deur hierdie wrede moord verder beklemtoon aan die ander kant was straf nodig omdat hulle eie wette oortree is.

Dit bied aan Simson weer ‘n rede om hom te wreek. Hy val die brandstigters na hulle moordparty aan en maak korte metten met hulle.

Teen hierdie tyd het die Filistyne al meer as genoeg gehad van hierdie woeste Israelitiese rebel. Wat wou, hulle is mos die baas. Hulle sal hom nou vir eens en vir altyd leer waar Dawid die wortels begrawe het. Met ‘n groot leër trek hulle na Juda toe. Simson was daar in die rotskloof van Etam. Die Filistynse leër moet sorg dat die opstandigheid van Simson nie sy volksgenote aansteek nie en boonop daardie vryheidsheld vang en van kant maak.

Ongelukkig het die onbesnedenes veels te veel gedink van die moed van Juda. Het hulle geweet dat Juda die koningsstam van Israel was? Die stam waarvan vader Jakob seënend gesê het: ‘Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof! Jou hand sal op die nek van jou vyande wees....!’ As hulle dit geweet het, het daar in elk geval ‘n verrassing op hulle gewag.

Die manne van Juda het hulle koud geskrik toe die Filistyne in hulle land laer opslaan. Met bewende bene vra hulle vir die aanvoerder van die heidene: ‘Waarom het julle teen ons opgetrek? ‘Ons het mos niks gedoen nie... Die Filistyne erken dit en sê dat hulle net gekom het om Simson te vang en vas te bind om dan met hom te doen wat hy aan hulle gedoen het.

Watter verligting vir die koningsstam van Juda ... Dit is vir hulle baie beter as net een man sterf as dat die hele Israel sal omkom. Teenoor die onbesnedenes is dit net ‘ja, baas’ voor en ‘goed, baas’ agter. Die koningsstam wil graag in die baas se goeie boekies kom en bied graag aan om die vuil werk vir die baas op te knap.

Hulle weet in watter grot Simson bly. Met nie minder nie as drieduisend gewapende mans gaan Juda na Simson toe. Die kruiperige lafaards durf dan selfs sterk geneog te voel weens hulle getalle om die lastige Simson te verwyt: ‘Weet jy nie dat die Filistyne oor ons heers nie, en wat het jy ons nou aangedoen?’

Ongelooflik en diep tragies dat die volk van God nie eers meer voel dat dit ‘n skande is om oorheers te word deur die Godvyandige heidene nie. Ontsettend dat juis die stam van Juda selfs in hulle omstandighede nog nie wil sien dat dit God se straf is dat hulle verdruk word nie. Hulle ken tog God se beloftes en voel tog die waarheid van God se dreigemente soos Hy dit vir hulle in Sy Wet gegee het? In hulle hemelskreiende lafheid durf hulle Simson se optrede as ‘n misdaad te sien en waag hulle dit om van hom verantwoording te eis.

Simson se antwoord is kortaf: ‘soos hulle aan my gedoen het, so het ek aan hulle gedoen’. Hy sê nie dat hy as Rigter en Nasireër deur God geroep is om verlossing te bewerk in die krag van die Gees van die HERE. Ag, Juda sou heelwaarskynlik in elk geval niks daarvan verstaan het nie. Hierdie kruiperige lafharte wíl nie eers verlos word nie.

Juda se manne stel glad nie belang in Simson se persoonlike moeilikheid met die Filistyne nie. Verskoon ons asseblief. Dit is jou eie saak, ons wil jou maar net ‘n bietjie vasbind en vir die Filistynse baas gee en dan kan ons weer rustig verder leef.

Ons kry net moeilikheid deur jou nonsens en is nou moeg en sat daarvoor. Daar is geen beter lewe as 'n goeie, rustige lewe nie.

Simson laat hom rustig vasbind. Hoekom sal hy hom inspan vir 'n volk wat geen verlossing werd is nie? Al wat hy vra is 'n eed dat hulle hom nie self sal doodmaak nie. Dit belowe Juda graag – netnou sal hulle miskien nog omkap as hulle bloed sien

Hier sien ons ook dat Simson nie vanself 'n reusagtige sterk man was nie. Hy wil 'n eed van sy eie volk se mensevangers hê dat hulle hom nie self sal doodmaak nie omdat hy gevoel het dat hulle daartoe in staat was en dit kon doen omdat hy nie juis sterker as een van hulle was nie. Eers wanneer hy teenoor vyande van hom en sy God staan, kom die Gees van die HERE oor hom en dan is geen oormag te groot nie.

Met twee nuwe toue word die jongman stewig vasgebind en na die Filistynse laer gebring. Toe die onbesnedenes die mooi opgemaakte pakkie sien, netjies afgelewer deur sy eie volksgenote, juig hulle vol blydschap.

Oor die lewe van Simson val hier al die skaduwee van die kruis van Jesus Christus wie se pad hierdie seun moet help oopmaak. Die kneg is hier niks meer as sy Meester nie. Eintlik is dit die lot vir elkeen wat deur God gestuur is om 'n volk te verlos wat hom deur sy sonde verkoop het aan die duiwel en sy magte. So 'n volk wil nie verlos word nie, dit wil alleen maar met rus gelaat word. Hulle wil verder in die sonde slaap en nie uit die sondedood en sondenood wakker gemaak word nie. Dit wil die sondaar nooit nie, hy wil in die sonde bly lê. Omdat die volk van die HERE tevrede is om in sonde en afval te bly lê verwerp hulle die verlosser. Dwarsdeur die Bybel sien ons dit - Moses, Simson, Elia en Jeremia is almal verwerp.

Toe die tyd in God se oë en deur Sy werk aangebreek het, het die Vader Sy Seun Jesus Christus gestuur. Hy in Wie al die Rigters en Profete vervul is. Hy het gekom om Sy volk met 'n ewige verlossing te verlos. Om Sy kinders werklik vry te

maak van die Bose. Wat doen Israel toe met Hom? Hy is uitgewerp, gehaat en vervolgd. Die hoëpriester Kajafas het reguit gesê dat dit voordelig is dat een man vir die volk sterf en nie die hele nasie verlore gaan nie. In die naam van godsdienstigheid het die Joodse volk die Here Jesus Christus vasgebind en as 'n opstandeling aan die onbesnede Romeinse verdrukker oorgelewer. Hulle het Hom deur die heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak.

Simson wat as Nasireër van God die pad vir Christus moet regmaak, moet ook die kruis van Christus dra. Die twee nuwe toue waarmee sy volksgenote hom bind is tekens van die kruis van Golgota maar ook van ons skande en sonde.

Ons moet altyd onthou dat ons nie uit onself verlos wil word nie. Alleen deur die kragtige werk van die Heilige Gees wil ons verlos word. Aan die kruis het Christus die bande van die hel verbreek en daardeur voorkom dat Sy volk reddeloos verlore gegaan het. In alle opsigte is Jesus Christus dan ook meer as Simson.

Simson is diep en bitter teleurgestel in sy volk en laat hom maar bind as man wat geen toekoms sien en wil sien vir so'n ruggraatlose volk nie. Maar as hy dan moet val dan nie deur die bewende slap handjies van eie broeders nie, liewers dan val as 'n held deur die swaard van die vervloekte vyand.

Christus daarenteen gaan vrywillig na Getsemane en laat Hom bind. Hy soek Self die dood, nie as 'n held nie maar as 'n skaap wat na die slagbank gebring word. Hy gee Homself, want Hy was die volkome Borg vir Sy volk om letterlik alles vir hulle te betaal.

Simson kon baie doen, met alle krag kon hy vir sy volk veg. Maar hy kon hom nie offer om daarmee sy volk van al hulle sondeskuld te verlos nie. Hy kon sy volk maar net begin verlos. Toe hy vasgebind is was sy volk nog maar netso vasgebind in die mag van die sonde.

Christus het die werklike verlossing gebring. Hy het Hom laat bind om ons te ontbind en daarna ontelbare smaadhede gely sodat ons nooit meer in skande sou geraak nie (ou Nagmaalsformulier). Toe Hy gebind is het Hy ons bande

losgebreeek. Sy gevangeskap was ons bevryding. Sy dood het ons lewe geword. Aan Hom kom toe alle lof, eer en dank.

SIMSON - WAT GELOOF KAN VERMAG.

Drieduisend man wat een man kom vra om hom te laat vasbind sodat hy aan bloeddorstige vyande gegee kan word. Die een man wat hom gewillig laat bind en kragteloos van moedeloosheid tussen hulle saamstap na 'n sekere en uitgerekte wrede dood toe.

Daar loop hy wat bestem was om verlosser van sy volk te wees midde tussen sy volk in wat geen belang in verlossing stel nie. Die volk verruil hulle verlosser vir die gerief van 'n ongesteurde lewe onder toesig van Godvyandige verdrukkers. Simson moes hier iets besef het van die eensaamheid wat Die Verlosser Jesus Christus geken en deurworstel het.

Simson was allesbehalwe 'n engeltjie. Van sy roeping het hy dikwels maar bittermin teregbring, ja dikwels van baie dinge 'n liederlike gemors gemaak. Maar wat hy wel gehad het, is geloof. Juis geloof was iets wat nie te sien was by die o-so-ordentlike-versigtige-lamsakkige-lafhartige volk nie.

Natuurlik het die volk ook 'n 'geloof' gehad, 'n stoere tradisievaste geloof met antwoorde op alles. Die vraag is of dit baie verskil met die 'geloof' van baie mense vandag wat ook deur die tydsgees aan die slaap gewieg is? 'n Lewende geloof aanvaar en waardeer tradisie in die lig van die Skrif en alleen dan borrel daardie geloof oor van lewenslus en het jy werklik nie op alles pasklaar kitsoplossings en antwoorde nie.

Die volk van die HERE is goedsmoeds op pad om hulle verlosser uit te lewer. Drieduisend man sonder geloof, sonder skaamte, sonder trots wat vrede het met verraad en onbeskryflike lafhartigheid. Die verlosser word netjies toegemaak sonder slag of stoot aan die aartsvyand oorhandig.... 'n Vyand wat barbaars is en

geen ware trots ken nie maar heel tevrede is dat die opstandeling se eie mense hom bring.

Wanneer die lafhartige volk hulle mooi vasgebinde moeilikheidmaker soos ‘n vasmagemaakte krismiskalkoen –reg-vir-die-pot na die vuur bring, breek daar ‘n gejuig los. Die Filistyne is netso lafhartig en skaamteloos as die Judeërs. As hulle self enige innerlike trots besit het sou hulle in ysige stilte met duidelike afkeer oor die Judese verraad die terroris Simson in ontvangs geneem het.

Tussen al die skaamtelose lafhartige optrede van beide partye staan Simson. Hy is ‘n gewone mens wat moedeloos is weens die geestelike blindheid van sy eie volk. Die jongman wag vir die dood wat hom sal verlos van ‘n lewe onder ‘n volk wat gelukkig is wanneer hulle nie werklik kan leef nie.

Dan gryp die HERE in. Die Gees van die HERE gryp Simson weer aan en die twee nuwe toue om sy arms breek soos garingdraadjies wat in vuur verskroei. Die dowwe moedlose traak-my-nie-agtigheid en gelatenheid verdwyn soos mis voor die son. Hy weet weer wat sy ampsroeping is.

Voordat Filistyn of Israeliet weet wat hulle oë sien buk die jongman en tel ‘n vars kakebeen van ‘n donkie op. Met daardie veerkragtige wapen slaan hy op die vyand los. Nie minder nie as duisend van die vervloekte onbesnedenes sterf op daardie dag.

Uit die hygende man se mond kom dan die woorde :

‘Met die kakebeen van ‘n donkie het ek ‘n hopie van hulle gemaak,
met die kakebeen van ‘n donkie het ek duisend man doodgeslaan.’

Weer blyk uit hierdie woorde dat Simson geen onbeskaafde woeste struikrower was nie. Hy was ‘n digter want in sy eie taal het die woorde gerym.

Dit was geen eie roem nie maar ‘n gelowige gejubel. Moses en Josua het al gesê dat net een Israeliet duisend vyande sal verslaan solank in die geloof op die HERE geveg word. Simson doen nou ‘n openlike geloofsbelydenis dat God se beloftes nog altyd vervul word. Die God van Moses en Josua is nog altyd die

HERE God van Israel.

Een van die uitvloeisels van die goddelose kommunisme is dat sogenaamde vryheidsvegters of terroriste opgehemel word. Jongmense en veral studente word aangetrek deur hierdie idees omdat hulle teleurgestel is in 'n wêreld wat al meer deur die afgod 'tegniek' oorheers en beheers word. Die moderne mens word deur die masjien en tegniese wonders ontmenslik en al hoe meer as 'n 'produk' gesien. Vir hulle is Simson 'n held wat as terroris of aktivis man-alleen teen die vyand in opstand kom, terwyl die 'gevestigde maatskappy' rustig en tevrede met hulleself verder dommel.

Die tragiese is dat hulle 'n totaal verkeerde beeld van Simson het. Hulle sien hom as 'n rewolusionêr wat in eie krag en met geweld die wêreld wil verander. Dit kom omdat hulle hierdie geskiedenis uit die hele verband van die Woord van God uitruk. Dat dit verkeerd is, sien ons al onmiddellik in hierdie jubelende psalm van Simson.

Simson noem die plek van slagting Kakebeenshoogte. Sy oorwinning was groot maar tog tydelik. Dit was maar net 'n monument op die pad wat sou lei na die Kopbeenplek wat in Hebreeus 'Golgota' genoem word. Langs daardie pad het die Koninkryk van God gekom.

Die amp van Simson is vervul deur Jesus Christus. Simson staan daar in al sy krag wat God hom gegee het. Hy het die bande wat hom gebind het verbreek. Hy staan daar hygend met die donkiekaak as wapen in sy hand. Maar Jesus Christus hang aan 'n kruis. Sonder krag en sonder wapen in Sy Hand.

Teenoor Simson het 'n duiwelse mag van mense van vleis en bloed gestaan. Hulle kon met 'n donkiekaak verpletter word. Teen Jesus Christus het al die magte van die hel gekom, die duiwel het met al sy duiwelse magte op Hom afgestorm gekom. Simson het in die helder dag geveg maar Jesus Christus moes in die beklemmende donker aan die vloekhout hang. Oor Simson het die krag van die Gees van die HERE gekom, Jesus Christus was volkome van God verlaat. Hy

was die grootste Eensame, die werklike Man-alleen in die stryd. En die enigste wapen wat Hy gehad het was om die God van die Woord vas te hou: ‘My God , My God ...!’ Met daardie wapen het Hy die verlossing wat Simson maar net kon begin, volkome voltooi, klaargemaak deur die ewige verlossing te bewerk.

Die oorwinningslied van Simson is vervul in die Lied van die Lam. Die lied van die volkome en ewige oorwinning oor die duiwel en al sy Filistynsgesinde duiwelse magte. Alleen in en deur Christus mag ons as deel van die kerk van Christus van alle eeue ons oorwinningslied uitjubel.

SIMSON 6 - ROEPERSFONTEIN

Simson die groot slagter van duisend gewapende Filistynse heidene was ‘n heel gewone jongman. Wanneer ons hard gewerk het word ons soms ook doodmoeg. Die uitputting laat ons maklik terneergedruk voel. Ons is dan aan die einde van ons kragte en kan verder eenvoudig niks meer doen nie.

Ons sien dieselfde by Simson. Na sy uiterste inspanning gryp ‘n ontsettende moegheid en verterende dors hom aan. In die droë dal het hy ‘n ‘Bloedrivier‘ laat stroom en nou voel dit vir hom asof hy werklik sal sterf van moegheid en dors.

Die jongman wat in sy oorwinningslied ingehaak het by die lied van Moses en Josua, dus by die Woord van God, laat nou in sy ellende daardie God nie los nie. Hy val op sy knieë en bid. Sy gebed is nou nie maar net ‘n skietgebedjie omdat nood leer bid nie. Die gebed van hierdie doodmoeë seun is ‘n belydenis. Allereers bely hy dat hy nie uit eie krag oorwin het nie.

Uit die moeë droë keel skeur die belydenis deur die lug: ‘HERE, U het hierdie groot oorwinning deur my moontlik gemaak’ en dan die gelowige pleitende vraag: ‘Moet ek nou van dors sterf en in die hande van die onbesnedenes val?’

Hy het gewerk in diens van die HERE. ‘U, my God het my swak hande sterk

gemaak sodat ek in roepingsgehoorsaamheid duisend onbesnede vyande van U kon doodslaan'. 'Sal die onbesnedenes my dan nou tog gryp en U Naam smadelik beledig? In U verbond lê daar tog die waarborg van lewe?'

Hoe klein is die groot Simson hier voor sy God. Deur die werking van die Heilige Gees kan hy so bid. Die Heilige Gees wat die Gees van Christus is. Juis Jesus Christus het die oorsaak van Simson se dors gedra in die verterende dors in Sy dienswerk aan die kruis. Simson is deur God vasgehou en wonderlik gehelp, Jesus Christus is deur God verlaat.

Simson het na water verlang om te bly leef sodat hy sy dienswerk verder kan doen. Jesus Christus het uitgeskreeu: 'Ek is dors!' met die wete dat alles klaar volbring is soos die apostel Johannes dit vir ons opgeteken het. Jesus Christus het water verlang omdat Hy wou ... sterf! In die ampswerk is daar twee soorte dors. Simson se dors wat hom aangegryp het omdat hy wou bly lewe want sy werk was nog nie klaar nie. Jesus Christus se dors wat Hom aangegryp het omdat Hy wou sterf want 'Vader, My werk is volkome klaar en daarom lê Ek My lewe af'. Die HERE God is Hoorder van die gebede en Waarmaker van Sy Woord. Vir hierdie een eensame gelowige het God dieselfde wonder gedoen wat Hy vroeër vir Sy hele volk op Horeb en by Kades gedoen het. Netsomin as wat die volk dit toe 'verdien' het omdat hulle elke keer gesondig het, het Simson onberispelik teenoor die HERE gewandel. Dit is weer net en alleen genade.

Watter troos vir Simson om te mag beleef dat die belofte van lewe in die verbond waaragtig is! Elkeen wat daarop bou sal nooit teleurgestel word nie. God het die grond oopgeskeur sodat daar 'n stroom water uit opgeborrel het. Simson het gedrink sodat sy lewenskrag weer teruggekom het en hy weer opgelewe het. Die Almagtige God gee Sy kneg weer nuwe moed en nuwe krag.

Euue later skryf Paulus dat die wonder-water wat Israel in die woestyn gedrink het uit die Rots Christus gevloei het. So ontvang Simson hierdie wonderwater ook van Christus. Dié Christus Wat die dors wegneem van elkeen wat in Sy dienswerk dors

kry. Ons mag as Christus se kinders na Hom gaan om die water van die lewe volkome verniet te drink.

Simson het nuwe krag ontvang om sy ampswerk verder te doen en die eerste wat hy doen is om hierdie bron ‘Roepersfontein’ te noem. Die skrywer van die Rigterboek voeg daarby ‘wat vandag nog by Legi is’. Die betekenis daarvan is ryk want dit wys daarop dat dit ‘n monument vir die nageslag is.

Roepersfontein sê vir die Kerk van die toekoms, vir elkeen vandag, dat elkeen wat in sy gelowige lewe en werk na die HERE roep en die lewe van Hom verwag deur Hom verhoor sál word. Vir roepers na God spring die onverwagse en wonderlikste bronne oop, hulle sal die lewe vind en geniet in God se verbondswerk.

Simson waak hier oor die Kerk van die toekoms. Sy uiters pynlike ervaring was dat die Kerk van sy tyd geen verwagting en vertrouwe meer gehad het nie. Die Kerk het ‘n kerk-hof geword, daar was geen lewe nie maar net die dood. Israel het die propaganda van die heidene gesluk en die beloftes van God prysgegee. Hulle het die verlosser wat deur God gegee was uitgelewer. Die verlosser was ‘n laspot wat hom nie by die feite van die heidense oorheersing neergelê het nie, nie in die omstandighede berus het nie.

Maar in die geloof het Simson na die HERE geroep: Op U o HERE is al my hoop en verwagting gebou, by U o HERE is die Lewensbron! Die bron spring oop: Roepersfontein! So kan Simson dink: laat die Kerk van vandag dan maar dood wees in ongeloof, die Kerk sál toekoms hê. Die Kerk van die toekoms sal die HERE aanroep en van Hom léwe verwag. Daarom noem ek hierdie bron Roepersfontein sodat elkeen wat hierdie naam in ver eeue hoor mag weet dat vir hulle wat alles van die HERE verwag daar altyd ‘n toekoms sal wees.

Uit die Woord van die HERE weet ons dat ons in die laaste dae leef. Na magtige heilsdade van die HERE in die koms, lyde, sterwe, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus en na die uitstorting van die Heilige Gees kom daar nie meer nuwe heilsfeite nie. Met die hemelvaart van Jesus Christus het die laaste dae en laaste uur

aangebreek. Ons sien nog net verlangend uit na die Wederkoms van ons Verlosser en Koning.

Ons weet uit die Woord dat daar in die laaste dae baie verraad in die Kerk sal wees. Ons sien in die kerkgeskiedenis dat dit so was en so is. Baie mense het geen moed meer nie, hulle het geen verwagting meer nie. Maar ons weet dat die Kerk ook in die verdrukking van vandag en morê, ja ook in die eeue wat moontlik nog mag kom volgens God se raadsbesluit, mag bly volhard in haar geloof. Die Woord van Christus bly onwankelbaar seker dat Sy kerk nooit deur die magte van die doderyk oorweldig sal word nie.

Roepersfontein sê vir ons vandag:

‘ Van al wat leef is U die Bron
van alle lig die ew’ge son
wat afstraal in ons oë’.

SAMUEL – ‘n SUIWER GELUIDJIE IN ‘N VALS KOOR

In die Kerk is daar nie altyd vrede en blydskap nie. Dit is ook nie snaaks nie want daar is geen plek waar die duiwel harder werk as juis in die Kerk nie. Dit is nie net vandag nie want in die paradys het die duiwel al met sy aanval teen die Kerk begin en hy sal bly veg totdat die Here Jesus op die wolke gaan kom om alles nuut te maak.

Vir Hanna was dit baie swaar om kerk toe te gaan. Daar was twee goeie redes voor. Dit het met die Kerk van God baie sleg gegaan. Selfs in die Kerk is daar nie meer geluister na die Wet en opdragte wat die HERE Here gegee het nie. Baie kerkmense het op hulle eie manier kerkgehou en so eintlik kerkgespeel. Die ander rede was dat Hanna juis in die kerk ontsettend geterg is deur haar man se tweede vrou.

Hanna se man was Elkana en hy was baie lief vir haar. Maar omdat Hanna geen

kind kon kry nie het hy later 'n tweede vrou getrou, haar naam was Peninna en sy het wel kinders gekry. Peninna het Hanna nou gedurig geterg omdat sy dan nie eers een ou kindjie in die wêreld kon bring nie.

Haar kinderloosheid het Hanna baie laat dink aan die belofte wat die HERE gegee het dat daar in Israel geen getroude man of vrou sal wees wat sonder kinders sal wees nie. Maar by hierdie belofte was ook die voorwaarde dat die volk wat die Kerk van daardie tyd was, gehoorsaam moes wees aan die Wet van die HERE God. Hanna het geweet dat die probleem juis was dat die Kerk gedurig teen die HERE gesondig het.

Toe die volk Israel deur God in die beloofde land gebring is, het God bevel gegee dat die hele land deur hulle in besit geneem moes word. Weens ongehoorsaamheid het die volk dit nie gedoen nie. Hulle het baie vyande laat leef en hulle was nou 'n groot gevaar vir Israel. Deur hulle heidense geloof was hulle juis vir die geloof van die Godsvolk 'n gedurige gevaar. Die Kerk het van die heidense gewoontes oorgeneem en so het die afgodediens vatplek in die Kerk gekry. Die heidene was ook 'n gevaar vir die eenheid van God se volk.

Verskillende kere het God vir Sy volk 'n rigter gegee om hulle te verlos uit die mag van die ongelowige vyande en om die diens aan God in die Kerk weer te hervorm. Maar elke keer het Israel ná die verlossing weer die afgodediens toegelaat.

By die berg Horeb het die HERE vir Sy volk die Wet gegee. God het daar ook die diens van die hoëpriester, priesters en leviëte ingestel. Hulle moes die HERE dien deur offers in die tabernakel te bring. Die tabernakel was die huis van die HERE waarin Hy bo die ark gewoon het. Die hele offerdiens was deur die HERE tot in die kleinste besonderhede gereël.

In die tyd van Elkana en Hanna was die tabernakel in die dorp Silo. Eli was die hoëpriester en sy seuns Hofni en Pinehas was twee van die priesters. Hierdie twee priesters was slegte mense. Hulle het die HERE nie liefgehad nie en was moedswillig ongehoorsaam aan die bevel van die HERE. Hulle het van die offers

wat die gelowiges aan die HERE geoffer het sommer gesteel. Wanneer die gelowiges die offerdier geslag het, het die twee priesters die beste vleis vir hulleself geneeem. Die swakker stukke vleis kon dan maar vir die HERE gegee word. Dit was diefstal van dit wat aan die HERE behoort het. Wanneer die gelowiges teen hierdie sonde van die priesters beswaar gemaak het is hulle deur die ongelowige priesters met geweld gedreig.

Die hoëpriester Eli het hiervan gehoor. Hy het ook gehoor dat sy seuns dieselfde dinge met vrouens in die tabernakel gedoen het soos die heidene in hulle afgode se tempels. As hoëpriester en pa moes hy sy seuns gestraf het en hulle verbied het om nog langer priesters te wees. Hulle was 'n baie slegte voorbeeld vir die volk waar hulle met hulle sondige optrede die HERE beledig en verneder het.

In plaas daarvan het Eli maar net met hulle gepraat oor hulle sondes. Dit was sonde van Eli om so slap te wees. Eli was ook ongehoorsaam aan die HERE se bevel deurdat hy nie sy plig as hoëpriester gedoen het om te sorg dat die HERE reg gedien moes word nie. As die HERE nie eers binnekant Sy huis reg gedien en geëer word hoe sleg sal dit dan nie buitekant Sy huis gaan nie !

Elkana en sy gesin het elke jaar in gelowige gehoorsaamheid na die huis van die HERE in Silo gegaan om die Almagtige God te aanbid en Hom offers te gee. Hulle het dan waarskynlik vredeoffers gebring. Dit was 'n heerlike tyd want dan is vol vrolike blydskap geëet en gedrink voor die HERE. Maar hierdie blydskap is in Elkana se gesin elke jaar bederf deur die gemene geterg van Peninna. Hierdie vrou het vir haar en haar vier of meer kinders 'n groot klomp vleis en broodkoeke van Elkana gekry. Hanna kon maar min kry want sy was tog alleen.

Gedurig het Peninna daarop gewys dat Hanna geen kind het nie. Die twee vrouens het saamgebly en mekaar dus goed leer ken sodat Peninna geweet het dat Hanna 'n baie vroom en gelowige vrou was. Sy het geweet dat Hanna haar kinderloosheid nie gesien het as iets wat nou maar eenmaal by party mense gebeur nie maar as God se straf oor Sy ongehoorsame volk.

Daar in Silo het Hanna elke jaar weer gesien dat die HERE nie reg gedien is nie. Dit het haar baie hartseer gemaak dat die HERE selfs in Sy eie huis geminag is. As die ampsdiens in die Kerk so afvallig geword het, hoe word die volk dan nie afvallig nie! Wat word dan van God se belofte en die verlossing ?

Omdat Peninna geweet het dat Hanna só gedink het, het sy veral in Silo by die tabernakel alles in haar vermoë gedoen om Hanna te terg. Die duiwel het in en deur Peninna gewerk. Hy het gesorg dat die vredesmaaltyd by die Huis van die HERE elke keer bederf is deur onvrede sodat dit eerder gelyk het op 'n begrafnismaal. Die duiwel het probeer om Elkana en Hanna te laat vergeet van die Almagtige God en om hulle net te laat dink aan hulle eie ongelukkigheid.

Na die treurige ete wat 'n feesete moes wees, het Hanna opgestaan. Alleen het sy na die tabernakel gegaan om weer te bid. Hierdie keer was dit 'n heel besondere gebed. In die gebed het sy met trane 'n belofte aan die HERE gedoen. In haar gebed sê sy driekeer dat sy die dienaress van die HERE is, dit beteken dat sy die HERE wil dien. O, sy brand van verlange na 'n kindjie maar dit is nie die enigste nie. Die belangrikste is dat sy die HERE wil dien ook in die verlange na 'n kindjie.

Hanna vra die HERE ook nie maar net 'n kind nie. Sy vra spesifiek vir 'n manlike kind. Dit is dan nie net 'n seuntjie nie maar 'n kind wat 'n baie sterk gelowige man sal word wat iets kan dóén! Wat deur die krag van die Almagtige God vir die kerkvolk verlossing sal gee.

Sy belowe daarby dat sy die seun vir sy hele lewe lank aan die HERE sal gee. Die seun sal 'n voorbeeld wees wat sal wys hoe die HERE gedien moet word. Hy sal die volk lei op die pad wat na verlossing gaan. Elkeen sal dit moet kan sien. Daarom belowe sy dat sy hare nooit gesny sal word nie. Die lang hare was 'n teken dat God vir Sy volk 'n God van die léwe is. Die Almagtige God kan lewe gee in dit wat morsdood is.

Watter geweldige gebed wat hierdie bedroefde vrou gebid het.

SAMUEL - BELOFTE MAAK SKULD.

Die ou hoëpriester Eli het op sy stoel gesit by die oop deur waardeur die gelowiges die tabernakel kon sien. Van sy stoel af kon hy elkeen wat in die voorhof gekom het goed deurkyk. Hy het Hanna sien kom en gesien hoe sy soos die ander gelowiges tot die HERE gebid het. Later val dit hom op dat sy anders optree as die mense wat hy gewoonlik daar sien.

Hierdie vrou bid lank. Dit is snaaks want die ander mense het God gewoonlik net hardop gegroet en daarna verder gegaan om fees te vier. Wat nog meer opval is dat hy haar nie hoor bid nie. In daardie tyd het die gelowiges hardop gebid, tot vandag toe doen die Jode dit nog. Ons lees in die Ou Testament net van Nehemia wat dikwels sag in sy gedagtes tot God gebid het en dan altyd kort en kragtig.

Omdat hierdie vrou so lank en stil gebid het, het die hoëpriester hondse gedagtes begin kry. Eli het net haar lippe sien roer en sommer gedink dat sy een van die vrouens is wat te veel wyn gedrink het en nou dronk na die tabernakel gekom het. Omdat Eli onmiddellik daaraan dink en dit ook sommerso sê kan ons aanneem dat dit meer kere gebeur het. Dit laat ons sien hoe erg die verval in die Kerk al was. By die heidene was dit gewoonte dat die mense dronk geword het in die afgodstempels. Nou het dit selfs by die tabernakel ook al gebeur!

Ons kan ons indink dat Hanna baie geskok was toe Eli so met haar gepraat het. Sy het dan nou so innig en ontroerd tot die HERE gebid. Wou die HERE dan nie eers na haar luister nie? Dit lyk amper so want Eli is tog die hoëpriester, die enigste mens wat in die Allerheiligste van die tabernakel so naby die HERE mag kom. Tog is Hanna nie kwaad of onbeleefd teenoor die hoëpriester nie. Sy weet dat hy ongehoorsaam is aan die bevel van die HERE maar tog eer sy hom omdat hy as hoëpriester deur God aangestel en geroep is. Eerbiedig sê Hanna vir Eli dat sy 'n baie bedroefde vrou is wat glad geen wyn of sterk drank gedrink het

nie. Sy het onder trane alles vir die HERE gesê wat haar so hartseer gemaak het. Dit is mooi dat die hoëpriester insien dat hy verkeerd was. Ons leer daaruit dat ons nie onmiddellik kwaad moet word nie as ons onregverdig van iets beskuldig word nie. As ons eerlik en op 'n mooi manier sê wat gebeur het dan kan 'n misverstand maklik opgelos word. Omdat Hanna kalm gebly het en nie op haar beurt die hoëpriester verwyt of sleggesê het oor die sondes van sy eie seuns nie, het Eli sy fout erken. Hoe maklik val ons nie ook in die fout van Eli deur iemand te veroordeel sonder dat ons die ware feite ken nie. Alleen wanneer ons seker is dat teen die Woord van God ingegaan word mag ons veroordeel. Boonop moet dit dan duidelik in die Woord van God genoem word. Ons raak so maklik op hol oor sake wat nie van groot belang is nie, terwyl ons dikwels blind is vir dinge wat God ons uitdruklik beveel het.

Nadat Hanna gesê het wat sy daar by die huis van God gedoen het, het Eli haar geantwoord. Dit was 'n besondere antwoord. Die gewone groet was: 'gaan in vrede', iets soos wanneer ons sê: 'dit gaan jou goed' maar daarby kom die gelowige gedagte dat die God van alle vrede daarin vrede moet gee. Eli groet nie net op die gewone manier nie. Hy sê ook nog: 'die God van Israel sal jou gee wat jy van Hom gebid het'. Dit was nie net 'n mooi en goeie wens van hom nie. Hy is deur God gebruik as profeet wat in die Naam van God mag sê wat sal gebeur.

Vir Hanna het toe alles anders geword. Haar geloof het haar laat bid. En die gelowige gebed is 'n geneesmiddel vir 'n bedroefde mens. Deur die gebed mag ons deur Jesus Christus by ons hemelse Vader kom en dan gee Hy ons deur die Heilige Gees krag om verder te gaan. Hanna weet dat God doen wat Hy gesê het. Daarom kan sy nou vol blydschap eet van die vleis van die vreugdevolle vredesoffer. Voordat sy gebid het kon sy niks deur haar keel kry nie maar nou is daardie swaar las van hartseer weg omdat sy dit voor God neergelê het. Haar gesig het gestraal van die vrede wat God gegee het.

In die krag van die geloof het Hanna die volgende oggend saam met die gesin die

HERE aanbid en teruggegaan huistoe.

Binne 'n jaar het Hanna en Elkana 'n seuntjie van die HERE ontvang. Gelowig het die ma hom die naam Samuel gegee, want het sy gesê: 'ek het hom van die HERE gebid'. Dit is wat die naam Samuel vandag nog beteken.

Hanna het haar belofte aan die HERE nie vergeet nie . Toe haar man weer met sy gesin na Silo wil gaan om die jaarlikse offer aan die HERE te bring, het sy nie saamgegaan nie. Sy het gesê dat die baba nog te klein is vir so'n ver reis. Maar daarby het sy belowe om hom te bring sodra hy groot genoeg is sodat hy nie meer net melk moet drink nie en eintlik geen doeke meer hoef te dra nie.

Toe die seuntjie Samuel waarskynlik drie jaar oud geword het, het sy ma hom na Eli toe gebring. Maar eers het sy ouers 'n brandoffer aan die HERE gebring. 'n Brandoffer is 'n offer van byvoorbeeld 'n bees wat heeltemal verbrand word. Dit word dus volkome vir die HERE gegee. Dit was die beeld van die ouers se bereidheid om hulle seuntjie Samuel heeltemal vir die HERE te gee , sodat hy die HERE lewenslank kan dien. Daarna eers het hulle Samuel self vir Eli gegee.

Die ou priester het blykbaar al vergeet wat amper vier jaar gelede gebeur het. Ma Hanna herinner hom aan die dag toe sy so innig gebid het. Die HERE het haar gebed verhoor en daarom hou sy haar belofte en gee die kind vir diens aan die HERE.

Klein Samuel het dit alles gehoor. Wat doen hy nou ? Gaan hy nou huil omdat hy sy ouers moet groet ? Hy weet tog hoe ver hulle van Silo af bly en dat hy hulle maar net eenkeer per jaar sal sien. Klou hy al skreeuend aan sy ma vas, verwilderd in 'n totaal vreemde omgewing ? Ons lees iets heeltemal anders. Die klein seuntjie het eerbiedig voor die HERE gebuig. Volgens die gewoonte van die tyd het hy vooroor languit op die grond gaan lê om die HERE te aanbid. (Vandag doen die priesters van die Roomse kerk dieselfde wanneer hulle as priesters ingewy word.) Wonderlik mooi is die werk van God wat deur Sy Heilige Gees vir kindertjies geloof gee.

SAMUEL 3 : GOD VERSKYN AAN SAMUEL.

Die lewe van die klein Samuel is deur gebede gedra. Hy is gebore in antwoord op die gelowige hartroerende gebed van sy ma. In die naam Samuel het hy sy lewe lank bly hoor dat hy gebore is omdat die HERE luister na die gebed van die gelowige.

Ons kan ons indink dat dit vir Hanna en Elkana bitter swaar was om hulle klein seuntjie by Eli agter te laat. Ons sou sê dat die ouers alle rede gehad het om te sê dat dit geen goeie werk sou afgee nie. Die ou priester was bepaald nie die regte man om die knapie op te voed nie. Hy kon dan nie eers sy eie seuns reg grootmaak nie. Watter verkeerde dinge sou Hofni en Pinehas die seun wil leer. Hulle was mos baie slegte mans wat moedswillig ongehoorsaam was aan die bevele van die HERE.

Hanna en Elkana was gewone mense netsoos ons. Hulle het baie goed besef dat die priesters verkeerd opgetree het. Hulle was seker baie bekommerd oor die opvoeding van hulle kind. Maar hulle was in die allereerste plek gelowige mense. Die HERE het hulle gewys dat Hy die God van wonders is en dat Hy Sy Woord hou. Op hierdie HERE het hulle gelowig vertrou. Hulle het Samuel nie vir mense gegee nie maar vir die HERE en geweet dat Hy so magtig is dat geen omstandighede en die invloed van slegte mense iets kan doen om hom van die HERE los te maak nie.

Vyf keer laat die Heilige Gees ons in hierdie geskiedenis hoor dat Samuel die HERE gedien het. Dit is die doel van ons lewe om die HERE te dien en te eer. Samuel moes al as klein kind by God werk vir sy volk, wat die Kerk van die HERE was. Later moes hy die HERE dien deur vir sy volk te doen wat die HERE hom beveel het. Vir ons is daardie dubbel roeping nog van krag. Ons moet tot God bid vir die volk en Kerk waarin die HERE Here ons geplaas het. Ons

moet ook die HERE dien deur in ons volk en in Sy Kerk volgens die Woord van God te werk.

Al was daar baie groot verskille tussen die hoëpriester en die klein Samuel, daar was een ding wat hulle saamgedoen het : die heilige werk wat hulle saamgedoen het in die diens van die HERE.

Midde in 'n baie goddelose omgewing het Samuel gelowig die HERE bly dien. Hy kon dit ook doen omdat sy ouers hom gelowig in die gebed gedra het.

Ma Hanna het nie alleen vir haar seuntjie gebid nie . Elke jaar het sy 'n manteltjie of jassie vir haar seuntjie gemaak en dit gebring wanneer die gesin die jaarlikse offer gebring het.

Samuel het netsoos die ander wat in die tabernakel gewerk het, 'n linne skouer-kleed gedra. Maar ma Hanna wou graag hê dat haar kind opvallend moes wees. Dit was geen ydelheid of leë gespog van haar nie. Toe sy die HERE in haar gebed gevra het vir 'n seuntjie het sy belowe dat sy haar nooit gesny sou word nie. Haar bedoeling was dat Samuel 'n lewende preek moes wees. Elke mens wat Samuel sou sien moes dankbaar dink aan God wat die volle lewe gee.

Hanna het nou vir Samuel 'n pragtige manteltjie gegee wat moes sorg dat die mense hom nog beter sou raaksien. Die mense moes daarvoor praat en dan juis praat oor die lewende God. Hierdie soort jassie was iets besonders, dit was eintlik baie deftig. Dit was ook 'n teken van Hanna se blywende dankbaarheid teenoor God.

Samuel hét opgeval, die mense het oor hom gepraat en seker ook oor sy gelowige werk. Terwyl hy gegroei het, het God se liefde vir hom ook gegroei en selfs die mense se liefde vir Samuel. Dit was God se werk en daarvoor het Hy Hanna se biddende handewerk gebruik.

Pa Elkana en ma Hanna is deur die HERE geseën met nog drie seuns en twee dogters. Elke jaar het die HERE vir Eli gebruik om God se seën uit te spreek oor Samuel se ouers wat getrou gebly het in hulle geloofswerk.

Maar van geloofswerk was by Eli se seuns geen spoor meer nie. In hulle goddeloosheid het hulle van kwaad tot erger gegaan. Die HERE het 'n profeet na Eli gestuur om hom te sê dat die HERE hom as pa gaan straf. Eli moes as pa sy seuns bestraf het. Omdat hy hoëpriester was moes hy hulle as hoëpriester en as Rigter van die volk gestraf het deur hulle as priesters te ontslaan en volgens die wet met die dood te laat straf. Maar Eli het dit nie gedoen nie. Al sy mooipraat het net niks gehelp nie en daarna het hy hulle maar uitgelos. Die profeet het ook in die Naam van die HERE gesê dat Hofni en Pinehas deur die HERE gestraf sal word. Die teken daarvan sou wees dat altwee op dieselfde dag sou sterf. Dit het ook so gebeur maar eers heelwat later.

Eers moes Samuel in gehoorsaamheid aan die HERE die baie ou priester nog 'n keer laat hoor wat die HERE se besluit oor hom en sy twee seuns was.

Omdat dit met die Kerk in daardie tyd so sleg gegaan het deur die ongehoorsaamheid van die kerkmense, het die HERE baie min kontak met die Kerk gemaak. Baie selde het die HERE Sy Woord laat hoor – ons weet net van die profeet wat na Elia gekom het en die verhoring van Hanna se gebed. Dit het blykbaar glad nie meer gebeur dat die HERE aan iemand verskyn het nie, dus by iemand gekom het nie.

Op 'n nag het Eli en Samuel gelê en slaap. Dit was al laat in die nag, die oggend was nie meer te ver nie. Maar die lamp van God, 'n kandelaar met 'n soort lampolie, wat dwarsdeur die nag bly brand het, het nog nie leeggebrand nie. Eli en Samuel het in twee verskillende kamers geslaap. Die kamers was met gordyne van mekaar geskei. Samuel se kamer was naby die kamer van Eli want Eli was al stokoud en gedeeltelik blind. Die seun moes die ou priester seker dikwels help. Hulle slaapplekke was naby die Allerheiligste van die tabernakel waar die verbondsark van die HERE gestaan het.

Daardie nag word Samuel plotseling wakker omdat hy geroep word. Omdat dit blykbaar al eerder gebeur het dink hy dat Eli hom roep. Onmiddellik sê hy

gehoorsaam dat hy kom. Maar die ou priester sê dat hy hom nie geroep het nie. Samuel gaan weer terug na sy kamer en gaan lê weer.

Weer hoor Samuel dat hy geroep word. Die ou priester sê dan vir die tweede keer dat hy hom nie geroep het nie en dat die seun maar gerus kan gaan slaap.

Vir die derde keer hoor Samuel dat hy geroep word. Weer gaan hy na Eli toe. Hierdie keer besef Eli dat dit die HERE moet wees wat Samuel geroep het. Samuel het dit nie geweet nie want die HERE het nog nie eerder regstreeks met hom gepraat nie.

Ons maak ook baie meer kere as wat ons dink dieselfde fout. So dikwels roep God ons deur Sy Woord . Ons hoor dit wanneer in die kerk uit die Woord gelees of gepreek word. Ons hoor dit wanneer onself of iemand anders uit die Bybel lees. Dan dink ons so maklik dat dit maar net 'n mens is wat lees of die Woord verklaar of verkondig. God spreek ook met ons deur Sy voorsienigheid in ons lewe. Ons dink dan dat dit maar net 'bygeval' so gebeur het (In die spreektaal word gewoonlik gesê 'toevallig' maar dit is 'n heidense uitdrukking wat die godin van die 'toeval' die mag gee wat net en alleen aan God toekom.) Ons sien te min God se Hand in ons lewens.

Eli het vir Samuel gesê dat dit die HERE is wat geroep het. Wanneer die HERE weer roep moet Samuel net sê: 'Praat HERE , u dienaar luister'. Hieruit kan ons sien dat Eli ondanks sy slaphed en ongehoorsaamheid tog 'n gelowige was. Die allerbelangrikste wat 'n mens kan besit is geloof in God en eerbied vir die Woord van God, Eli het dit gehad. Daarom kon hy vir Samuel sê hoe om teenoor God op te tree.

Die vierde keer het die HERE nie net van bokant die ark na Samuel geroep nie . Hierdie keer het die HERE sigbaar na Samuel gekom en by die seun gaan staan. Dit was baie lank gelede dat die HERE so by 'n mens gekom het. Ons weet van hierdie besoek van God aan Samuel verder niks nie. Die Heilige Gees wat die Bybel laat opskryf het, laat die nadruk op die Woord van die HERE val. Dít is die

belangrikste. Die verskyning van die HERE en Sy woorde maak dit baie duidelik dat die HERE hierdie jongman geroep het as Sy profeet.

Nadat die HERE weer geroep het ‘Samuel , Samuel !’ antwoord die seun ‘Praat HERE U dienaar luister.’ Dan spreek die HERE weer Sy oordeel uit oor Eli en sy familie. Omdat die pa-priester nie sy belangrike werk gedoen het deur sy seuns te straf nie, straf die HERE hom en sy hele familie. Daar was nie geluister na God se waarskuwings nie. God eis van elke mens gehoorsaamheid maar dit nog meer van mense wat in ‘n posisie van gesag geplaas is.

Vir Samuel was dit ‘n ontsettende boodskap wat hy vir Eli moes gee. Hy was bang om dit vir die priester te gaan vertel.

Ondanks die swaar las wat op hom gedruk het, het hy die oggend sy gewone werk gedoen. Hy het die deure van die tabernakel oopgemaak. Dit was waarskynlik die deure wat in die muur van die voorhof was. Hierdie deure moes seker dien om wilde diere in die nag uit die tabernakel te hou. Die reuk van al die offers het jakkalse en ander diere snags seker naby die tabernakel laat kom.

Eli het niks gehoor van dit wat die HERE vir Samuel gesê het nie. Al het hy so naby Samuel gelê dat hy hom maklik kon roep. Dit lyk asof die ‘gewone wette’ van die natuur nie geld wanneer God kom kuier nie. Met alle nadruk dring die ou priester daar op aan om alles te hoor wat die HERE gesê het.

Nou moet Samuel wys of hy in alles gehoorsaam is aan die HERE. Sal hy die gemaklikste pad probeer loop deur die boodskap van die HERE sagter te maak, sodat dit nie seermaak nie? Nee, as getroue en eerlike profeet het hy niks weggesteek nie maar die Woord van die HERE eerlik vertel. Dit was baie swaar want hy het Eli ge-eer en hooggeag as ‘n ou man maar veral as die deur God geroepe hoëpriester.

Eli aanvaar die boodskap en sê net: ‘Hy is die HERE, laat Hom doen wat goed is in Sy oë.’ Hy erken God se reg. Hy buig onder Sy straf. Blykbaar in geloof maar tog hoor ons niks van berou nie, geen gebed vir vergewing nie. Dit is nie vir ons om te

sê of Eli te min stryd in sy geloof geken het nie. God alleen kan en sal dit beoordeel.

Na hierdie geweldige gebeurtenis het Samuel groot geword, van kind tot 'n volwasse man. En wat die mooiste is mag ons daarby lees: ' en die HERE was by hom; en Hy het nie een van al sy woorde onervuld gelaat nie'. Die HERE het Sy Woord elke keer weer vir Sy gehoorsame dienaar laat hoor. Hieruit sien ons dat as ons op die beloftes van die HERE vertrou en gehoorsaam Sy eise nakom, dit goed sal gaan. Met die HERE by ons is ons onoorwinlik.

DAWID - VERKIESING 1 Sam 16

'Wat is 'n koning?' 'n Snaakse vraag maar ook nie eintlik nie want ons het in ons land nooit werklik 'n koning gehad soos ander lande nie. Die Nederlandse en Engelse konings was maar net in naam ons konings en die konings wat van die swart stamme het en Swaziland (nog) het verskil nogal van die oorseese modelle.

Israel het vir honderde jare na die intog in Kanaän net gesien dat die heidense volke konings gehad het. Dit was iets onbekends want hulle het hoogstens vir 'n bepaalde tyd 'n Rigter as leier van God ontvang.

Weens die Godsvolk se gedurige sondige wegdraai van die HERE af het hulle keer op keer die straf van die HERE oor hulleself gehaal. Die leërs van die heidense volke onder aanvoering van hulle konings het dan dikwels die straf van die HERE oor hulle voltrek.

Israel het nou jaloers op die heidene begin raak omdat hulle konings gehad het wat hulle kan lei en dit moes seker baie beter wees as om 'n Rigter te hê. Of jy nou 'n enkele persoon is of 'n volk – die gras anderkant die draad lyk altyd groener. Korrupsie by jou eie mense sien jy baie eerder raak as by 'n ander volk en korrupsie is al so oud soos die sondeval. Samuel het al oud geword en sy seuns het ook maar streke van Eli se seuns oorgeneem deur oneerlik en korrup te wees. Israel

was nou so stadig aan net mooi moeg en sat vir hulle optrede. Daarom was die volk so uitgesproke teenoor Samuel dat hulle kom wat wil 'n koning wil hê.

Die volk het skoon vergeet dat hulle lankal 'n koning gehad het soos gee ander volk nie, die Here Self was hulle Koning. Hulle swaarkry was nie omdat hulle geen aardse koning gehad het nie maar omdat hulle nie wou luister na die wette van hulle hemelse Koning nie. Hulle wou die Here nie dien, liefhê en gehoorsaam as hulle Koning nie.

Samuel het in opdrag van die HERE Here die volk probeer ompraat en gewaarsku teen die swaarkry wat 'n koning kan laat beleef . Dit was alles verniet. Die volk wou nie luister nie en toe gee die Here hulle in die persoon van Saul 'n koning.

Die begin was wondermooi. Die koning was baie goed toegerus vir sy werk. Maar dit was maar net 'n rukkie toe wou Saul sy eie baas wees en regeer soos die heidense konings. Hy het nie as koning gebuig voor sy hemelse Koning nie, sy liefde en gehoorsaamheid aan God het verdwyn.

Nou kom ons weer by die vraag 'wat is 'n koning?'. 'n Koning is iemand wat deur God die HERE as die almagtige Koning geroep is om 'n volk te regeer sodat God deur daardie hele volk geëer, geloof en grootgemaak word. 'n Koning moet God dien en so die volk dien waaroor God hom aangestel het. Saul kon dit nie regkry nie.

Omdat Saul vir God verwerp het as sy Koning, het God vir Saul as koning verwerp. Dit het die profeet Samuel baie hartseer gemaak.. Maar God bly Koning of Saul dit nou wil weet of nie. God gee die hartseer Samuel weer werk. Ja ook vir 'n troue profeet van die HERE is werk 'n goeie geneesmiddel vir hartseer en verlange na die goeie dinge van die dae wat verby is.

Samuel kry opdrag van die Here om na Betlehem te gaan en 'n seun van Isaï as nuwe koning te salf. Omdat Samuel nog daaraan gedink het hoe wonderlik alles kón gegaan het ás Saul gehoorsaam sóú gewees het, was hy nie bly oor hierdie opdrag nie. Ook toe het mense al gedink 'as' iets só gegaan het 'dán' sou dit nou

beter gegaan het. Maar net soos toe is 'as' verbrande hout en niks beters nie.

Samuel is bang om iemand as koning te salf want 'as Saul dit hoor sal hy my doodmaak!' Die waarskuwing wat Samuel in opdrag van die Here die volk gegee het oor die mag van 'n koning was nie verniet nie. Koning Saul het sy mag net so verkeerd gebruik soos die heidense konings. As hy nie gehou het van iets wat iemand gedoen het nie, is daardie persoon somer so doodgemaak. Ons sien vandag nog presies dieselfde. Reg en geregtigheid bestaan nêrens waar die mens nie wil buig voor die wil van die hemelse Koning nie.

Die HERE neem Samuel se angs weg deur hom te beveel om in Betlehem 'n vredeoffer te bring. By die ete na die offer moet Isai en sy seuns spesiaal uitgenooi word. Dan sou die Here vir Samuel laat weet watter van die seuns as koning gesalf moet word.

'n Vredeoffer was 'n offer waarby God die Gasheer was en die gelowige Israeliete God se gaste. Die slagdier is deur die gelowige vir die HERE gegee maar Hy gee nou weer 'n deel daarvan terug vir die mense wat dit as 'n feesete mag eet. Die beste en lekkerste deel van die offerdier word vir die HERE gegee deur dit op die altaar te verbrand. Die naasbeste van die offerdier moes na die priesters gaan, hulle het tog die naaste aan die HERE geleef. Dit was die bors van die offerdier. Die priester wat self die offer gebring het moes as vergoeding vir sy werk die regterboud en agterpoot kry. Van alles wat oorgebly het kon die offeraar dan met sy gesin 'n feestelike ete hou.

Die vredeoffer is gebring wanneer die verhouding tussen God en Sy gelowiges goed was. Wanneer 'n Israeliet dus met 'n goeie gewete na sy God kon gaan. Vir sondes wat gedoen was en waarvoor vergewing by God gevra moes word het God die sondeoffer ingestel. Die offeraar kon nooit iets van die sondeoffer eet nie en selfs die priesters was nie altyd toegelaat om iets daarvan te eet nie.

Gehoorsaam het Samuel na Betlehem gegaan. Sy aankoms het daar nogal konsternasie veroorsaak. Waarom sou die ou profeet nou spesiaal na hulle ou

dorpie kom en nogal met 'n jong koei as offerdier by hom? Het die inwoners van Betlehem dan só gesondig dat die bejaarde profeet self al die moeite moes doen om 'n sondeoffer aan die HERE te gee? Baie ontsteld en bekommerd het die oudstes van die dorp na Samuel gegaan en gevra of hy 'met vrede' kom of kom die profeet om hulle te bestraf?

Gou is hulle gerusgestel. Samuel kom dan juis om in Betlehem 'n vredeoffer te bring en hy nooi al die oudstes van die dorp uit om saam met hom die feesmaaltyd te geniet. Die genoides moet hulle 'heilig' en dan kom. Niemand mag vuil voor God kom nie want God is 'n heilige God. Waarskynlik het dit hier beteken dat die oudstes hulle moes was en skoon feesklere moes aantrek. Tot vandag toe trek ons tog ook skoon en spesiaal aan om kerktoe te gaan, ons Sondagse klere is eintlik feesklere.

Daarna het Samuel na die huis van Isaï gegaan en spesiaal sy seuns ook genooi want hulle was natuurlik geen oudstes van die dorp nie. Hy het hulle ook gesê wat hulle moet doen om hulle te heilig om die feestelike offer te kan bywoon.

Hier in Isaï se huis het Samuel nou die geleentheid om die opdrag van die Here uit te voer. Hy kan nou die seun van Isaï self sonder dat iemand wat nie deel van die gesin is, dit sal agterkom.

Eliab die oudste seun van Isaï kom in. Samuel is onmiddellik aangenaam verras om daardie mooi en groot jongman te sien. Dit moet beslis die man wees wat die Here uitverkies het. Sy mooi voorkoms en stewige liggaamsbou laat hom gelukkig nie juis by koning Saul se liggaamsbou in die skaduwee staan nie. Maar Samuel weet ook dat hy nie alleen by Isaï en sy seuns is nie, die HERE is ook daar. Daarom dink hy 'werklik, hier staan vóór die HERE Sy gesalfde'!

Een van ons spreekwoorde is dat jy 'n man nie op sy baadjie moet takseer nie. Jou eerste indruk van iemand is glad nie altyd reg nie. 'n Ander spreekwoord lui 'jy kyk iemand voor die kop maar nie in die krop nie'. Mens kan nie van die buitekant af bepaal hoe iemand is nie. Dit is so want die Woord van God leer dit hier vir die

ou grysaard wat van God baie wysheid ontvang het. In sy lang en gehoorsame gelowige lewe en werk het hy baie mensekennis opgedoen. God leer hom hier egter nog iets. As Samuel so'n les nodig gehad het dan het ons dit seker nog meer nodig. God begin met die roeping van 'n koning heeltemal van nuuts af. Die HERE kies Self, Hy doen alles. Daarom sê die HERE vir Samuel: 'moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek ag hom te gering. God kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die HERE na die innerlike'.

Dit is nie belangrik dat iemand mooi gebou is nie. Die allerbelangrikste is dat die hart reg is. Die hart moet die HERE liefhê en gehoorsaam wees aan die HERE. Alleen dan kan die liggaam gebruik word om te doen waarvoor die HERE die liggaam gegee het.

Die tweede seun word na Samuel geroep, maar hy moet ook verbygaan en netso elkeen van die sewe seuns wat tuis was. Die HERE het hulle verby laat gaan omdat Hy hulle verbygegaan het. Op die ou end sê Samuel hard en duidelik vir pa Isaï : 'Die HERE het hulle nie uitgekies nie !' Die profeet was heeltemal seker daarvan. Nadruklik vra die grys profeet: 'is dit ál die seuns?' Pa Isaï het blykbaar gedink dat dit nie nodig was om die jongste seun te laat kom nie. Dawid is nog nie werklik in die gesin gereken nie, hy was nog te jonk om saam te praat en in tel te wees.

Die HERE roep nou juis die een wat nie deur die mense gereken word nie. God doen dit ook om ons wat so graag iets werd wil wees in die oë van ander mense, skaam te laat word. Die profeet van die HERE sê dat hulle nie die feesete kan hou voordat die jongste seun nie tuis is nie.

Dawid word geroep en na die profeet gebring. Die jong seun van so'n 16 of 17 jaar kom in en die eerste wat opval was sy rooi songebrande gesig en mooi oë terwyl sy hele voorkoms aantreklik was. Dit is opvallend dat Dawid se uiterlike so breedvoerig beskryf word. Hy lyk sommerso al 'n aangename seun wat geseënd is met 'n aantreklike liggaamsbou en algehele voorkoms. Tog kies God hom nie op

grond daarvan nie maar weens sy innerlike, sy hart. Dawid is die man wat deur God gekies is omdat hy in sy hart vir die HERE gekies het. In hom wil God die nuwe begin maak.

Op bevel van die HERE neem Samuel die beeshoring met olie en salf die jong seun voor sy pa en sy broers as getuies. Dit was nou die tweede keer dat Samuel 'n koning moes salf. Die olie wat daarvoor gebruik is was baie goeie olyfolie. In die Ooste het die gasheer sy gaste na 'n vermoeiende reis met olie gesalf. Daarna het hulle weer vars en sterk gevoel. So was hierdie salwing van 'n koning 'n teken dat hy bekwaam en sterk gemaak is vir sy amp en ook wettig geroep is. God het met die salwing hom in beslag geneem om Hom te dien as Israel se koning. Die salwing was ook teken van die belofte dat God vir Dawid die krag van Sy Gees gee sodat hy sy werk kan doen.

God kies nie alleen nie maar Hy gee deur die Heilige Gees ook die krag om vir Hom te bly kies. Ons lees dan ook dat na die salwing 'die Gees van die HERE van daardie dag af kragtig in Dawid gewerk het'.

DAWID - KONING SAUL WORD DEUR GOD GESTRAF MET 'N BOSE GEES

1 Sam 16 : 14 e.v.

Met koning Saul het dit maar nie goed gegaan nie. Hy het geweet dat dit wat die HERE sê ook sal gebeur. Die HERE het hom deur Sy profeet Samuel gesê dat sy koningskap van hom afgeskeur sal word netsoos hy Samuel se profetekleed geskeur het.

Die koning wou dit wel nie erken nie maar daardie woorde het hom bly pla. By tye het hy gevoel dat hy mal wil word van magtelose woede. Pleks van om vergewing te vra en met berou na die HERE te gaan, het hy al hoe meer verbitterd teenoor die HERE geword.

Die rede vir sy houding was dat die HERE Sy Gees van koning Saul weggeneem het. Die Gees het op Dawid gekom. In die plek daarvan het God 'n bose gees vir Saul gegee. Omdat hy die HERE nie wil dien nie kán hy die Here nie meer dien nie. Hy het die kant van die duiwel gekies en moes nou voel watter harde baas die duiwel is.

Saul se dienare wat saam met hom in die paleis gewoon het, het gesien dat hulle koning by tye deur die bose gees in besit geneem is. Sy ontsettende buie van woede of angs was nie normaal nie. Opvallend is dat daar tussen hierdie eerste koning en sy dienare 'n baie mooi en goeie verhouding was. Hulle durf met Saul te praat en selfs reguit sê dat hy gepla word deur 'n bose gees wat God gestuur het. Die koning het dit trouens self al agtergekom.

As goeie troue amptenare het hulle aan planne gedink om die koning se lyde ligter te maak. Genesing kan nie kom nie maar hulle het geweet dat rustige musiek 'n goeie medisyne kan wees. Daarom is voorgestel dat die koning iemand moet kry wat musiek kan maak wanneer die bose gees die koning verskrik. Die koning luister na goeie raad en vra dat so 'n man gesoek moet word.

Een van die paleisbeamptes ken gelukkig iemand wat goed kan speel en wat boonop 'n dapper man is, 'n seun van Isai. Die beampte ken sy koning se voorliefde vir dapper soldate en daarom wys hy ook op daardie kant van Dawid. Verder is Dawid mooi gebou, nie op sy mond geval nie wat moontlik daarop wys dat hy gesing het terwyl hy op die lier gespeel het. In kort : hierdie man sal goed in die paleislewe inpas.

Die wonderlike getuigskrif oor Dawid is gevolg van die seun se ontwikkeling na die salwing. Deur die krag van die Gees kon die geroepe Dawid opgroei in diens van die HERE. In die veld kon hy die werk van die Skepper leer ken en sien hoe God alles versorg. Daar kon hy ook oefen om te leer om God te eer deur musiek te maak en te sing. In die paradys al het God die mens opdrag gegee om oor die skepping te heers. Dit beteken ook dat aanleg en talente wat ons van God

ontvang het ook ontwikkel moet word. Ons moet daardie aanleg onder die knie kry, dit báásraak. Al moet veral seuns dikwels spot verduur van maats wat nie daardie musikale of kunstantent het nie. Dawid was ook as seun glad nie ‘n ‘sissie’ nie. By sy daaglikse musiekoefeninge en digoefeninge was ook sy ‘skiet’oefeninge. ‘n Skaapwagter moet altyd gereed wees om die aanval van ‘n verskeurende roofdier af te slaan. As jong seun het hy op sy eentjie al ‘n beer en ‘n leeu doodgemaak, heelmoontlik in ‘n groot mate met sy kaalhande. Nou nie juis iets vir ons klassieke beeld van ‘n ‘sissie’ nie.

Koning Saul val met die plan in. Hy stuur boodskappers na pa Isaï om te sê ‘Stuur jou seun Dawid wat by die kleinvee is, na my toe.’ Ons kan ons indink dat die pa eers bekommerd was dat die geheim van die salwing van sy seun uitgelek het. Maar toe die vriendelike versoek oorgedra is het die pa onmiddellik ingestem.

Omdat die koning tog deur die HERE geroep en gesalf is en so gesien is as die verteenwoordiger van die hemelse Koning, was dit nodig dat Dawid ‘n geskenk sou saamneem. Die geskenk is vyf brode, ‘n sak wyn en ‘n bokkie. Dit gee ons wel die indruk dat Dawid glad nie ‘n rykmanskind was nie. Isaï het maar ‘n klein klompie kleinvee besit waarvan hulle almal moes leef.

In gehoorsaamheid gaan Dawid. Wat moes daar deur sy kop gegaan het? Hy wat geroep is om koning te wees moes nou by dié koning gaan woon en hóm dien wat deur God verwerp was. Al was dit vir Dawid ‘n eer was dit ook vir die gesalfde ‘n pad van vernedering. Gelowig het hy gegaan en die werk in die geloof gedoen. In die krag van die Gees van God het hy geduldig gewag op die vervulling van God se beloftes en nie in eie krag die belofte gegryp deur dit self te vervul nie. In Dawid sien ons nooit in sy lewe opstand teen die koning nie, hy was nooit ‘n rewolusionêr nie. Dit is genade.

Dawid se verblyf by koning Saul was ‘n leertyd. Hy kon leer hoe ‘n koning sy volk regeer en die volk kon hom leer ken.

Tussen koning Saul en Dawid groei 'n baie mooi verhouding. Die koning het hom liefgekry en vir pa Isaï gevra dat Dawid in die paleis kan bly. Ondertussen het die seun 'n vaste aanstelling as wapendraer gekry. Dit is iets soos adjudant van die koning. Sy werk het nou wel nie verander nie, hy het die lierspeler gebly maar die soldatekoning Saul het daar nou net 'n militêre rang van gemaak.

Saul het baie baat gevind by die lierspel. Elke keer wanneer die boosaardige gees van God oor die koning gekom het kon Dawid die gees met sy lierspel verdryf. In Dawid se musiek het die seun sy geloof en vertroue op die HERE laat deurklink.

Die HERE bly Koning oor koning Saul. Hy gebruik hierdie menslike koning om Dawid voor te berei vir sy koninklike amp. Deur sy werk as lierspeler het God Dawid gebruik om te sorg dat Israel onder koning Saul nie heeltemal verwar is nie. God is 'n God van orde en so gebruik Hy die jong seun om nog 'n mate van orde in Israel te laat bestaan.

DAWID en GOLIAT. 1 Sam 17

Oorlog ! Een van die ontsettendste en afgrypslikste woorde in enige taal in enige tyd. Watter seë van ellende, bloed en tranes lê daar in hierdie een woord. Dit is onmoontlik om werklik te beseef wat dit beteken as jy dit nie self beleef het nie.

In Israel het die alarmkreet weer 'n keer weerklink: 'oorlog ! oorlog ! die Filistyne val in!' Die vyand grawe hulle toe in in die grensgebied teen die berghelling by die Terpentynbomedal. Saul het aan die ander kant van die dal sy leër laat laer opslaan. Weereens moes Saul sy volk lei in 'n oorlog teen die Filistyne. En dit terwyl God hom juis as koning geroep het om vir eens en vir altyd met die Filistyne af te reken. Omdat Saul nie volkome op die HERE vertrou het, nie werklik geglo het nie, het God hom nie die oorwinning gegee nie.

Die twee leërs het al omtrent ses weke lank so teenoor mekaar gestaan. Elke oggend het die soldate hulle stellings ingeneem en hulle krygsgeskreeu aangehef.

Dit is iets wat ons vandag nie meer ken nie. Tog leef daarvan nog iets by skolesport wanneer die verskillende groepe van een skool onder leiding van 'n dirigent met oorver-dowende sportliedjies se geskreeu aangemoedig word om in die sportstrydperk te wen. In die moderne oorlog word die propagandamasjien deur die radio, televisie en koerante ingespan. Die tuisfront moet aangewakker word om 'n hoë moreel te hou. Die vyand moet deur propaganda en groot woorde sag- en banggemaak word. Die metodes verander, die doel bly dieselfde.

Dit eis baie geduld om die moreel van die vyand te breek. Die Filistyne het geduld gehad. Hulle was die sterkste maar die Israeliete se strategiese posisies was beter. Daarom het hulle al veertig dae lank probeer om die moreel van die Israeliete te breek.

Die Filistyne se groot voordeel was dat hulle 'n reus gehad het wat enige mens sou bang laat word. Hierdie reus was 'n afstammeling van die Enakiete wat in die tyd van Josua met die intog in Kanaän al reuse was. Weer het Israel teenoor Enak gestaan met die groot verskil dat die geloof van Josua en Kaleb nou by die leier ontbreek.

Goliat het omtrent drie meter in sy sokkies gestaan en was swaar bewapen. Hy was, om dit in moderne terme te giet, 'n lopende pantserkar met ultra moderne swaar geskut. Want wat was die geval? Sy verdedigingswapens was 'n helm en 'n pantser waarvan die plate soos skubbe oor mekaar gepas het en die draer dus genoeg bewegingsvryheid gegee het. Sy onderbene was ook nog met skeenplate beskerm. Die pantser alleen het al tagtig kilo geweeg ! Al hierdie verdedigingswapens was van koper gemaak. Ons weet egter nie of dit suiwer koper was nie, waarskynliker brons wat 'n mengsel is van koper en tin en harder is. In Egipte is kopervoorwerpe gevind wat so bewerk is dat hulle sterker as staal is. Soos met baie dinge van die oudheid staan ons verstom oor daardie werk en weet glad nie met watter metode hulle dit kon regkry nie.

Die Filistynse huursoldaat Goliat het drie aanvalswapens gehad. Die een was 'n

koperwerpspies wat hy op sy massiewe skouer gedra het en dus met sy een hand vasgehou het. In die ander hand het hy 'n spies of lans gehou waarvan die houtsteel so groot soos 'n wewersbalk was. Die lem van daardie spies was van die allernuutste uitvindsel gemaak naamlik yster. Hierdie lem was so groot dat dit omtrent 10 kilogram geweeg het en soos 'n vurige vlam in die somerson geblink het. En dan het hy ook nog sy geweldige swaard gehad.

Hierdie reus was 'n afskrikwekkende verskyning. Van kop tot tone het hy geskitter in die sonlig. Goliat was beter bewapen as enige Israëliet met insluiting van die koning. Die Israëliete se wapens was nie naastenby so sterk soos die ysterwapens van die vyand nie. Die Israëliete het nog niks geweet van ysterbewerking nie sodat die boere hulle ysterlandbou implemente van die Filistyne moes koop en selfs vir die skerpmmaak daarvan was hulle volkome afhanklik van die Filistyne.

Elke oggend en elke middag het Goliat saam met sy Filistynse skilddraer in die dal gaan staan en Israel uitgedaag om iemand teen hom te laat veg. Hierdie tweegeveg sal dan die oorlog beslis. Ook in Israel was hierdie gewoonte bekend. Vir veertig dae het dit nou al so aangegaan.

Die gevolg was dat die moreel van Israel lankal 'n laagtepunt bereik het. Koning Saul was te bang om die uitdaging te aanvaar. Dit was duidelik dat die Gees van God van hom gewyk het, sy dapperheid het verdwyn. Selfs die baie dapper Jonatan, Saul se oudste seun, was aangesteek deur sy pa se lafheid.

Dit is verstaanbaar dat Saul bang was vir die reus. Maar dat hy hom selfs toegelaat het om die God van Israel te beledig kan nie goedgepraat word nie. Die reus het geskreeu dat hy die Filistyne verteenwoordig teenoor Saul se slawe. Maar Israel was nie 'n slawevolk nie. Hulle is God se volk wat deur God uit die slawehuis van Egipte na vryheid gelei is. Daarom het die ongelowige die lewende God uitgedaag en gevloek. Juis daarom moes Saul duisendkeer liever wens om te sneuwel in die geveg vir die eer van God en Sy volk as om toe te laat dat God verneder is.

Hierin moet ons God se werk sien want Hy het dit so laat gebeur dat dit vir almal duidelik kon word watter onvoorstelbare krag in die geloof is.

Dawid het niks van hierdie omstandighede geweet nie. Sy oudste drie broers was al oud genoeg om in die leër te dien en hulle was dan ook daar. Self was hy nog te jonk en het sy gewone skaapwagterwerk gedoen.

God roep hom nou op 'n onopvallende manier na die front toe. Sy pa stuur hom met kos of rantsoene vir sy broers en as teken van waardering stuur hy vir hulle bevelvoerder tien skywe kaas. Dawid moet uitvind hoe dit met sy broers gaan en 'n bewys soos 'n brief van sy broers af terugbring. Gehoorsaam gaan Dawid.

By die laer aangekom was dit weer tyd vir die twee leërs om onder oorverdowende krigsgeskreeu hulle stellings in te neem.

Die afgelope jare sien ons iets wat 'n mens daaraan laat dink. Op die grens van Indië en Pakistan vind elke dag by die verwisseling van die wag 'n kleurvolle belaglike spektakel plaas waarin die een vir die ander vyand met meer kapokhaantjie- kinderagtigheid wys hoe gek 'n mens kan optree.

Dawid is verstom deur die skouspel en die belediging van God en Sy volk. Watter skande om te sien hoe die hele leër van Israel doodsbang terugtrek, ja smadelik vlug.

Dawid hoor die soldate ondermekaar praat oor die beloning wat koning Saul aangebied het vir die man wat teen Goliat durf veg. In die gesprek kan hy sy mond nie hou nie en praat hy oor die onbesnede Filistyn wat dus nie in die verbond met God staan nie maar dit durf waag om die lewende Verbondsgod, die lewende God van die linies van Israel uit te daag!! Deur die Gees gelei het Dawid alles onmiddellik in die regte verhouding gesien en dit gelowig gesê.

Selfs Dawid se eie broer Eliab het nie daarvan gehou nie. Op 'n onregverdige manier wat deur sy woede vererger is wil hy sy jongste broertjie op sy plek sit.

Dawid gaan nie op die verwyte in nie maar vind na 'n sagte antwoord verder uit of hierdie lafhartige houding dwarsdeur die leër posgevat het.

Vir die soldate was dit nuus dat iemand nie saam met hulle gebeef en uitgekyk het vir iemand anders wat teen die reus sou veg. Hulle laat koning Saul hoor van die man wat nie vreesbevange is vir die reus nie.

Al het Dawid tot nou toe nog glad nie aangebied dat hy teen die heiden sou veg nie, het hy nie kop uitgetrek toe hy voor die koning staan nie. Hy sal ‘teen hierdie Filistyn’ veg.

Die koning wat net daaraan dink om die kragte van Goliat en Dawid te vergelyk, kan op sy vingers uitreken dat dit ‘n vermetele onmoontlike plan is. Dawid is dan ‘n seun en die heiden is van kleintyd af as soldaat opgevoed.

Al is Dawid nog ‘n seun maak die koning ‘n fout as hy dink dat hy net musiek kan maak en droomverlore saam met ‘n klompie skape in groen weivelde sou sit. Hy was ‘n skaapwagter in ‘n gevaarlike gebied. So gevaarlik dat hy al teenoor groot roofdiere te staan gekom het. Sowel die leeu as die beer het hulle rieme styfgeloop teenoor hom. Spesifiek ‘n leeu het hy al kaalvuis doodgemaak. En, sê die seun, met die Filistyn sal dit net so gaan omdat hy ‘ die linies van die lewende God verkleineer het’. Dít is waaroor dit gaan.

Daar is by Dawid geen grootspraak of winsbejag weens die uitgeloofde beloning nie. Sy geloofsvertroue dryf hom. “ Die HERE wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hy sal my red uit die mag van hierdie Filistyn’. Daarteen kan koning Saul niks inbring nie. Die geloofsvertroue van hierdie seun is iets wat die koning lankal vergeet het. Die koning stem nou in met as seënwens: ‘mag die HERE by jou wees’.

Tog wou die koning nie die geloof van die seun sy eie maak nie. Dawid moes Saul se pantser aantrek en sy wapens dra. Dit wys daarop dat Dawid nie klein was nie maar ongeveer net soos Saul groot gebou was. Maar dit neem nie weg dat hy in daardie swaar pantser te moeilik kon beweeg. Boonop kon Dawid wat die werklike koning sou word in geen geval op tree op die manier van koning Saul nie. Want met Dawid maak God tog ‘n heel nuwe begin, sy koninklike amp mag nie

gebou word op die krag en mag van die mens en sy wapens nie.

Dit wil nie sê dat Dawid in blinde geloof op 'n wonder eintlik God versoek nie. Hy gebruik die verstand en talente wat God hom gegee het in gelowige vertroue op God. Daarom neem hy sy gewone staf of kerie waarmee hy in die veld geloop het. Hy soek vir hom in 'n spruit vyf skerp geskuurde klippe wat hy in 'n vakkie van sy herderstas sit. Met sy slingervel in sy hand loop hy na die Filistyn in die dal toe.

Watter onverwagte vernedering vir die beroepshuursoldaat Goliat. Die magtige van die wêreld sien 'n mooi blosende jongseun met 'n stok by hom wat hom wil aandurf. Natuurlik verwar dit hom 'n bietjie sodat ons die indruk kry dat hy nie heeltemal seker is of die seun werklik met hom die stryd wil aanknoop. Wanneer hy egter bemerk dat dit Dawid erns is word hy éérs verontwaardig. Is hy as gevreesde soldaat dan 'n veragtelike Oosterse hond wat mens met 'n stok wegjaag? By al sy gode vloek hy Dawid met 'n woedende bulderende geskreeu. Laat hy maar nader kom dan sal hy maalvleis van hom maak sodat dit nie eers nodig sal wees om Dawid te begrawe nie.

Dawid se antwoord is 'n rustige waardige geloofsbelydenis. Teenoor al die wêreldse wapengeweld kom Dawid na hom in die werklike onoorwinlike krag van die Naam van die HERE van die leërskaare, die God van die linies van Israel wat Goliat uitgedaag het.

Die grond van die geveg lê juis daarin dat dit 'n geloofsgeveg is, 'n godsdiensoorlog. Daarom bely Dawid dat hy veg in die Naam van dié HERE wat die beslissing van hierdie geveg ook sal gee.

Vol sekerheid bely Dawid sy geloof dat die HERE die oorwinning sal gee. Nie alleen oor Goliat nie maar oor die hele Filistynse leer sodat die hele wêreld sal weet dat Israel 'n God het. Die Geesbesielde Dawid het met 'n breë armswaai sy woorde oor die hele wêreld krag bygesit. Daarby ook na die hele menigte soldate gewys wat sal moet erken dat die HERE nie van menslike wapens en krag afhanklik is om te verlos nie. Want die stryd behoort aan die HERE en Hy sal die

vyand in Sy volk se hand gee.

Die Filistyn het nou genoeg gehad van die brutaliteit van die seun wat nog skaars droog agter die ore is. Nou wil hy sy mond snoer. Maar die seun kies nie die hasepad nie, hy kom selfs vinnig nader. Dan steek hy vas, haal 'n klip uit sy tas en plaas dit in sy slingervel. Hy steek die middelvinger van sy regterhand in die lussie van die slingervel en hou met dieselfde hand die ander lyn van die slingervel vas. Bokant sy hoof slinger hy die slingervel om dan die los lyn te los waarna die klip deur die lug suis. Die skerp klip tref die reus in sy voorkop sodat hy kletterend vooroor val. Die klip is deur God so gestuur dat dit die heiden onmiddellik getref en neergevel het. God het Dawid se behendigheid hierby ingespan.

Dawid het na die heiden toe gehardloop, die reus se eie swaard geneem om hom daarmee dood te maak en sy kop af te kap. Dit was wel die toppunt van vernedering dat die beroepshuursoldaat met sy eie swaard vankant gemaak is.

Die absoluut ongelooflike het gebeur. Beide leërs was seker 'n oomblik vasgenael van stomme verbasing. Toe vlug die Filistyne in paniek en kom die Israëliete in beweging om die vlugtende Filistyne juigend te agtervolg en 'n geweldige slagting onder die heidene aan te rig.

Met die gereedskap van 'n herder het die gesalfde van die HERE die verteenwoordiger van die heidense wêreld neergevel. In die Naam van die HERE het die Geesvervulde seun as 'n lewende profesie van die Herder-Koning Jesus Christus opgetree. Jesus Christus wat in die Skrif verskillende kere die Herder van Dawid genoem word.

DAWID EN JONATAN : WARE VRIENDSKAP 1 Sam 18 e.v.

Die vriendskap tussen Dawid en Jonatan raak elkeen wat in die Heilige Skrif

daaroor lees. Van so'n ware vriendskap lees ons nêrens anders in die Bybel nie en nog veel minder in enige ander boek. Soos baie ander woorde of gebeurtenisse in die Bybel het hierdie vriendskap ook in ons spreekwoorde 'n plek gekry. Wanneer twee seuns boesemvriende is praat ons daarvan dat hulle soos Dawid en Jonatan is. Maar die vriendskap tussen Dawid en Jonatan was dieper as wat dit onder ons kan wees.

Jonatan was koning Saul se oudste seun. Volgens die gewoonte by die heidense konings moes die oudste seun die pa as koning opvolg. Tot vandag toe is dit nog die gewoonte in koninklike families. Koning Saul wou daardie reëling ook in Israel invoer.

Daar het die fout al onmiddellik gelê. Koning Saul was deur God geroep om die Here se sigbare verteenwoordiger as koning te wees. In sy regering het Saul egter nie laat sien dat die HERE dié Koning was nie. Saul wou in eie krag koning wees en die Here net gebruik wanneer dit hom gepas het. Hy wou nie dién nie. Weens sy ongehoorsamheid en opstand teen die hemelse koning is hy deur God verwerp. Die profeet Samuel het in opdrag van God vir Saul laat weet dat die Here 'n ander man as koning sou roep. Die koningskap sou dus nie oorgeërf word nie.

Selfs dit het Saul nie tot bekering laat kom nie. Hy wou en sou sorg dat sy seun in sy plek koning sou word.

In die oë van die volk en die koning was Jonatan die kroonprins. Dit was logies dat hy na Saul se dood koning sou word. In elk geval kon niemand aan 'n beter opvolger dink nie. Jonatan was uitgeknip vir 'n koning. Hy was 'n uitsonderlike dapper jongman wat op sy eie houtjie 'n stuk of twintig Filistyne verslaan het. Hierdie Filistyne het 'n wagpos beman wat menslik gesproke absoluut oninneembaar was. Die gevolg was dat die moed van die vyand gebreek was en Israel 'n groot oorwinning kon behaal.

Jonatan se oorwinning het die soldate só aangegryp dat hulle hom geëer het en by sy pa vir hom in die bres getree het. Die opvallendste van hierdie oorwinning was

Jonatan se optrede. Hy het in volkome geloofsvertroue die heidene aangeval. Hy het so in sy God geglo dat hy met 'n geloofsbelydenis die stryd aangepak het. Hy gaan vingeralleen met iemand wat sy wapens moet help dra. Oop en bloot klim hy teen 'n helling uit na 'n oninneembare wagpos wat beman word deur 'n twintigvoudige oormag.

Hy gaan in vertroue op die HERE want, bely hy: ' by die HERE is daar geen verandering om deur baie of deur min te verlos nie'. Na die oorwinning het die soldate ook gelowig bely dat Jonatan dit met God gedoen het.

Al was Jonatan Saul se seun was hy baie anders as sy pa. Al twee was baie dapper maar die verskil was dat Saul op sy eie krag staatgemaak het terwyl Jonatan gelowig alles van die HERE verwag het. Israel kan nie alleen deur moed en dapperheid verlos word nie. Alleen geloof kan verlossing bewerk. Daardie geloof het Jonatan besit. Koning Saul het nou 'n les in geloof ontvang deur Jonatan se optrede. Dieselfde het later gebeur met die geloofsdaad van Dawid teen Goliat. Die koning was al deur God verlaat en kon nie sien dat geloof die grond vir Dawid se oorwinning was nie.

By Jonatan was dit totaal anders. In Dawid het hy dieselfde geloofsmoed gesien wat hy by Mikmas gehad het. Omdat hy deur die atmosfeer rondom Saul aangesteek was het hyself nie die geloofsmoed gehad om Goliat aan te durf nie. God het dit so beskik. Al was dit in God se oë nog nie tyd dat die salwing van Dawid tot koning bekend moes raak nie, moes die volk Dawid leer ken as die gelowige herder. 'n Herder wat in die krag van die HERE en hemelse Koning verlossing bring. Koning en volk moes 'n les ontvang in geloof. God het Dawid daarvoor gebruik.

Jonatan se edele karakter was 'n gawe van God. Pleks van enige jaloesie teenoor hierdie seun wat veral die koning en hom as kroonprins in die skande gestek het deur sy gelowige dapperheid, was daar geweldige agting en sielsverbondenheid.

Uit Dawid se optrede en sy woorde kom Jonatan agter dat hulle al twee dieselfde

dink. Hulle het dieselfde geloof en dit is die werklike grondslag vir ware vriendskap. Die kroonprins het hierdie seun so lief soos homself gekry en meer kan 'n mens nie gee nie. Daarom het hy met Dawid 'n vriendskapsverbond gesluit, iets heel besonders want dit word nêrens in die Bybel op hierdie manier gevind nie. Die seun van die koning aanvaar in sy verbond Dawid as sy gelyke, hy verhoog hom tot sy vriend. Die verbond is in die Naam van die HERE gesluit, Hy is die Getuie.

Jonatan het sy opregte bedoeling met hierdie vriendskapsverbond nog benadruk deur sy gevegsklere saam met sy wapens vir die skaapwagterbroeder te gee. Veral in die outyd is daar 'n baie noue band gesien tussen 'n persoon en sy klere. Die klere was tog eintlik deel van iemand self. Daarom kan ons hierin sien dat Jonatan eintlik 'n deel van homself vir Dawid gegee het. Dawid aanvaar die geskenke en sluit met Jonatan die verbond waarin ons sien dat hy ook van sy kant Jonatan as vriend liefgekry het.

Die HERE het hierdie vriendskap deur Sy Gees gewek en geseën. God het Dawid 'n ware vriend gegee in sy eensaamheid wat sou kom. Waar die oudste seun van die bedreigde koning 'n geswore vyand sou wees sorg God dat Jonatan Dawid se getrouste vriend word.

Jonatan het deur sy vriendskap dit vir homself wel baie moeilik gemaak. Hy moet sy pa liefhê, eer en gehoorsaam. Aan die ander kant moet hy hom vir wie hy sy vriendskap in die Naam van die HERE gesweer het ook trou bly. God het hom bewaar en die nodige wysheid gegee.

As gelowige probeer hy met geduld en wysheid sy pa en Dawid te versoen. As dit nie help nie en Jonatan deur sy woedende pa amper vermoor word bly die kroonprins nog aan sy pa én sy vriend getrou. Hy bly by sy pa, hy verlaat nie die plek waar die HERE hom geplaas het nie. En hy erken en eer sy vriend as die gesalfde toekomstige koning.

Ware vriendskap van Dawid en Jonatan is gewortel in die geloof. Jonatan kon van Dawid niks kry nie, hy moes net gee. Sy hele belowende blink toekoms as koning

moes hy afstaan aan 'n eenvoudige skaapwagter. Hy het dit in die geloof gedoen, nie daaroor gekla nie maar hom volkome in tevredenheid gebuig voor God se wil. In sy vriendskap met Dawid het hy homself heeltemal gegee en daarmee teen sy eie belang ingegaan .

Daarvan kon koning Saul niks verstaan nie. Hy vloek sy eie seun op 'n vuil en verskriklike manier en probeer hom selfs dood te maak. In heilige woede gaan Jonatan dan weg, baie hartseer. Nie omdat sy pa hom gevloek het nie maar omdat hy so skandalig teenoor Dawid optree !

Jonatan vertel sy vriend dat daar geen hoop is dat sy pa sy wraaksugtige planne sal los nie. Saul soek Dawid se dood. Dawid buig uit eerbetoon driemaal voor die prins, terwyl altwee dapper manne huil en diep bedroef is. Jonatan se gedrag pas by 'n kroonprins want hy kan homself vinnig beheers sodat hy Dawid gelowig groet en hom laat gaan.

Self gaan Jonatan terug na sy pa wat nie wil luister na die HERE en nie wil buig voor die Woord van die HERE nie. Getrou doen die prins sy werk. Tot nou toe was hy Saul se vertroude raadgewer en waarskynlik het dit so gebly. Die HERE het hom gebruik om te voorkom dat Israel heeltemal in chaos gedompel sou word onder die bewind van sy ongelowige pa. Tot die bitter einde toe het hy by sy pa gebly, tot op die slagveld van Gilboa waar Jonatan gesneuwel en Saul selfmoord gepleeg het.

Dawid hoor van die dood van sy boesemvriend en dan sing hy sy ontroerende klaaglied. Hy praat dwarsdeur die dood heen met sy ' broer Jonatan' wanneer hy sê : ' Ek is bedroef oor jou, my broer Jonatan. Jy was vir my baie lieflik. Jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van vroue'.

Toe hulle die verbond gesluit het, het hulle broers geword. Vir Dawid sal dit baie swaar wees om hom te mis. Daar sal nog baie stryd voorlê nie alleen teen die heidene nie maar ook in sy eie volk wat die kerk van daardie tyd was. Jonatan het as held geval weens sy getrouheid teenoor God en sy pa en sy volk juis weens sy

pa se ontrou teenoor God .

Omdat Jonatan volkome getrou was teenoor sy Verbondsgod was hy ook volkome trou in die verbond met Dawid. Hierdie verbond was vir Dawid ‘n baie ryk belewenis en daarom vergelyk hy dit met die huweliksverbond. In sy huwelik het Dawid wonderlike liefde ontvang maar daar was die geval dat hoe beter dit met Dawid gegaan het, hoe beter dit ook met sy vrouens gegaan het. By Jonatan was dit juis die omgekeerde. Vir Jonatan het trou aan sy verbond beteken dat hy altyd minder moes word om tenslotte onder te gaan. Tenminste so het dit gelyk maar sy ondergang was sy deurgang na die ewige Kanaän, die hemelse koninkryk.

In Jonatan sien ons ‘n voorbeeld van wat later deur Dawid se Groot Seun Jesus Christus gesê sou word: ‘ wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou’.

Met die oog op die koms van Jesus Christus het Jonatan sy lewe verloor . Daaroor sing Dawid vol verwondering oor God se werk in die lewe van sy boesemvriend.

DIE SLAVIN VAN NAÄMAN. 2 Konings 5

Die wyse Prediker het al eeue gelede laat hoor dat daar niks nuuts onder die son is nie. Wanneer ons die onwankelbare Woord van God lees dan val dit ons op dat baie dinge wat daarin beskryf is vandag nog netso gebeur. In die ou tyd is mense deur vyande as slawe weggevoer op hulle strooptogte. Vandag gebeur dit nog altyd in midde Afrika, dus op ons eie kontinent en verskillende ander lande waar die seuns dikwels as kindersoldate gebruik word. In hierdie eeu van die humanisties – kommunisties gekleurde verafgoding van ‘menseregte’ vind die grootste skendings daarvan nog altyd plaas. Die deur ons regeringsleiers hooggeroemde kommunisme het kinders van gelowige ouers gesteel om hulle groot te maak deur die Staat as vyande van Christus en Sy Kerk. Die verligte twintigste eeu van medemenslikheid is deur ‘n kerkgeskiedenis kenner bestempel as die bloedigste eeu van die kerkgeskiedenis.

Van so'n doelbewuste poging deur die Nazi's en die kommuniste om kinders as vyande van die ware HERE God groot te maak, lees ons nie in die Bybelsegeskiedenis nie. Die heidendom het sy eie gode gehad maar het in die algemeen toegelaat dat daar 'n mate van godsdienstvryheid was. Solank die eie staatsgode nie doelbewus verneder is nie kon elkeen sy eie heil uitwerk by sy eie god.

In die tyd van Elisa het Damaskus dikwels in die nuus gekom. Dit was die hoofstad van die strydlustige Sirië. Hoof van hulle magtige weermag was Naäman. 'n Baie populêre en geliefde generaal wat ook deur sy koning geëer was. Hy was 'n uitstekende bevelvoerder en baie dapper. Die Heilige Gees het spesifiek laat opteken dat Naäman 'n groot oorwinning teen 'n vyand behaal het. Hierdie oorwinning het die HERE hom gegee. Hierin word beklemtoon dat die God van Israel oor alle volke regeer, selfs al lyk dit asof dit niks te doen het met die lot van Sy eie volk Israel nie.

Tydens een van die Siriërs se strooptogte in Israel se gebied het hulle 'n jong meisie, eintlik 'n klein dogtertjie as gevangene saamgeneem na Damaskus. Naäman het haar toe waarskynlik as slavin op die slawemark gekoop. In elk geval het sy as slavinnetjie in die generaal se huis beland.

In Israel het dit glad nie goed gegaan nie. Die goddelose koning Agab was dood maar sy opvolger Joram was ook 'n opvolger in goddeloosheid. Weens die sondes van Sy volk het die HERE God die bedreigings van die verbond oor die volk laat kom. Weens hulle ongehoorsaamheid is die volk deur die Siriërs gestraf en is dogters gevang en as slavinne verkoop.

Die slavinnetjie in Naäman se huis het uit 'n gelowige huis gekom en was self ook 'n gelowige. God gebruik haar om Israel skaam te laat word omdat selfs deur 'n heiden die God van Israel geloof en geprys word.

Nie alleen deur die koning was Naäman geëer nie, ook in sy eie huis was die bediendes lief vir hom. Toe daar op 'n dag 'n klein wit kolletjie op die

bruingebrande soldaat se vel verskyn het, het dit groot konsternasie in Naäman se huis veroorsaak. Daar is gou besef dat dit die teken was van die gevreesde en besmetlike siekte melaatsheid. Daardie klein wit kolletjie was 'n vingerafdruk van die dood !

Die verhouding tussen die heidense leërhoof en sy slawe was baie goed. Ons sien dit verskillende kere in hierdie geskiedenis. Dit is beskamend vir ons as christene wat tog so dikwels geen kontak het met ons werksmense wat nie as slawe nie maar as vry mense in ons huise werk.

Die jong Israelietiese slavinnetjie was nie bly dat haar heidense baas deur die afgryslieke siekte op pad na sy graf was nie. Sy het haar vyande liefgehad. Deur die geloof het sy dapper maar ook baie ordentlik en beskeie vir Naäman se vrou gesê: 'Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak'.

Sy weet dat hulp alleen by die HERE gekry kan word. Haar eie volk het dit al vergeet. Maar sy weet dat die HERE sal help ás Hy daarvoor gevra word. Hierdie dogtertjie doen evangelisasiewerk in 'n heidense omgewing.

Eindelik was daar nou die moontlikheid van hulp vir die geliefde generaal. Hy gaan na die koning toe en sê vir hom wat die dogtertjie uit Israel gesê het.. Natuurlik moet die koning eers toestemming gee want so'n besoek aan Samaria kan allerlei politieke probleme gee.

Die koning is saam met sy stafhoof bly oor die goeie nuus en bied hom selfs aan om 'n brief vir koning Joram te skryf en saam te stuur, om die doel van die reis te verduidelik.

Die reis kon sommer goed gebruik word as 'n propaganda-reis waardeur Israel die krag en rykdom van Sirië kon sien. Naäman vertrek met 'n ry pakkdiere waarop geskenke vir Israel se koning en die profeet is. Net alleen met die silwer kon maklik meer as vierhonderd perde gekoop word en die goud was amper nog twee keer soveel werd. Daarby was daar nog tien stelle kosbare feesklere waarvan die

Oosterlinge tot vandag toe so baie hou.

Die Jode moet tog net nie dink dat Naäman as ‘n bedelaar kom nie, intendeel, die mag en prag van Sirië moet duidelik te sien wees.

Dit het toe ook baie goed gewerk. Die paleis in Samaria was in rep en roer. Vol agterdog is hierdie besoek as ‘n politieke skuif gesien. Koning Joram se eerste reaksie by die lees van die brief was ‘n politieke en ongelowige reaksie. In die brief lees hy dan “ ek stuur my dienaar Naäman .. wanneer hy by jou uitkom moet jy hom van sy melaatsheid gesond maak’.

Onmiddellik skeur die koning uit ontsteltenis sy klere en sê: ‘ is ek dan God wat mense laat sterwe of aan hulle die lewe gee.. ? Dit is ‘n valstrik ! Naäman is nie verniet ‘n beroemde generaal nie, hy soek nou net ‘n verskoning om ‘n volskaalse oorlog teen ons te begin.

Joram weet dus in elk geval nog dat daar ‘n almagtige God is . Maar tussen die weet met sy verstand en geloof lê daar by Joram ‘n baie wye kloof.

In die Skrif staan nie wat presies letterlik in die brief gestaan het nie. Dit is moontlik dat Elisa daarin genoem is. Verder sal dit uiters onwaarskynlik wees dat Naäman of iemand uit sy gevolg nie ‘n woord oor die profeet Elisa sou gepraat het nie. Maar die koning het nie eers ‘n gedagte daaraan gegee dat die moontlikheid bestaan dat die profeet Elisa die generaal sou kon genees nie. Die koning van Israel het net politiek in die oog gehad. ‘n Sonde wat nie tot sy tyd beperk was nie.

In die paleis in Samaria het ongeloof koning gekraai. Gelukkig was die hoofstad van Israel nie ‘n wêreldstad nie maar eerder vergelykbaar met ‘n redelike dorp in ons tyd en daarom het nuus vinnig versprei. Veral sensasionele nuus van die aankoms van ‘n bekende Siriese leerstafhoof met sy opsienbarende brief en rykdomme.

Elisa het van die ongelowige konsternasie gehoor. Vir die tweede keer daardie dag ontvang koning Joram ‘n onverwagte boodskap. Die man van God laat hom weet dat hy Naäman maar na hom toe kan stuur. Dan sal hy weet dat daar ‘n profeet in

Israel is. Trouens nie alleen die heiden nie maar Israel se eie ongelowige koning sal dit dan ook weet. Hy sal dan moet erken dat die God aan wie hy hom nie steur nie en wie se Naam hy net misbruik wanneer hy benoud is, die léwende God is. Dié God werk nog in Israel solank Hy gesoek word.

Vir Naäman is alles ‘n baie snaakse gedoente. Hy was gewoon aan allerlei wonderdokters en towenaars in sy eie koning se paleis. Mense wat op die geringste bevel onmiddellik self met alle haas en spoed gekom het. Maar hy het nog nooit daarvan gehoor dat ‘n hoogwaardigheidsbeksleër self na so’n profeet of wondergeneser moes gaan nie... Tog gaan hy maar ...dit is dan ook meer as genoeg. Hy verwerdig hom nie om van sy wa af te klim nie. Hy het genoeg vernedering in hierdie klein ou landjie ondergaan. Laat daardie profeet maar na hom toe kom. Per slot van rekening sal hy hom goed betaal.

Watter vernedering wag daar nog vir hom. Die profeet kom nie eers uit sy huis uit nie. Hy stuur net ‘n boodskapper wat hom aansê om hom sewe maal in die Jordaan te was en dan sal hy gesond wees. Kort en kragtig.

Toe bars die bom. Ons omskryf dit vandag so met ‘n militêre term. Die Siriese stafhoof het nog geen bomme geken nie maar sy woede het wel dieselfde skrik veroorsaak. Was dit nou ‘n manier van optrede teenoor hom as afgevaardigde van sy magtige koning ?

Naäman sê duidelik vir sy gevolg wat hy verwag het. Die profeet moes tog sekerlik gekom het en die Naam van die HERE sy God aanroep en dan met sy hand oor die melaatse plek heen-en-weer gaan met die uitspreek van allerlei besweringsformules sodat hy gesond kon word...! Nou moet hy na daardie vuil Jordaan van alle plekke !! Daardie ou stroompie was onvergelykbaar met die riviere van sy geliefde Damaskus.!

Wat dit betref was Naäman glad nie verkeerd nie. Damaskus se riviere was ‘n lus vir die oog, iets besonders. Hulle het gesprankel met helder water wat die omgewing soos ‘n paradys laat lyk het.

Naäman het nie daaraan gedink en heel moontlik nie eers geweet dat hy nou in die Heilige Land was nie. Daar is eenvoudig geen vergelyking nie. Die HERE doen Sy wonders op die onbelangrikste plekkies en in die eenvoudigste riviertjies.

Die woorde van die Here Jesus bly altyd van krag dat die wonderdade wat voor onboetvaardiges plaasvind juis daardie mense se oordeel verswaar.

Op bevel van hulle briesende vernederde generaal draai die rykbelaaide stoet om, terug huistoe!! Maar sy ondergeskiktes was nie maar net willose gediensige jaarbroers met 'n slawementaliteit nie. Die heiden Naäman het teenoor sy ondergeskiktes opgetree soos 'n mens van 'n christen verwag.

Daarom was die magtige generaal se mense lief vir hom. Op die terugpad durf hulle die teleurgestelde en gekrenkte baas eerbiedig te probeer kalmeer. Hulle spreek hom liefdevol aan as 'my vader' en wys hom daarop dat hy die moeilikste opdrag van die profeet sou uitgevoer het om gesond te mag word. Waarom dan tog nie maar hierdie eenvoudige opdrag probeer nie? Pleks van om sy dienaars af te snou en hulle monde te snoer in 'n woedeuitbarsting, luister die dapper leerstafhoof en doen hy wat hulle voorstel.

Sewe maal duik hy onder die vuil Jordaanwater in.

Toe verander alles eensklaps! Hy was volkome gesond! Sy vel was so mooi gesond soos die vel van 'n jong seun. Maar nie alleen uiterlik was daar verandering nie. Innerlik het die generaal ook verander. Hy was vol dankbaarheid en gee bevel om terug te gaan na die man van God.

Op pad terug het hy nie net uit blydschap gesing nie maar ook nagedink oor hierdie groot wonder. Voordat hy enige iets anders doen of vir die profeet sê bely hy sy dankbaarheid en noem uitdruklik die Naam van die HERE: 'Nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie behalwe in Israel'. Wat die klein dogtertjie in sy huis gesê het is die waarheid: daar is 'n God in Israel en verder is daar in die hele wye wêreld niks nie.

Natuurlik wil Naäman as beskaafde man vir Elisa 'n teken van dankbaarheid gee.

Maar Elisa weier die geskenk. Hy staan in die diens van die HERE. Deur ook uitdruklik die HERE te noem as unieke Verbondsgod wys Elisa daarop dat Hy volkome verniet gee. Hy is 'n God van genade . En van hierdie God is Elisa maar net 'n kneeg. Hy is geen toordokter of sangoma of wondergeneser nie. Hy is die dienaar wat die lewenskragtige Woord van hierdie goeie en grote God deurgee.

Die Woord het alles gedoen, die Woord van die genade van Israel se God.

Hierdie HERE God het 'n eenvoudige klein dogtertjie gebruik sodat Sy heerlike Naam ook buitekant Israel geprys en grootgemaak kan word. Haar gelowige werk en die koms en genesing van die magtige generaal het God gebruik om Israel te wys op die rykdom wat hulle het. Maar ook om hulle skaam te laat word oor die gebrek aan waardering daarvan. Ons sien dan ook dat Elisa se lewenstaak na die genesing van Naäman 'n ander klemtoon kry. Van nou af val die nadruk in sy werk meer op die bekendmaking van die regverdige oordeel wat die HERE oor Sy ongehoorsame en onverskillige verbondsvolk sal laat kom.

Juis oor die geskiedenis van Naäman praat die Here Jesus eeue later in die dorp waarin Hy groot geword het. In Nasaret het Hy die mense daarop gewys dat hulle hulle moet skaam dat God Hom só met hulle bemoei maar dat Sy eie volk Hom nie wil aanneem nie. Die heerlike genade wat hulle verwerp sal nou aan die heidene gegee word.

Dit sê vir ons wat in die verlede ons daarop beroem het dat ons omtrent die laaste christelike volk op aarde is, ook baie. Wanneer ons dit nie meer wil waardeer dat ons die HERE God mag ken en Hom mag dien nie, dan kan alles van ons weggeneem word en vir ander gegee word. Wanneer die Woord van die HERE nie meer bely en uitgeleef word as die maatstaf vir die héle lewe nie dan bring ons die verkliklike oordeel van God oor ons en ons kinders en ons hele volk en volkere.

Ook vandag is daar nog altyd 'n Profeet in Israel. Die Groot Profeet, ons hoogste Leraar, die Here Jesus Christus met Sy Woord !

Ons taak is makliker as die taak van die ontvoerde klein dogtertjie wat as slavin in

‘n uitgesproke heidense wêreld moes leef. Ons is vry en mag leef in ‘n land wat nog in baie opsigte die christelike geloof ken.

Ons leef na die koms, lyde, sterwe, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Ons leef in die krag van die Heilige Gees wat in ons harte woon. Laat ons dan ook sê en wys dat daar geen God is nie behalwe die ware Drie-enige God en Vader van ons Here Jesus Christus wat deur Sy Heilige Gees in ons woon en werk. Laat ons ronduit sê dat hierdie God volkome verniet gee. Dat alleen hierdie God melaatsheid en enige siekte kan genees. Maar dat Hy veral die grootste wonder kan en wil doen naamlik om die sondemelaatsheid van ons te vergewe en ons lewe waaragtig nuut te maak, omdat die Here Jesus dáárvor betaal het.

Ken ons daardie dogtertjie se getuiende lewe? Jubel ons nog meer as Naäman oor die wonder van genesing van sonde wat God volkome verniet vir ons gee omdat Jesus Christus vir ons die melaatsheid van die sonde weggeneem het ?

Mag ons in die krag van die geloof bely: daar is geen God behalwe die ware HERE God wat Hom in Sy Woord aan ons bekend maak.

DIE WOORD VAN GOD BRING LEWE ÓF DOOD

VIR KLEIN EN GROOT. 2 KON 2 : 19 – 24

Elia die profeet is op ‘n wonderlike manier deur God na die hemel opgeneem. Sy werk moes deur Elisa verder gedoen word. In opdrag van die HERE is Elisa as profeet geroep terwyl hy besig was om die lande van sy pa te ploeg. Elia het hom later gesalf soos die HERE beveel het. Dikwels het God op hierdie manier konings, priesters en profete in hulle amp bevestig.

Elisa het in die krag van God baie wonders gedoen. Daardeur het God laat sien dat hierdie man Sy profeet is, Sy dienaar wat die Woord van God moes bring in ‘n Kerk en kerkvolk wat weens hulle afgodediens van God afgedwaal het.

Na die hemelvaart van Elia het Elisa vir ‘n paar dae in die stad Jerigo gebly. Daardie stad wat by die intog in Kanaän deur God se werk deur die Israëliete

ingeneem en verwoes is. Die HERE het toe beveel dat die mure wat Hy laat ineenstort het nooit meer herbou mag word nie. Ons kan daarin sien dat die HERE wou hê dat die volk in hierdie belangrike grensstad volkome op die HERE Here moes vertrou dat Hy hulle sou bewaar teen vyandelike aanvalle van buitelanders. Maar twaalf jaar gelede is die mure herbou weens ongeloof en het die toorn van die HERE oor die bouer ontbrand sodat sy oudste en jongste seuns gesterf het, soos die HERE al eeue gelede deur Josua laat verkondig het.

Terwyl Elisa nou in hierdie stad Jerigo vir ‘n paar dae bly stuur die stad se inwoners ‘n afvaardiging na die profeet. Hulle wys die profeet op ‘n geweldige groot probleem wat die stad het. Die waterbron of put het ontsettend slegte water gegee. Dit het nie net sleg geproe nie maar was dodelik ongesond sodat mens, dier en plant siek en heeltemal onvrugbaar geword het. Mense kon geen babatjies kry nie, beeste geen kalwers en skape geen lammers nie. Dit was ‘n oordeel van die HERE wat hulle gestraf het weens hulle afgodediens en sondige lewe. Ongehoorsaamheid aan God se Woord bring die dood.

Jerigo se inwoners vra nou raad en hulp by die man van God. Elisa gee opdrag dat hulle ‘n nuwe ongebruikte skottel moet bring. Nuut sodat daar geen bygelowigheid kon kom deurdat mense sou dink dat daar in daardie bepaalde skottel die een of ander toorkrag sou wees nie. In die skottel is toe sout gegooi. Elisa het die skottel met sout geneem en die sout uitgegooi op die plek waar die water uitgekom het. Al wat hy gesê het was: ‘ so sê die HERE : Ek het die water gesondgemaak sodat dit nie meer dood of onvrugbaarheid sal veroorsaak nie’. Onmiddellik was die water gesond en bruikbaar.

Natuurlik kon die bietjie sout die water nie vir altyd drinkbaar en bruikbaar gemaak het nie. Sout laat water juis baie sleg proe. Dit was ‘n wonder wat die HERE laat gebeur het. Elisa moes die nuwe skottel en die sout gebruik as tekens by die verkondiging van die Woord van God.

Sout het in die Bybel ‘n baie belangrike betekenis. Dit was die teken van

getrouheid. Wanneer in Israel 'n offer vir die HERE gebring is moes daar altyd sout oor gesprinkel word. Sout reinig, dit maak skoon. Sout sorg ook dat vleis en groente nie sleg word nie. Dit voorkom dat voedsel bederf.

Ons lewe word deur die sonde bederf . Sonde maak lewe dood. Wanneer die gelowige 'n offer met sout vir die HERE gee dan vra hy die HERE dat Hy die bederf van die sonde wil wegneem.

Elisa dóén nie alleen iets nie, hy sê ook iets: ' so sê die HERE: Ek het dié water gesond gemaak !' Die tekens van die nuwe skottel en die sout moet alle nadruk laat val op die krag van die Woord van God.

Deur Sy Woord maak God die lewe nuut soos die nuwe skottel. Deur Sy Woord maak God die lewe rein, skoon en gesond soos deur die sout. Terugkeer na die Woord van God gee God se sêen.

Maar die teenoorgestelde sien ons ook. Dit word ontstellend duidelik gesien wanneer Elisa van Jerigo af na Samaria toe gaan. Op sy reispad moet hy by die stad Bet-el verbygaan. In Bet-el het 'n groep profeteseuns gewoon, mens sou kon sê leerlingprofete. Na die bloedige vervolging onder koning Agab se vrou Isebel was daar in verskillende plekke weer 'n soort skole vir profete. Hierdie mense wat geleer is oor die rykdom van God se Woord en die werk van die HERE deur al die eeue, is profete-seuns of leerlinge van profete genoem. Die volk wat die afgode gedien het, het hierdie gelowiges gehaat, bespot en verag. Gewoonlik was die profeteseuns bitter arm.

Bet-el het heelwat hoër as Jerusalem gelê. Die pad was op party plekke baie opdraend. Ons kan aanneem dat daar skerp draaie in die bergagtige pad was. Terwyl Elisa nou besig was om deur 'n skerp draai te kom hoor hy plotseling dat 'n groep seuntjies en seuns hom van alle kante uitkoggel : 'hoër op, kaalkop !! , Hoër op, kaalkop !!'

Dit was seker nie 'toevallig' dat hierdie seuns die profeet gesien het nie. Hulle het die profete wat in Bet-el woon geken. Maar in Bet-el was nie alleen 'n

profeteskool nie, daar was ook 'n afgodsbeeld in Bet-el opgerig. In Bet-el wat 'huis van God' beteken, 'n afgodsbeeld !! Al jare lank het die afvalliges, die ongelowiges vir daardie afgodsbeeld offers gebring en dít in die 'huis van God'. Verskillende kere het die profete skerp daarteen gepreek. Maar van bekering was geen sprake nie, daar was juis verharding. Ons kan ons indink hoe die profete se leerlinge moes ly onder die spot en vervolging van die ongelowiges.

Die nuus van Elia se hemelvaart het ook in Bet-el al bekend geword. Toe gehoor is dat Elia se opvolger nou op pad is na Samaria en deur Bet-el moes gaan, het die kinders hom tegemoet gegaan en blykbaar tussen die bossies weggekruip. Sodra hy by hulle verby was begin hulle hom te skel en uit te koggel. Hierdie lastige profeet wat hulle en hulle ouers se sondige plesier in die afgodediens bederf en wil verbied moet die pad vat en liewers verdwyn netsoos Elia. Laat hy maar 'hoër op ' gaan, in die wolke verdwyn.

Die woord kaalkop beteken nie dat Elisa wat omtrent dertig jaar oud was werklik 'n kaal kop gehad het nie. Soos al die Israelitiese mans was sy kop in elk geval sekerlik bedek. Dit word hier net bedoel as 'n lelike skelwoord. Net mense wat melaats was was verplig om hulle koppe kaal te skeer. Elkeen kon dan onmiddellik sien wanneer iemand daardie afskuwelike en gevaarlik aansteeklike siekte gehad het. Melaatses was mense wat uit die normale, gewone lewe uitgeban was. Hulle was heeltemal onrein, veragtes, uitgeworpenes.

Die haat teen die troue dienaar van die HERE het hierdie kinders vir Elisa so laat verag dat hy vir hulle netso onaanvaarbaar was as iemand wat melaats was. Natuurlik het hierdie kinders van omtrent tien tot twintig jaar oud hulle haat teen die HERE en Sy dienaars nie self uitgedink nie. Hulle het dit by hulle ouers geleer. Maar hulle en hulle ouers was nie heidene nie. Hulle was Israeliete, deel van die kerkvolk en heelwaarskynlik was hulle besny en het dus die teken van die verbond gedra. Maar hulle wou op hulle eie manier God dien. Hulle wou vry wees in hulle godsdiens en dit meng met afgodediens.

Van Elia se opvolger kon hulle verwag dat hy hulle plesier in die afgodediens net sou bederf. Hy was 'n spelbreker. Vir so'n persoon het hulle g'n tyd nie, laat hy tog asseblief gou – gou verdwyn en hulle met rus laat. Hier is die spreekwoord van pas: 'soos die ouers sing, piep die jonges'. Toe het iets afgrysliks gebeur.

Elisa het omgedraai. In die spot en veragting van homself het hy spot en veragting en verkleinerings van Hom gesien wat hom gestuur het. Die HERE is gruwelik beledig en verag en Sy is diens uitgekoggel. In die Naam van die HERE het hy die trop vloekende seuns gevloek. Verder het hy niks gedoen nie. Hy het die res aan die HERE oorgelaat, Hy sou straf as dit Hom behaag het.

Plotseling het twee berinne uit die bos gekom en twee-en-veertig van die seuns verskeur. Daardie groot klomp was seker deur die bere op 'n krans vasgekeer en kon daarom nie wegkom nie.

Watter ramp vir die stad. In hoeveel gesinne is daar gerou! Wat 'n skrikwekkende teken vir die hele volk waarvan die meerderheid net soos die kinders se ouers gedink het. God laat nie met hom spot nie. Die sonde van die ouers straf Hy ook aan die kinders as hulle dieselfde sondes doen.

In Jerigo is gesien dat die Woord van God lewe bring. In Bet-el is gesien dat die Woord van God die dood kan bring. Die Woord is 'n krag wat seën en geluk bring of vervloeking en die grootste ongeluk. Vandag ook nog.

Ons lees in die Bybel nie weer van so'n ontsettende straf oor ouers en hulle kinders nie. Tog het dit daarna ook dikwels weer gebeur maar net op 'n ander manier. Die HERE het Sy ongehoorsame volk deur vyande in baie oorloë gestraf. Kinders, moeders en vaders het gesterf. Derduisende is ook in die ballingskap oorlede en wie weet hoeveel toe Jerusalem in die jaar 70 na Christus vernietig is. Al die eeue deur word God se kinders bespot en vervolgd. In ons tyd in die lande wat nog een of ander soort kommunisme-sosialisme aanhang en in die Moslemlande. Die goddelose vervolgers sal ondervind dat die Woord van God 'n

krag is wat hulle die ewige dood gee. Maar al die kinders van die HERE Here sal deur die krag van God uit die dood opstaan. Die Woord van God sal hulle lewend maak en uit die hand van die lewende God sal hulle die ewige lewe ontvang.

DIE GEBED VAN KINDERS IS STERKER AS MAGTIGE LeëRS

2 Kronieke 20.

In Juda is 'n noodtoestand afgekondig. 'n Magtige leer van drie vyandige volke het onverwags opgetrek teen die volk van die HERE. Hierdie vyande wou nie maar net 'n gewone oorlog voer nie. Gewoonlik kom vyande om 'n veldslag te lewer en as hulle gewen het is hulle die baas in die land. Vir die grootste gedeelte gaan die vreemde soldate weer huistoe terwyl net 'n deel agterbly as besettingsmag om te sorg dat die inwoners in die verowerde gebied sal doen wat die baas beveel.

Maar hierdie keer was die vyande van Juda van plan om nie alleen die sterk leer van die gelowige koning Josafat te verslaan nie, maar om Juda volkome te vernietig en van die aarde weg te vee. Hulle wou die volk van God nie net onderwerp nie maar heeltetal uitwis. Daarom het die Moabiete saam met die Ammoniete en 'n deel van die Meûniete sommer hulle meubels en klere en allerlei goed saamgeneem. Hulle was oortuig dat hulle die gehate Judeërs sou oorwin en hulle was reg om in hulle huise in te trek.

Was dit nou maar 'n voorspel op Hitler se pogings om die Jode totaal uit te wis? En die Arabiere wat van die vorige eeu af die staat Israel van die kaart wil wegvee? Nee, glad nie. Voor die koms van Jesus Christus was die Israëliete en Judeërs die Kerk van die Ou Testament, die uitverkore volk, die Verbondsvolk. Na die koms van ons Saligmaker het al die gelowiges van alle volke die Kerk van Christus geword, die uitverkore volk, die Verbondsvolk. Israel is vandag 'n

humanistiese-sosialistiese staat met 'n ongelowige regering en net 'n handjievol christene. Natuurlik neem die 'heilige land' en sy bewoners nog 'n belangrike plek in ons gedagtes maar dit het nou 'n bevolking soos enige land in die wêreld.

Die bedreiging in die tyd van koning Josafat het die koning en die hele volk doodsbenoud laat word. Nog nooit in die bestaan van God se volk was die gevaar so ontsettend groot nie. As hierdie oorlog verloor word is dit absoluut klaarpraat met die hele volk, die dood wag en vir die paar wat kan wegkom bannelingskap.

In hierdie plan van die ongelowige vyande moet ons die werk van die duiwel sien. Hy wil die volk van God van die aarde af wegvee. As God se volk vernietig word kan die Here Jesus nie gebore word nie en dan kom daar van God se beloftes niks tereg nie. Dan word die land wat die HERE aan Abraham beloof het weer die eiendom van die volke wat niks van God wil weet nie.

Die eerste wat die benoude koning Josafat doen is Nie om sy magtige leer op te roep nie. As hy dit sou doen dan kon hy op die goed ge-organiseerde staande mag en ook nog op eenhonderd- en -sestienduisend dienspligtiges reken. 'n Baie sterk leer en boonop was die manskappe goed opgelei. Koning Josafat was 'n gelowige koning wat nie op die krag van sy leer gebou het nie maar op die HERE. Allereers stuur hy boodskappers deur die hele land om die volk op te roep om te ... bid en vas. 'n Daglank mag niks geëet of gedrink word nie om daarmee aan God te wys dat die hele volk berou het oor hulle sondes en om God se aandag te vestig op die ontsettende gevaar wat die volk bedreig.

Boonop het mense vanoor die hele land na Jerusalem gestroom om die HERE in Sy huis te soek. In die tempel word 'n verootmoedigingsdiens gehou. Die koning self doen die gebed. Die opvallende is dat hy nie alleen voorbede doen nie maar juis námens almal bid. Spesiaal het die Heilige Gees nadruklik laat opskryf : 'en die hele Juda het voor die HERE gestaan, ook hulle kinders, hulle vroue en hulle seuns.'

Die doodsgevaar bedreig almal. Daarom dat die bevel om te vas ook almal raak,

elke gesin, elke kombuis. Die hele volk is betrek in die koning se gebed. Die ma's met die baba's op die arm en die kleuters wat aan die rokke vasklou. Alle seuns en dogters. Hulle toekoms staan op die spel. Namens en vir en met almal bid die koning.

Hierdie gebed van die kinders en hulle ma's word deur die koning onder woorde gebring soos hy deur die Heilige Gees gelei word en die nodige krag kry. In die gebed word God geprys en grootgemaak. Groot nadruk lê op die verbond wat die HERE met Abraham gesluit het en die HERE se belofte dat die land wat hulle bewoon juis deur die HERE vir hulle gegee sou word. Die HERE word eerbiedig op Sy Woord gewys. Eie swakte en radeloosheid word erken terwyl God gevra word om te red en te help.

Die kinders kon saam met hulle ma's en deur die mond van die koning só bid omdat hulle God en God se werk geken het. Om dit vir ons tyd te sê – hulle het die Bybel geken.

Ons lees in God se Woord dat die gebed van die regverdige groot krag het. Dit was duidelik te sien in die verhoring van hierdie gelowige gebed.

Een van die Leviete het deur die Gees van die HERE gesê dat die HERE die oorwinning Self sal gee, die volk hoef net mooi niks te doen nie. Die volk moet net gelowig die volgende oggend na die woestyn Jeruel gaan om die redding deur die HERE te sien.

Die reaksie van die koning en al die mense daar in die tempel was 'n gelowige reaksie. Hulle het God aanbid en die Leviete het in 'n koor tot God gesing.

Vroeg die volgende oggend het jonk en oud hulle reggemaak om die vervulling van die Woord van die HERE te sien. Koning Josafat het eers weer daarop gewys dat die allerbelangrikste is om in die HERE te glo. Die vorige dag het almal al in aanbidding gelowig gebuig voor die HERE, psalmgesing en gejuig sonder dat die oorwinning gesien is. Vir die geloof is die belofte van die HERE so seker dat dit is asof alles klaar vervul is. Hierdie oggend word die geloof weer gesien en gehoor.

Hoe gaan Juda die vyand te ontmoet ? Die normale is mos om verkenners uit te stuur om die verrassingselement te behou. Waarskynlik was daar nog nooit in die wêreldgeskiedenis 'n leer wat op 'n meer eienaardige manier die vyand ontmoet gegaan het nie- behalwe later in die stryd van die Hugenoote. Voor die soldate het die sangers geloop wat in volle geloofsversekerdheid gejubel het: “Loof die HERE , want Sy goedertierenheid is in ewigheid, aan Sy liefde is daar geen einde nie’.Die lofsang is netso’n gedugte wapen as militêre wapens.

Die oomblik toe die HERE so geprys is, het die HERE die vyand verslaan. Die vyandelike leer was besig om die woeste bergland in te trek. Van die Ammoniete en Moabiete het toe van die geleentheid gebruik gemaak om die Meûniete se besittings te steel. Maar die Woord sê dat hy wat geld liefhet nie genoeg kry van geld nie, en wie rykdom liefhet kry nie genoeg van rykdom nie. Die Ammoniete kon nie verdra dat die Moabiete ook van die Meûniete se goed gevat het nie en omgekeerd. So het die een die ander se goed probeer vat en die uiteinde was dat die bondgenote mekaar aangeval en uitgewis het.

Toe die Judeërs na twee uur se marsjeer van Jerusalem af op die koppie kom waar die wagposte oor die woestyn kon kyk, sien hulle dat die vlakte besaai was met die vyand se lyke en besittings. Hy wat in die hemel is lag ! (Ps. 2)

Dit het koning Josafat en sy manne drie dae lank geneem om die geweldige hoeveelheid besittings van die vyand as buit bymekaar te maak. Op die vierde dag is ‘n dankdiens gehou om God te loof en te prys.

Hierdie ou geskiedenis leer ons die krag van gebed. Maar veral ook dat ons God en Sy werk reg moet ken om reg te kan bid. Die kinders van Juda kon dit doen omdat koning Josafat gesorg het dat klein en groot die Bybel van daardie tyd kon leer.

Wanneer daar nood is is dit gewoonlik die tyd wanneer mense kop verloor. Ons kan alleen nugter en rustig bly wanneer ons in rustige dae God reg uit Sy Woord leer ken het. Dan kan ons in dae van nood op die regte manier vroom bid.

In ons dae is die gevare minstens netso groot as in die dae van koning Josafat.

Maar deur die koms van Jesus Christus is die belofte van die héle nuwe aarde al baie nader aan die vervulling. In ons tyd werk die Heilige Gees nie net in een koning of een Leviet nie maar woon die Heilige Gees in die hart van elke gelowige.

Laat ons dan die Woord van die HERE altyd beter leer ken en ons lewe toets aan God se wil soos Hy dit in Sy Woord vir ons gegee het en bly gee.

Bid en werk. Dan sal dit goed gaan in die oomblik van ons grootste nood.

JOAS. 2 Kon 11 en 2 Kron 22 : 10 - 24 : 3

Bloed ! Bloed ! Strome bloed vloei in die koningshuis van God se volk. Die afgrysklikste moordtonele word voor ons oë geskilder.

Koning Dawid het teen die Here gesondig deur Uria te laat vermoor en die straf van die Almagtige was onder andere dat in sy eie huisgesin die een broer die ander vermoor het. Die oordeel van die Here was dat die swaard vir ewig nie van Dawid se huis sou wyk nie. Dawid se eie seun Absalom probeer om sy vader deur 'n staatsgreep van die troon te verwyder. Hy soek sy eie pa se dood maar moes vir sy goddelose opstandigheid met sy eie lewe betaal. Koning Salomo val deur sy heidense vrouens in die sonde van afgodery. Daarna skeur God se volk in twee dele wat mekaar elke nou en dan aan die keel wil gryp en strome bloed laat vloei. In die Noordelike Ryk se bestaan van net 210 jaar kom daar 19 konings uit nie minder nie as 9 koningshuise op die troon. Nie een van hierdie konings het die Here gedien nie al het koning Jehu darem 'n gedeeltelike hervorming bewerk.

Die Ryk van Juda het in sy 350 jarige bestaan ook 19 konings gehad en hulle het almal van koning Dawid afgestam. Daarby moet ook nog 'n Koningin-moeder getel word, sy het as enigste vrou die troon onwettig beset. Hierdie vrou Atalia was die bloeddorstigste vrou wat jy jou kan voorstel.

Voor Atalia het die Ryk van Juda twee gelowige konings gehad. Die laaste was koning Josafat wat namens die vrouens en kinders en die hele volk roerend gelowig

tot God gebid het (sien die vorige hoofstuk).

Josafat was 'n gelowige koning maar dit het natuurlik nie beteken dat hy sonder sonde was nie - soos die heilige Johannes later in sy brief sou skryf " as ons beweer dat ons nie sonde het nie , bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie" (1 Joh 1 : 8). Koning Josafat het gesondig deur saam te werk met die ongelowige en goddelose koning Agab van Israel. Die gevolg was dat hy toegelaat het dat sy seun Joram met Agab en Isebel se dogter Atalia getroud is.

Die eerste wat Joram gedoen het toe hy koning geword het, was om al ses sy broers te vermoor. Nadat hy agt jaar geregeer het is hyself ook dood. Sy jongste seun Ahasia volg hom op maar na 'n goddelose regering van net 'n jaar val hy onder God se oordeel oor die nageslag van Agab deur die hand van Jehu.

Toe die koningin-moeder Atalia, die dogter van die bloeddorstige goddelose Isebel, gehoor het dat haar koninklike seun gesterf het, het sy nou nie juis tyd gemors deur te staan en treur nie maar sommer so onmiddellik al die oorlewendes van die koninklike geslag vermoor. Hierdie afgryslike vrou het selfs gesorg dat haar eie kleinkinders die bloedige dans nie vryspring het nie, haar eie seun se seuntjies is saam met enige seun wat 'n bietjie koninklike bloed gehad het die dood ingejaag. Dit was net die dogtertjies en ander vroulike lede van die koninklike geslag wat nie 'n bedreiging vir haar gesag en ambisie was nie.

Dit lyk asof die HERE God nou werklik verloor het. Die duiwel het baie duidelik gewen en nou was daar geen moontlikheid meer dat die Here Jesus gebore kon word nie. Die pad van die Here Jesus het nou dan al doodgeloop in strome kinderbloed. Het die HERE dan 'n fout gemaak toe Hy vir Dawid gesê het dat die Verlosser uit sy geslag gebore sou word? Atalia het alles gedoen om dit te verhinder en boonop ook nog die afgodery van Baäl ingevoer netsoos haar vervloekte ma Isebel.

Tog was dit alles net 'n skynoorwinning . Die HERE is en bly altyd getrou aan Sy verbond. Sy moederbelofte van die paradys af bly staan.

Satan gebruik die vrou Atalia.

Die HERE gebruik die vrou Joseba, 'n halfsuster van Koning Ahasia. Koning Joram het meer as een vrou gehad en daardie ander vrou was nie familie van die goddelose Agab en Isebel nie. By daardie vrou het Koning Joram 'n dogter met die naam van Joseba gekry. Joseba was maar 24 jaar oud toe sy met die hoëpriester Jojada, wat al stokoud was, getroud is. Dis ook in dié tyd dat Atalia haar moordparty begin het. Die HERE gebruik nou vir Joseba om koning Ahasia se jongste kind Joas weg te steek in een van die tempel se pakkamers waar die beddegoed gestoor is. Die ou seuntjie was nog maar net 'n jaar oud en is saam met sy oppasster daar versorg.

Watter wonderlike wegsteekplek want die tempel van die HERE was nou juis die een plek waar die goddelose Atalia nooit sou kom nie. Al was die huis van Dawid weens die sondige band met die huis van Agab ontsettend deur die HERE gestraf, het die troue Verbondsgod in Sy trou tog een ou takkie as oorblyfsel van Dawid se familiestamboom laat bly. Eeue en eeue later gebeur dieselfde weer. Die huis van Dawid het weer in verval geraak maar tog het die HERE daaruit die Christus gebore laat word en het ook strome van kinderbloed deur die hande van Herodes gevloei.

Binnekant die veiligheid van die Huis van die HERE het Joas opgegroeï. Toe hy sewe jaar oud was het die hoëpriester Jojada die moed van die onwrikbare geloof gekry om die lewensgevaarlike stap te neem om die geheim bekend te maak. Die seuntjie was nou al groot genoeg om te weet wat sal gebeur en die wrede moordenaars het nou al ses jaar lank geregeer sodat die volk geen illusies meer oor 'n beter toekoms onder haar gehad het nie.

In Sy voorsienigheid het God alles gereël maar dit beteken nie dat die mens nie meer die verantwoordelikheid het om versigtig op te tree nie. Jojadad spring gelowig aan die werk en neem met versigtigheid en wysheid sy maatreëls.

By enige binnelandse staatsgreep hang die sukses, menslik gesproke, van die leer

se houding af. Allereers kontak die hoëpriester die vyf kommandante van die paleiswag. Hierdie vyf kommandante was volbloed Judeërs maar hulle soldate was vreemdelinge wat vir 'n salaris of soos dit in soldatetaal genoem word, 'n soldy gewerk het. Hulle het dus geen belang by die binnelandse politiek gehad nie, solank hulle maar net hulle soldy ontvang. Met die vyf kommandante het Jojada nou 'n verbond gesluit waarby hulle die eed van trou afgelê het. Vir alle praktiese doeleindes was Jojada nou die tydelike leërbevelvoerder. Nadat die toekomstige koning aan die kommandante voorgestel is, is die strategie bespreek. Die kommandante het daarna die hele Juda deurgetrek om al die Leviete en familiehoofde as aanvoerders van die volksleër op te roep. Natuurlik het die kommandante nie gesê dat 'n werklike koning gekroon sou word nie want verraad is altyd 'n baie moontlike gevaar. Na alle waarskynlikheid is die datum juis so bepaal dat dit op een van die groot feesdae was sodat Atalia nie vol argwaan sou wees omdat so baie mense by 'n saamtrek gekom het nie.

Die ou hoëpriester het blykbaar ook soldatebloed gehad want sy strategie was so goed dat die beroepssoldate met hom saamgestem het. Koning Salomo was op sy tyd baie lief vir militêre parades by die tempel en daarna het dit so 'n ingewortelde tradisie geword dat Atalia dit maar laat plaasvind het. Die vyfhonderd soldate moes die tempelpoort bewaak waardeur die volk ingekom het en ook die tempelpoort wat toegang na die paleis se tuine gegee het. Verder moes 'n deel van die soldate met hulle wapens in die hand as lyfwag om die koning staan. Hulle het bevel gekry dat hulle enige persoon wat sou probeer om na die koning deur te dring sommer dood moes maak.

Op die sabbat van die inhuldiging van die koning is elke groep soldate versterk deur gewapende Leviete. Vir die groot fees het die Leviete en familiehoofde met hulle manne na Jerusalem gestroom. Hulle moes natuurlik hulle wapens by die huis los want anders sou daar niks meer van die geheim oorbly nie. Gelukkig was dit geen probleem vir Jojada nie want in die tempel was nog al die eeue 'n groot

arsenaal wapens bewaar. Koning Dawid het daardie wapens nog gebruik en dit daar laat bewaar. Dit was dus nogal 'n voordeel van daardie tyd dat wapens eeuelank nie verouder het nie. Die oeroue wapens is gebruik om die tempeldienaars en die volk te bewapen.

Daar moes 'n vurige blye verwagting onder die volk gewees het toe hulle met die wapens in die hand in die heiligdom gewag het. Gereed om op te tree as die onwettige en meedoënlose diktator tog snuf in die neus sou kry en die staatsgreep in bloed sou wil smoor.

Dan kom die Koning! 'n Seuntjie van net sewe jaar. Maar tog is hy die enigste wettige aanspraakmaker op die troon.

Vanuit die voorportaal van die tempel word hy op die tempelstoep gebring na die plek van die koning by een van die pilare Boas en Jagim.

Daar ontvang Joas die kroon en is die koninklike mantel om hom gehang en die serp waarop die Tien Gebooie geborduur was. Die koning word plegtig gesalf deur die hoëpriester Jojada en sy seuns. Oorverdowend klap die blye mense hande en jubelend klink: ' lank lewe die koning !' Alles word boonop oorstem deur die blye blaas op trompette.

Geen wonder dat Atalia dit tot in haar paleis hoor en nuuskierig uitgaan om te kyk wat die rede vir al die opgewonde geraas is. Al die oë is op die jong koning gerig en daarom kon Atalia dit regkry om blykbaar tot by die priestervoorhof te kom. Tot haar stomme verbasing " sien sy die koning op die verhoog staan, soos dit die gebruik was, met die kommandante en volksleiers en die trompetblasers by hom, en al die burgers van die land wat juig en trompette blaas. "

Atalia besef onmiddellik dat haar doppie geklink is. As teken van ontsetting skeur sy haar klere en skreeu sy kliphard:" verraad , verraad !!!" Sy wat die toonbeeld van lae verraderlike optrede was gebruik nou ironies genoeg juis hierdie woord om haar lyfwag aan te spoor om nog meer bloed te vergiet. Tog was sy nog slegter as haar veragtelike ma Isebel . Want Isebel het tot haar bitter maar regverdige einde

nog haar koninklike houding in hooghartigheid bewaar terwyl haar dogter soos 'n viswyf staan en skreeu. Netsoos by Isebel was daar niemand wat haar kant gekies het nie.

Op bevel van die hoëpriester Jojada is sy weggeneem en moes elkeen wat haar kant sou kies deur haar te volg, doodgemaak word. Daar was nie eers een nie. Omdat die tempel nie ontheilig mag word deur die bloed van iemand wat tereggestel word nie, is sy by die perdestalle buitekant die tempel gedood. 'n Smadelike maar regverdige straf vir hierdie uiters goddelose en hartelose vrou. God het die geslag van Agab grondig van die aarde af weggevee.

Jojada het daarna met die volk gepraat en die verbond tussen die HERE en Sy volk vernuwe, sodat hulle 'n volk van die HERE sou wees. Die koning het ook 'n verbond met die volk gesluit. Hy het plegtig belowe dat hy in reg en geregtigheid sou regeer terwyl die volk beloof het om die koning te gehoorsaam as die persoon wat daarvoor deur die HERE geroep was. Al hierdie plegtige afsprake se grondslag was die verbond met God.

Die optrede van die hoëpriester Jojada is wonderlik mooi gelowig in hierdie hele geskiedenis. Ons sien by hom geen spoor van eiebelang en honger na mag nie. Deur al die eeue en ook in ons tyd sien ons dit so dikwels by mense wat die mag in hande kan kry en dan so korrup raak dat jy verstom staan dat dit dieselfde mense is wat vroeër so teen mag en korrupsie te kere gegaan het. Jojada se liefde vir die HERE en Sy volk lei hom in sy uiters gevaarlike en moeilike taak. Dis ook baie opvallend dat hy selfs by die beplanning van die staatsgreep hom aan die wil van die HERE onderwerp soos die HERE dit al aan Moses bekendgemaak het. Hy laat geen soldaat in die tempel inkom nie want die huis van die HERE moet rein bly. Midde-in die staatsgreep op die baie gevaarlike oomblik toe Atalia die hulp van haar lyfwag van beroepssoldate inroep, gee Jojada nie bevel dat sy onmiddellik doodgemaak moet word nie - iets wat 'n baie verstandige en logiese bevel sou wees wat die gevaar sou verminder. Jojada bly gehoorsaam aan die wil van die HERE

want daar mag geen mensebloed in die tempel vloei nie. Dit sal die tempel ontheilig. Die tempel was al die eeue die allerveiligste skuilplek vir mense wat agtervolg is deur mense wat hulle wou doodmaak. Baie mense sal Jojada se optrede sien as die optrede van 'n ou verkrampste of soos dit vandag genoem word, 'n fundamentalistiese gelowige. Hoe kon hy die hele staatsgreep se sukses op die spel plaas met sy ou fundamentalistiese idees? Dit was sommer roekelose onsin om die Woord van die HERE so letterlik toe te pas. Hoe kan jy deur beginsels so'n groot kans vat? Maar Jojada het sy geloof nie aangepas by die omstandighede nie. Hy het allereers God gehoorsaam en verder in die geloof gewerk en gelowig 'n moordenares doodgemaak. Baie eeue later sien ons iets dergliks by die groot Engelse Oliver Cromwell wat gesê het 'bid en hou jou kruit droog'. Die gebed en die veg tot eer van God en seën van die naaste moet altyd saamgaan, die een kan nie sonder die ander nie.

Die belofte van die volk om alleen die HERE te dien, lief te hê en te gehoorsaam bly nie net by woorde nie. Onmiddellik het die blye en verlose volk ook tot die daad oor gegaan. Hulle tref die afgodediens in sy hart deur die Baälstempels met die altare en afgodsbeelde met die grond gelyk te maak en die afgodspriesters dood te maak.

Jojada reël die ampsdiens in die tempel en daarna word die jong koning na die paleis gebring om op die troon te gaan sit. Mense kon verwag het dat die staatsgreep tot 'n burgeroorlog kon gelei het want Atalia het 'n groot aanhang in die hoofstad gehad, maar die stad het rustig gebly. Die HERE het Satan weer oorwin en die pad oopgebreek vir die vervulling van Sy belofte aan Dawid.

Dit was 'n wonderlike sabbat. Die vernietiging van die afgodediens en sy goddelose dienaars asook die vernuwing van die verbond was juis diens aan God en verheerliking van Sy Naam.

Hoe sou dit nou gaan met die werklike uitlewing van die verbondsbeloftes onder 'n koning wat nog maar 'n sewejarige kind was ?

KONING JOAS : Van KERKHERVORMER tot KERKBESTORMER.

Natuurlik het omstandighede altyd 'n bepaalde invloed op dit wat 'n mens gaan doen. Nie dat dit besluite altyd bepaal nie maar dit plaas jou wel voor 'n keuse om te besluit wanneer die tyd reg is vir 'n belangrike besluit. Die begin van Joas se koningskap was gekenmerk deur wonderlik goeie omstandighede want die volk het hulle jong koning uitbundig geëer as 'n geskenk van God.

Joas self was buitengewoon bevoorreg om 'n gelowige opvoeding te kry. Die jong seun het hom graag deur sy stiefpa, die hoëpriester Jojada, laat lei selfs nog toe hy al volwasse was.

Die hoëpriester het die twee vrouens gekies waarmee die koning getrou het. Ons sien dus dat Joas hom baie gehoorsaam deur Jojada laat lei.

Omdat daar 'n geweldige verandering in Joas se optrede kom sal ons in hierdie geval nie net na sy kinderjare kyk nie maar na sy hele lewe.

Die eerste opvallende verandering kom wanneer Joas ouer word en sien dat die heilige tempel van die HERE al hoe meer verval raak. Die tempel was al so'n een en 'n halwe eeu oud en ons lees nêrens dat daar ooit enige onderhoudswerk gedoen is nie maar wel dat daar onder andere deur Atalia se goddelose seuns by die tempel ingebreek is en van die heilige voorwerpe gesteel en in die Baälstempels gesit is.

Koning Joas het 'n verbond met die HERE gesluit en wil nou ook die daad by die woord voeg. Hy beveel nou dat die priesters en Leviete al die geld wat hulle van die gelowiges as bydraes of as vergoeding vir hulle werk ontvang self mag hou maar dan is hulle verplig om daaruit die boukoste vir al die herstelwerk in die tempel te betaal. Ondertussen moet die Leviete die land deurtrek vir 'n deur-tot-deur kollekte. En die koning was sommer baie haastig: ' julle moet gou maak met die saak' lees ons in die ou vertaling.

Nie een van die twee reëlings het goed gewerk nie. Dit gee ons nie 'n mooi prentjie van die roepingsbesef van die ampsdraers in die kerk van daardie tyd nie. Hoe jammer is dit dat ons so dikwels in die kerkgeskiedenis sien dat daar ná 'n geweldige geestelike oplewing so dikwels 'n geestelike laagtepunt kom. Dit waarsku ons ook vandag. Daar is baie groepe op die christelike terrein wat met opswepingsmetodes en tipies Amerikaanse hoëdrukverkoopstegnieke geestelike 'ontwakings'-veldtogte loods en 'bekerings'-dienste hou (om nie te vergeet van die 'vrywillige offergawes' wat afgeforseer word). Voeg daarby die sensasionele sogenaamde 'genesingsdienste' wat gewoonlik veral die aanbieders se bankrekenings genees. Ons vind dit gewoonlik by die sogenaamde 'pinkstergroepe' wat in 'n magdom groepies versplinter het. Ruim 40 jaar gelede was daar in ons eie land al meer as 3000 van daardie splintergroepe waarvan die meeste onder ons swart landgenote. Daar is vandag baie duisende meer. Mens staan verstom om te sien hoe ongelooflik baie 'kerkies' daar gevorm is in veral byvoorbeeld die tradisioneel 'Kleurling'-gebiede. Enige persoon laat homself 'n 'pastoor' of 'apostel' noem en versamel 'n groep volgelinge om hom heen. Veral op Woensdagaande sien jy orals mense met Bybels in die hand na die 'samekomste' loop.

Ondanks al die kritiek wat ons daarteen het is dit baie beter as die kerkklosheid en ongodsdienstigheid wat ons by baie 'blankes' sien.

Daar is baie redes vir die ontstaan van die magdom sogenaamde 'kerke'. Een daarvan is dat mense geestelik geweldig opgesweepte word met tegnieke wat fyn uitgedink is en ontwerp is om mense emosioneel vas te gryp. Die nugtere gelowige verstand het geen plek daar nie en die regte verklaring van die Bybel ook nie. Enige teks wat lekker klink om gebruik te kan word, word uit die Bybel uitgeknipt en uit die verband waarin die Heilige Gees dit geplaas het uitgehaal. Die Heilige Skrif waarsku ons streng daarteen. Omdat die grondslag vir daardie groepe die gevoel en uit-verbandgerukte tekste is, beleef die opgesweepte emosioneelgelaaide mense gewoonlik 'n emosionele terugval wat baie dieper is as voor die hoogtepunt want

daar is nou geweldige teleurstelling dat die hoogtepunt nie bly bestaan nie. Nou kom daar twyfel of ek wel werklik gered is, gelowig is, bekeer is ensovoorts. Die 'dwalende en soekende siel' gaan nou na 'n ander 'pastoor' se groepie om te kyk of daar nie weer 'n hoogtepunt gekry kan word nie. En so bly dit 'n soektog van die een mènes na die ander mènes se 'kerk'. Die oplossing is nie populêr nie. Dit beteken net om terug te gaan na die Woord en sonder menslike tierlantyntjies die Woord te aanvaar, te verklaar en uit te leef. In die kerke van gereformeerde tradisie is die kerkgeboue heel eenvoudig en is die fokuspunt 'n eenvoudige preekstoel waaruit die Woord suiwer en onopgesmuk verkondig moet word. Die Woord word verkondig met gesag, die rykdom van die Blye Boodskap word uitgedeel en 'n toepassing vir vandag daarby gegee. Daar word nie 'n 'boodskappie' gegee wat ek kan glo of nie, daar word geen storietjies vertel nie, daar word geen lewensverhale met lewenslesse en ervarings van die preekstoel af uitgedeel nie, die preekstoel is nie die plek daarvoor nie, as dit nodig is kan dit rondom die koffie- en teepot gebeur. Van die preekstoel word met Goddelike gesag en menslike ontsag die beloftes en dreigemente van die troue Verbondsgod verkondig. Punt uit. Ja, ek is netso 'fundamentalisties' as Jojada. In die Kerk van Christus moet die Woordverkondiging sentraal staan en in geen geval 'n groepie kitaartokkelaars en mikrofooninslukkings met 'n hipnotiese herhaling van melkkosreëltjies begelei met handegeklap en swaaihande nie.

Koning Joas het nie met emosie en sensasie gekom nie. Toe hy besef het dat daar 'n geweldige louheid en dus geestelike insinking was, het hy hard gepraat met die stokou hoëpriester Jojada en hom sommer so na die Heilige Skrif gebring. Geen beroep op emosie - en daar was meer as genoeg rede om dit wel te kon doen - maar 'n beroep op die Skrif en wat die Godsmans Moses beveel het as verteenwoordiger van die Allerhoogste en Allerheiligste.

Koning Joas het egter ook sy gesonde verstand gebruik en besef dat die metodes wat hy laat volg het nie die beste manier was nie en so kom hy met 'n ander plan.

Die gelowige vra biddend vir duidelikheid en doen dan wat sy hand vind om te doen. Hy gee bevel dat die geld nie meer aan die priesters gegee moet word nie maar dat 'n offerkis gemaak en in die tempel geplaas moet word. Jozada doen dit en boor blykbaar self 'n gat daarin waardeur die geld gegooi kan word. Die koning beveel verder dat die priesters hulle aandag aan hulle priesterlike werk moet gee en dat die herbou die werk van ambagsmanne is wat betaal moet word met die geld uit die offerkis. So gesê, so gedaan . Met die kerklike bydraes uit die offerkis is die nodige materiaal gekoop en die werk het toe fluks gevorder.

Dit is wonderlik om te sien dat die gelowige koning nadruklik gesê het dat hy die kerklike bydraes soos dit deur Moses ingestel is, weer in ere herstel. En wat is die gevolg? Met blydskap oor die kragtige optrede van die koning dra die volk so baie by dat daar selfs genoeg oorbly om tempelgereedskap en silwer en goue voorwerpe mee te koop. Dit bly altyd wonderlik dat die offervaardigheid oopblom as die Woord van die HERE suiwer verkondig word en die rykdom van die Woord en die geloof duidelik word vir almal.

Vandag het ons nie meer 'n sigbare tempel nie. God woon vandag deur Sy Heilige Gees in die hart van elke gelowige en so in die christelike Kerk. Al moet die Kerk van Christus ook dikwels die lydenspad van haar Here volg. Sover ek dit kan beoordeel was daar nog nooit in die geskiedenis van die Kerk van Christus 'n oomblik dat die Kerk nie êrens in die wye wêreld vervolg was nie. In ons tyd word gelowiges veral in die Moslemlande wêreldwyd vervolg. In die sogenaamde lande van die Westerse beskawing nie openlik en bloedig nie maar op allerlei maniere word die gelowiges as min of meer 'vertraagdes' geminag. 'n Duitse professor in die kerkgeskiedenis het met feite bewys dat die twintigste eeu wat as die eeu van sogenaamde 'menseregte' opgehemel word, juis die eeu is van die bloedigste kerkvervolging waarmee geen ander eeu eers naby vergelyk kan word nie.

Maar dit mag geen gelowige verbaas nie want die Heilige Skrif het dit ons lankal geprofeteer. Ons Verlosser Jesus Christus het die ondenkbaarste menslike lyding

beleef en is ons as Sy volgeling dan beter as ons Meester? Hy het Self gesê dat die tempel van Sy heilige liggaam afgebreek sou word maar ook na drie dae weer opgewek en opgerig sou word uit die dode.

Jojada het ook gesterf, as mens gesterf en nie weer opgestaan nie - dit sal eers gebeur op die Dag van Christus se Wederkoms. Maar solank hy geleef het is daar elke dag die gereelde vasgestelde offers aan die HERE in die tempel gebring, in die gerestoureerde, herboude tempel. In die baie hoë ouderdom van 130 jaar het Jojada gesterf. God het hierdie getroue ampsdraer beloon met die eer dat hy in die stad van Dawid by die konings begrawe is 'want hy het goed gedoen in Israel teenoor God sowel as teenoor sy huis.'

Watter geweldige verandering vir koning Joas en watter lugleegte want vir ruim 35 jaar lank het hy gesteun op die wyse raad en hulp van sy pleegvader Jojada. Nou moes hy sonder hierdie dienskneg van God verder gaan. Sy raadgewers en 'vriende' het dit ook besef en hulle koning so goed geken dat hulle onmiddellik sy swakhede uitbuit deur met gevele en mooipraatjies en heuningkwas-politiek by hom te kruip en hom op sleptou te neem na die afgodstempel toe. Joas het die krag van sy koningskap ondervind in die noue band tussen koningskap en priesterskap. Met die dood van die hoëpriester het Joas gevoel dat daardie band nou onherroeplik stukkend gebreek was. Op dieselfde tempel wat hy so kragdadig laat herstel het, draai hy nou sy rug... Hy wou selfstandig wees na die dood van die so outydse en verkrampde priester en word 'n gewillige volgeling van die grotes van die wêreld deur te kniel voor dooie beelde en saam te rol in die vuil modder van heidense losbandigheid wat godsdienste genoem word.

Groot is die geduld van die HERE Here met Sy volk. Hy stuur weer profete wat oproep tot bekering en gedurig waarsku. Koning Joas hou hom doof en is baie liberaal en o so tegemoetkomend teenoor die liefhebbers van die wêreld maar laag en deurtrap gemeen teenoor troue priesters .

Sagaria, 'n seun van die oorlede hoëpriester Jojada, is deur die Gees van God

vervul. In die krag van die HERE het hy openlik voor die volk gesê: "So sê God: Waarom oortree julle die gebooe van die HERE ? Dit sal nie met julle goed gaan nie. Omdat julle die HERE verlaat het, sal Hy julle verlaat." Hierdie vonnis van die HERE het op die volk indruk gemaak maar Joas en sy nuwe vriende het glad nie tot bekering gekom nie, hulle het hulle sondes nog meer gemaak.

Salaria is op valse aanklagte gevang en op bevel van die koning sommer gou-gou gestenig. Hulle was so gretig en haastig om hom dood te maak dat hy sonder meer in die voorhof van die heilige tempel vermoor is. Daar op die plek van onaantasbare veiligheid en vryheid tussen die altaar en die huis van God is die troue dienskneg op bevel van sy eie pleegbroer vermoor. Hy het nie eers daarmee rekening gehou dat sy pleegvader die goddelose Atalia wat juis sy broers almal vermoor het en sy lewe ook sou wou neem, nie eers in die tempel tereggestel is nie. Ondanks die geweldige groot risiko om haar nie onmiddellik dood te maak nie het sy pleegvader die heiligheid van die tempel hoër geag as enige risiko van mislukking en sekere dood. Joas skend openlik die Naam en heiligheid van die HERE en vertrap die guns en jarelange goedheid wat Jojada hom bewys het deur Jojada se seun en sy eie pleegboer te vermoor. Ontsettend is hierdie sonde wat ons in die lig van die Woord van God kan beskryf as sonde teen die Heilige Gees waarvoor geen vergewing gekry kan word nie.

Die man wat eers 'n kerkhervormer was word nou 'n kerkbestormer en kerkverwoester. Maar nie lank daarna nie het die HERE hom in Sy Goddelike wraak laat sterf deur die hand van heidense sluipmoordenaars. Die koning wat sy hulp by die afgode gesoek het, is juis deur aanbidders van dieselfde afgode uit hierdie lewe uit verwyder. Hierdie koning wat so baie moeite gedoen het om in die guns van die grotes van die wêreld te deel het nou juis hulle guns verloor. Hy ontvang nie eers die eer wat hy aan sy pleegvader Jojada bewys het toe hy die oorlede priester in die grafte van die konings begrawe het nie. Joas is oneervol op 'n ander plek in Jerusalem begrawe. Vir ons is so iets nou niks besonders nie maar vir

die Jode was dit baie belangrik waar jy begrawe sou word. Ons weet dat waar ons ook al begrawe mag wees of selfs as ons weens 'n ongeluk totaal verkool en geen mens weet waar ons hierdie lewe sou verlaat het nie, dan nog is ons veilig in God se Hand tot met die Wederkoms wanneer ons 'n volmaakte ewige liggaam sal ontvang.

Met treurige verbasing en skok sien ons die verstommende afvalligheid in Joas. Hoe is dit moontlik? Vandag gebeur dit ook nog. Kinders wat deur vroom ouers opgevoed is en aan hulle hand na die Here Jesus gelei is en terwyl hulle tuis bly 'n gelowige lewe lei. Hulle kom gereëld kerk toe, woon die katkisasies by en doen belydenis van hulle geloof. Tog kom hulle nie tot 'n selfstandige geestelike lewe nie, kom daar geen werklike persoonlike aanvaarding van die beloftes en eise van God se verbond nie. Natuurlik kan ons nie uit eie krag die regte keuse doen nie maar wat ons wel kan en moet is om Christus daarvoor te vra. Ons moet na ons Saligmaker gaan met die gebed dat Hy deur Sy Gees al hoe sterker in ons werk en ons ook geestelik volwasse sal maak.

God beveel ons om ons voorgangers te eer en na hulle geloof te kyk. Dit beteken ook dat ons hulle werk en uitsprake moet toets in die lig van die Woord. As die voorgangers dan dwaal soos Joas se heuningkwasswaaiende vernames dan moet ons hulle verwerp. Dit kos moontlik stryd maar om teen God te veg beteken juis om nooit vrede te kry nie.

JOSIA - 'n APPEL WAT VÉR VAN DIE BOOM AF VAL. 2 Kon 22

"Die koning is dood!! Lank lewe die koning!!" Al die eeue deur het hierdie woorde weerklink in lande waar daar konings was. Onmiddellik as die koning sterf word sy opvolger as koning begroet.

In Juda is koning Amon deur sy eie dienaars vermoor. Vir die volk was sy dood nou nie juis 'n verlies nie, hy was 'n goddelose vent. Maar omdat hy weens politieke motiewe vermoor is en sy moordenaars 'n ander politieke koers wou inslaan as dit

waarvan die volk gehou het, het die volk op hulle beurt die moordenaars vermoor. Die volk plaas toe die vermoorde koning se seun Josia op die troon.

Koning Josia was maar 8 jaar oud en dus slegs een jaar ouer as koning Joas toe hy so 'n twee eeue vroeër koning geword het. Met die kroning van koning Joas is daar uitbundig feesgevier. Hiervan lees ons niks by die kroning van koning Josia nie. Dit was ook geen wonder nie want die omstandighede was baie-baie somberder. Die volk Israel van die Tienstammeryk was lankal in ballingskap weggevoer. Ook in die Tweestammeryk Juda was skaars iets te sien van die glorie van vroeër . Die platteland was grootliks ontvolk en hele stede en dorpe het in puinhope verander.

Die bloedjong koning Josia was geseënd deurdat hy 'n gelowige moeder gehad het. Deur haar en ander gelowiges te gebruik het die HERE Josia bewaar tussen al die sondige uitspattighede van die paleis in die stad Jerusalem. Die heilige stad het 'n onheilige plek geword, die sentrum van afgodediens.

'n Kind van agt jaar kan natuurlik nog nie 'n land regeer nie en daarom was daar voorlopig voogde wat hom gehelp en gelei het.

Op sestienjarige ouderdom het hy blykbaar nog nie selfstandig geregeer nie maar in sy geloofsluwe was hy wel selfstandig. Die gelowige optrede en opvoeding en gebede van sy moeder het heerlike vrugte gedra. Die jong tienderjarige koning het die God van sy voorvader Dawid gesoek. Hy wou in aanraking kom met die HERE God en hom deur Hom laat lei. Daarom het die bevele van die HERE vir Josia die belangrikste geword.

Hoe wonderlik werk die HERE tog! Die seun se vader was 'n goddelose afgodsdienaar. Die paleis en selfs die tempel was vol afgodsdienaars en ongelowiges. Afgodediens beteken ook altyd in die eerste plek dat die hele lewe in sondige opstand teen God gestempel word deur 'n volkome oorgawe aan die sonde en allerlei vuilheid en liederlikheid.

In so 'n omgewing word die seuntjie van sy geboorte af groot. Maar God regeer! Hy werk deur Sy Heilige Gees die geloof in die hart van Josia soos Hy dit ook

gedoen het by Josef en Moses, Samuel, Daniël en sy vriende. Dit beteken vir ons vandag ook baie. Ons word groot in 'n wêreld en omgewing wat al hoe meer goddeloos word. Op skool en universiteite en die werk kom ons in aanraking met spotters en vloekers wat ons wil verlei. Op skool word ons al wysgemaak dat alle sogenaamde godsdienste gelyk is en elkeen net 'n deeltjie van die waarheid sou hê. Mens sou partykeer wil dink dat dit onmoontlik is om in so'n omgewing en onder daardie omstandighede die HERE te dien en lief te bly hê. Dit klink na 'n goeie verskoning. Maar God plaas ons juis in daardie omstandighede om daar te wys dat ons van Hom is. Kind van God deur Jesus Christus ons Verlosser. God beloof ons ook om ons dan te help solank ons Hom vra en Hom bly soek deur Sy Woord te lees en Hom in die gebed aanroep.

Josia soek en hy vind God volgens die belofte wat Jesus Christus eeue later sou gee. Die seun wat koning is en vol is met toekomsideale en jeugdige krag soek nie allerlei nuwe en moderne dinge wat kitsoplossings sou kan bied nie. Hy soek die God wat eeue gelede deur sy voorvader Dawid geëer en aanbid is. Hy soek nie 'n nuwe god en nuwe godsdiens wat so gemaak is dat dit mooi inpas by die gedagtes en ontwikkelings en verlangens van 'n moderne tyd nie. Josia soek in 'n wêreld wat gedurig verander die HERE God wat ewig die Onveranderlike troue Verbondsgod is, Hy bly Dieselfde.

Ons HERE God verwag ook van ons om self te kies. Dit is 'n baie groot voorreg as ons in 'n gelowige gesin mag groot word, as ons ouers ons na Jesus Christus lei. Maar die geloof van ons ouers en ander mense wat ons eer kan ons nie verder help nie. Elkeen kan alleen van sy eie geloof leef.

Dit is nooit te vroeg of te laat om te bely: " U is my Drie-enige God en ek is U kind. Ek lê my kinderhand in U Vaderhand om veilig en met blydskap op my lewenspaadjie te gaan. " In die heilige doop het die HERE my God my al klaar al Sy beloftes gegee en nou mag ek sê ja, HERE my God, ek glo dit en aanvaar dit vol verbaasde dankbaarheid en verwondering en ek belowe om U gehoorsaam te

wees." Dan weet ek ook met onwrikbare sekerheid dat ek elke keer as ek in sonde val tog deur die krag van die Heilige Gees wat deur Christus vir my gegee is, weer kan en sal opstaan. Ek weet dan dat al my sonde my vergewe word wanneer ek vol berou vir vergewing vra en God wys op die werk wat Christus ook vir my gedoen het.

As ek so begin gee God my die volharding om so verder te gaan. Dan groei ek altyd verder in die geloof tot eer en verheerliking van Hom wat my gemaak het.

JOSIA - GELOOF MAAK NIE ROEKELOOS NIE.

In allerlei populêre tydskrifte en skindernuusblaaië word ons vandag op die hoogte gehou van die doen en late van die kinders van konings en staatshoofde. Ons kry oor die algemeen 'n indruk van hulle uitspattige lewe en allerlei ander negatiewe dinge wat dan mos 'nuus' is.

Die Heilige Skrif skilder vir ons 'n totaal ander prentjie van die lewe van die twintigjarige Josia. Nadat hy op sestienjarige ouderdom die HERE al begin soek het en dus Hom wou gehoorsaam sien ons dat hy al hoe meer in die geloof gegroei en volhard het. Dit ondanks al die heidense uitspattige verleidings wat om elke draai in Jerusalem so duidelik die toon aangegee het.

Geloof maak 'n mens nie roekeloos nie. Die jong koning het gesien dat die mag van die Bose groot was. Jerusalem was die hoofstad van die vervalle ryk maar ook van die afgodediens met al sy heidense vleeslike gebruike. Daarom het Josia eers in die platteland sy geloof in die praktyk gebring en nie daarmee in die hoofstad begin nie. Die begin van sy hervormingswerk was om toesig te hou by die verwydering van alle heidense afgodsdienstgebruike op die platteland. 'n Geweldige groot werk want die land was vervuil van plekke waar die afgode aanbid en waar altare was. Die oorspronklike Kanaänitiese bewoners het op allerlei hoë plekke die afgod Baäl gedien en altare gebou. Met verloop van tyd het die Israëliete hierdie hoë plekke of hoogtes ook begin gebruik om die HERE daar te dien en te aanbid. Maar

stadig maar seker het hulle toe ook die ou heidense gebruike oorgeneem en dit gemeng met die ware godsdiens (die moeilike woord vir hierdie vermenging is 'sinkretisme' - dit bly altyd 'n baie groot gevaar vir die ware godsdiens. Op die sendingveld in ons land het dit beteken dat christendom gemeng met heidendom die verering van sogenaamde 'voorvadergeeste' binne die christendom ingesmokkel het. Ons sien in ons vasteland baie voorbeelde van die sinkretisme.)

In Josia se tyd het alles al so verword dat daar ook houtgesnyde boomstamme in die vorm van sogenaamde godinne gemaak en aanbid is. Daarby is ook nog bronsbeelde van afgode op die hoogtes geplaas. Alles bymekaar was dit 'n hele kleurvolle verskeidenheid van heidense gebruike wat gepaardgegaan het met openlike seksuele uitspattighede wat deel van die heidense vrugbaarheidsrituele was.

Dit kos die jong koning meer as ses jaar om al die uiterlike tekens van die afgodediens te verwyder. Maar doen hy sy gelowige vernietigingswerk deeglik! Die afgodsbeelde word nie alleen kort en klein geslaan nie maar ook nog tot stof gemaal. Om te voorkom dat daar dan nog mense sou wees wat daardie stof van die 'magtige' afgode as heilig sou beskou, het Josia die stof en gruis laat uitstrooi oor die grafte van hulle vereerders. Daardeur het die stof heeltemal ongeskik vir aanbidding en verering geword en kon dit selfs nie eers meer as 'gelukbringers' gebruik word nie. Kontak met dooie mense of hulle grafte was selfs onder die heidene beskou as die ergste denkbare vorm van verontreiniging.

In die Bybel lees ons verskillende kere oor humor, dinge waaroor jy jou kan slaplag. Daar is nie net in die Bybel nie maar ook in die Kerk en die kerkgebou plek vir die vrolike opregte lag en heerlike blydschap. As ons dan nou dink aan al die vooraanstaande mense en al die magtiges in die oë van die wêreld, wat op hulle knieë en languit op die grond voor daardie oerlelike beelde in die stof lê en kruip het. As ons dink aan al die hooghartige edelagbare dames en here wat minagkend uit die hoogte neergesien het op al die eenvoudige gelowiges maar ondertussen

halfdronk en histeries soos mal mense urelank hulle godsdiens beoefen deur rondom 'n dooie stuk hout of klip te dans. As ons dink dat hulle werklik waar gedink het dat daardie morsdooie klip of hout wat deur 'n sterflike mens bietjie bewerk is, bo-natuurlike krag en mag sou hê en jou lewe kan bepaal en na jou klagtes of dronkgebrabbel kan luister - dan, ja, dan wil ons ons slaplag . Wat 'n baie goeie reaksie is, solank ons net onthou dat daar in ons tyd ook nog baie afgode is. Ons noem hulle dikwels 'statussimbole' : 'n 'branded' hemp of skoene of nuutste selfoon of 'n groter motorfiets of motor of swembad of huis ensovoorts. Dit kan ook wees dat die afgod Baäl net een ou lettertjie verloor het en nou die afgod Bal geword het wanneer die sportgod vereer word. Om nie eers te praat nie van die verstommende afgodery by baie christene wat elke dag 'die sterre' raadpleeg en werklikwaar glo in wat 'die sterre sê'. Sterrewiggelary wat al deur die oerou Babiloniërs beoefen is en streng deur God verbied is. Dink dan ook daaraan dat hierdie 'wetenskap' gebaseer is op die sterrekennis van drieduisend en meer jaar gelede en dat ons vandag weet dat daar baie meer en ander sterrebeelde is wat die hele ou 'wetenskap' as verkeerd bewys. Hoe gek kan mense tog raak?

Behalwe die lag is daar ook plek vir gelowige maar vlymskerp spot in die Naam van die HERE en dit ook in die Kerk. Josia wys pragtig daarop deur te laat sien dat nie een van die tallose afgodsbeelde iets kon doen teen hulle vernietiging nie, waar was hulle mag dan nou?

Die Kerk word dikwels en al hoe meer aangeval met al hoe meer venynigheid. Wat moet die Kerk dan doen? Net maar geduldig alle slae ontvang? Natuurlik nie. Die Woord gee geen opening vir 'n soetsappige slaprug christendom nie. Ons is nie op die aarde geplaas om met 'n heilige boekie in 'n hoekie te gaan sit en smekend verlangend na die hemel te staar en gebedjies te prewel met die oog op persoonlike bevryding van aardse lyding nie. Ons Goddelike roeping is van die vroegste begin af om te bewerk en te bewaak (Gen 1 : 28 en 2 : 16), om God daarin te eer en die naaste tot seën te wees. Daarom moet ons biddend werk en veg. Een wapen wat

God ons gee is heilige spot en veragting. Josia het dit gelowig gebruik. Ons mag dit ook doen.

As ons op skool en deur middel van die radio en die TV geleer word dat ons van ape en ander diere afstam dan mag ons daaroor spot en sê dat daardie dierlike kenmerke moontlik wel te sien is in daardie mense wat dit glo maar dat ons deur God geskape is na Sy beeld en dat ons hele lewe deur Hom gelei en bewaar word.

JOSIA - 'n KERK SONDER DIE WOORD ?

Hervormingswerk is nie iets wat sommerso in 'n japtrap afgehandel kan word nie. Die ware Kerk moet trouens altyd hervormend of reformerend werk.

Koning Josia was al ses jaar lank besig om die land en sy bevolking te hervorm. Nadat hy op die platteland begin het, het die hoofstad aan die beurt gekom. Jerusalem is skoongemaak van afgodery. Maar hervorming beteken nooit slegs afbreek nie. Opbou van die Kerk van Christus is altyd die ander kant. Dit is die vreugdevolle kant.

Na ses jaar van harde skoonmaakwerk het Josia bevel gegee dat die huis van die HERE herstel moes word. Dit was al weer eeue lank dat die tempel deur verwaarlosing en plundering agteruitgegaan het. Die laaste keer dat die tempel kragdadig herstel was, was al maklik twee eeue gelede onder koning Joas. Vir koning Josia was die tempelskoonmaak en restourasie nie 'n persoonlike stokperdjie nie. Dit is roepingswerk vir hom en die hele volk. Daarom stuur hy drie hooggeplaaste amptenare na die hoëpriester om te reël vir die herstel van die tempel. Ondanks die uiters swak ekonomiese omstandighede en die armoede van die bevolking weens die gedurige plundertogte van die vyand, het die Leviete baie geld van die gelowiges ontvang. Dit is al die eeue deur die wonder van God se werk in die harte van die gelowiges. Wanneer die lewende Woord oopgaan dan gaan die hande en beursies van God se kinders ook oop.

Die huis van God het vir die gelowiges weer nuwe en die regte betekenis. Ons leef vandag in die tyd van die nuwe verbond. Die tempel in Jerusalem bestaan al amper tweeduisend jaar nie meer nie. Die doel en betekenis daarvan is deur die lyde en sterwe van ons volkome Hoëpriester Jesus Christus vervul. Elkeen van ons is nou 'n tempel van die Heilige Gees.

Tog is daar orals in die wye wêreld kerkgeboue. Ons noem so 'n gebou soms die huis van God. Dit is nie verkeerd om so daaroor te praat nie maar tog wel gevaarlik. Ons kerkgeboue is vandag heel gewone geboue van klip wat maar net bedoel is as gerieflike bymekaarkomplekke vir die gelowiges. God woon nie in een of ander kerkgebou soos vroeër in die Allerheiligste van die tabernakel of die tempel nie. God is orals teenwoordig. Hy is daar waar twee of meer mense in Sy Naam saam is, sê ons Here Jesus Christus. 'n Kerkgebou is vandag dus nuttig vir die opbou van die gemeente maar is glad nie lewensnoodsaaklik nie. Daarom moet ons daarteen waak dat geen uiters duur kerkgeboue gebou word terwyl die geld dan afgeknyp word van sake wat juis die taak en roeping van die Kerk is. Die roeping en taak van die Kerk bly altyd en uitsluitlik om die Woord van die HERE God te verkondig en dit mag nooit skade ly ter wille van 'n mooi gebou van harde, koue en dooie klip nie.

Die huis van God is vandag die volk van God, die lewende gemeente van die lewende God. Wat daarin nodig is, is lewende stene. Dit is nie my roeping om dooie klippe of hout aan te dra vir die huis van God nie. Ek moet myself gee in my Goddelike roeping en moet 'n lewende lidmaat van Christus se gemeente wees. Eers daarna sal die bou van 'n eenvoudige doelmatige kerkgebou vanself wel kom indien dit God behaag. Vir alle werk -in- die- Kerk en daarbuite is ons verantwoording skuldig aan Hom wat alles gee. Die werkers vir die tempelherstel het alles in die geloof gedoen. Hulle het besef dat hulle verantwoording aan God moet doen en daarom is dit nie nodig gevind dat hulle aan mense verslag moes doen nie. Dieselfde het gebeur by die tempelherstel onder koning Joas. Dit is

wonderlik as daar so 'n gees van vertrouwe in die Kerk heers. Beteken dit nou dat ons presies dieselfde in die Kerk moet doen? Nee. Ons moet gelowig-nugter leef en werk in die Kerk. Ons moet onthou dat selfs die allerheiligste onder ons nog maar 'n klein beginsel van die volmaaktheid het. Enige gelowige kan in die aangesig van versoeking, veral as dit geld is, beswyk. Ons mag nie so onverantwoordelik wees dat ons mense in versoeking laat kom om geld of goed te verduister of te steel nie. Boonop is dit nie ons geld en goed nie maar Christus se gemeente s'n en daarom moet dit met groot verantwoordelikheid beheer en uitgegee word. Daarom is daar in die Kerk 'n kassier wat weer aan die finansiële kommissie verslag en verantwoordelikheid moet doen. Daarom is daar 'n ouditeur wat jaarliks die boeke moet nagaan. Daarom is daar kerkraadsvergaderings en verslagvergaderings waar verslag gedoen word oor wie en hoe die werk in die gemeente gedoen word. Die gemeentewerk van Woordverkondiging in die samekomste van die gemeente tydens eredienste en op huisbesoek en siekebesoek en die katkisasies.

In Jerusalem is opgewek gewerk met musikale begeleiding. Die Leviëte wat op musiekinstrumente kon speel het die leiding geneem en op die maat van musiek is die werk gedoen. Vandag hoor en sien ons nog dikwels waar spanne werkers langs die pad of op 'n bouperseel werk dat die werk op die ritme van hulle sang gedoen word.

Sy ywer vir die diens van die HERE lewer vir koning Josia 'n volkome onverwagte resultaat op. Toe die geld wat die volk geoffer het getel moes word is plotseling 'n ou-ou boek gevind. Die hoëpriester Hilkia besef dat dit die wetboek van die HERE was wat deur Moses gegee is, maar tog lyk dit asof hy nie juis daarin gelees het nie. Hy gee dit toe maar vir Safan wat iets soos 'n privaatsekretaris en hoogste amptenaar naas die koning was. Nou was dit Safan se verantwoordelikheid verder. Safan het toe seker ook maar 'n bietjie in dié stokou boek gekyk maar nou nie juis anders daarvan geword nie. Hy het rustig verder gegaan met sy werk en daarna na die koning gegaan om verslag te doen van die vordering. As slot van

die verslag deel hy eenvoudig mee dat die priester Hilkia hom "'n boek' gegee het. Blykbaar nie juis van enige belang nie. Vir die koning was dit 'n perd van 'n ander kleur! Die boek kom dan uit die huis van die HERE! Hy beveel Safan om daaruit voor te lees.

Heeltemal verslae en verpletter het die jong koning geluister na die voorlees van die Wet van die HERE! Mens kon hom blykbaar met 'n veertjie omgeslaan het. As teken van sy ontsteltenis en geweldige rou skeur hy sy klere. Nou word baie dinge vir hom eensklaps duidelik. Nou verstaan hy waarom die HERE die volk die laaste eeue so gestraf het. Hoe het die volk gedurig teen die HERE gesondig en in opstand gekom. Hoe verkeerd was allerlei tradisies wat net so klakkeloos van die vaders oorgeneem is. Dit is geen wonder dat al die rampe oor die volk gekom het nie, die vloek van die HERE rus op hulle.

Onmiddellik stuur die koning vir Safan en Hilkia met nog drie ander as 'n afvaardiging na die profetes Hulda om die HERE te raadpleeg. Die koning voel aan dat die HERE 'n doel het met die terugvind van die wetboek en dat Hy die koning en die volk daardeur iets wil sê.

Sonder om doekies om te draai sê die profetes reguit dat God vasbesluit het om al die vervloekings wat in die wetboek staan, uit te voer. Die HERE handhaaf die eise van die verbond. Juda sal soos Israel ondergaan maar omdat Josia vol berou na die HERE gevlug het, sal hy nie al die onheil sien wat die HERE oor Jerusalem en die volk sal laat kom nie.

Die koning het baie gelowig opgetree en nou bly hy gelowig handel. Hy word nie kwaad nie. Vir hom is die Bybel nie alleen 'n boek wat goed is wanneer troos nodig is nie. Hy buig ook gelowig onder die straf wat God in Sy Woord laat hoor. Hy kom nie na die HERE met 'n stortvloed tranerige verskonings nie. Hy bely sy eie sonde, die sonde van sy volk, die sondes van die geslagte mense wat voor hom geleef het.

So werk die HERE ons God. Hy gebruik Sy Woord om ons ons sondes te leer ken

en te bely . Daardeur word ons juis op ons knieë gedwing om al ons hulp by die troue HERE te soek en om Hom te smeek om ons te vergewe.

Die HERE het Josia nie toegelaat om deur sy gebede en skuldbelydenis genade vir die hele volk te kry nie. Die verbond waarin Juda met die HERE gestaan het, was nog altyd die ou verbond. Die tyd van die ou verbond het begin verbygaan. Die Here Jesus sou moes kom om die genade wat Josia nie meer vir die hele volk kon afbid nie, wel te verdien deur Sy onskuldige bloed te gee. Die heilige bloed van die Here Jesus Christus moes toegang gee tot die ewige genade van God vir Sy volk. Daarom is hierdie nuwe verbond baie heerliker as die ou verbond.

JOSIA- KAN BEKERING 'n MORS VAN MOEITE WEES ?

Die jong koning Josia het gehoor dat God se oordeel oor Sy volk Juda definitief sou kom. Wat nou ?

Was die hervormings wat hy met lewensgevaar al die jare lank kragdadig deurgevoer het dan totaal tevergeefs gewees? Moes hy alles nou maar los omdat dit tog g'n snars meer sou help nie?

Josia het glad nie so gedink nie. Hy het nie gesê dat dit nou geen sin meer het om verder met die hervorming aan te gaan nie want Juda se doppie is in elk geval geklink, die ondergang staan voor die deur. Josia het geweet dat die belangrikste nie is dat een of meer mense gered of salig word nie. Die allerbelangrikste is dat die HERE alle reg daarop het dat Hy gedien en geëer word. Met alle krag het Josia verder gegaan met sy hervormings , ter wille van die eer en die reg van die HERE.

Na die hemelvaart van ons Here Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag leef ons in die laaste dae. Hierdie laaste dae duur al amper tweeduisend jaar en net ons hemelse Vader weet of Hy dit nog duisende jare sal laat duur of dat dit nou onmiddellik die Dag van die Wederkoms van Jesus Christus is. Ons weet uit die onfeilbare Woord van God dat dit hier op aarde nooit hemel sal word nie. Dit is 'n sondige mors van tyd om die hemel op aarde te

probeer bring. Maar ons mag van die wêreld ook geen hel maak nie.

Ons weet dat die ongeregtigheid en vuilheid in ons wêreld altyd groter sal word en dat die antichris, die teen-Christus, besig is om te kom en dat dit sal lyk asof hy almagtig sterk is. Maar ons is daarvan oortuig dat ons christelike geloof nie alleen vir die hemel belangrik is nie. Dit is juis ook van die allergrootste belang vir die aarde en daarom veg ons vir ons hemelse Koning. Hy is Koning van alles wat op, bo en onder die aarde is. Geen vierkante sentimeter van die wêreld en van die lewe is daar waaroor Hy nie Koning is nie. Nou sê ons nie dat daardie gedurige geveg tog sinloos is nie, want ons weet mos dat ons nie daarin sal slaag om die wêreld vir Christus te oorwin nie. Nee, ons word beheers deur die oortuiging dat die HERE daar reg op het ook al kom daar in ons oë nooit enige vrug op ons werk nie. Ons word gedurig vorentoe gedryf deur ons liefde vir die eer van Sy Naam om altyd te bly werk.

Koning Josia het dus van die profetes gehoor dat die onheil al baie naby is en sekerlik sal kom. Daarna het hy die hele volk na die tempel laat kom en voor hulle gaan staan en die hele wetboek self voorgelees.

Wat die koning self so geweldig diep ontroer het dat hy sy koninklike klere geskeur het en hom voor God verneder het, dit moet die hele volk nou ook hoor. Maar dit lyk asof daar by die volk geen ontroering is nie. Ons lees niks daarvan dat die volk hulle ook in stof en as verneder het nie.

In elk geval is daar by die volk wel 'n gees van gehoorsaamheid aan die koning. Koning Josia het plegtig die verbond met die HERE weer hernu. Plegtig is belowe om die HERE te volg en Sy gebooie en Sy getuienisse en Sy insettinge te onderhou. Die volk het daarmee saamgestem en waarskynlik 'Amen' gesê wat beteken dat dit waar en seker sal wees. Tog wil dit lyk asof die volk eintlik nie geweet het wat hulle werklik beloop het nie. Aan entoesiasme was daar 'n groot gebrek.

Uit die profete Sefanja en Jeremia wat ook juis in hierdie tyd geleef en gewerk het,

weet ons dat daar van bekering by die volk in sy geheel geen sprake was nie.

Die volk het nou nie juis beswaar gehad teen die koning se optrede teen die afgodediens nie. Die meeste mense het dit blykbaar beskou as 'n onskuldige stokperdjie van die jong koning. So 'n man moet darem tog iets hê om homself mee besig te hou. Boonop is hy gesien as die verteenwoordiger van God op hierdie aarde en kan dit vir hulle net voordelig wees as hy in God se goeie boekies kom. Maar om self hulle persoonlike lewe te verander en om tot die enigste ware God terug te keer, dít is darem veels te veel gevra.

Omdat die volk ingestem het om die verbond met die HERE te hernu en dus weer te sluit, het die koning die stilswyende toestemming van die volk gehad om verder te gaan met sy hervormings. Met al sy jeugdige krag het Josia dit dan ook gedoen. Hy het stelselmatig met sy hervormingswerk verder gegaan. Die tempel is van hoek tot kant skoongemaak van alles wat vir die afgodediens gebruik is. Die afgodsbeelde, altare en offergereedskap is buitekant die stad verbrand en vernietig en die as daarvan na Betel gebring. Josia het sy kerkgeskiedenis geken, gelowig geken. In Betel het die afgodediens eeue gelede begin en met die as van die so duidelik magtelose afgode is daardie onheilige plek gesmaad en bespotlik gemaak. Die tempeldiens is ook deur die koning hervorm. Alle priesters wat wel nog in die HERE geglo het maar op die hoogtes offers aan die HERE gebring het, is ontslaan. Hulle moet in Jerusalem kom woon om onder toesig van die hoëpriester te wees. In die tempel mag hulle geen diens doen nie maar die koning sorg dat hulle genoeg sal hê om te eet -- watter teken van barmhartigheid! Die koning self trek die hele land Juda en selfs die vroeëre land van Israel deur om letterlik alle afgodery uit te roei. Die priesters van die afgode is op hulle eie altare geslag en verbrand om so daardie plekke volkome te ontheilig. Ons lees hieroor in 2 Kon 23.

Nadat stad en land skoongemaak is het dit ondertussen tyd geword vir die viering van die Paasfees. Die koning het beveel dat die Paasfees gehou moes word soos dit geskrywe staan in die verbondsboek wat gevind is. Ook hierin wil hy hom alleen

laat lei deur die Woord van God.

In geen eeue is so 'n Paasfees gehou nie. Die laaste keer wat 'n Paasfeesviering 'n bietjie daarmee vergelyk kon word was in die dae van die profeet Samuel. Hierdie Paasfees wat in alle opsigte volgens die Wet van die HERE gevier is was een feestelike bedrywigheid. Die koning self het die geweldige getal van dertigduisend stuks kleinvee vir die volk gegee as paasoffer en daarby ook nog drieduisend beeste vir die brandoffers. Die hoofde van die priesters het vir die priesters 2600 stuks kleinvee en 300 beeste gegee en die hoofde van die Leviete vir die Leviete 5000 stuks kleinvee en 500 beeste!!

Tog plaas die noem van hierdie getalle onmiddellik 'n demper op die vreugdevolle feit van die Paasfeesviering. Die koning alleen het baie en baie meer offerdiere geskenk as al die hoogwaardigheidsbeksleërs saam. Boonop het die Leviete se hoofde amper twee keer meer gegee as die hoofde van die priesters. Watter eensame stryd vir hervorming moes die jong koning veg! Selfs of miskien veral die priesters wat hom in die Naam van die HERE moes ondersteun en lei het hom in die steek gelaat en moes deur die jong koning bemoedig word. Blykbaar meer uit dwang as uit hartlike liefde vir God of die koning, doen hulle skoorvoetend hulle werk.

In hulle ywer vir die diens van die HERE stof die Leviete die priesters ver uit. Die spil waar om die organisasie van die Paasfees draai, is nou die Leviete.

By die instelling van die Paasfees het die HERE duidelik opdrag gegee dat die paaslam deur die gesinshoof geslag moet word. Koning Josia gee egter die Leviete bevel om die paasoffers te slag. Waarskynlik omdat hy geweet het dat 'n groot deel van die volk nie juis lus was om noukeurig saam te werk nie en daardeur juis die Paasfees kon ontheilig. Die Leviete moet die slagwerk nou doen sodat die diere as egte paaslammers geslag word en sodat die Paasfees gevier kan word volgens God se bedoeling.

Behalwe die slagwerk het die Leviete vol ywer gesorg dat dit vir elkeen moontlik

was om die paaslam te eet. Tot laat in die aand het die paasviering aangehou.

Die eerste Paasfees is in Egipte gehou. Die volk was toe slawe in die slawehuis van Egipte. Die HERE het beveel dat Paasfees gevier moes word terwyl die bloed van die lam aan die deurkossyne gesmeer is. Net dán sou die doodsengel verbygaan. Sou hierdie Paasfeesviering wat streng volgens God se Wet gevier is nou ook beteken dat die oordeel van die HERE by die volk verby sou gaan?

Dit was net twaalf jaar later, twaalf jaar nadat hierdie wonderlike Paasfees gevier is. En uit die land waarin die eerste Paasfees gevier is kom Farao Nego met 'n groot leër op sy deurpad deur Juda. Die Egiptiese Farao was maar net op pad deur Juda om na sy bondgenoot naby die Eufraatrivier te trek. Josia maak toe die fout van so baie konings deur hom te bemoei met die wêreldpolitiek - ondanks 'n waarskuwing deur God. Die so vrome koning word dodelik gewond in die geveg. Hy word diep deur die volk betreur. Die profeet Jeremia bring die rou van die volk onder woorde in 'n klaagsang. Koning Josia het 'n baie spesiale plek in die hart van sy volk bekleed.

Deur die neerlaag en dood van hulle koning kom Juda nou weer onder die heerskappy van Egipte. Dit was asof hulle terug was in die slawehuis. Die Paasfees wat so noukeurig volgens die Wet gevier is het die onheil nie verby laat gaan nie. Die bloed van tienduisende lammers kon Juda nie van sy sonde skoonwas nie.

Die ou verbond was magteloos om die volk as volk te red. Die nuwe verbond moes kom en daarin kom daar 'n ander hervorming. Die hervorming sou nie bestaan uit uiterlike verandering en reiniging van godsdienstige gebruike nie. Daardie hervorming gebeur in die hart waarin die Heilige Gees kom woon om daarin ook die wet te skryf.

Die lewe van die gelowige Josia was een skreeuende gebed vir die koms van Jesus Christus. Die koning op die troon van Dawid het gewerk om die pad oop te hou vir die koms van die Groot Seun van Dawid, Jesus Christus. Hy wat as die volkome Paaslam vir ons en koning Josia geslag is vir vergewing van AL ons sondes.

DANIËL - DIE MENS WIK MAAR GOD BESKIK.

Weer eens is die bevolking van Juda en Jerusalem opgeskrik deur die onheilspellende nuus : "oorlog! Die vyand is op pad!". Al verander die naam van die vyand gereëld bly die onuitspreeklike ellende van elke oorlog presies dieselfde. Onder die regering van die gelowige koning Josia was die vyand die Assiriërs en hulle bondgenote die Egiptenare. Nadat koning Josia gesneuwel het was Egipte die baas in Juda. Maar die Here het 'n nuwe wêreldmag laat ontstaan, Babel sou Assirië vernietig. Onder leiding van Nebukadnesar het die Babelse leërs Assirië verslaan en sy magte gedurig verder die wyk laat neem. Die gebied wat deur Egipte in samewerking met Assirië oorheers is, is nou ook ingeneem en so het Juda se beurt ook gekom.

In Jerusalem was koning Jojakim weens sy vriendskaplike houding teenoor Egipte deur Faraon Neco op die troon geplaas. Dit was skaars drie jaar na die geliefde koning Josia se dood en dit het nou al gelyk asof die onafwendbare oordele van die HERE in al hulle felle krag begin losbars.

Koning Jojakim het ondertussen gehoor dat die Egiptiese leërs verpletterend verslaan is deur Nebukadnesar. Toe hierdie Babelse kroonprins met sy leër Jerusalem omsingel, het Jojakim blykbaar gou-gou eiers vir sy geld gekies en oorgegee. Ons lees naamlik niks wat daarop dui dat die stad lank beleër was nie.

In die Bybelse tyd lees ons dikwels van stede wat beleër word en so 'n beleëring kon jarelank duur. Die stad was dan te sterk vir die vyand om dit in te neem. Die vyand het dan gewoonlik probeer om die stad dood te wurg. Absolute sanksies het verhoed dat enige water- en voedselvoorrade die stad bereik. Die verdedigers en bevolking moes deur honger en dors gedwing word om oor te gee. In Daniël se tyd was veral die Assiriërs beroemd vir hulle beleëringswapens en werktuie. Verskillende stormramme is ontwikkel om die stadspoorte en stadsmure te vernietig. Die lang houtpaal met sy versterkte kop is gedurig op 'n swak plek van

die stadsmuur gebruik om 'n bres daarin te probeer moker. Wanneer dit gebeur het, het die voetsoldate daardeur die stad binnegedring. Dit was alles 'n baie tydrowende proses. Dikwels is die beleëraars egter gehelp deur die uiters onhigiëniese toestande in die stad waardeur besmetlike en dodelike siektes maklik ontstaan het en die bevolking en verdedigers by die duisende afgemaai het.

Die ongelowige koning Jojakim is nou deur die Here so gelei dat hy ingesien het dat oorgawe die beste is. Veral in die Daniëlboek sê die Skrif ons baie duidelik dat dit God is wat regeer, dat Hy die magtiges van die aarde se lewe en planne beskik en hulle volgens Sy plan en wil en doel gebruik. Daarom sien ons ook in die val van Jerusalem duidelik die werk van die Here. Dit was niks anders nie as die begin van die straf wat die gevolg was van die verbondsvloek wat die volk oor hulle gehaal het omdat hulle die verbond met God keer op keer verbreek het.

Vir die heidene het dit gelyk asof die God van Israel die knie moes buig voor hulle god Mardoek. Hulle het selfs die God van Israel kon verneder deur 'n deel van die tempelgereedskap in beslag te neem. Hierdie aan God gewyde voorwerpe is weggeneem na die tempel van Mardoek in die land Sinear. Opvallend dat die Heilige Gees deur sy profeet Daniël die land Babel nou weer aandui as die land Sinear. Daardie naam hoor ons al in die begin van die Bybel in Genesis 11 waar ons hoor dat die toring van Babel in die land Sinear gebou is. Daardie keer het God gewen en die sterk Babelse mens met sy god Mardoek was aan die verloorkant. Nou word na al die eeue die bordjies verhang - Jerusalem as stad van God is magteloos teen Babel as stad van die mens.... Gelukkig mag ons weet dat God se straf oor Sy volk nodig was om die pad van die Verlosser reg te maak.

DANIËL - BANDELING-GYSELAARS

Omring deur beroemde magtige Babelse soldate vertrek 'n groep seuns deur een van die poorte uit Jerusalem. Hulle bagasie is maar min want hulle weet dat daar by die verweg eindbestemming vir hulle gesorg sal word. Party van die seuns gaan bly

opgewonde oor die avontuurlike vooruitsig, ander gaan teësinig. Die eskort soldate onderstreep die dwang, hulle gaan nie uit vrye wil nie maar as gyselaars. Die begrip 'gyselaar' wat in ons so moderne eeu weer bekend geword het is al eeue en eeue oud.

Nebukadnesar wou iets hê om die verslane koning Jojakim en sy vooraanstaande raadgewers en burgers mee te kan dwing om gehoorsaam aan hom te bly. Daarom is uit die koninklike familie en vooraanstaande gesinne jong seuns gekies wat liggaamlik volmaak was en ook 'n goeie verstand gehad het. Hierdie seuns moes nou in die paleis in Babel verder gaan leer sodat hulle die koning in sy paleis kon dien en ondertussen die Babelse gebruike kon leer wat hulle later in hulle eie land kon toepas.

Koning Salomo het in sy wysheid gesê dat daar niks nuuts onder die son is nie. Hier sien ons dit ook weer. Nebukadnesar het al besef dat jy nie met 'n wapen in die hand 'n hart kan verower nie. Die hart moet met geestelike mag of oormag verower word. Die onchristelike magte van ons tyd besef dit ook. Daarom word die mense wat nie gehoorsaam op alles ja-en-amen sê nie deur diktators na 'heropvoedingskampe' of konsentrasiekampe verban. Deur duiwelse breinspoeling en geestelike moord en karaktermoord word van die mense menspoppe, robotte gemaak wat alle goddelose propaganda sluk en uitvoer. Ons moet in ons tyd maar goed onthou dat die ANC- bewindhebbers van vandag hierdie metodes met die papepel ingeneem het saam met die goddelose (ateïstiese) leer van kommunisme en dat hulle dit sonder om 'n oog te knip op die een of ander manier in die praktyk probeer bring. Hoe baie christene sluk dit vir soetgoed om tog maar net 'politiees korrek' te kan wees.

Die Judese seuns sou in die ingewikkelde Babiloniese wetenskaplike kennis ingelei word. Hulle sou leer om die moeilike spykerskrif van die Chaldeërs te bemeester asook hulle rekeningkunde. Op daardie manier sou hulle ook die gewoontes van Babel leer ken en ingelei kan word in die diens van Mardoek, die god wat magtiger

is as alle gode wie se aanbidders nie teenoor Babel kon bly staan nie. Oorweldig deur die mag en prag en kennis van Babel kan hierdie seuns dan later as regeerders van of skakels met hulle eie volke dien en 'n baie groter lojaliteit teenoor Babel koester as hulle landgenote.

Onder die Judese seuns wat God se stad verlaat op pad na die 'stad van die mens' is Daniël, Gananja, Misael en Asarja. Die doel is dat hulle as hofdiensers opgelei moes word. Omdat vir daardie doel gewoonlik seuns van ongeveer veertien jaar oud gekies is kan ons met veiligheid aanneem dat hierdie vier so oud was.

Net hierdie vier seuns se name word in die Skrif genoem. Daar was baie ander seuns saam met hulle maar hulle is van geen belang nie. In die paleis was hulle wel belangrik en is hulle geprys omdat hulle so mooi saamgewerk het en al die Babiloniese gewoontes klakkeloos oorgeneem en hul eie gemaak het. Deur slim Joodse diplomatie sorg hulle dat hulle toekoms verseker is en dat alles vorentoe voor die wind sal gaan. Hulle name lees ons nie in die Heilige Skrif nie en dit sal ook nie in die Boek van die Lewe gevind word nie. Hulle lekker lewe van veiligheid-ondanks-alles het saam met die Babiloniese Ryk 'n einde gevind in die afgryslike ewige dood.

Slegs die vier seuns wie se name genoem word is die Kerk, die gemeenskap van die heiliges in die goddelose Babel. Alleen in daardie paar seuns is Juda as Godsvolk in Babel aanwesig.

Die vier seuns moes allereers nog drie jaar lank skool toe. Die staatsopvoeding moes hulle losmaak van hulle kultuur, hulle gewoontes en veral natuurlik van hulle geloof. Want daar is niks in die lewe wat nie deur geloof beïnvloed en dikwels bepaal word nie.

Die bande met die verlede moet so goed moontlik verbreek word. Babel begin sommer al direk met iets wat só persoonlik is: die naam van elkeen. Die name van al vier seuns het na die HERE gewys. Natuurlik mag dit nie in 'n wêreld waarin die mens almagtig wil wees nie. Daniël se naam beteken: my God is my Regter maar

dit word vervang met Beltsasar wat beteken ' (die afgod) Bel moet die koning se lewe beskerm'. Gananja beteken ' die HERE het gewys dat Hy genadig is' maar dit moet verander na Sadrag wat ' dienaar van (die afgod) Mardoek' beteken. Misael beteken 'wie is wat God is' en dit verander na ' Mesag 'wie is soos (die afgod) Agu?' Die laaste van die vier laat met sy naam Asarja altyd hoor 'die HERE help' . Natuurlik mag dit glad nie en daarom word hy Abednego of ' dienaar van (die afgod) Nego'.

Elkeen van die seuns is dus na die een of ander afgod vernoem. Maar die brutale en brute mag van watter mense ook al kan nie ongedaan maak wat God gedoen het nie. Die kinders is as verbondskinders name gegee en die verbondsseël van die besnydenis is deur die HERE Self geskenk. Daarom sal God Sy gehoorsame kinders nie verlaat nie.

Die Heilige Gees het Daniël laat sien wat dit beteken om as gelowige kind en draer van die verbondsseël in aanraking te kom met die ongelowige wêreld. Hy gee die seun ook die moed en wysheid om op te tree , om te kies vir God en téén die Babel van Satan.

In hulle godsdiens was die heidene baie meer konsekwent as wat baie christene vandag is. Vir die heidene was geloof nie iets wat slegs vir 'n bepaalde deeltjie van die lewe bedoel was nie - soos byvoorbeeld net vir die uurtjie wat ek Sondag kerk toe gaan of vir my stiltetyd elke dag nie. Die heidene het geglo dat geloof iets is wat die héle lewe van die mens raak. Daar is niks in die lewe wat nie iets met die geloof te make sou hê nie. Daarom is alle kos en wyn eers aan die afgode gewy om daarna as 'n heilige ete geniet te word.

Die heidense geloof was dus op die hele lewe gerig of soos ons met 'n moeilike woord sê, dit was totalitêr. Maar vandag sien ons presies dieselfde by byvoorbeeld die sosialisme en die kommunisme in al sy aangepaste vorms en by die Calvinisme. Die gevolg is dat daar altyd 'n tromp-op botsing sal wees tussen die Calvinisme en enige ander -isme, enige ander leer wat die beheersende van iemand

se lewe sal wees. Die hele lewe van enige mens word beheers deur sy geloof. Die gelowige is altyd verplig om in alles God te eer, om tot Sy eer te leef en te laat leef. Alles wat gedoen word is diens-aan-God, godsdiens. Om Bybel te lees is godsdiens, maar om my tande te borsel of skoene skoon te maak of gras te sny of skottelgoed te was is ook godsdiens.

Die jong seun Daniël en sy drie maats was eintlik gevange slafies van 'n onbeduidende klein verslane volkie wat in die wêreldpolitiek glad geen rol gespeel het nie. Hulle is nou in die werklik pragtige paleis van die magtigste wêreldoorheerser van alle tye. Alle prag en praal is 'n toonbeeld van Babel se mag en sou enige gevangene nog kleiner en magteloser laat voel. In daardie pragtige paleis loop Satan soos 'n brullende leeu rond om die verbondskinders wat hy kan kry te verslind.

God het die gelowiges onder die ou verbond ten strengste verbied om enige kos te eet wat aan die afgode gewy was. Al die seuns wat as gyselaars uit Juda na Babel weggevoer is was verplig om volgens die voorgeskrewe spyskaart te eet. Hierdie aanval van Satan lyk nou nie juis belangrik nie, dit gaan mos maar net oor eet en drink. Dit is presies die uiters gevaarlike manier van die Duiwel om ons sover te probeer kry dat ons sy kant kies in dinge wat vir ons nie so belangrik lyk nie. 'n Volgende keer sal ons makliker sondig in die belangrike dinge.

Maar al lyk die verpligte dieet van voedsel wat aan die afgode gewy is vir ons vandag nie belangrik nie, was dit vir die Judese kinders uiters belangrik. God het dit streng verbied en hulle moes God gehoorsaam. Al is hulle name verander, verander dit niks aan die feit dat hulle as verbondskinders besny is nie.

In ons tyd word kos nie meer aan die afgode gewy nie. Iets daarvan bly egter nog wel oor en word selfs op baie kos se verpakking aangedui. Ons sien dan tekens of die woorde 'Halaal' of 'Kosher'. Die eerste vir die Moslems en die tweede vir die Jode. Vir vleisprodukte soos hoendervleis beteken dit dan dat daardie dier geslag is volgens die reinheidswette en gebruike van die Moslems en Jode. Vir ander

produkte soos lekkergoed en koekies beteken dit dat daar geen bestanddele in is wat as onrein deur Moslems of Jode beskou word nie soos byvoorbeeld vet van varke. Daardie kos is dus nie in die werklike Ou Testamentiese betekenis aan die afgode gewy nie. Maar al was dit wel die geval dan maak dit vir ons g'n snars verskil nie want ons glo nie dat afgode van nie-christene enige mag het of enige invloed op ons lewens kan hê nie want hulle bestaan maar net in die gedagtes van daardie mense, hulle bestaan nie werklik nie. Boonop het die heilige apostel Paulus dit uitdruklik gesê in 1 Korintiërs 8 maar as ons mense wat nog maar kort christene geword het sou aanstoot gee deur die eet van 'n gebraaide Halaal-hoendertjie dan moet ons dit vermy.

Ons dink gewoonlik aan Daniël se geloofsmoed in die leeuuil en aan die geloofsmoed van sy vriende by die verering van die beeld wat Nebukadnesar laat bou het. Maar ons sien die Godgegewe geloofsmoed al toe die vier veertienjarige seuns nog maar net in die oosterse diktator se pragpaleis gekom het.

Met kinderlike oopheid en moed wat uit die geloof voortspruit het hulle beleefd gevra om verskoon te word van die bevel om volgens die koning se spyskaart te moet eet. Ons leer hieruit allereers dat 'n gelowige nie teenoor die eis van heidene sy eie eise moet stel nie. Die gelowige moet eerbied hê vir hulle wat deur God oor hulle gestel is as meesters. Daarom vra Daniël vriendelik beleef en taktvol dat hulle toestemming mag kry om nie te hoef sondig nie. Hy weier nie halsstarrig met 'n beroep op sy beginsels nie. Daardeer maak hy die hoofpaleisbeampte nie onmiddellik kwaad en onbuigbaar nie.

In die oë van die heidene was die versoek absoluut ongehoord . Hulle magtige god Mardoek het die God van Juda mos volkome vernietigend verslaan. Om nou te durf beweer dat hulle verontreinig sou word deur Mardoek se kos te eet was nie net 'n godslasterlike belediging teen die magtige Mardoek nie maar ook selfs die ergste graad van hoogverraad. Daarom sou dit 'logies' gewees het as Aspenas hierdie brutale ongehoorsame seuns onmiddellik laat doodmaak het.

Maar God is en bly Koning ook oor die harte van die magtigste mense. Daarom sê Aspenas deur die werk van God met groot nadruk: 'Daniël JY is nie bang nie, maar Ek is baie lugtig vir die koning.' 'n Verstandige beampte sal 'n wispelturige diktator tog geen kans vir woede gee nie.

Geloof laat 'n mens vindingryk wees. Daniël vra die kamer - of tafelbediende om vir tien dae lank 'n proefneming te doen. Daardie tyd moes hulle alleen water en groente ontvang en daarna kon dan maar gekyk word of hulle vier se liggaamlike voorkoms swakker sou wees as enige van die ander seuns. Die eksperiment is gedoen. Na die proeftydperk van tien dae het die gelowige kinders beter en gesonder gelyk as enige van die ander seuns. Vir drie jaar lank kon hulle nou die eenvoudige gesonde kos van die armes eet.

Dit was 'n wonder van God. Hy bewaar Sy kinders selfs daar waar dit menslik onmoontlik lyk.

DANIËL - BID EN WERK.

In so 'n doodgewone plek soos die kombuis en eetsaal het God laat sien dat Hy Koning oor alles is.

Die vier jong seuns het elke oggend groente en water ontvang; elke middag; elke aand groente en water - driehonderd vyf-en-sestig keer per jaar, drie jaar lank in sielododende reëlmaat! Maar juis omdat hulle dit uit gehoorsaamheid aan God gedoen het, het dieselfde God hulle ryklik geseën.

Hulle het die rykdom en ryk verskeidenheid van God se seën so duidelik ondervind. God se seën dek letterlik alles! Nie net liggaamlik was die seuns geseën nie. God het hulle verstandelik ook buitengewoon laat uitblink. Op hulle gebed het harde werk gevolg.

Betekende die feit dat die seuns liggaamlik en uiterlik so kerngesond was en gelyk het dat ons nou ook so 'n dieet moet volg om net so blakend gesond te wees? Van die mense wat vegetariërs is, dus wat net groente en geen vleis en suiwelprodukte eet

nie, wys op hierdie teks om hulle keuse te versterk. Natuurlik is daar mense wat baie baat vind by 'n derglike dieet . Vir daardie mense is dit 'n baie goeie ding . Sommiges pas dit so streng toe dat hulle absoluut net groente en vrugte en water sal 'geniet'. Ander pas dit meer gematigd toe. Maar vir almal geld dat hulle dit net nie op hierdie teksgedeelte uit die Woord van God kan baseer nie. Hulle pas dan die, wat ons sal noem los-tekste verklaring toe. Die Bybelteks wat 'n bepaalde persoon aanspreek, word dan uit die bepaalde verband uitgehaal en as 'n Goddelike uitspraak verkondig. Op daardie manier word die Woord van God uitmekaargeskeur en aangepas aan elke persoon se menslike grille soos dit die mens op daardie oomblik die beste pas. Die Bybel is nie 'n resepteboek waaruit elkeen kan haal waarvoor hy lus is en wat hom pas nie. Die Bybel is die Woord van God wat handel oor die wil van God en Sy werk om tot verheerliking van Sy Naam ons op te roep om 'n dankbaarheidslewe te leef. Ons moet altyd rekening hou met die verband waarin 'n bepaalde teks staan. Om 'n voorbeeld te noem is in die geskiedkundige dele van die Bybel daar tog 'n bepaalde oomblik waarop die HERE iets gesê het in bepaalde omstandighede aan bepaalde persone met 'n bepaalde doel. Die Here God het byvoorbeeld die Israëliete opdrag gegee by die inneem van die land Kanaän om die heidense inwoners dood te maak. Beteken dit nou dat ons as gelowiges en lede van die nuwe Israel dieselfde bevel het teenoor die heidene en ongelowiges wat in Israel en Palestina woon? Natuurlik nie. Ons lees dat Judas homself opgehang het. Dit staan in die Bybel maar ons sal mos nooit daardie teks uit sy verband uithaal en sê dat ons dit nou moet navolg nie. Die ou spreekwoord sê dat elke ketter sy letter het. Hulle haal hulle stokperdjie se letter uit die Bybel en sê dan dat 'dit' in die Bybel staan. Ja, die woordjie 'dit' staan beslis baie kere in die Bybel maar dit sê opsigself mos niks nie. Die goue reël in die verstaan van die Bybel is dat die Bybel homself verklaar. Ons moet altyd dit wat in die Bybel op een plek staan vergelyk met dit wat oor dieselfde saak op 'n ander plek staan. Ons het gesê dat daar harde werk deur die seuns gedoen moes word nadat hulle

gebid het. Die Babiloniese spykerskrif was geweldig ingewikkeld. In ons alfabet het ons net 26 letters maar die spykerskrif het uit 600 of meer tekens bestaan. In die desimale rekenkunde is daar net 10 syfers maar die Babiloniërs het 'n 60-tallige stelsel gehad. Ons gebruik wêreldwyd nog iets daarvan want die verdeling van een uur in 60 minute en een minuut in sestig sekondes het ons van hulle oorgeneem.

Die vier gelowige seuns het geen sabotasie teen hulle volkswyande gepleeg nie. Hulle het hulle uiterste bes gedoen en kon dit doen omdat God hulle die nodige wysheid en liggaaamskrag gegee het. Dit in teenstelling met die ander 'slim' Joodjies wat dit nie ontvang het nie.

God het die getroue verbondskinders die gawe geskenk om dwarsdeur die mistigheid van heidense onsekerheid te dring sodat hulle geweet het wat die waaragtige waarheid was. Boonop het Hy hulle die gawe gegee om daardie kennis reg te gebruik. Na liggaam en gees is hulle deur God versterk sodat hulle immuun was teen die gif van die heidense wetenskap. God het hulle die selfstandigheid van die gelowige gegee sodat hulle nie alles vir soetkoek gesluk het nie maar alles beoordeel het en die verkeerde reggemaak het. So is hulle opgelei om later as God se knegte te kon regeer.

Vandag leef ons in 'n kultuur wat nie alleen grootliks van Babel afstam nie maar ook met al sy mag en kennis, prag en praal die gees van Babel asem. Dit alles laat ons so maklik verblind raak, sodat ons die goeie nie van die slegte kan onderskei nie.

Dit raak vir die jongmense van vandag so bitter moeilik om met alle studie getrou te bly aan God se Woord en Christus se gemeente.

Op die ou end word die leuen ook deur ons so maklik en onopgemerk as waarheid aanvaar. Van hoe jonk af word ons al op baie skole wysgemaak dat die aarde en die hele lewe op aarde al miljoene of miljarde jare oud is. Daar word dan gesê dat dit 'n wetenskaplike feit is. Tog is daar geen wetenskaplike wat dit kan bewys nie en solank iets onbewysbaar is kan dit onmoontlik 'n wetenskaplike feit wees. Maar

in die allereerste plek is dit regstreeks in stryd met die geopenbaarde Woord van God, in die tweede plek is daar werklike wetenskaplike feite wat wetenskaplike grond gee vir die aanvaarding dat die aarde so 'n tienduuisend jaar oud is. Daar is 'n groot vereniging van wetenskaplikes wat daardie ouderdom ondersteun en daaronder tel selfs beroemde wetenskaplikes wat ongelowiges is - hulle laat hulle slegs lei deur hulle kennis van die wetenskap.

In ons eie huise word ons vergiftig deur TV-programme wat verkondig dat die mens uit 'n hele reeks diere ontstaan het, die ewolusieteorie. Na miljoene jare en 'n onafsienbare ongelooflike klomp toevallighede het lewe deur die afgod 'Toeval' ontstaan en gevorder tot bobbejane waaruit die mens toevallig ontwikkel het - al is die vark biologies blykbaar nader aan ons liggaam. Baie God-vyandige wetenskaplikes verwerp hierdie teorie egter op wetenskaplike gronde. As ongelowiges erken hulle dat hulle eenvoudig nie weet hoe die lewe en dus die mens ontstaan het nie. Ons is baie gelukkiger want ons weet en glo dat God alles gemaak het en tot die laaste Dag toe alles onderhou en versorg en regeer.

Die HERE God het ons volgens Sy wil gemaak en die lewenslange opdrag gegee om alles te bewerk, te bewaak en te bewaar. Hy het ons die roeping gegee om oor alle gebiede van die heerlik polsende en uitdagende lewe te laat hoor dat Hy Koning is. Daarom moet ons ons neuse ook steek in al die moderne rigtings en wetenskappe wat goddeloos in opstand teen God kom. Ons moet weet wat heidendom, kommunisme, sosialisme, mohammedanisme en nog baie meer ons te sê het.

Terwyl ons daarvan 'n studie maak bid ons gelowig dat die HERE God ons moet bewaar sodat ons nie deur daardie gif besmet word nie. Ook van ons word harde werk en 'n sterk geloof gevra.

Toe die drie jaar van hulle opleiding verby was, moes hulle voor die koning verskyn. Nebukadnesar het die seuns waarskynlik nie weer gesien na hulle aankoms in Babel nie want hy het in daardie drie jaar verskillende veldtogte

ondernem om sy ryk nog sterker en groter te maak. Al die seuns wat as gyselaars uit Juda gebring is, is deur die koning ondervra.

In die hele groep was die vier gelowige seuns onvergelykbaar beter as enige van die ander Judese seuns. Die ander was so 'verstandig' gewees om die geloof net vir 'n deeltjie van die lewe te beperk. Hulle het gedink dat hulle daardeur baie beter aanvaarbaar was vir die oorwinnaar en dat hulle so hulle eie toekoms kon verseker. Wat 'n ontugtering!

Daniël, Gananja, Misael en Asarja het nie alleen hulle landgenote uitgestof nie . Die vier sewentienjarige seuns was van nou af raadgewers vir die koning. Die Woord van God leer ons selfs dat hulle tien keer beter was as al die professionele vakgeleerdes op die gebied van toordery, bese geeste en wetenskappe. Boonop het Daniël die gawe ontvang om bo-natuurlike gesigte te ontvang terwyl hy wakker was en ook om drome uit te lê .

Was dit nou nie verraad van Daniël en sy vriende om die verdrukker van hulle eie volk te dien nie? Nee, want drie jaar lank het hulle God se Hand in hulle lewens gesien en gevoel en is hulle deur God se Gees gelei. Ons kan ook aanneem dat hulle die profeet Jeremia persoonlik geken het. Hulle het geweet dat die HERE God deur Jeremia geprofeteer het dat die volk vir sewentig jaar volgens God se besluit onder Nebukadnesar sou dien. Die seuns het gesien dat God se Woord vervul word en hulle het daardie Woord gelowig aanvaar.

Dit wil nie sê dat dit vir die seuns sommer altyd maklik was nie. Net so min as wat dit vir enige normale opgroeiende veertienjarige seun maklik sal wees om alleen van groente en water te moet leef, terwyl al die ander aan die allerbeste koninklike lekkernye kon smul.

Baie vroeg in hulle lewe moes hulle op die harde manier leer wat Jesus eeue later sou beveel: gee aan die keiser wat van die keiser is. Maar daarby het hulle die keiser nie gegee waarop hy van God geen reg gekry het nie. Hulle het God die offer

van 'n toegewyde lewe gegee. Omdat hulle geleer het om God te gee wat van God is, kon hulle die keiser gee wat van die keiser was: gelowige harde werk.

Ons leer van Daniël en sy vriende dus nie oor hoe ons presies moet optree onder vyandelike oorheersing nie. Maar ons sien in hierdie geskiedenis hoe God met behulp van Babel werk om die pad oop te maak vir die koms van ons Verlosser Jesus Christus en deur Hom na die voleinding van alles.

In die Woord van God lees ons nie die geskiedenis van mense weens hulle belangrikheid of interessantheid nie. Daarom word die vier seuns telkens by hulle besnydenisname genoem. Hulle bly God se verbondskinders en daarom God se knegte. So val alle nadruk op die **HERE** van die knegte. **Hy** laat die vier jong Joodjies as raadgewer van die magtige wêreldheerser optree. Hy laat hulle deur Sy krag die uitgesoekte room van die wêreld se geleerdes in die stof byt deur hulle in alle opsigte tien keer te oortref.

Die donker pad as gevange slawe in lewenslange ballingskap is verander in 'n geloofspad wat deur God se genade verlig is.

Hierdie God was, is en bly Dieselfde God van krag. Hy beloof ons om ons netso te help solank ons gehoorsaam leef volgens Sy wil soos dit alles geopenbaar is in Sy Woord. Ons wat christene genoem word het die Gees van Christus in ons hart en Hy sal ons die krag gee om as profete, priesters en konings ons roeping uit te leef as lewende getuies. Laat ons dan bly bid en werk - die ou Latynse spreuk wat dit beteken is : Ora et Labora.

JESUS DIE CHRISTUS en DIE APOKRIEWE

Al baie vroeg in die geskiedenis van die christelike Kerk was daar Bybellesers wat

diep teleurgestel was. Hoekom is die geboorte en jeugjare van ons Verlosser en Koning só deur die Evangeliste afgeskeep? Van die vier Evangelieskrywers wy net Matteus en Lukas 'n paar woorde daaraan.

Om dit gou-gou reg te stel het baie mense in die pen geklim om die 'vaal kolle' uit Jesus se lewe te beskryf. Hierdie boeke wil ons dus inlig oor dit wat ons nuuskierig laat wees maar waar die Bybel niks oor sê nie. Die skrywers van hierdie Nuwe Testamentiese Apokriewe het soms Bybeltekste of Bybelfeite aangehaal en hulle stories daaromheen geweef. Om die lesers nog makliker te lok het verskillende skrywers die name van evangeliste of apostels genoem. Ons noem dit dan pseudo of vals evangelies.

In die algemeen is hierdie onegte of verborge boeke al baie vroeg deur die Kerk verwerp. Tog is dit goed om na 'n paar van hierdie verhale te kyk. Wanneer ons die Bybel daarlangs lê dan sien ons dat daar 'n hemelsbreë verskil is en besef ons beter hoe ryk ons met die ware Evangeliewoord is.

Jesus was van Sy geboorte af 'n Wonderkind sê die skrywer van die 'Oerevangelie van Jakobus'. In die hele wêreld was dit dan ook te sien, soos dat die hele skepping asem opgehou het. 18 : 1,2 " En hy (Josef) vind daar 'n grot en bring haar (Maria) daarin en laat sy seuns by haar, en hy het uitgegaan en 'n vroedvrou in die omgewing van Betlehem gaan soek. 2. En ek, Josef, het rondgeloop en ook nie rondgeloop nie. Ek kyk op in die lug en ek sien die lug verstard. En ek kyk op na die hemelgewelf en ek sien dit stilstaan, en die voëls van die hemel bewegingloos. En ek kyk na die aarde en ek sien 'n voedselskottel staan en arbeiders wat daaromheen aansit, en hul hande was uitgesteek na die skottel; en hulle wat gekou het, het nie gekou nie; en hulle wat voedsel geneem het, het nie geneem nie; en hulle wat dit na hul mond gebring het, het dit nie na hul mond gebring nie. En almal se aangesigte was na bo gerig. En kyk daar was skape wat aangejaag is, en die skape het stilgestaan, en die herder het sy hand opgelig om hulle te slaan en sy hand het opgelig bly staan. En ek kyk na die stromende rivier en ek sien die bekke

van die bokkies op die water en tog drink hulle nie.... En ineens het alle dinge weer hulle natuurlike loop geneem."

Hierdie skrywer laat Jesus dus in 'n grot gebore word. In die Skrif lees ons ook niks daarvan dat Josef al eerder getroud was nie of seuns sou hê nie. Die geboorte sou in die dag plaasgevind het terwyl ons uit die Skrif weet dat dit eerder snags was toe die herders in die veld was. Twee hoofstukkie verder word ons wysgemaak dat 'n vrou die maagdelike geboorte ongelowig verwerp. In die grot wil sy sekerheid kry. As straf sal sy haar hand verloor. Maar deur die Wonderkind op te tel is sy onmiddellik genees.

Volgens die Evangelie van die Pseudo Matteus is die Kindjie skaars gebore of Hy kan al op sy voete staan en sewe tree stap. Die Arabiese Kindheidsverhaal wil ons laat glo dat Hy reeds uit Sy wiegie vir sy moeder sê :'Ek is Jesus, die Seun van God.'

Op die vlug na Egipte gebeur natuurlik die wonderlikste dinge. Dit is mos skandelik om te dink dat die Verlosser moes vlug, dit kan nie en daarom word die vlug verander in 'n oorwinningsreis! Rowers wat met hulle buit langs die pad wegkruip ' het 'n geraas gehoor soos van 'n koning wat met 'n groot leër en ruiters en trompetgeblaas uit die stad uittrek. Doodverskrik het hulle die hele buit agtergelaat en so vinnig moontlik gevlug.'

Christus is tog Koning van die skepping ? Dus op pad na Egipte kom hulle by 'n grot: "die salige Maria het van die donkie afgeklim en gaan sit met die Kindjie Jesus op haar skoot.... En kyk, plotseling het daar uit die grot baie drake gekom. Toe die kinders wat saamgereis het, hulle sien het hulle begin skreeu van groot angs. Toe het Jesus van Sy moeder se skoot afgeklim en op Sy voete voor die drake gaan staan. Hulle het Jesus aanbid en weggegaan."

Net so het leus en tiere Hom aanbid en saamgetrek. "Waarheen Josef en die salige Maria ook al gegaan het, het die diere voor hulle uitgegaan om die pad te wys... hierdie diens het hulle al stertswaaiende gedoen en Hom met groot eerbied aanbid."

Om nog by die diere te bly lees ons ook hier dat 'n bees en 'n donkie in die grot was by die geboorte van Jesus! Tot vandag toe staan daar rondom Kersfees in omtrent elke Roomse kerkgebou 'n skaalmodel van die stal van Betlehem. Rondom die krip staan die bees en die donkie dan biddend na die Kindjie en kyk. 'n Interessante vraag bly hoe 'n mens 'n bees en 'n donkie biddend kan uitbeeld.

Jesus kon onmoontlik tydens die vlug honger of dors beleef. Die oplossing van die probleem is eenvoudig. Langs die pad kom hulle by hoë palmbome in die woestyn " toe het die Kindjie Jesus wat op Sy moeder se skoot gesit het, met 'n vrolike gesig vir die palmboom gesê: Boom, buig jou takke en verkwik met jou vrugte my moeder.... Open uit jou wortels 'n aar en laat daar water uitstroom sodat ons ons kan verfris!"

Die Seun het groter geword en aan wonders was daar geen gebrek nie. Die Evangelie van Tomas noem baie en beskryf Jesus soos 'n nukkerige en selfs onbeskofte Griekse afgod:

'Toe die Kindjie Jesus vyf jaar oud was het Hy na 'n reën bui by 'n spruit gaan speel. Hy het die lopende water bymekaargekeer in dammetjies en hulle onmiddellik helder laat word, deur dit net te beveel.' 2 : 1

" Maar die seun van Annas, die skrifgeleerde, het daar by Josef gestaan, en hy het 'n wilgertak geneem en die waters laat wegvloei wat Jesus bymekaar gemaak het. En toe Jesus sien wat gebeur het, het Hy kwaad geword en vir hom gesê: ' Slegte, goddelose en onnosele mens! Watter kwaad het die damme en die waters aan jou gedoen? Kyk, nou sal jy ook opdroog soos 'n boom en jy sal g'n blare dra nie, of wortel of vrug nie!' En onmiddellik het die seun heeltemal verdor ...' 3 : 1-3.

' Na dit het Hy weer deur die dorp gegaan, en 'n seun het aangehardloop en Hom teen die skouer gestamp. En Jesus het Hom vervies en vir hom gesê: 'Jy sal nie verder gaan nie!' En onmiddellik het hy geval en gesterf... 4 : 1

Maar gelukkig was Hy soms ook vriendeliker:

'Jesus het bo-op die dak van 'n huis gespeel en een van die seuntjies wat met Hom

speel val van die dak af en sterf. En toe die ander kinders dit sien, hardloop hulle weg en Jesus bly alleen staan.

En die ouers van die dooie seuntjie kom en beskuldig Hom dat Hy hom afgestoot het. En Jesus sê: 'Ek het hom nie afgegooi nie!' maar hulle het aangehou om Hom sleg te sê.

Toe spring Jesus van die dak af en gaan staan by die liggaam van die seun en roep met 'n harde stem uit en sê: 'Zeno (want dit was sy naam), staan op en sê vir My, het Ek jou afgegooi?' En dadelik staan hy op en sê: 'Nee, Here, U het my nie afgegooi nie, maar opgewek!' En toe hulle dit sien was hulle verskrik. En die ouers van die kindjie het God verheerlik oor die teken wat gebeur het, en hulle het Jesus hulde bewys.' 9 : 1-3

Na 'n paar dae was 'n jong man besig om hout te kap en die byl glip uit sy hande en kloof sy voetsool oop, en weens die groot bloedverlies het hy gesterf.' Jesus het daar gekom en die jong man se beseerde voet geneem en dit het onmiddellik genees. Hy het toe vir die man gesê: 'staan op en kap die hout en dink aan My'. 10:1,2

Natuurlik kon God se Seun nie iets leer nie, Hy was volleerd en het Sy onderwysers in die skande laat staan. Toe 'n onderwyser hom oor die Seun vererg het en Hom opsy hoof geslaan het," het die Knapie seergekry en hom vervloek en ineens het die onderwyser flou geword en op sy gesig op die grond geval. Die Seuntjie het toe teruggegaan na die huis van Josef. En Josef was omgekrap en het Sy moeder opdrag gegee dat Hy nie uit die huis mag gaan nie omdat almal sterf wat Hom kwaad maak." 14 : 2,3

Hierdie onegte 'evangelies' laat ons baie duidelik die verskil sien tussen die werk van die Heilige Gees wat die Bybelskrywers die Bybel laat skryf het én die werk van sondige mense. Geen menslike werk is vergelykbaar met die suiwerheid en koninklikheid van God se Woord nie.

Laat ons dus maar liever kyk na die werklike rykdom wat die onwankelbare

Woord van God ons gee. Oor Jesus se geboorte en jeugjare word nie baie gesê nie. Wat wel gesê word is vir ons egter meer as genoeg want die Heilige Gees het ons genoeg gegee om salig mee te leef en te sterf.

JESUS DIE CHRISTUS - AANKONDIGING VAN SY GEBOORTE.

Na al die eeue waaroor die HERE God in die Ou Testament laat skryf het, het Hy besluit dat die tyd reg was om die Christus gebore te laat word. In die paradys het die HERE God al beloof dat die Verlosser gebore sou word en alles in die geskiedenis van die Kerk het gewys na die vervulling van daardie heerlike belofte.

In die klein dorpie Nasaret het 'n meisie gewoon, haar naam was Maria of soos dit in die taal van daardie tyd was, Mirjam. Sy was arm en jonk, waarskynlik omtrent veertien jaar oud. God het haar liefgehad en sy het Hom baie liefgehad. Geen kind is te jonk om God te dien en lief te hê nie. Net soos by ons nog in die tyd van Paul Kruger was dit in Israel die gewoonte dat 'n seun en 'n dogter baie jonk getroud is. Maria was dan ook al vroeg verloof aan die jongman Josef. In Israel het 'n verlowing gewoonlik een jaar geduur voordat die huwelik voltrek is. Maar anders as in ons tyd het 'n verlowing eintlik al beteken dat hulle getroud was maar net nie saamgewoon het nie. 'n Verlowing kon nie verbreek word nie en as dit wel gebeur het is dit as 'n egskeiding gesien.

Op 'n goeie dag was Maria in die huis toe die engel Gabriël skielik aan haar verskyn het (Oor 'Engele' het daar 'n boekie met die titel '...en wat van die Engele?' van die skrywer verskyn). Die koms van die engel was iets wonderliks en net so wonderlik was dat hy vir Maria gegroet het want in Israel was dit glad nie die gewoonte dat 'n vrou deur 'n man gegroet word nie. Vrouens het in die Ou Ooste nou eenmaal glad nie getel nie - vandag is dit nog in baie lande daar dieselfde, veral in die konserwatiewe Moslemlande. Die wonderlikste was die groet self: ' Ek groet jou begenadigde ! Die Here is met jou !' So was niemand nog ooit deur 'n engel gegroet nie.

Maria was stomgeslaan deur hierdie woorde. Omdat sy God liefgehad het en naby God geleef het was sy nie doodsbang vir die engel nie. Maar sy is verbysterd oor dit wat die engel gesê het. Hoe is dit moontlik dat sy as eenvoudige meisie volgens die engel 'n begenadigde is, dus uiters baie guns of genade van God ontvang?

Gabriël sien haar verbaasde ontroering en stel haar gerus. Sy het genade by God gevind en sal moeder word van 'n Kind wat sy die naam Jesus moet gee.

In daardie tyd was die naam Jesus 'n gewone naam wat baie seuntjies gehad het. Ons sien dieselfde in baie Spaanssprekende lande waar baie seuns van Roomse ouers die naam Jesus het. In die geval van Maria was die naam Jesus 'n baie besondere naam want dit beteken "die HERE is redding". Hierdie Jesus sal Sy volk van hulle sondes red. Dit is die doel van Sy koms. Hy is die so lank beloofde Verlosser, die Saligmaker. Hy is die ewige Koning, Seun van die Allerhoogste.

Maria glo dit maar kan dit nie verstaan dat sy 'n kind sal kry nie want sy is dan nie eers getroud nie. Die engel antwoord op haar vraag dat die Heilige Gees haar die Kindjie sal laat kry en dat die Kindjie daarom heilig sal wees, die Seun van God.

Hierdie nuus was so wonderlik dat Maria dit nie alles verstaan het nie. Ons kan dit ook nie verstaan nie maar glo dit omdat dit in God se Woord staan en omdat dit waar is wat die engel sê: 'niks is vir God onmoontlik nie!'

Ons HERE God het hierdie grootste wonder van alle tye laat gebeur omdat hierdie Kindjie moes doen wat geen mens ooit kon doen nie. Geen mens kon ooit self betaal vir die sonde van die menslike geslag nie. Daar is geen groter wonder as die geboorte, lewe, lyde en sterwe, opstanding en hemelvaart van ons Here Jesus Christus nie.

Van alle ewigheid af is Jesus Christus al die Seun van God. Hy het dit nie eers geword toe Hy uit die Heilige Gees ontvang en nege maande later gebore is nie. Waarom was dit nodig dat God deur die Heilige Gees so 'n unieke wonder laat gebeur het?

Elke mens erf van sy pa en ma bepaalde uiterlike kenmerke. Soms is dit baie

duidelik te sien dat 'n kind na een van sy ouers lyk. Soms is dit net die kleur van die hare of die oë of die liggaamsbou. Ander kere is dit 'n bepaalde liggaamlike swakheid of siekte of kwaal wat die kind oorerf, soos asma of hooikoors. Maar ook karaktertrekke van die ouers word in die kind gevind, by die een duideliker as by die ander. Feit bly dat kinders die 'gene' van hulle ouers ooref en dat die DNS dit bevestig en so is hulle erfgename in allerlei opsigte van goeie en slegte trekke van hulle ouers. Op hulle beurt het hulle ouers dit weer geërf van die grootouers en dié weer van hul oorgrootouers en so kan ons teruggaan in die geskiedenis tot by Adam en Eva.

Ons eerste voorouers was Adam en Eva wat deur God goed geskape is en God se beeldraers was. Weens ongehoorsaamheid het hulle in sonde geval. Daardeur het die goeie mens verander in 'n sondige mens wat in sy eie krag niks goed kan doen nie maar altyd die slegte wil doen.

Nadat God die hele wonderlike skepping geskep het, het Hy as hoogtepunt van Sy werk die mens geskep. In alles het die mens van die diere verskil en het hy die besondere eer en heerlikheid ontvang om te mag regeer oor alles wat God geskep het.

Die doel en bestemming van die mens was om God sy Skepper reg te leer ken en Hom voluit lief te hê en om met Hom in die ewige heerlike saligheid te leef en te werk terwyl hy God loof en prys. As kind van God leef hy met sy hemelse Vader in die wonderlike verhouding van die verbond. As hoof en heerser van die skepping het God Sy verbond met die mens en so ook met die hele skepping gesluit.

Deur die moedswillige sondeval het die mens self sy heerlikheid weggegooi en die dood oor hom gebring. Adam en Eva het die skeppingsverbond verbreek. Omdat Adam stamvader van alle mense was en ook die hoof van die hele skepping, word die hele mensheid en die hele skepping deur God gestraf. Die mens en alles wat lewe het sterflik geword. Alles is deur Adam en Eva onder die koue asem van die dood gebring.

'n Mens kan nooit God met die mens vergelyk nie, Hy is absoluut uniek en onvergelykbaar. Hy bly selfs na die moedswillige opstand en sabotasie van die mens nog die barmhartige God. Maar omdat God nooit verander of lieg nie en juis volmaak regverdig is, moes daar volkome betaal word vir die skuld wat die mens gemaak het. Die mens het gesondig en daarom kan niks anders as die mens self vir daardie sondeskuld betaal nie. Daar moet dus 'n mens wees of kom wat volkome sonder sonde of sondeskuld is en daardeur in staat is om te kan betaal. God beloof onmiddellik na die sondeval die koms van so 'n Verlosser.

Elke mens stam van Adam en Eva af en erf van hulle die sondeskuld en die sondige aard. Alleen God is volmaak en sonder sonde. Daarom moes die Verlosser waaragtige God en ware mens wees om te kan voldoen aan God se regverdige eis van betaling.

Om dit te kan laat gebeur moes Jesus Christus van buitekant die menslike geslag af in die mensheid ingebring word. Daarom moes Hy uit die Heilige Gees ontvang word en gebore word uit die maagd Maria. Hierdie jong vrou was deur God uitverkies om te sorg dat Jesus as ware mens gebore kon word.

Wanneer Maria nou die nuus van die engel hoor dat sy 'n Kind sal ontvang deur die werk van die Heilige Gees is dit vir haar natuurlik verstommende nuus. Om haar in haar geloof te versterk gee die engel haar die wenk om na haar familielid Elisabet te gaan. Elisabet was al baie oud, net soos haar man Sagaria. So 'n ses maande gelede het die engel vir Sagaria gesê dat hy en sy vrou Elisabet 'n seun sou ontvang wat Johannes genoem moes word. Hierdie seun is die latere Johannes die Doper wat as wegbereider vir Jesus moes werk.

Elisabet is nou al ses maande swanger. Maria kon nou na hierdie ou tannie van haar gaan om met haar te praat oor God se wonderlike werk. Al sal ander mense haar nie glo nie, sal Elisabet haar sekerlik glo want sy het dan self 'n wonder beleef. Dit is tog waar wat die engel gesê het: 'niks is by God onmoontlik nie'.

Maria se antwoord aan die engel was geen uitbundige blydschap, geen gejubel nie.

Dit was ook geen wonder nie. Al lyk die verre toekoms baie mooi, geld dit glad nie van die onmiddellike toekoms nie. Wat sal die mense daarvan sê? Dit is tog die gevolg van sonde as 'n ongetroude meisie 'n babatjie verwag. Sou die mense haar nie baie beskinder en wegjaag weens die skande wat sy oor haarself en haar omgewing gebring het nie? En veral wat sou haar verloofde Josef sê? Wat sou hy dink en doen? Sou hy haar glo? Maria het onmiddellik al iets van hierdie probleme besef.

Daarom is daar net die gelowige ant-woord op God se Woord wat Gabriël haar gebring het: 'ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.' Geen lofsang, geen hallelujageroep nie. Maar besef van die swaar las en probleme wat dit vir haarself gaan veroorsaak. Tog is sy deur die geloof bereid om gehoorsaam te wees. Sy waag dit met die Here en Sy Woord om die moeilike toekoms in te gaan.

Na hierdie gehoorsaamheid van die jong Maria hét die Almagtige God dit vir haar gemakliker gemaak. Maria het na Elisabet gegaan en is vol liefde deur die gelukkige ou tannie ontvang. Deur die krag van die Heilige Gees het Elisabet onmiddellik geweet dat Maria moeder sou word van die beloofde Messias. Elisabet word 'n profetes om Maria in haar geloof te versterk. Dan , ja nou uiteindelik jubel Maria dit uit en sing haar wonderlik mooi lofsang waarin sy God grootmaak.

Die Here laat Josef in 'n droom ook die groot nuus hoor sodat hy haar liefdevol as sy vrou aanneem en met haar trou. Maria se gelowige gehoorsaamheid is deur God beloon sodat sommige van die probleme wat kon kom al klaar opgelos was.

DIE GEBOORTE VAN JESUS CHRISTUS.

Van alle christelike feesdae is daar geen fees wat dwarsdeur die wêreld bekender is as Kersfees nie. Miljoene mense wat hulleslf christene noem sal nie eers daarvan droom om Kersfees te vergeet nie. Ondertussen vergeet hulle skoon daarvan dat dié

belangrikste feesdag elke Sondag is. Dit is tog die Dag van die Here, die heerlike rusdag en feesdag waarop ons dink aan die opstanding van Jesus Christus uit die graf en die dood.

In die hele Westerse wêreld en ver daarbuite word 25 Desember gesien as die dag waarop Jesus gebore is. Tog is die datum heel waarskynlik verkeerd. Niemand weet wat die datum is waarop Jesus gebore is nie. Die christene het vroeër op verskillende datums Kersfees gevier, byvoorbeeld op 28 Maart, 19 April en 20 Mei. Hierdie datums klink in elk geval baie meer aanvaarbaar as 25 Desember want in Desember is daar geen troppe skape in die veld nie maar in die stál weens die winterkoue en dan is dit boonop reëntyd. In die jaar 354 het Rome se biskop besluit om Kersfees op 25 Desember te vier om so die heidense geboortefees van die 'onoorwinbare Son' te vervang. Kersfees is dus eintlik 'n verchristelike vorm van die viering van 'n heidense ligfees.

Vandag kom die datum se oorspronklike heidense misbruik weer terug. Veral in die Westerse wêreld het Kersfees ontaard in 'n fees van menslike genot. 'n Tyd van vakansie, groot eet en oorfloedig drink, plesier soek en geskenke uitdeel of ontvang. Die mens het in die middelpunt gekom. Dit alles word tot die uiterste toe uitgebuit deur die handel wat met die geweldige mag van die advertensiewese Kersfees ingepalm het. Ondertussen wissel staatshoofde en 'kerk'-leiers wêreldwyd kersgroete en kersboodskappe met 'n sieklike gemompel van 'vrede-op-aarde'.

Betekén dit nou dat ons geen Kersfees moet vier nie? Hoekom nie? Dit is 'n mooi tradisie wat op sigself nie verkeerd is nie. Omdat niemand weet wat die regte datum is nie het die oudste christelike kerk, die Koptiese Kerk (wat tot vandag toe veral in Etiopië is) se monnike in hulle klooster in Jerusalem al eeue en eeue gelede besluit om nie deur allerlei stories en bespiegeling hulle aan die neus te laat lei nie - daarom vier hulle een dag in elke maand 'kersfees'.

Dit is goed om een keer per jaar spesifiek stil te staan by die geboorte van ons Verlosser-Koning. Solank ons net die werklike betekenis van Kersfees verstaan en

aanvaar en nie vergiftig word deur die wêreldse manier van kersfeesviering nie.

Ons sien Josef en Maria uit Nasaret gaan. Dit was nie alleen weens die skindertonge in Nasaret wat oor die swangerskap van Maria en Josef se aanvaarding daarvan baie stof tot praat gehad het nie. Die jonggetroudes moes na Betlehem gaan omdat keiser Augustus beveel het dat daar 'n volkstelling moes plaasvind. Die almagtige God werk deur die heidense keiser Augustus sodat die ou woorde van die profete vervul sou word. Nie in Nasaret nie maar in Betlehem sou die Verlosser gebore word.

Josef was 'n regstreekse afstammeling van koning Dawid en daarom moes hy na Betlehem, die stad van Dawid, gaan. Blykbaar het hy daar nog 'n stukkie grond gehad. Ons moet op pas dat ons ons nie laat verlei deur soetsappige romantiese geklets en gevoelens wat van Josef en Maria twee mense maak wat nie alleen absoluut brandarm was nie maar ook onverantwoordelik opgetree het en ons eerder aan bedelaars en boemelaars laat dink.

So het ons al gewoond geraak aan die gedagte wat in onegte of valse sogenaamde evangelies geskryf is, dat Josef en Maria onverwags oorval is deur die geboorte van Jesus Christus. Hulle sou dan net-net in Betlehem binnekom toe die geboorte-uur aanbreek. In die Woord van God staan daar niks van so 'n onverantwoordelike optrede nie.

Josef en Maria was gewone mense met minstens 'n gewone hoeveelheid gesonde verstand. Om met 'n swanger vrou van Nasaret na Betlehem te reis kon moontlik wel 'n goeie week neem. Ons moet nie so min van Josef se insig dink dat hy daardie lang reis sou aanpak op die tydstip waarop die Kindjie enige dag gebore sou kon word nie. Die evangelis Lukas skryf: 'Terwyl hulle daar (in Betlehem) was, het Maria se tyd om moeder te word, aangebreek'. Dit gee ons heeltemal die indruk dat Josef en Maria al 'n rukkie in Betlehem was en genoeg tyd gehad het om alles reg te maak vir die groot gebeurtenis van die geboorte.

Ons dink gewoonlik nie juis baie van die inwoners van Betlehem nie omdat hulle dan nie eers plek gehad het vir 'n swanger vrou en haar man nie. Maar hulle kon nie daarvoor help dat die herberg vol was nie. Die amptenare wat die volkstelling moes reël moes tog vir wekelank blyplek hê en die eienaars van die herberg was sekerlik nie vies vir die geld wat hulle betaal het nie. Die stal was 'n goeie blyplek en vir 'n pligsgetroue timmerman soos Josef was dit nie moeilik om dit gerieflik bewoonbaar te maak nie. Josef was seker goed in staat om die krip te verander in 'n wieg.

Na die geboorte het moeder Maria haar Kindjie in doeke toegedraai. Dit was nie 'n teken van die allerbitterste armoede van 'n bedelende boemelaarsgesin nie. Dit was juis die gewoonte van daardie tyd dat 'n baba in doeke toegedraai is sodat die krioelende insekte die baba nie te veel pla nie. Alleen die ogies, neusie en mondjie is nie bedek nie. Ons moet nie die goeie naam van Josef en Maria beledig en swartsmeer met goedbedoelde sentimentele geklets nie.

Dit alles neem egter nie weg dat die Here Jesus onmiddellik van Sy geboorte af gely het nie. Hy, die Seun van God, Koning van alle konings, Self van ewigheid af God word gebore in 'n stal. Selfs die mooiste paleis sou vir Hom nooit goed genoeg kon wees nie om dan nog nie eers aan 'n diereststal te dink nie. Hy wat geen sonde gedoen of geken het nie word toegedraai in doeke. Soos enige sondige mens moes Hy klere dra. Klere wat juis 'n teken is van die sondeval want voor die sondeval het die mens naak rondgeloop sonder dat dit Adam en Eva in die minste gepla het. So was die doeke waarin Jesus toegedraai was geen teken van die armoede van sy aardse ouers nie maar van die armoede wat deur die sondeval gekom het in die verhouding van die hele mensheid teenoor God.

Die heerlike feit van die vervulling van God se eeueoue belofte in die geboorte van Jesus Christus is deur God bekendgemaak aan skaapwagters wat in Betlehem se velde wagghou het oor hulle kudde. God het die blye boodskap hierdie keer weer deur 'n engel laat verkondig maar met die groot verskil dat die skaapwagters self die heerlikheid van die Here rondom hulle sien skyn het. 'n Hemelse skitterende

heerlikheid het hulle omring. Omdat die Here Jesus nou klaar gebore was het die engel met meer hemelse glans verskyn om die vreugdevolle nuus aan die mense bekend te maak.

Die skaapwagters het natuurlik nooit verwag om 'n engel te sien nie. Wanneer dink onself nou ooit aan engele? Vir ons gevoel behoort die engele nie by die sondige aardse lewe nie. Ons dink aan engele eerder as wesens wat in sprokies tuishoort en vergeet daarvan dat God hulle gebruik om ons byvoorbeeld te beskerm. Dit is jammer dat ons so min weet van die engele terwyl die Woord van God ons tog baie oor hulle leer.

Vir die skaapwagters was die skielike en totaal onverwagse koms van die engel en die skitterende heerlikheid van die Here die oorsaak van baie groot skrik en angs. Juis ons angs en bangheid is die gevolg van 'n gemis aan liefde, dit veroorsaak vervreemding en eensaamheid. Die heerlikheid van die Here rondom die verskrikte skaapwagters is die wonder van die opsoekende liefde van God in Christus. Hierdie Christus het juis uit die hemel gekom om by ons as mense te wees en ons te bevry van ons angs en bangheid.

Skaapwagters was geen mense wat lafaards kon wees nie. Hulle moes hulle skape met hulle lewe teen roofdiere en goedgewapende diewebendes verdedig. Nou sien hulle reg rondom hulle 'n muur van vuur, van skitterende blink lig. Waar hulle ook al gekyk het was die vuur van die heerlikheid van God. Wat maak jy dan as armsalige mens? Wat is 'n mens dan eintlik werd? Waaragtige angs is om voor God te staan net soos jy is. Wanneer die onbeskryflike gevoel jou bemeester dat God dwarsdeur jou kyk en alles sien wat jy so bittergraag wil wegsteek. Dan wil jy vlug sonder om êrens na toe te kan gaan omdat die muur van vuur enige wegkomkans pootjie.

Wie sou nie bang wees nie? Daar is g'n uitkomkans nie. Al wat oorbly is om te val in die hande van die lewende God. Die skaapwagters moes gedink het dat hulle laaste uur geslaan het en dat die vuur die oordeelsvuur van God was. God wat 'n

verterende vuur is. Maar die onvoorstelbare wonder van daardie nag is dat hulle wat wil vlug maar nie kan vlug nie nou 'n stem hoor: "moenie bang wees nie!" Dit is die klank van die evangelie. Die angs wat hulle kele wil toedruk word verdryf en oorwin deur die vreugde van die evangelie.

'n Vader soos ons God is, wil blydskap gee omdat Hyself en die hele hemel vol vreugde is oor die geboorte van Sy Seun. Dat die hele hemel feesvier oor daardie geboorte sien en hoor die skaapwagters nadat hulle gehoorsaam was aan die bevel om nie bang te wees nie. Skielik was daar saam met die een engel 'n menigte engele wat God geprys het en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het."

Christus is ook Here van die engele en daarom was hulle ook uitbundig bly. Hulle het daarvan gesing dat daar nou weer 'n ooreenstemming is tussen die hemel en die aarde. Die engele wys ons in die lofsang ook die pad waarlangs vrede gevind kan word. As ons saam met die engele God prys oor die wonder van die verlossing dan is daardie vrede in ons hart en in ons verhouding met ons naaste.

Hierna het die engele hoër en hoër opgestyg na die hemel. As ons die Here loof oor die wonder van Sy genade in Christus dan gaan ons deur die geloof saam met hulle. Dan is daar geen teëstelling meer tussen die lewe van die engele en ons lewe uit die geloof nie. Dan is die engele vir ons ook nie meer 'n sprokie nie maar is hulle deel van ons lewe hier op aarde, al kan ons hulle dan nie met ons oë sien nie.

Die skaapwagters was nou baie haastig om dit te sien wat die Here hulle laat hoor het. Die engel het tog nie alleen 'n blye boodskap gegee nie maar ook 'n teken gegee toe hy gesê het: "ek bring vir julle die goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is in die stad van Dawid vir julle gebore die Verlosser Christus die Here! En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê".

In Betlehem het hulle alles gesien soos die engel dit gesê het. Vir Josef en Maria het hulle toe vertel wat gebeur het en wat oor hierdie Kindjie vir hulle gesê is. Dit

was ook 'n versterking vir die geloof van Josef en Maria. Die moeder van ons Here het hierdie boodskap van die skaapwagters dan ook onthou en telkens het sy by haarself daarvoor nagedink.

Orals in die stad van Dawid het die skaapwagters die blye nuus rondvertel. Maar wat het die ander mense wat ook afstammeling van Dawid was met daardie nuus gedoen? Blykbaar net mooi niks nie want ons hoor nooit meer iets daarvan nie en wanneer die wyse manne uit die Ooste kom, kan niemand hulle help nie... Die skaapwagters het weer teruggegaan na die gewone werk wat die Here hulle gegee het terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Nou kan hulle gelowig-bly hulle daaglikse gevaarlike werk weer doen want enige werk wat tot eer van God gedoen word is diens-aan-God of soos ons dit noem 'godsdienst'. Ons moet dit maar goed onthou want dit is baie opvallend dat die Here juis die skaapwagters uitverkies het om as allereerstes die Blye Boodskap te mag uitbasuin. Skaapwagters was mense wat nie deur die 'gewone' mense raakgesien en van belang geag is nie. Eintlik het die 'ordentlike' mense in alle veragting hulle neuse opgetrek vir skaapwagters en seker ook maar hulle neuse toegedruk want daar het tog wel 'n letterlike reukie om hulle gehang. Ons kan dit selfs nie eers met vandag se boemelaars vergelyk nie. Boemelaars wat gewoonlik die allerbangste vir enige soort werk is en deur drank en dwelms in hulle eie wêreldjie leef en geen verantwoordelikheid wil en dikwels ook nie kán dra nie word deur ons en die wetgewer heeltemal as mense gesien. Hulle het al die regte van enige landsburger. Die skaapwagters wat so mooi en skoon uitgebeeld word in tekeninge en in beeldjies wat rondom die krip geplaas word is ligjare ver verwyder van die werklikheid. Ons moet dit wat ons in die Bybel lees maar lees soos dit daarin staan en dit nie mooier maak as wat dit is nie. Dit is so wonderlik mooi van die Bybel, alles word eerlik uitgespel soos om net een voorbeeld te noem: as die diep gelowige koning Dawid wat ons so baie Psalms gegee het diep-diep in sonde val dan word dit eerlik geskryf. Hy word deur die Bybelskrywers nie as 'n man met 'n

stralekrans van heiligheid uitgebeeld nie. Hy moes ook versoening vir sy sondes kry deur die bloed van Jesus Christus. In geen ander geloof se 'heilige' boeke of mondelinge tradisies vind ons dit nie. Nou lees ons in die Heilige Skrif dat van alle mense nou juis die eenvoudige skaapwagters eerste mag hoor dat die 'jubeljaar' vir alle mense aangebreek het. Die jubeljaar (in Hebreeus Jobeljaar want die begin is ingelei met die blaas op die 'jobel' die ramshoring) wat ook 'jaar van die vrylating' genoem is, moes elke 50ste jaar gevier word, dis deur God ingestel in Lev 25 : 10 en bedoel om onder andere maatskaplike wantoestande reg te stel sodat slawe verniet hulle vryheid moes terugkry en erfgrond wat verkoop was aan die familie teruggegee moes word. Dit was dus juis vir die armes 'n baie goeie boodskap, vir die rykes nou nie juis nie want die groot probleem vir rykes is dat hulle so lief raak vir hulle geld en goed dat hulle skoon vergeet dat die lykskleed nie sakke het om hulle geld saam in die dood in te neem nie. Die geboorte van ons Bevryder is die allerbeste nuus denkbaar en so het vir ons met Kersfees ook die jubeljaar aangebreek. Die skaapwagters wat dwarsdeur die Heilige Skrif 'n baie belangrike plek beklee, dink maar aan Psalm 23 en die tekening van Jesus Christus as die Goeie Herder Joh. 10, het in die alledaagse lewe in die tyd van Christus glad nie so 'n goeie plek in die maatskappy beklee nie. Hulle was selfs deur die 'ordentlike' mense verag en het nie eers die reg gehad om as getuies in die hof op te tree nie - vandag se boemelaars is dus wat burgerregte betref baie beter af! Heerlik was die koms van Christus na ons aarde. Hy het gekom om ang en bangheid weg te neem. Ondertussen het Hy teruggegaan na die hemel waaruit die engele gekom het, om weer te kom. Wanneer Christus as ons Koning en Regter weer op die wolke verskyn dan moet elkeen van ons en elkeen wat ooit geleef het voor Sy Regterstoel kom. Dan sal Hy dwarsdeur ons kyk. Elke gelowige wat skrik weens sy of haar sondeskuld mag dan hoor: "moenie bang wees nie ! Ek het al jou sondeskuld wat jy vol berou bely het, volkome versoen. Jy is skoongewas deur My soenbloed!"

Jesus Christus het gekom om al my ang en bangheid weg te neem en te oorwin

deur Sy Woord, deur Sy stem. Hy bevry ons uit die eensaamheid en die vreemdheid deur saam met my deur die lewe te gaan. Sy Naam is tog Immaneul, God mét ons.

Hoe wonderlik is dit dan om méns te wees. God het mens geword en die angs verdryf. Die grootste bangheid word verslind deur die grootste vreugde. Alleen daardie mens wat 'n kind van God geword het en gedurig die angs oorwin in die vergewing van die sonde deur Christus, is 'n waaragtige mens.

In 'n wêreld propvol benoudheid en barstens toe vol angs en vrees, mag ons vandag waaragtig lééf. Leef vol blydskap. Want ons weet dat daar 'n vurige muur rondom ons is. Ons leef binnekant die ligkring van die heerlijkheid van die Here en Hy beskerm ons teen ons vyande. Al sou ons liggaamlik moet ly onder die aanslae van die Satan wat die mensemoordenaar en mensevervolger van die begin af is, dan is ek nog veilig in die hand van my hemelse Vader.

Alleen deur die Redder uit die krip kom die waaragtige vrede. Vrede tussen God en mens, maar ook tussen die mense onder mekaar, alle volke en rasse. Dit is die vrede van die Koninkryk van God wat kom. Hy is die waarborg.

DIE BESNYDENIS VAN JESUS CHRISTUS EN SY VOORSTELLING IN DIE TEMPEL

Gehoorsaamheid is 'n woord waarvan die mens nie juis baie hou nie. Veral in ons moderne tyd wil die mens in alle opsigte sy eie baas wees en sy eie kop volg. Dit is opvallend dat ons by Josef en Maria elke keer weer sien dat God van hulle verwag het om gehoorsaam te wees. Hulle moet doen wat Hy hulle deur 'n engel of in Sy Woord gesê het.

Josef en Maria kon met rede sê dat die Kindjie Jesus volkome anders was as enige ander kind wat ooit gebore was of sou word. Hy is dan God se eie Seun, volkome heilig. Daarom hoef Hy nie besny te word nie.

Lukas sê ook nie dat Hy verplig was om Hom te laat besny nie. Maar die ouers was wel verplig om Hom te besny want so het God se Wet beveel. Omdat Jesus Self geen gewone afstammeling van Adam was nie het Hy nie deel gehad in die sonde van die menslike geslag nie en dus was dit onmoontlik dat Sy sonde weggeneem moes word want Hy het geen sonde gehad nie. Tog is Hy as sondaar beskou en daarom ook as sondaar behandel omdat Hy ál ons sondes op Hom geneem het. Deur óns sondes was Hy onrein.

Die besnydenis het vir elkeen gesê dat elke mens die dood verdien het, dat God die bloed eis. Maar die doodsvonnis is juis deur die besnydenis verander. Want die besnydenis is ook die teken en seël van God se verbond met elkeen wat besny is.

Christus se besnydenis het daarop gewys dat Hy belas was met die sondes van Sy volk. Die babatjie Jesus Christus kon nog nie bewus in die geloof Sy heilige bloed gee nie. Die hemelse Vader néém dit van Hom. Daardie druppeltjies bloed wat met die besnydenis vloei vra vir die groot res, die totale offer. Net soos by al die seuntjies van gelowige ouers van die Ou Testamentiese Kerk is Jesus se voorhuid weggesny. Later sou Hyself as onreine voorhuid van Israel afgesny word en weggewerp word uit die land van die lewendes.

Jesus se besnydenis met die vloei van Sy heilige bloed was al 'n profesie van Sy bittere lyde en bloedvloeiing aan die kruis. Maar die besnydenis was vir Jesus nie alleen lyding nie. Dit was ook die teken en seël van God se gemeenskap. God verstoot Hom nie, Hy neem Hom aan. Die Kindjie is hier op die agtste dag van Sy menslike lewe as ons Borg en Verlosser.

Daarom ontvang Hy nou ook amptelik Sy Naam Jesus. Dit beteken Verlosser, Vrymaker van die sondeskuld en die sondemag en die sondegevolg.

Josef en Maria moes ook al die ander bepalings van God se Wet uitvoer. Die HERE het Moses beveel dat elke moeder veertig dae na die geboorte van haar eerste seuntjie 'n reinigingsoffer in die tempel moes bring. Die moeder moes dan 'n

jaar oue lammertjie as brandoffer laat offer en 'n jong duif of tortelduif as sondoffer. Maar as die moeder nie 'n lammertjie kon bekostig nie dan kon sy twee jong duiwe of tortelduiwe offer.

Veertig dae na die geboorte het die gesin dus van Betlehem na die tempel in Jerusalem gegaan, 'n afstand van agt kilometer. Omdat hulle nie 'n lam kon bekostig nie het Maria twee duiwe as offer gebring. Die wyse manne uit die Ooste het nog nie gekom nie en daarom kon 'n groter offer nie gebring word nie.

Josef het van die geleentheid gebruik gemaak om nog 'n ander voorskrif van die Wet na te kom. By die laaste plaag in Egipte is al die oudste seuns van die Egiptenare deur God doodgemaak. Die HERE het toe gesê dat al die eersgebore seuns van Israel ook van Hom was. Hulle moes nie doodgemaak word nie maar moes die HERE in die heiligdom dien.

Na die sonde met die goue kalf het die HERE daardie voorskrif verander. Net die stam van Levi is toe aangewys om in die heiligdom te dien. Die eersgebore seuns kon nou vrygekoop word deur 'n bedrag van vyf sikkels in die offerkis te gooi. Josef het dit nou gaan betaal. Die waarde daarvan was eentwintigste deel van die loon wat 'n mens per dag verdien het.

So is die Here Jesus losgekoop ván die dood wat elke eersgebore seun moes ontvang en vóór die Here om Sy hele lewe aan God te wy. By elke eersgebore seun het dit so gegaan, maar Jesus was die enigste wat Hom volmaak aan God gewy het tot die afgryslieke kruisdood toe. Hy was net en alleen weens ons dodelike skuld die dood skuldig.

Terwy Josef en Maria in die tempel was vir die bring van die nodige offers en om die Kindjie los te koop of aan die Here voor te stel, het Simeon na hulle toe gekom. Hy was 'n baie ou man wat in alles gehoorsaam was aan die Wet van die HERE. Hierdie diepgelowige vroom oubaas het uitgesien na die vervulling van God se beloftes oor die koms van die Messias. Die Heilige Gees het in hom gewerk en hom laat weet dat hy nie sou sterf voordat hy die beloofde Verlosser, die Gesalfde

van die HERE sou sien nie. Deur die krag en werk van die Heilige Gees is hy op daardie dag na die tempel toe gelei.

In die tempel sien Simeon vir Josef, Maria en die Kindjie Jesus.

Hulle ken mekaar van g'n kant nie maar die oubaas weet deur die Heilige Gees dat daardie Kindjie die beloofde Verlosser is. Sonder aarseling gaan Hy na hulle toe en neem die Kindjie in sy ou arms. Wat deur sy gedagtes gegaan het sal ons nooit weet of kan besef nie, dit moes 'n amper bo-menslike hemelse vreugde wees. Hy bars uit in 'n lofsang.

Simeon se lofsang is deur dokter Lukas vir ons opgeteken. Die opvallende is dat Simeon se lofsang net soos die lofsang van Elisabet en die lofsang deur Maria elke keer gebou is op die Ou Testament, op dit wat die Bybel was in daardie tyd. Dit laat ons weer met alle klem die eenheid van die Bybel sien. Daar is geen skeiding tussen die Ou en Nuwe Testament nie. Ons mag die Nuwe Testament nooit van die Ou Testament losmaak nie. 'n Sogenaamde 'Nuwe Testamentjie' is géén Bybel nie maar net 'n deel van die Bybel. Dit is onmoontlik om die Nuwe Testament te verstaan sonder om die Ou Testament te ken . Dit is nie eintlik 'n wonder nie dat in daardie groepe wat net met hulle " Nuwe Testamentjies' loop so baie ketterye is.

Die sielsblye Simeon lê in sy lofsang alle nadruk op die feit dat hy God se verlossing nou gesien het. Met sy eie oë het hy Hom gesien wat die ware Verlosser is. God het Simeon geroep as 'n oor - en ooggetuie vir die hele Kerk van Christus. As getuie moet Simeon nou ook volgens die Wet van Moses 'n getuieverklaring aflê, hy moet sy getuienis gee. Daarom die jubelende: "my oë het U verlossing gesien!"

Die profete kon altyd maar net sê dat die HERE Sy belofte sál vervul. Simeon mag sê dat die belofte nou vervul is! Die Woord het vlees geword. Hy sien die vólle verlossing nou al in hierdie kindjie van veertig dae oud. In die lig van die Woord van God by Moses en Jesaja sien Simeon in 'n nog pap Babatjie die Verlosser van die nasies.

Simeon die getuie kry ook die opdrag van God om Sy gemeente van al-die-eeue-wat-nog-moet-kom te troos en te waarsku. Hy troos ons met sy loflied en met sy profesie oor die lyde van Christus en waarsku oor die reaksie van Israel en die hele wêreld op hierdie werk van God.

Ons kan alleen deur die oë van Simeon die Kindjie Jesus sien toe hy vir die eerste keer in die huis van die HERE Here was. Ons sal dit nooit sien nie, want die Kind het 'n Man geword, Man van smarte. Ook dit sal ons nooit self sien nie want Hy is nou die Here van die heerlijkheid. Wat ons wél sal sien is die resultaat van Sy verlossingswerk. Om dit te mag sien is nog baie ryker en heerliker as dít wat Simeon gesien het. Ons sal eintlik oë te kort kom om genoeg te sien, om ons Koning in al Sy hemelse heerlijkheid en skoonheid te sien!

BESOEK VAN DIE WYSES UIT DIE OOSTE.

Jerusalem was in rep en roer. Iets wat niemand ver wag het nie, het nou plotseling gebeur. Daar het 'n groep reisigers gekom - niks snaaks vir die hoofstad se inwoners nie. Dat mens aan hulle kon sien dat hulle ver gereis het en minstens al 'n maand op reis was, dat hulle belangrike mense was - dit alles was niks buitengewoons in die wêreldbekende hoofstad nie.

Wat baie snaaks was, was dat hierdie belangrike vreemdelinge sommerso openlik met die inwoners van Jerusalem durf praat het. Is hulle dan so dom dat hulle nie weet dat koning Herodes streng verbied het dat mense in Jerusalem se strate saamstap of selfs met mekaar praat nie? Hulle sal dit gou genoeg agterkom want Herodes se spioene loer om elke draai.

Tog was die onbevreesde spraaksaamheid van die vreemdelinge nie die grootste oorsaak van die geweldige ontsteltenis van Jerusalem se inwoners nie. Die ongehoorde en lewensgevaarlike vrae en verduidelikings van daardie hooggeplaaste aansienlike buitelanders het die bevolking op hol gehad. Hulle waag dit jou werklikwaar om te vra: "Waar is Hy wat as Koning van die Jode gebore is?"

Ons het sy ster gesien opkom en ons het gekom om hulde aan Hom te bewys".

Die bloed van die Jerusalemers het koud geword. Watter onheil gaan nou weer oor hulle losbars as koning Herodes dit hoor? Die wreedaard sal seker weer 'n keer van woede ontplof as hy hoor dat daar iemand gebore is wat 'n gevaar vir sy posisie sal wees. Ag toggie, hoeveel koppe sal weer moet rol en hoeveel ander sal gekruisig word om die woede van die koning te laat bedaar? Wie stel nou ooit belang in die geboorte van 'n nuwe koning as dit net nog meer moeilikheid bring deur 'n koning wat van sy wreedheid sy stokperdjie gemaak het? Dit is baie rustiger en veiliger om maar net in alles gehoorsaam te wees aan die bevele en snaakste grille van die koning wat nou die baas is. Dit is gevaarlike onnoselheid om selfs uit te sien na die koms van 'n ander koning. Sê nou net een van Herodes se tallose spioene kry snuf in die neus van jou gedagte? Dan is jou doppie geklink en al verrassing wat oorbly is die manier waarop die wreedaard jou die dood in jaag.

Dit is nog baie vars in die geheue dat die heerser sy vrou doodgemaak het en twee van sy eie seuns laat ophang het omdat hy maar net gedink het dat hulle 'n gevaar vir sy troon kon wees. Dit is geen wonder nie dat keiser Augustus gesê het: "dit is beter om Herodes se vark te wees as om sy seun te wees." Om die Jode se gevoelens nie seer te maak nie (en die politieke risiko te loop van ontevredenheid en 'n opstand) het hy nie varkveis geëet nie maar sy eie seuns vermoor!!...

Herodes se leër van geheime polisie en sy inligtingsdiens het goed genoeg gewerk om die koning gou-gou op hoogte te bring van die vreemdelinge se verontrustende navrae. Die ontsteltenis van die koning was groter as die van die volk. By die volk was daar net die egoïstiese vrees dat hulle gerieflike maar ongemaklike lewe nog 'n graad of wat ongemakliker sou word. Die belangrikste vir hulle was hulle lewe van elke dag op hierdie aarde. Om God tevrede te stel en te sorg dat Hy nie te kwaad raak nie is die noodsaaklikste bepaling van die Wet van Moses nagekom as dit ten minste moontlik was sonder ekstra moeite. Ondertussen het die priesters in die tempel wel gesorg dat die nodige offers op tyd gebring is. In Israel was daar onder

die massa geen verwagting op en uitsien na die koms van die deur God beloofde Messias nie. Daar was genoeg ander dinge wat die aandag opgeeis het. Soos die politiek en die jongste modes uit Rome en die sappige stories oor

Koning Herodes se geweldige ontsteltenis was die gevolg van die feit dat hy 'n beter begrip gehad het van die boodskap van God se Woord as die verbondsvolk. Hy was 'n afstammeling van die verbondsbreker Esou en 'n ongelowige maar dit was hy wat die tempel van die HERE herbou het en elke dag daarin offers laat bring het. En as tipiese politieke opportunist en uitgeslape jakkals wou hy altyd seker maak dat hy aan alle kante veilig kon speel en daarom het hy ook aan al die Romeinse afgode offers gebring. Maar hy het die Bybel geken. Herodes het geweet dat die HERE God beloof het dat Hy Christus sou stuur. Uit alles blyk dat koning Herodes geweet en geglo het dat hierdie belofte nou deur God werklikheid gemaak is.

Herodes was nog nooit iemand wat halwe werk gedoen het nie. Hy was 'n gebore heerser en organiseerder wat die verarmde Joodse land tot groot ekonomiese bloei gebring het. Die belastingstelsel is deur hom so modern gemaak dat hy al 'n algemene verkoopsbelasting ingestel het. Hierdie vermoë om te organiseer het die ou jakkals van 'n koning onmiddellik ingespan toe hy van die wyses se navrae gehoor het.

Daar was niemand wat hom beter kon vertel wat presies in die Bybel beloof is oor die koms van 'n Messias as die owerpriesters en die skrifgeleerders nie. Daarom beveel die koning dat hulle saam moet kom in 'n vergadering wat die Sanhedrin genoem is. Daar vra hy waar die Christus gebore sou word. Die koning vra nie dieselfde vraag as die wyses nie, hulle soek die gebore koning van die Jode. Herodes is self egter die koning en kan dit nie verdra dat iemand hom sou vervang nie.

Of die Edomiet Herodes wil of nie, die almagtige God dwing uit die ongelowige koning se mond die naam van die Christus. Ondanks al sy aardse mag is Herodes

nie baas van sy eie lewe nie maar slegs 'n stuk gereedskap, 'n instrument of werktuig in die hand van dié God wat die geskiedenis maak en lei. Die HERE God gebruik Herodes om die geestelike leiers van die volk te dwing om God se Woord te laat hoor. Hulle moet die Woord oopmaak en wys op die heerlike goddelike beloftes oor die Christus.

Om die koning se vraag te beantwoord was vir die benoude Joodse geestelike leiers geen probleem nie. Hulle het ongetwyfeld baie verlig gevoel dat die koning hulle nét daarvoor geroep het. Want hulle was doodsbang vir hierdie wrede en wispelturige koning wat jare gelede ál die owerpriesters en Skrifgeleerdes se voorgangers, ja die hele Sanhedrin uitgemoor het. Vir die eerwaarde Sanhedrin was dit nou glad nie 'n onaangename gevoel nie om te weet dat die ou jakkals van 'n koning nou so verleë was oor hulle kennis.

Die Sanhedrin se angs was weg en hulle verstand helder. Asof Herodes net 'n knoppie hoef te druk nadat hy sy vraag gestel het, rol die antwoord al oor die eerbiedwaardige bebaarde lippe: Betlehem. Onmiddellik word die bewysplek in die Skrif gegee: Miga 5 : 1. Dit was asof 'n moderne rekenaar die antwoord gegee het. Die owerpriesters en skrifgeleerdes het die Bybel net so goed geken as wat 'n rekenaar sy programme ken. Maar dit is tog nie 'n kompliment vir die geestelike leiers nie. Hulle het die Bybel geken en behandel soos 'n leerboek. Met hulle verstand het hulle alles geweet maar dit het hulle hart koud gelaat. Ons sien vandag byvoorbeeld dieselfde by gidse in Israel. Hulle verstom die toeriste met hulle geweldige kennis van die Nuwe Testament maar hulle ken dit net sonder om dit te glo. Koue wetenskaplike kennis maar geen geloof en geloofsvertroue of geloofsverwagting nie.

Die koms van die wyses het Herodes en die bevolking van Jerusalem ontstel en ontroer. Maar dit het die kerklike leiding van daardie tyd glad nie geraak nie. By hulle was daar geen verwondering of blydschap oor die nuus van die vervulling van God se eeue oue belofte nie.

Herodes was bly dat hy nou 'n antwoord gekry het. Nou kon hy sy planne agtermekaar kry om te sorg dat sy posisie as koning nie in gevaar sou kom nie. In die geheim het hy allereers die wyse manne laat kom en hulle noukeurig uitgevra wanneer hulle die ster gesien het want dan kon hy mos uitreken hoe oud daardie gebore Christus sou moet wees.

Die wyse manne het die koning ontmoet en hom alles vertel. Waarvandaan hierdie wyse manne gekom het weet ons nie presies nie. Die Skrif leer ons net dat hulle uit die Ooste gekom het. Ons weet dat in die Ooste en dan veral in Babel baie geleerde sterrekykers was. Hierdie mense het geglo dat die toekoms van alle mense voorspel kan word deur die sterre se loop te bestudeer.

God het as almagtige Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan 'n besondere ster laat opkom en Hy het gesorg dat die sterrekykers in die Ooste die ster gesien het. God het hierdie mense laat insien dat hierdie besondere ster verkondig dat die Koning van die Jode gebore is. Dit is moontlik dat hulle geweet het dat die Jode die koms van die Messias-Koning op grond van God se Woord verwag het. Na die ballingskap het baie Jode in Babel en die Ooste bly woon en hulle kon oor die Messiasverwagting bly praat het. Iemand soos Daniël sou heelwaarskynlik vroeër ook daarvoor gepraat het en dit is onthou. Daar is ook ander moontlikhede, maar moontlikhede is nog nie altyd werklikhede nie. Daarom moet ons eerlik erken dat ons nie weet hoe dit gekom het dat die sterrekykers die betekenis van die buitengewone ster reg gesien het nie. Wat ons wel weet is dat hulle deur God daardie insig ontvang het en dan maak dit tog nie saak op watter manier God hulle dit laat insien het nie.

Op prentjies word altyd drie wyse manne met hulle kamele afgebeeld. Ons weet glad nie of hulle op kamele gery het nie, al is dit goed moontlik. Net so min weet ons hoeveel wyse manne daar was. Vroeër is geglo dat dit twaalf manne was en later weer drie, een wat goud, een wat wierook en een wat mirre gebring het. Dit bly slegs menslike fantasie. Ons weet eenvoudig nie hoeveel wyse manne gekom

het nie en ook nie hoeveel helpers by hulle was nie en dit alles is ook onbelangrik. Al wat belangrik is, is die feit dat vooraanstaande heidene 'n moeitevolle en gevaarlike reis van vyf of meer weke onderneem het om die Here Jesus te eer as Koning. Die heidene kom, maar Sy eie volk bly weg.

Wanneer die heidense wyse manne in die Joodse hoofstad kom omdat hulle as verstandige mense kon verwag dat die Koning van die Jode daar gevind kon word, word hulle wreed ontnugter. Niemand in die hoofstad van die land weet iets van die geboorte van die Koning van die Jode nie. Het hulle dan 'n fout gemaak in hulle berekenings oor die betekenis van die unieke ster?

Die wysheid van hierdie geleerdes het hulle blykbaar in 'n doodloopstraat laat beland. Niemand kan hulle sê wat hulle wil weet nie behalwe die Woord van God. In die natuur het hulle iets van die werk van God gesien maar die ster in die natuur kan hulle nie na die Christus bring nie. Dit kan die Woord van God alleen doen.

Deur van Herodes gebruik te maak bring God die geestelike elite van Israel en die wyse manne uit die heidense Ooste by die geopenbaarde Woord. Die Joodse kerklike leiding lees en hoor dit sonder om daardeur verander te word. Die besoekers hoor dit en aanvaar dit gelowig.

Tydens sy geheime onderhoud met die wyse manne sê koning Herodes dat hulle na Betlehem moet gaan en as hulle die Kindjie daar kry moet hulle dit tog vir hom kom sê 'sodat ek ook hulde aan Hom kan gaan bewys'. Die uitgeslape koning sal dan weet waar om Hom te kry om Hom dood te maak.

Blykbaar nog dieselfde aand het die wyse manne verder getrek na Betlehem toe. 'n Reis wat oordag 'n goeie twee uur neem. En wat sien hulle daardie aand? Dieselfde ster wat hulle in hulle eie land sien opkom het. Watter genadige en barmhartige God is ons Drie-enige God !

Die wyse manne was ondanks hulle geleerdheid en wysheid gewone mense soos ons. Mense wat moedeloos en kleingelowig kan word sodra iets nou net nie volgens ons verlangens uitwerk nie. In Jerusalem het hulle nou al verskillende

teleurstellings beleef. Daar was niemand wat geweet het van die geboorte van hulle Koning nie. Toe dit duidelik verklaar is uit die Woord van God het die Joodse geestelike leiers self dit nie geglo nie. Die Jode se koning Herodes het die feit blykbaar wel aanvaar maar hulle as vreemdelinge uit die heidene was die enigstes wat dit gegló het. En nou is daar selfs nie een van die kerkleiers wat hom die moeite troos om maar net te kyk of die heerlike belofte van hulle God nie miskien werklikheid geword het nie. Dit moes tog skokkend gewees het vir die jong geloof van hierdie manne wat van kleintyd af in al die donker geheime van die heidendom ingelei is.

Omdat hulle die Woord van God gelowig aanvaar het word hulle geloof deur God versterk met die verskyning van die ster. Die ster wys die rigting en plek aan waar hulle die Koning sal vind. Die wyse manne was baie bly oor hierdie duidelike teken wat God by Sy Woord gevoeg het.

Toe hulle by die huis gekom het wat God hulle deur die ster aanwys het hulle binnegegaan. Blykbaar het Josef en Maria nou nie meer in 'n stal gebly nie, die volkstelling was seker al verby. Nou het die wyse manne voor 'n beproewing of toets van hulle geloof gestaan. Dit was 'n gewone huis en alles behalwe 'n paleis. Binnekant vind hulle 'n arm vrou met haar baba. Daar is geen teken van koninklike prag soos hulle gewoon was in hulle vaderland in die Ooste of in Herodes se paleis nie. Maar met die oog van die geloof sien hulle in daardie Kindjie die Koning wat deur hulle met so baie moeite gesoek is.

Die geleerde wyse manne het, deur die wysheid wat God die gelowiges skenk, neergekniel voor hierdie Kindjie en Hom hulde bewys. Sal ons as mense ons ooit die blydskap kan indink wat deur hulle gevoel is? Hom van wie hulle nog net gehoor het, mag hulle nou sien!

Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre. Werklike kosbare geskenke wat paslik is om vir 'n Koning te gee.

Nadat hulle die Here Jesus aanbid het en die doel van hulle reis dus bereik het, was God nog nie met hulle klaar nie. In 'n droom (en nou nie deur iets wat die 'sterre vertel' nie) het Hy hulle gewaarsku om nie na Herodes terug te gaan nie. Dit was heel logies dat hulle oor Jerusalem sou terugkeer en Herodes sou vertel hoe goed God tenoor hulle en die hele mensheid was. Weer sien ons by hierdie eerste gelowiges uit die heidene in die tyd van die Nuwe bedeling die volstreekte gehoorsaamheid aan God. Hulle gaan met 'n ander pad terug na hulle vaderland in die Ooste en verdwyn net so onverwags as wat hulle gekom het. Hierdie wyse manne was só wys dat hulle geweet het dat by aanbidding en erkenning van die Here Jesus Christus ook gehoorsaamheid aan God se openbaring hoort.

DIE KINDJIE JESUS CHRISTUS IN EGIPTE.

Na die vertrek van die wyse manne het dit gelyk asof daar nou weer rustigheid kom in die huis waarin Josef en Maria met hulle heilige Kindjie gewoon het. Die gewone daaglikse roetine kon nou weer gevolg word. Vader Josef sou sy werk as skrynwerker weer kon doen en moeder Maria kon die huis aan die kant hou en die Kindjie rustig versorg.

Ons weet nie of Josef en Maria iets geweet het van die moordplanne van Herodes nie. Dit is nie belangrik nie. Na alle waarskynlikheid het die wyse manne tydens hulle verblyf in Betlehem al die waarskuwing van God gehad om nie na Herodes terug te gaan nie. Betlehem was te naby aan Jerusalem om die openbaring eers op pad na Jerusalem te ontvang. Maar omdat ons nie weet of die Here hulle ook die rede vir die waarskuwing gegee het nie, kan ons nie weet of die ouers iets van Herodes se bloeddorstige planne geweet het nie.

Kort na die vertrek van die wyses het die Here ook vir Josef in 'n droom 'n openbaring gegee. In sy slaap het hy in 'n droom 'n engel van die Here gesien en gehoor wat hy gesê het. Die engel het hom beveel: 'staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte toe en bly daar totdat ek vir jou sê, want Herodes is

van plan om die Kindjie te soek en Hom dood te maak!

Ons sien weer met eerbied die onmiddellike gehoorsaamheid van Josef. Die wyse manne het seker vertel van hulle ondervindings in Jerusalem. Die enigste man wat iets geglo het van hulle nuus dat die Koning gebore was, was die einste Herodes. Die ou koning het selfs gesê dat hy ook graag hulde aan die Kindjie wil bewys. Daarom moet die wyse manne tog baie noukeurig aan hom verslag doen van alles wat hulle in Betlehem sou aantref. Sou hierdie koning wat so 'n mooi voorneme gehad het dan nou volkome omgedraai het en die Kindjie wil vermoor? Josef kon hieroor tog begin dink en redeneer het. Maar Josef doen en sê niks daarvan nie maar is onmiddellik gehoorsaam en vertrek sommer dieselfde nag nog halsoorkop met sy vrou en die Kindjie na Egipte toe.

Van Betlehem af is dit omtrent 'n reis van 'n week om in Egipte te kom. Daar het baie Jode gewoon en koning Herodes het daar niks te sê gehad nie. Blykbaar was daar nie veel kontak tussen die twee buurlande nie. Paulus wat eintlik dwarsdeur die bekende wêreld van sy tyd gereis het, het nooit in Egipte gekom nie.

Die gesin vertrek in die nagtelike duister. Die Kindjie wat so kort gelede nog deur die vooraanstaande wyse manne aanbid en geëer is moet nou in die grootste geheim en toegemaak deur die kleed van die donker nag vlug! Wat kan nou tog ooit teregkom van die heerlike dinge wat oor Hom vertel is? Gelukkig kan die kosbare geskenke van die wyse manne verkoop word om langs die vlugpad noodsaaklike kos en ander dinge te koop en om in die vreemde Egipte aan die lewe te kan bly. Maar in die plek van heerlikheid is daar nou net 'n skandelige vlug.

Tog was hierdie smadelike vlug nie in stryd met die beloftes van God deur Sy profete nie. God het juis al eeue gelede gesê dat Hy sy Seun uit Egipte sou roep. Die vlug na Egipte was vervulling van die Woord van God. Jesus moes eers na Egipte toe gaan voordat God Hom weer uit Egipte kon roep. Tog was die vlug na en die verblyf in Egipte vir Jesus uiters swaar. Hier moes Hy ook weer ondervind dat Hy van die begin van Sy menswording af tot die einde van Sy lewe op aarde die

swaar las van die toorn van God teen die sonde, moes dra. Hy moet na Egipte as enigste in wie die sonde nie woon nie.

Egipte speel in die Woord 'n besondere rol. Dwarsdeur die eeue moes dit God se volk in Abraham, Israel en Jeremia bewaar en aan die lewe hou. Nou moes dit ook sorg dat die Christus kon bly leef want die tyd vir Sy dood het volgens die wil van die Vader nog nie aangebreek nie. Aan die ander kant is Egipte ook die beeld van die slawehuis van die sonde. Christus moet nou as Sondelose in die slawehuis van die sonde woon om so al die sonde van die gelowiges op Hom te neem. Weens ons sondes moes die Kindjie Jesus Christus as Banneling en Vreemdeling in Egipte woon.

In Jerusalem het koning Herodes ondertussen al hoe ongeduldiger geraak omdat die wyse manne nog nie teruggekom het nie. Toe sy geduld opraak het hy deur navrae gehoor dat die wyse manne lankal weg was. Om te besef dat iemand jou uitoorlê, is nooit baie lekker nie. Allermens vir hierdie wrede koning. Briesend van woede verander hy sy klaaruitgewerkte moordplan. Die bedreiging vir sy troon moet uit die pad verwyder word.

Hoe kan die verstand van die ongelowiges tog verduister word. Koning Herodes was al 68 jaar oud en sy gesondheid was uiters swak. Sy ingewande het gesweer wat ondraaglike pyne veroorsaak het, die wonde wou nie genees nie en die vleis het in die wonde so sleg geword dat daar wurms in rondgekrui het. Om asem te kon haal moes hy staan of penregoor sit. Sy bene was krom en verlam en die hele liggaam oortrek van swere. Geen wonder nie dat daar 'n vieslike stank rondom hom was. Vanoor die hele wêreld het dokters gekom maar hulle kon niks uitrig nie. Vir 'n gelowige mens in so 'n toestand sou dit logies wees dat hy besef dat die dood nie meer ver kon wees nie. Geloof gee mens nugterheid en insig. Maar Herodes wil nie aanvaar dat sy einde kom nie, hy is doodsbenuid dat iemand anders koning kan word.

Die blote vermoede van die geboorte van 'n Koning is vir die sterwende heerser

genoeg rede om nog meer moorde op sy kerfstok te laat kom. Hy het die wyse manne al klaar noukeurig uitgevra oor wanneer hulle die ster die eerste keer gesien het. Op grond daarvan reken hy uit dat die Kind in geen geval ouer as twee jaar kan wees nie. Daarom beveel hy sy buitelandse huursoldate om na Betlehem te gaan en om in die dorp en distrik alle seuntjies van twee jaar en jonger te vermoor....

Ook hierdie afgryslieke daad van die Duiwel met behulp van Herodes is 'n poging om Jesus Christus te vernietig. Maar dit is ook die vervulling van die profetiese Woord van God. Niks kan die Duiwel doen sonder dat hy deur God toegelaat word nie. Die profeet Jeremia beloof die volk seën en heil maar eers na die afgryslieke ballingskap waarin baie mense sal sterf. Eeue gelede het hy al geprofeteer dat Ragel, die stammoeder van Israel, op die hoogte Rama by Betlehem sou staan en met groot Oosterse geskreeu en gehuil sou treur oor haar vermoorde kinders. Tog mag sy bly wees, kan daar troos wees want na hierdie ondergang kom daar blye terugkeer.

So is daar nou in Betlehem ook geweldige rou oor die afgryslieke kindermoord maar die troos kan gekry word as hulle dit wil hê omdat die Here Jesus Christus gered is. Dat die mense van Betlehem só ver gekyk het en tot geloof gekom het, lees ons nêrens in die Skrif nie.

Nie lank na die bloedbad in Betlehem nie, was Herodes op pad na Jerigo. Langs die pad het hy gevoel dat sy einde nader kom. In Jerigo het dit gou bekend geword dat die gehate koning besig was om te sterf. Maar die kermende sterwende koning was nog goed genoeg by sy verstand om te hoor hoe die volk vol blydschap gejubel het oor sy naderende dood. Dit kon hy nie verdra nie. In daardie tyd (en hoe is dit vandag?) het die belangrikheid van iemand sigbaar en hoorbaar geword in die aantal roubeklaers en hoe hard hulle kon kerm en skreeu in hulle weeklagtes.

Herodes se laaste walglike bevel was nou dat sy buitelandse soldate tweehonderd vername Jode gevange moes hou in Jerigo se resiesbaan. Sodra hy sterf moes hulle doodgemaak word sodat daar tog geweldig rou bedryf en getreur sou word by sy

dood Sy suster Salome het hierdie gevangenes egter onmiddellik vrygelaat nadat Herodes dood was. Wat sy egter nie kon verhinder nie was dat Herodes die vorige week nog een van sy eie seuns laat doodmaak het nie. Van Herodes het iemand gesê dat hy op die troon gekom het soos 'n jakkals, geregeer het soos 'n tier en gesterf het soos 'n hond...

Deur 'n engel laat die Here Josef weet dat Herodes dood is, blykbaar nog voordat dit in Egipte bekend was. Weer verneem Josef dit in 'n droom en hoor hy: 'staan op, neem die Kindjie en Sy moeder en gaan terug na die land van Israel, want die mense wat die Kindjie se lewe gesoek het, is dood.' Hulle mag en moet terug gaan. Gelowiges weet dat God hulle lewens bestuur. Maar dit verander gelowiges nie in masjiene nie. God gee hulle tog ook verstand om gelowig nugter en versigtig te wees. God gee ons in Sy Woord die nodige padtekens vir ons pad deur die lewe sodat ons in ons lewe Hom eer en lief sal hê en ons naaste soos onself sal liefhê. Maar God gee ons nie 'n volledige padkaart van ons lewe waarop elke moeilike draai en hoogte gewys word nie.

So beveel God deur Sy engel vir Josef om terug te gaan na die land Israel, maar Josef moet self daarvoor nadink na watter provinsie en watter stad of dorp hy moet gaan. God laat Josef weet dat die een onderdrukker wat die kindermoord op sy gewete het nou dood is. Maar dat 'n ander onderdrukker nou sy pa as heerser opgevolg het wat nie 'n stuk of twintig kinders vermoor het nie maar sommer 'n drie duisend mense laat kruisig het om te wys dat hy 'n regte seun van Herodes was - dit laat God nie vir Josef weet nie, dit moes hy van ander mense hoor.

Josef hoor dit wanneer hy al by die grens van Israel gekom het. Hy gebruik nou gelowig sy verstand en is bang om na Judea te gaan waar hierdie wrede en gevaarlike Argelaus regeer. Daarna eers, dus nadat hy sy verantwoordelikheid besef en aanvaar, gee God hom weer 'n openbaring om hom gerus te stel dat sy versigtige besluit om na Galilea te gaan, reg is. In Galilea het 'n ander seun van Herodes geregeer wat nie so wreed was nie.

In Galilea het Josef besluit om in Nasaret te gaan woon, daarin is ook die woorde van die profete dat Jesus Nasarener genoem sal word vervul.

Die vlug na Egipte, die verblyf daar en die terugkeer uit Egipte beklemtoon baie sterk dat die lewe van Jesus gedurig 'n vervulling is van dit wat God oor die eeue in die Heilige Skrif gesê het.

JESUS CHRISTUS AS TWAALFJARIGE.

Dit is vir ons dikwels lekker om op 'n koue of reënagtige Sondagmiddag foto-albums deur te blaai. Veral as daarin jou eie foto's is van daardie dae toe jy nog klein was. Jou ouers het die foto's geneem en bewaar. Selfs as jy al ouer is, laat daardie foto's jou terugdink aan klein vergete gebeurtenisse. Op grond van daardie ou en dikwels vergeelde foto's kan die verlede en die omstandighede van daardie dae weer teruggebring word.

Gewoonlik is daar gapings in die fotogeskiedenis van elkeen van ons. Uit die babatyd en kleuterdae bly dikwels meer sigbare tekens oor as uit die jare wat daarop volg. Tog is daar uit elke lewensjaar gewoonlik wel 'n paar hoogtepunte op foto's vasgelê. Sodat in 'n mate wel 'n prentjie gevorm kan word van die groeiproses van baba tot tienerjarige.

By Jesus Christus mis ons dit amper heeltmal. Oor die geboorte en eerste twee lewensjare kry ons 'n paar flitse in die Heilige Skrif. Dan is daar vir tien jaar lank geen woord in die Woord oor gebeurtenisse wat in die lewe van die enigste volmaakte Mens afgespeel het nie.

Die enigste berig wat ons oor Jesus se tienerleefyd ontvang is die een wat handel oor Sy gaan na die tempel op twaalfjarige ouderdom. Daarna is daar weer agttien jaar stilte en lees ons eers weer oor Hom as dertigjarige man. Dat die nuuskierigheid van die mense daarmee nie tevrede was nie, het ons al gesien toe oor die apokriewe verhale geskryf is. Vir ons is en bly die Woord van God die enigste bron van kennis oor die jeugjare van ons Saligmaker.

Lukas skryf dat Jesus gegroei het en sterk geword het in die Gees, dat Hy vol wysheid was. En die genade van God was op Hom.

Van 'n klein pap en hulpelose babatjie het die Kindjie Jesus gegroei om as kleuter te leer kruip en deur val en seerkry en opstaan al wankelend te leer loop. Hy het geleer om 'pappa' en 'mamma' te sê en te leer praat. Liggaamlik en verstandelik het Hy ontwikkel soos enige ander kind. Hy was in alle opsigte 'n egte kind wat net soos ander alles moes leer.

Die enigste verskil tussen die jong seuntjie Jesus en Sy speelmaats was dat Hy nooit gesondig het nie. Soos Sy verstand ontwikkel het soos die verstand van enige normale kind, het Hy dinge begin leer. Hy is met verloop van jare vervul met wysheid. Dit was ook deel van Sy lyding vir ons. Hy wat die Bron van alle wysheid is, moes dit as volkome Mens tog ontvang en leer. Dit is weer een van daardie dinge wat ons met ons sondige menslike verstand nie volkome kan verstaan nie, ons glo dit alleen omdat dit in die Woord staan.

In kort kom dit daarop neer dat die genade van God op Hom was. Hy was die enigste mens in wie God welbehae gehad het, in alles het God Sy goedkeuring oor hierdie Mens kon uitspreek.

Toe die Here Jesus soos die ander kinders op ongeveer sesjarige ouderdom skoolryp was het Hy skool toe gegaan om daar te leer lees en skryf en somme te maak. As Kind van gelowige ouers het Hy tuis Sy godsdienstige opvoeding gekry. Geleer oor God se pad met Sy volk en die Wet van God. Hy het saam met die gesin die godsdienstige feeste gevier. In die sinagogeskool die gedeeltes uit die Wet en die Profete, soos die Heilige Skrif genoem is, uit die kop geleer.

Ons sou Hom in ons tyd 'n baie begaafde leerling noem. Vir Sy ouderdom het Hy altyd 'n opmerklike insig in alles gehad omdat Hy deur die Heilige Gees gelei is en dwarsdeur Sy jeugjare die HERE God liefgehad het. Hy het die vermoë ontvang om Sy kennis in volkome wysheid toe te pas.

Volgens die Joodse gebruik gaan 'n kind van ongeveer twaalf jaar oud 'n nuwe fase

van sy lewe binne. Dan begin hy om selfstandig op te tree en te dink. In hierdie tyd begin die kinders die Wet van God só te verstaan dat hulle dit ook self toepas. Hulle doen nie meer iets omdat dit deur die ouers voorgesê word nie maar omdat hulle dit self wil in gehoorsaamheid aan die Wet van God. Daarom word so 'n seun "seun van die Wet" genoem. Na 'n seremonie mag hy dan deel hê aan die godsdienstige handeling in die sinagoge. Ons kan dit vergelyk met die aflê van geloofsbelydenis in die gemeente van Christus in ons tyd.

Toe Jesus twaalfjaar oud geword het was Hy volgens die gewoonte verplig om die Wet te onderhou. In alle opsigte het Hy nou ook onder die verpligtings van die Wet geval. Een van daardie verpligtings was om die Paasfees, Pinksterfees en Loofhuttefees elke jaar te vier met die gaan na God se huis, die tabernakel en later die tempel, om God daar te aanbid en offers te bring.

In gehoorsaamheid aan God se opdrag het die Here Jesus op twaalfjarige ouderdom saam met Sy ouers na Jerusalem toe gegaan. In vorige jare kón Hy saamgegaan het, nou móés Hy volgens God se Wet. Sy ouers het blykbaar in die lig van die Seun se eie verantwoordelikheid as 'Seun van die Wet' Hom 'n bepaalde vryheid gegee. So kon Hy op Sy eentjie deur die geweldige tempelkompleks gaan en die priesterdiens in praktyk toegepas sien. Watter indruk moes dit op Sy heilige sondelose gemoed gemaak het, Hy die waaragtige Hoëpriester. Sou Hy al besef het by die sien van die slag van die Paaslam dat Hy die ware Paaslam was wat Homself sou offer as sondelose Hoëpriester om ons uit die Egiptiese slawerny van die sonde te verlos? Ons weet nie.

Die Paasfees het 'n volle sewe dae geduur. Die belangrikste was die voorbereidingsdag, die Paasdag self en dan is op die derde dag dankoffers van die eersteling van die oes gebring. Omdat daar baie doodgewone praktiese probleme en besware was om só lank fees te hou, het dit stadig maar seker gewoonte geword dat die Paasfees vir twee of drie dae gevier is. Daarna is die pad huis toe weer aangepak. Die Skrifgeleerdes het die praktiese probleme besef en dit goedgekeur.

As ons daaraan dink dat Jerusalem tydens Paasfees tot oorloeps toe vol mense was - sommer drie keer meer as gewoonlik - dan moes dit praktiese probleme opgelewer het. Boonop moes al die feesgangers hulle gewone werk los en dus sonder inkomste wees. Daarom dat die Skrifgeleerdes met hulle verstand geredeneer het dat die bevel van God in die moderne tye nie meer prakties was nie. Hulle het egter vergeet dat God geloof en gehoorsaamheid vra.

Wanneer ons nou gelowig Lukas se beskrywing van Jesus se bywoning van hierdie Paasfees lees, dan wil dit nie sê dat ons ons verstand en nugterheid links moet laat lê nie. Geloof gaan juis met nugterheid gepaard.

In die tyd van die Here Jesus was dit as die ouers se godsdienstige plig beskou dat 'n kind van kleinsaf saam met sy ouers die Paasfees in Jerusalem moes vier. Die bekendste Skrifgeleerdes het almal daarvoor saamgestem. Slegs oor die leeftyd waarop 'n kleuter moes gaan was daar geen eenstemmigheid nie. Omdat dit dus algemeen aanvaar was, is dit nie vergesog om te dink dat die Here Jesus al verskillende kere in die tempel was nie.

Daarom sou dit wel 'n bietjie snaaks wees om te verwag dat die Here Jesus só sprakeloos van verbasing en verwondering was dat Hy sewe dae lank droomverlore deur die tempel sou dwaal en by alles ook nog Sy ouers skoon sou vergeet.

Omdat Lukas net skryf 'nadat die feesdae verby was' en niks oor volbringing van die wetsvereistes sê nie (soos in 2 : 39) lyk dit goed moontlik dat Josef en Maria die gewoonte van die Galileërs gevolg het. Dan het hulle net soos die meerderheid Galilese feesgangers op die oggend van die derde dag van die fees klaargemaak en huis toe vertrek.

Dit het mos stadig maar seker al tradisie geword dat die mense op die derde dag huis toe gegaan het. Vir Josef en Maria was dit só gewoon dat hulle nie eers daaraan gedink het om dit vir die twaalfjarige Jesus te sê nie. Hy sou Hom tog seker ook rustig laat bind deur 'n eerbiedwaardige ou kerklike tradisie.

Moeder Maria het haar kind nog nie geken nie. Wat vir die liewe moeder heeltemal

normaal was, was vir Jesus juis abnormaal. Hy is nie gebind deur sondige menslike gewoontes wat tradisie genoem word nie, Hy is alleen gebind aan die wil van Sy hemelse Vader. As 'Seun van die Wet' moes Hy in eie verantwoordelikheid gehoorsaam wees aan die bevel van God.

Terwyl Josef en Maria die terugpad aangedurf het, het Jesus in die tempel agtergebly. Daar in die huis van Sy Vader was werk vir Hom. Soos gebruiklik was het die beroemdste geleerdes in kamers van die tempel of op 'n openbare plek in die tempel die volk onderrig. Mense wat iets oor die geloof wou leer of oor Paasfees of die Wet het dan op die grond voor die geleerde kom sit.

Die Here Jesus het ook by so 'n groep uitgekom, daar gaan sit en luister en toe vrae begin stel. Tot die grootste verbasing van die geleerdes is Jesus se vrae sommer baie diep vrae wat oor die betekenis van die Heilige Skrif gaan. Selfs ander geleerdes sluit hulle by die groep aan en is stomverbaas oor die Seun se verstand, insig en antwoorde. So het die dag verbygevlieg, die volgende dag is die gesprek hervat en die daaropvolgende dag weer.

Josef en Maria het niks daarvan geweet nie. Omdat Jerusalem so bedrywig soos 'n byenes was het elke groep pelgrims sy eie versamelpunte buitekant die stad gehad. Daar het Josef en Maria (en hulle ander kinders?) met vriende en ander feesgenote gesellig gekuier en toe op hulle gemak die terugtog begin.

In groot groepe het die feesgangers getrek want dit was die veiligste. Waarskynlik is daar wel teen 'n rustiger tempo getrek as toe hulle op pad was na die heilige stad toe. Op die heenpad is vol heilige entoesiasme uitgesien na die fees, onder begeleiding van musiekinstrumente is die bedevaartsliedere (Psalms 120 tot 134) gesing en gejubel. Na al die feestelikheid en die lekker eet en drink sal dit nou rustiger raak.

Josef en Maria het waarskynlik nie bymekaar gestap nie. Die gewoonte was dat die vrouens en klein kindertjies eerste die stad verlaat het en daarna die mans met die groter seuns. Omdat Jesus nou al die ouderdom van selfstandigheid bereik het, is dit begryplik dat die ouers hulle nie daaroor gekwel het dat Hy nie by een van hulle

was nie, Hy was seker maar by Sy leeftydsgenote. Jesus was tog 'n Séún van twaalfjaar en nie 'n soort mamma-se-seuntjie of 'n ou-vrou-agtige seuntjie wat te groot vir sy skoene was nie! Dit is selfs moontlik dat die een ouer gedink het dat Hy by die ander was.

Toe die groep feesgangers egter teen die aand by die eerste oornagplek gekom het, het die ouers nêrens vir Jesus gesien nie. Die volgende dag het hulle teruggegaan en orals by die verskillende reisigers navraag gedoen. Toe hulle teen die aand in Jerusalem terug was het hulle Hom nog nie gevind nie en die volgende dag die stad gefynkam.

Eindelik kry hulle Hom in die tempel. Daar sit hy terwyl Hy luister na die geleerdes en vrae vra. Ons kan aanneem dat Jesus heel gewoon soos 'n leerling vrae vra en antwoord gee op dit wat Hom gevra word, net soos vandag nog op skool gebeur. Ondertussen het die geleerdes verbaas gestaan oor die buitengewone verstand en insig van die Seun.

Sy ouers wat Hom in en met die Skrif grootgemaak het was verslae en verbaas oor dit wat hulle nou moes sien en hoor. Moeder Maria was geweldig dankbaar en bly dat hulle Jesus gevind het. Tog ook wel 'n bietjie omgekrap weens die ang en spanning wat sy en Josef so lank moes deurmaak. Ons hoor dit in haar woorde 'Kind, waarom het Jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het jou met ang gesoek.' Omdat 'n vrou in die openbaar nie toegelaat was om te praat nie en sekerlik nie in die tempel nie en dan ook nog voor die geleerdste teoloë nie, het Maria waarskynlik Jesus eenkant geneem en daar met Hom gepraat.

Uit die antwoord van Jesus is dit duidelik dat die fout by Sy ouers lê. 'Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van My Vader moet wees nie?'

Ons hoor iets van verbasing in Jesus se antwoord. Het sy ouers dan vergeet dat God sy Vader is in 'n wonderlike mooi unieke sin? Hy was tog juis gehoorsaam aan God die Vader, Hy kan tog nie anders nie, Hy móét!

Josef en Maria het dit nie toe verstaan nie, hulle insig in die Messiasskap van Jesus moes groei. Dit was vir hulle as gewone mense 'n wonderlike belewenis, netsoos vir ons om uit die mond van 'n twaalfjarige Seun so'n heerlike roepingsbesef te hoor. Dit is die allereerste woorde van Jesus wat vir ons opgeteken is.

Opvallend is dat Jesus onmiddellik Sy ouers gehoorsaam is en saam met hulle terug huis toe gaan. Hy was Sy ouers onderdanig. Hy het nie gesê dat Sy geestelike ontwikkeling nou die belangrikste was nie. Hy het Josef en Maria as ouers van God af ontvang. Hy moet hulle gehoorsaam, liefhê en eer. In Nasaret leer Hy by Josef die timmermanswerk sodat Hyself ook 'n timmerman word (Mark 6 : 3) En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.